travel costs, received by South African scientists to address overseas specialist meetings and conventions. Even more concrete evidence of this trend is the fact that overseas financial support has been offered to advance research being carried out in C.S.I.R. research units. Of particular note are a substantial grant by the Williams Waterman Fund for the Combat of Dietary Diseases, New York, made to the Clinical Nutrition Unit of the C.S.I.R. at the University of Cape Town for the study of kwashiorkor, and a grant of \$135,000 by the United States Public Health Service to be spent over the next five years by the Amoebiasis Unit of the C.S.I.R. at the University of Natal in Durban.

Reorganization of Scientific Services

Until the outbreak of the last war, scientific services available in the Union were limited to a few laboratories such as the Veterinary Research Laboratory, Onderstepoort, and others operated by the Department of Agriculture and to a small number of independent organizations such as the South African Institute for Medical Research. As a result of the rapid industrial development that took place during the war, it became obvious that these would be totally inadequate in the post-war era and



NATAL DAILY NEWS

Dr. R. Elsdon-Dew, Hoof van die Amebiase-navorsingseenheid, ontmoet dr. S. M. Naudé, President van die W.N.N.R., by sy aankoms in Durban om die vergrote navorsingsprogram van die Eenheid aan die gang te sit.

Dr. R. Elsdon-Dew, Head of the Amoebiasis Research Unit meets Dr. S. M. Naudé, President of the C.S.I.R., on his arrival in Durban to inaugurate the expanded research programme of the Unit.

duidelik geword dat hierdie organisasies heeltemal ontoereikend sal wees vir die na-oorlogse tydperk, en die destydse Regering het toe besluit om Nasionale laboratoriums in die lewe te roep vir navorsing, toetsing en industriële standaardisasie. Vir hierdie doel is twee liggame, die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde en die Suid-Afrikaanse Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad, deur 'n Wet van die Parlement in 1945 geskep. Hulle is onafhanklik van mekaar gemaak en, om ook hul administratiewe vryheid te verseker wat so noodsaaklik is vir doeltreffende uitvoering van navorsingswerk, is hulle ook substansiëel onafhanklik van die gevestigde Staatsdiens gemaak, dog elkeen direk verantwoordelik aan 'n besondere kabinetsminister en, deur hom, aan die Parlement.

Beide hierdie liggame het vir tien jaar as afsonderlike eenhede fungeer, maar met verloop van tyd het dit duidelik geword dat voordele en heelwat besparings verkry kan word indien beide liggame onder een bestuur

the Government of the day decided to set up national laboratories for research, testing and industrial standardization. For this purpose two new bodies, the South African Bureau of Standards and the South African Council for Scientific and Industrial Research, were established by Act of Parliament in 1945. They were made independent of each other and, in order to ensure the administrative freedom essential to the efficient conduct of scientific work, rendered substantially independent of the regular Civil Service, though each was made directly responsible to a particular cabinet minister and, through him, to Parliament.

Both bodies continued as separate entities for ten years but, in the course of time, it became apparent that economics and considerable advantages would result if both bodies were brought under the same management. This was effected by the Standards (Transfer of Administration) Act which became operative on 17th August, 1956. In terms of this Act the Council for Scientific and

saamgebring kan word. Hierdie oogmerk is bereik met die Wet op Standaard (Oordrag van Uitvoering) van 1956 wat op 17 Augustus 1956 in werking getree het. Kragtens hierdie Wet het die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad, wie se ledetal vergroot is deur die toevoeging van lede wat gekies is vir hul spesiale kennis van standaardisasie, al die magte en funksies aanvaar wat tevore uitgeoefen is deur die Raad van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaard, wat nou as onafhanklike liggaam afgeskaf is. Hierdie funksies en magte sluit onder meer in die beheer oor die finansies en toetslaboratoriums van die S.A.B.S., die bepaling van beleid ten opsigte van die opstel van spesifikasies en gebruikskodes, en die administrasie van die nasionale stempels en standaardmerkskemas.

Die aard van die Buro se werk is egter sodanig dat daar dikwels op kort-kenningsgewing beslissings van die Raad verlang word en, aangesien die Raad nie dikwels byeenkom nie, is besluit om 'n spesiale komitee aan te stel, soortgelyk aan die van die Nasionale Navorsingsadvieskomitees, om meeste van die Buro se sake te behartig. Aan hierdie Komitee, wat bekend is as die Standaard-Raad en elke ses weke vergader, is 'n aantal uitvoerende magte verleen.

Gedurende die tydperk waarvoor hierdie verslag handel, is sekere algemene en administratiewe dienste van die twee liggame gesentraliseer; hieronder val personeeladministrasie, rekeninge, biblioteek, instrumentewerkplaas, publisiteit en openbare verhoudinge, en vertaal-, statistiese en fotografiese dienste. Afgesien hiervan, is die bedoeling dat die nasionale laboratoriums van die Buro sal voortgaan soos in die verlede.

Verskeie van die industriële navorsingsorganisasies wat finansiël deur die Raad ondersteun word, kan nou beskou word dat hulle die vormingstydperk ontgroei het. Nie alleen het hulle vir hulself 'n uitstekende reputasie verwerf nie, maar die nywerhede wat hulle dien, het hulle reeds as bates begin beskou. Dit word aangedui deur die feit dat hulle in staat is om sowel nuwe ondersteuners te trek asook om groter finansiële bydraes van bestaande ondersteuners te ontvang. Die Raad het dus besluit om sy beleid ten opsigte van sy ondersteuning aan hierdie organisasies in hersiening te neem en vir dié doel 'n spesiale komitee benoem onder voorsitterskap van dr. F. J. de Villiers.

Die Spaarsame Gebruik van Water

Dit word algemeen erken dat die betreklike skaarste aan water in Suid-Afrika uiteindelik 'n stremmende uitwerking op die industriële en landbou-ontwikkeling van die land sal hê. Dit is, bv. beraam dat indien die huidige tempo van ontwikkeling voortduur, die aanvraag vir water uit die opvanggebied van die Vaalrivier die bestaande voorraad met sowat 143,000,000 gallon per dag sal oortref in die jaar 2000!

Dit is 'n aanduiding hoe dringend noodsaaklik dit is om die beste gebruik te maak van die beskikbare water-

Industrial Research, enlarged by the addition of members selected for their special knowledge of standardization, assumed all the powers and functions formerly exercised by the Council of the South African Bureau of Standards which was abolished as an independent body. These functions and powers include, amongst others, control of the finances and testing laboratories of the S.A.B.S., the determination of policy in regard to the preparation of specifications and codes of practice and the administration of the national hall-mark and standardization mark schemes.

The nature of the Bureau's work is such that frequent short-notice decisions from Council are required and, as the Council itself does not meet very often, it decided to appoint, along the lines of the national research advisory committees, a special committee to handle most of the affairs of the Bureau. A number of executive powers have been delegated to this committee, styled the Standards Council, which meets once every six weeks.



A technologist in the South African Bureau of Standards determining chemical damage to cotton materials by means of a fluidity test.

'n Tegnoloog in die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaard bepaal die chemiese beskadiging van katoenmateriaal deur middel van 'n vloeibaarheidstoets.



Dr. F. J. de Villiers.

voorrade. In hierdie verband benader die Raad die vraagstuk uit drie hoofrigtings. Eerstens die voorkoming van besoedeling van bestaande bronne, tweedens navorsing op metodes vir suiwing van fabrieks-afloopwater om dit weer geskik vir gebruik te maak, en derdens metodes vir ontsouting van brakwaters wat volop voorkom in baie dele van die Unie en Suidwes-Afrika om op hierdie wyse dit bruikbaar te maak vir landbou- en nywerheidsdoeleindes.

Die Raad se verpligtings in hierdie verband is grootliks vermeerder as gevolg van die bepalings van die Waterwet van 1956, wat *onder meer* voorskryf dat strenger beheer uitgeoefen moet word op die gebruik van water vir nywerheidsdoeleindes, vir die suiwing en afvalvertering van fabrieks- en rioolwaters, en vir die voorkoming van rivierbesoedeling. Vir die administrasie van die Wet het die Raad aan die Minister van Waterwese tegniese advies en sekere dienste beskikbaar gestel deur middel van die Waternavorsingsafdeling van die Nasionale Chemiese Navorsingslaboratorium en deur die Buro vir Standaard. Die Wet bepaal dat in die toekoms geen persoon 'n fabriek mag oprig wat meer as 50,000 gallon water per dag sal gebruik sonder magtiging daartoe deur 'n permit, wat slegs uitgereik sal word na 'n ondersoek oor die beskikbare watervoorraad en verder met dien verstande dat alle nywerheidsafloop vooraf behandel moet word om te voldoen aan 'n standard soos deur die Minister voorgeskryf. Hierdie vereistes maak dit dus noodsaaklik

During the period under review certain general and administrative services of the two bodies have been centralized. These include personnel administration, accounts, library, instrument workshops, publicity and public relations, and translation, statistical and photographic services. Apart from this, it is intended that the national testing laboratories of the Bureau should continue to operate as hitherto.

Several of the industrial research associations supported financially by the Council may now be said to have come to the end of their formative periods. Not only have they earned for themselves an excellent reputation, but the industries which they serve have come to regard them as assets. This is evidenced by the fact that they are able, both to attract new members and also to command increased financial contributions from existing members. The Council has, therefore, decided to review its policy towards its support of these associations and, to this end, has set up a special committee under the chairmanship of Dr. F. J. de Villiers.

Conservation of Water

It is generally agreed that the relative scarcity of water in South Africa will eventually have a severe limiting effect on the industrial and agricultural development of the country. It has been estimated, for example, that if the present rate of development continues, the demand for water in the Vaal River basin will exceed the assured supply by some 143,000,000 gallons per day by the year 2000!

This indicates the urgent need for making the best use of all available water supplies. In this respect the Council's activities are directed along three main lines. Firstly, they are aimed at preventing the pollution of existing sources; secondly, research is being conducted into methods of treatment of effluents with the object of rendering the water suitable for re-use, and thirdly, methods are being developed for the demineralization of saline ground waters, abundant in many areas of the Union and South West Africa, with a view to rendering them usable for agricultural and industrial purposes.

The Council's commitments in this field were greatly extended as a result of the Water Act of 1956 which makes provision, *inter alia*, for the stricter control of the use of water for industrial purposes, for the purification and disposal of industrial wastes and sewage effluents, and for the prevention of pollution. For the administration of this Act, the Council has agreed that technical advice and certain services will be made available to the Minister of Water Affairs by the Water Research Division of the National Chemical Research Laboratory and by the South African Bureau of Standards. The Act provides that in future no person may establish an industrial undertaking which requires more than 50,000 gallons of water per day without a permit which will only be granted after a study of the availability of water in the area, and

dat die bestaande fasiliteite vir waternavorsing in die nabye toekoms uitgebrei sal moet word en moontlik sal daar ook 'n reeks streeklaboratoriums hiervoor opgerig moet word.

Die werksaamhede in verband met die ontsouting van brakwaters het in Januarie die stadium bereik waar voldoende gegewens van 'n proefaanleg by Welkom ingesamel is om te dien as basis vir die opstel van 'n volledige installasieplan om 3,000,000 gallon brakwater per dag te ontsout. Nadat 'n groep belanghebbende Mynmaatskappye hierdie plan sowel as alternatiewe metodes van beheer oor ondergrondse mynwaters oorweeg het, het hulle besluit om voort te gaan met die oprigting van dié installasie, wat die eerste van sy soort in die wêreld sal wees vir die ontsouting van brakwater op so 'n uitgebreide skaal. Hierdie Suid-Afrikaanse onderneming word met groot belangstelling deur oorsese inrigtings gevolg.

Chemiese Dienste

Die Raad se verantwoordelikhede op die gebied van skeikunde is van tweërlei aard: Eerstens die navorsingswerk wat die ontwikkeling van die land se natuurlike hulpbronne ten doel het, en tweedens die verskaffing van chemiese dienste van 'n spesialiteitsaard aan staatsdepartemente en die nywerheid. Gedurende die tydperk van hierdie verslag is navorsingswerk gedoen oor die samestelling en eienskappe van 'n verskeidenheid van produkte soos kleisoorte, wol, olie, seegrassie, hout, vesels en giste. Ook is heelwat basiese navorsing onderneem wat geen onmiddellike praktiese oogmerk het nie maar eerder om fundamentele gegewens te verkry wat in die toekoms vir toegepaste navorsing gebruik kan word; dit sluit in 'n ondersoek na die diffusie van gasse deur poreuse vaste liggame, en die studie van kwikamalgam, waaraan deurgaans gewerk is.

Met die instandhouding van spesialiteitsdienste is die oogmerk om deur middel van gesentraliseerde laboratoriums daardie soort geriewe te voorsien, insluitende duur aparate en spesialiteitspersoneel, wat nie deur 'n privaat konsultant verskaf kan word nie. Trouens, die Raad se vaste beleid is om geen werk te aanvaar wat buite gedoen kan word nie, hoewel hy nie noodwendig 'n bestaande diens wat hy aangevoer het, sal laat vaar wanneer soortgelyke dienste later deur private ondernemings begin word nie.

Gedurende hierdie tydperk was daar 'n geleidelike toename in die aantal kontrakte vir chemiese ondersoeke op terreine van allerlei aard. Drie groot ondersteunde navorsingsprojekte is onderneem vir algemene navorsing op die verbetering van bestaande produkte en vir die ontwikkeling van nuwe produkte vir groot nywerheids-ondernemings. 'n Baie belangrike diens wat in die laboratoriums van die S.A.B.S. onderneem is, was die toetsing van talyke artikels wat deur staatsdepartemente aangekoop is; bv. die toetsing van looddomhulsels vir kables vir die Poskantoor. Behalwe sy werk in verband met standaard-spesifikasies, het die S.A.B.S. se chemiese

also that all industrial effluents shall be treated before discharge to conform to a standard laid down by the Minister. Thus it will be necessary to expand the existing facilities for water research and investigation in the near future, and probably to establish a number of regional laboratories as well.

The work on the demineralization of brackish waters reached a stage in January when sufficient data had been obtained from the pilot plant at Welkom to provide a basis for the drawing up of detailed plans for a plant to process 3,000,000 gallons of brack water per day. After consideration of these, and alternative methods of disposal of the mine waters, a group of interested mining companies has decided to proceed with the construction of the plant, which will be the first in the world to desalt brackish water on anything approaching this scale of operations. Developments in South Africa on this project are being followed with great interest overseas.

Chemical Services

The Council's responsibilities in the field of chemistry are two-fold. In the first place, it conducts research aimed at the development of the country's natural resources. Secondly it provides a number of specialist chemical facilities for Government Departments and Industry.

During the period under review research was undertaken on the constitution and properties of a variety of products including clays, wool, oils, seaweeds, wood, fibres and yeasts. In addition, much basic research was undertaken, not with any immediate practical object in view, but rather to establish the fundamental data upon which future applied work depends. Into the latter category falls such work as the diffusion of gases through porous solids and the study of mercury amalgams which has continued throughout the year.

In maintaining the specialist services, the aim has been to provide in centralized laboratories those facilities, including expensive apparatus and specialist staff, which cannot be provided by the private consultant. Indeed, it is the Council's established policy not to accept work which can be done outside, though it will not necessarily abandon an existing service which it has pioneered if similar services are started up by private enterprise.

During the period there has been a steady increase in the number of contracts for chemical investigation at all levels. Three major fellowship contracts were for general research aimed at improving existing products and the development of new products for large industrial undertakings. A very important service undertaken in the S.A.B.S. laboratories, was the testing of numerous materials purchased by Government departments, such as for example the testing of lead sheathing for cables for the Post Office. Apart from work connected with standard specifications, the S.A.B.S. chemical laboratories

laboratoriums 'n aantal private spesifikasies opgestel vir individuele firmas, onder meer het dit ingesluit spesifikasies vir verwe, plastiek en rubber.

Fisiese Dienste

Net soos in die geval van chemiese dienste, verskaf die Raad ook navorsings- en roetine dienste in fisika. Daarby dra die Raad ook spesiaal die verantwoordelikheid vir handhawing van die fisiese meetstandaarde vir die Unie van Suid-Afrika en stel sy dienste beskikbaar vir die yking en toetsing van industriële instrumente ooreenkomstig hierdie standaarde. Hierdie dienste word verskaf deels deur die Nasionale Fisiese Navorsingslaboratorium waar die basiese standaarde gehuisves word en deels deur die Buro vir Standaarde.

Heelwat verbetering in hierdie geriewe het beskikbaar geword toe die Nasionale Fisiese Navorsingslaboratorium aan die begin van die jaar sy nuwe gebou betrek het.

Te oordeel volgens die vinnige toename in die aanvraag vir dienste van chemie-fisiese aard is daar 'n toenemende bewustheid in Suid-Afrika van die voordele van sulke tegnieke. Spektrochemiese analitiese metodes word besonder populêr en, behalwe die kontrakwerk in sowel die navorsings- as standaardlaboratoriums, het die Nasionale Fisiese Navorsingslaboratorium ook die opleiding van 'n aantal spesialistegnici vir buite-liggame onderneem. Die afdelings vir X-straal diffraksie en elektronmikroskopie het doelig gebly, terwyl die Afdeling Massaspektrometrie behulpsaam was met die ontwerp van 'n massaspektrometer wat vir 'n groot nyweraar in die Sentrale Werkplaaas gebou is.

Die Ordinansie wat deur die vier Provinsiale Administrasies aangeneem is vir eenvormige verkeersregulasies, en die aanbring van weerkaatsers op alle rytuie verpligtend gemaak het vanaf 1 Julie 1957, het skielik so 'n massa werk veroorsaak dat die Buro vir Standaarde sy toetsfasiliteite vir hierdie tipe werk moes verviervoudig. Twee fabrikante het die Buro se stempelmerk verkry vir weerkaatsers wat aan die betrokke spesifikasie voldoen.

Nog 'n stukkie wetgewing wat skielik navrae veroorsaak het, was die Radiowet, wat bepaal dat alle elektriese apparaat sodanig ontwerp moet wees dat dit geen versterings in radioutsendings kan veroorsaak nie.

Sover dit betref die suiwer navorsingsaspek, is heelwat verbeterings aangebring in die Raad se siklotron, en die eventuele krag waarvoor dit ontwerp is skyn nou binne bereik te wees. Insgelyks word goeie vordering gemaak met die opbou van fasiliteite vir navorsing in kernfisika, terwyl die opleiding van kernfisici fluks vorder.

Meganiese Ingenieurswese

Op hierdie gebied was daar gedurende die verslagtydperk 'n toenemende aanvraag deur die nywerheid vir die Raad se navorsingsdienste en standaard-laboratoriumwerk. Een groot kontrakonderneming vir die ontwerp, toetsing oor oprigting, en kalibrasie van 'n klimaatskamer ten behoeve van die Transvaalse en Oranje-Vrystaatse

drew up a number of private specifications for individual firms. These included among others specifications for paints, plastics and rubber.

Physical Services

As in chemistry, so in physics the Council provides both research and routine services. In addition, it has special responsibility for maintaining basic standards of physical measurement for the Union of South Africa and providing a service for calibrating and testing industrial instruments in terms of these standards. These services are provided partly by the National Physical Research Laboratory where the basic standards are kept, and partly by the Bureau of Standards. Considerable improvement in these facilities became possible when the National Physical Research Laboratory moved into its new building at the beginning of the year.

Judging by the rapidly increasing demands on the services provided in the field of chemical physics, there is a growing awareness in South Africa of the advantages of these techniques. Spectro-chemical methods of analysis are becoming particularly popular and, apart from work done on contract in both research and standards laboratories, the National Physical Research Laboratory undertook the training of a number of specialist technicians for outside bodies. The X-ray diffraction and electronmicroscope sections were also kept busy, while the mass spectrometry section assisted in the design of a mass spectrometer which was built in the Central Workshops for a large industrial concern.

The passing by the four provincial councils of the uniform traffic ordinance which makes the fitting of retro-reflectors compulsory on all vehicles from 1st July, 1957, precipitated such a volume of work that plans have had to be made for the Bureau of Standards to quadruple its testing facilities for this type of work. Two manufacturers have secured the Bureau's mark for retro-reflectors which comply with the relevant specifications.


Another piece of legislation which precipitated a considerable volume of enquiries was the Radio Act which stipulates that all electrical equipment shall be so designed as to avoid interference with radio transmissions.

On the pure research side, steady improvements have been made to the Council's cyclotron and the ultimate energy for which it was designed now appears to be within reach. Concurrently, the facilities for research in nuclear physics in general are being built up steadily and the training of nuclear physicists is going on apace.

Mechanical Engineering

In this field, the period has been characterised by the growing demand by industry for the Council's services in both the research and standards laboratories.

One major contract, the design, supervision during erection, and calibration of a climatic chamber on behalf of the Transvaal and Orange Free State Chamber of



Die President van die W.N.N.R. besigtig radaruitrusting ontwikkel deur die Nasionale Telekommunikasienavorsingslaboratorium en vervaardig deur 'n Suid-Afrikaanse firma.

The President of the C.S.I.R. inspects radar equipment developed by the National Telecommunications Research Laboratory and manufactured by a South African firm.

Kamer van Mynwese, is binne 'n tydsbestek van ses jaar voltooi en oorhandig. Hierdeur is die Mynkamer se Laboratorium vir Toegepaste Fisiologie van 'n unieke instrument voorsien, deurdat dit behalwe die verskaffing van 'n plek waarin die temperatuur, vog- en lugbewegings noukeurig beheer kan word, ook die gemiddelde uitstraling vanuit al die mure gereguleer kan word.

Die voorlopige resultate van die „ontspannings”-tegniek wat ontwikkel is deur die groep navorsers wat rotsstortingsprobleme in die Witwatersrandse goudmyne ondersoek, het so belowend geblyk in die myn waarin dit uitgetoets is dat die toepassing daarvan ook na verskeie ander gebiede uitgebrei is. Hoewel hierdie tegniek nie 'n volkome oplossing bied vir die rotsstortingsprobleem nie, vorm dit tog 'n groot vooruitgang in myntegnologie.

'n Onlangse neiging oorsee was om hoogspannings-boute en moere in plaas van klinknaels of sweising te gebruik in staalstrukture, soos brugges, omdat bevind is dat dit vermoeidheidsweerstand van laste aanmerklik versterk. Toetse met plaaslik-vervaardigde moere en bonte het ewe bevredigende resultate gegee en daarby is ook nog bevind dat die spesiaal-verharde platgedrukte staalwassers wat tot hiertoe noodsaaklik beskou was onder die moer en bout, nou deur dopverharde sagte-staalwassers vervang kan word sonder inboet van sterkte en daarby ook baie goedkoper geproduseer kan word.

Mines, was brought to completion after six years' work. This has provided the Chamber's Applied Physiology Laboratory with an instrument which is unique in that in addition to providing an environment in which temperature, humidity and air movement can be accurately controlled, the mean radiation from all the walls can be regulated.

The initial results of the “de-stressing” technique, developed by the team investigating rock bursts in the Witwatersrand gold mines, have proved so promising in the mine where it was tried out that its use has been extended to several other areas. Though not a complete solution to the rock burst problem it, nevertheless, constitutes a major advance in mining technology.

A recent trend overseas has been the use in steel structures, such as bridges, of high tensile bolts and nuts in place of riveting or welding as this has been found to increase significantly the fatigue strength of the joint. Tests on locally-manufactured nuts and bolts proved them to be equally satisfactory and, in addition, it was found that the special hardened steel flat-pressed washers previously considered essential under the nut and bolt could be replaced without loss of strength by case-hardened standard mild steel washers which are far cheaper to produce.

Die fasiliteite vir nie-vernietigende toetse wat deur die Buro vir Standaard beskikbaar gestel is, vind toenemende byval by die nywerheid. Hierdie toetsingsdienste word nie alleen in die Pretoriase laboratoriums verskaf nie, maar ook by die takkantoor in Durban. Behalwe dit is daar ook 'n mobiele laboratorium beskikbaar om nie-vernietigende toetse orals in die Unie uit te voer. Skepe doen spesiaal Durban se hawe aan vir reparasies nou dat bekend is dat fasiliteite vir nie-vernietigende toetse by hierdie hawe beskikbaar is.

Telekommunikasies

Die glanspunt gedurende hierdie verslagtydperk was die kommersiële produksie van die Tellurometer. Die firma, Tellurometer (Edms.) Bpk., wat opgerig is vir die vervaardiging van hierdie instrument, het heelwat inisiatief aan die dag gelê deur die toerusting in die handel te bring kort nadat die tegniese besonderhede aan hom verstrekkend is deur die Nasionale Telekommunikasie-Navorsingslaboratorium. Die laboratorium het hulp verleen deur die instrumente op die verskillende stadiums voor produksie eers te ondersoek en te toets. Die eerste openbare demonstrasies van die Tellurometer is gedurende Januarie 1957 uitgevoer en die eerste afleverings oorsee is reeds gedoen. Dit is feitlik seker die eerste keer dat elektroniese toerusting van so 'n ingewikkelde konstruksie in hierdie land ontwikkel en vir uitvoer vervaardig is.

Dit dien ook vermelding dat die eerste werkverrigtings-toetse van die radartoestelle wat vir die Departement van Verdediging ontwikkel word, aan die beraamde werksvereistes voldoen het. Toetse om 'n volledige bevestiging hiervan te kry, sal binnekort uitgevoer word.

Bou- en Strukturele Ingenieurswerke

Aan die navorsingskant, het werk oor goedkoper huise vir blankes aanmerklik gevorder en prototiep huise wat ten behoeve van die Nasionale Behuisingskommissie gebou is, toon dat dit moontlik is om 'n 900 vk. vt. vierkamerhuis met kombuis-eetkamer vir ongeveer £1,300 te bou, uitgeslote die koste van die perseel. Navorsing op skoolgeboue en hospitale begin ook praktiese resultate te lewer. As gevolg van die navorsingswerk dusver deur die Nasionale Bounavorsingsinstituut uitgevoer, kan private argitekte besparings van 20 persent en meer bewerkstellig op skoolgeboue wat nou in die Oranje-Vrystaat gebou word, terwyl navorsingswerk op hospitaalgeboue beloftes inhou nie alleen van laer koste nie, maar ook vir doelmatiger bestuur en vermindering in die werk van die verplegingspersoneel.

Sowel die navorsingswerk as die toetsfasiliteite van die Raad word al meer en meer bekend en gevolglik is daar 'n toename in die aanvraag vir kontrakwerk en toetsing, nie alleen van die kant van die nywerheid nie, maar ook van staats- en provinsiale departemente, munisipaliteite en private konsultante. Die S.A.B.S. se pas-gestigte Afdeling vir Strukturele Toetse het reeds 'n groot verskeidenheid

The non-destructive testing facilities provided by the Bureau of Standards are proving increasingly popular with industry. This service is provided not only at the main laboratories in Pretoria, but also at the branch office in Durban. In addition, a mobile laboratory is available to carry out non-destructive testing elsewhere in the Union. Ships are being diverted to Durban for repairs now that it has become known that non-destructive testing facilities are available at this port.

Telecommunications


The most notable highlight during the period under review was the coming into commercial production of the Tellurometer. The firm, Tellurometer (Pty.) Ltd., established to manufacture the instrument, has shown considerable initiative in putting this equipment into production within a very short time of the technical details being made available to them by the National Telecommunications Research Laboratory. The Laboratory assisted by examining and testing pre-production instruments at various stages. The first public demonstrations of the instrument were held in January, 1957, and the first deliveries to overseas countries have already been made. This is almost certainly the first occasion on which electronic equipment approaching this complexity has been developed and manufactured in this country for export.

Also of note is the fact that preliminary performance trials of the radar equipment under development for the Department of Defence have shown that the estimated performance has been achieved. More detailed confirmatory trials will be carried out shortly.

Building and Structural Engineering

On the research side, work on low-cost European housing has made substantial progress, and prototype houses built for the National Housing Commission indicate that it will be possible to provide a 900 sq. ft. four-roomed house with kitchen-dining room for about £1,300, excluding the cost of the land. Research into schools and hospitals is also beginning to produce practical results. As a result of the research conducted thus far by the National Building Research Institute into the design of schools, private architects were able to effect savings of 20 per cent. or more on schools now being built in the Orange Free State, while research on hospitals holds promise, not only of cost reductions, but more efficient operation and reduction of work on the part of the nursing staff.

Both the research and testing facilities of the Council are becoming increasingly well-known and there has consequently been an increase in the demand for contract work and testing, not only from industry, but from government and provincial departments, municipalities, and private consultants. The newly-established Structural Testing Section of the S.A.B.S. has already undertaken a



'n Prototipe goedkoop huis vir blankes wat deur die Witbankse Munisipaliteit gebou is volgens 'n ontwerp van die Nasionale Bounavorsingsinstituut.

A prototype low-cost house for European occupation built by the Municipality of Witbank to designs drawn up by the National Building Research Institute.

van werkverrigtingstoetse op boumateriaal uitgevoer om hul strukturele eienskappe en weerstandsvermoë teen natuurelemente soos wind en reën te bepaal.

Goeie vordering is gemaak met die Modelbou-regulasies, terwyl 'n aantal spesifikasies vir boumateriaal en gebruikskodes 'n stap verder gebring is gedurende hierdie tydperk.

Voeding

Dit is 'n onderwerp waaroor Suid-Afrikaanse navorsers gedurende die afgelope paar jaar 'n benydenswaardige reputasie verwerf het onder hul oorsese kollegas. Hul pogings is op twee rigtings gekonsentreer: die rol van vetname in die dieet op hartsiektes, en die studie van kwashiorkor ten opsigte van diëte met 'n proteïentekort. Navorsingswerk oor eersgenoemde word onderneem deur die Nasionale Voedingnavorsingsinstituut, die W.N.N.R. se Navorsingseenheid vir Kliniese Voeding by die Universiteit van Kaapstad, die W.N.N.R. se Navorsingseenheid vir Menslike Biochemie en die Sir Ernest Oppenheimer Hartnavorsingseenheid by die Suid-Afrikaanse Instituut vir Mediese Navorsing. Navorsingswerk oor proteïengebrek in die dieet word onderneem deur die Navorsingseenheid vir Kliniese Voeding en die N.V.N.I.

wide variety of performance tests of building materials for their structural properties and resistance to the natural elements such as wind and rain.

Good progress has been made with the model building regulations, while a number of building material specifications and codes of practice were taken a step further during the period.

Nutrition

This is a subject in which South African research workers have, in the course of the past few years, established an enviable reputation among their colleagues overseas. Their efforts are concentrated in two main fields: the part played by dietary fat intake in degenerative heart diseases and the study of kwashiorkor in relation to protein-deficient diets. Work on the former is being done by the National Nutrition Research Institute, the C.S.I.R. Clinical Nutrition Research Unit at the University of Cape Town, the C.S.I.R. Human Biochemistry Research Unit and the Sir Ernest Oppenheimer Cardiac Research Unit at the South African Institute for Medical Research. Work on protein deficient diets is being done by the Clinical Nutrition Research Unit and the N.N.R.I. Several leading American research workers came to the

Verskeie vooraanstaande Amerikaanse navorsers het na die Unie gekom om eerstehandse inligting te bekom oor die werk wat hier gedoen word, terwyl die Wêreldgesondheidsorganisasie besondere belangstelling getoon het in alle aspekte van die werk wat tans uitgevoer word op proteïen-ondervoeding en in die ontwikkeling van voedsels van hoë proteïëngehalte, soos vismeelblom.

Nog 'n aspek van mediese navorsing waarmee goeie vordering gemaak word, is die studie in verband met die algemene rol van Vitamien A in selmetabolisme. Hierdie werk, waarin sintetiese vitamien A, gemerk met radioaktiewe C¹⁴, gebruik word, word uitgevoer deur die Voedingnavorsingseenheid aan die Universiteit van die Witwatersrand met hulp van die Radiochemiese Seksie van die Nasionale Chemiese Navorsingslaboratorium.

Die Raad se fasiliteite vir voedingnavorsing het oor die algemeen voortdurend uitgebrei, en op 21 September is 'n nuwe metabolismesaal by die Pretoriase Volkshospitaal geopen vir die Nasionale Voedingnavorsingsinstituut. Die saal is goed toegerus om balansstudies op pasiënte uit te voer, en voldoen dus aan 'n dringende behoefte. Vir die verskaffing van hierdie fasiliteite wil die Raad sy dank betuig aan Prof. J. G. A. Davel van die Pretoriase Mediese Fakulteit, die Hospitaalraad en die Transvaalse Provinsiale Administrasie. Die Raad het voortdurend die heelhartige steun van die Departement van Voeding geniet in alle aspekte van sy werk, en daarby het hierdie Departement ook nog 'n bedrag van £150,000 beskikbaar gestel vir 'n moderne navorsingsgebou ten behoeve van die Nasionale Voedingnavorsingsinstituut.

Die voedseltoetsingsfasiliteite van die Buro is voltyds besig gehou met die gereelde kontroletoetse op produkte wat in ooreenstemming met die Standaardmerkskema vervaardig word en ook in verband met die administrasie van die verpakte standaard vir plaaslik vervaardigde en ingevoerde ingemaakte vis, ingemaakte kreef en ingemaakte vleisprodukte. 'n Groot aantal vitamienbepalings is gemaak hoofsaaklik, hoewel nie uitsluitlik nie, op pluimveevoer wat onder die merkskema vervaardig word. Mikrobiologiese metodes is toegepas vir die bepaling van aminosure in voedsels en proteïen-hidrolisate.

Nywerheidsielkunde

Twee groot opnames wat deur die Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing onderneem is, is gedurende hierdie tydperk 'n stap nader aan voltooiing gebring. Die opname oor mannekrag is in 1955 begin met die oogmerk om die peil van opvoeding en beroepsopleiding te bepaal op 'n verteenwoordigende monster van die manlike bevolking by die aanvang van hul loopbaan. Die voorlopige resultate van hierdie opname, wat elders in hierdie verslag vollediger uiteengesit word, is alles behalwe gerusstellend vir sover dit betref Suid-Afrika se toekomstige bronne van opgeleide mannekrag.

'n Belangrike projek wat deur die Instituut onderneem word is 'n reeks studies oor motivering en moraal in die nywerheid. Die meeste hiervan staan in verband met

Union to get first-hand information of the work in progress, and the World Health Organization has expressed particular interest in all aspects of current work on protein malnutrition and the development of cheap foods with high protein contents, such as fish meal flour.

Another field in which considerable progress is being made is in the study of the general role of vitamin A in cellular metabolism. This work, in which synthetic vitamin A, labelled with radioactive C¹⁴, is being used, is being done by the Nutrition Research Unit at the University of the Witwatersrand with the assistance of the Radiochemistry Section of the National Chemical Research Laboratory.

The Council's facilities for nutrition research have, in general, continued to expand. On the 21st September a new metabolism ward was opened at the Pretoria General Hospital, for the National Nutrition Research Institute. The ward is fully equipped to do balance studies on patients and thus fulfils an urgent need. The Council is indebted for this new facility to the assistance of Professor J. G. A. Davel of the Pretoria Medical School, the Hospital Authorities and the Transvaal Provincial Administration.

The Council has continued to enjoy the whole-hearted support of the Department of Nutrition in all aspects of its work. In particular, the latter has made available the sum of £150,000 for the erection of a modern research building for the National Nutrition Research Institute.

The food testing facilities of the Bureau were kept fully occupied with regular control tests carried out on commodities manufactured under the standardization mark scheme and in connection with the administration of the compulsory standards for locally-manufactured and imported canned fish, canned rock lobster and canned meat products. A large number of vitamin determinations were undertaken, mainly, but not exclusively, on poultry feeds manufactured under the mark scheme. Microbiological methods were used in the determination of amino-acids in foodstuffs and protein hydrolysates.

Industrial Psychology

Two of the major surveys being undertaken by the National Institute for Personnel Research were brought a stage nearer completion during the period. The manpower survey was started in 1955 with the object of finding the level of education and of vocational training reached by a representative sample of the male population at the start of their careers. The first results of this survey, which is discussed in detail elsewhere in this report, give little cause for optimism as far as South Africa's future resources of trained manpower are concerned.

An important project being undertaken by the Institute is a series of studies of motivation and morale in industry. Most of these represent contract work and

kontrakwerk en dui op 'n toenemende besef deur bestuursliggame van die belangrikheid van menslike verhoudings vir die doelmatigste gebruik van arbeid. Al hierdie studies het gedui op die belangrikheid van voldoende kanale van kontak tussen bestuur en werkers en op die noodsaaklikheid van sorgvuldigheid in die keuse en opleiding van werksopsigters.

Suid-Afrika het die voortou geneem met die toepassing van klassifikasietoetse vir naturellearbeid. Hierdie toetse wat aanvanklik slegs vir die mynbedryf ontwikkel is, is ewe toepaslik bevind vir die nywerheid in die algemeen en word nou selfs ook in ander dele van Afrika gebruik. Opvolggegewens wat uit Ghana en Kenia hieromtrent verkry is, dui aan dat die toetse selfs van 'n meer diskriminerende aard in daardie gebiede was as in die Unie. Intussen is aansoeke oor hierdie aangeleentheid van plekke so verafgeleë soos Nederlands Nieu-Guinea ontvang. Werk is nou aan die gang met toetse geskik vir hoër peile van naturellearbeid.

Vervoer

Navorsingswerk wat tans aan die gang is in baie van die Raad se Laboratoriums, is gemik op die verbetering van die land se vervoerstelsel. Drie laboratoriums is bv. betrokke by navorsingswerk ten behoeve van die Administrasie van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens, 'n vierde is voltyds besig met navorsing oor konstruksie en instandhouding van paaie, terwyl 'n vyfde dienste verskaf vir die toets van brandstof en smeerolies vir binnebrandmotore.

Die Nasionale Instituut vir Padnavorsing brei steeds uit hoewel dit nog maar baie moeilik gaan om geskikte personeel te werf. Gedurende die tydperk van hierdie verslag is ondersoek ingestel na verskeie mislukte padfondasies in die omstreke van Standerton en Vereeniging, terwyl 'n studie gemaak is van die fondasietoestande vir 'n pad wat die uitsettende gronde van die Oranje-Vrystaat sal kruis. Baie van die Instituut se werk was bepaal tot 'n studie van plaaslik vervaardigde tere en bitumens met die doel om die kwaliteit daarvan te verbeter en die beste tegnieke te vind vir hul gebruik as bindstowwe in padkonstruksie.

Die laboratoriums van die S.A.B.S. is besig gehou met die toets van brandstof- en smeerolies. 'n Gereelde inspeksieskema wat op die Waterkloof-Lughawe ingestel is sal dit moontlik maak om beheer uit te oefen oor die kwaliteit van die brandstof wat vir straalvliegtuie gebruik word en sodoende seker maak van die geskiktheid van die brandstof vir hierdie duur vliegtuie.

Die Mobilisasie van Idees

Die Raad betuig sy erkentlikheid aan al diegene wat hul tyd so vryelik opgeoffer het om te dien op die talryke adviserende komitees wat leiding gegee het aan die werk van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde en die verskillende navorsingslaboratoriums en -institute.

indicate an increased awareness on the part of management of the importance of human relations in ensuring the most efficient use of labour. All these studies have pointed to the importance of adequate channels of communication between management and the workers, and to the need for care in the selection and training of supervisors.

South Africa pioneered the use of classification tests for Native labour. These tests, originally developed for the mining industry, have been found to be equally successful in industry generally and are now used in many other parts of Africa. Follow-up data obtained from Ghana and Kenya indicate that the tests have proved even more discriminative in those countries than in the Union. Meanwhile, enquiries have been received from places as far afield as Dutch New Guinea. Work is now in progress on tests suitable for higher levels of Native employment.

Transport

Work at present proceeding in many of the Council's laboratories is concerned with improving the country's transportation system. Three laboratories, for example, are involved in research for the South African Railways and Harbours Administration, a fourth is fully occupied in research into road construction and maintenance, while a fifth provides a service for the testing of fuels and lubricants for internal combustion engines.

The National Institute for Road Research, though still experiencing considerable difficulties in recruiting suitable staff, is steadily being built up. During the period, investigations were made of several road foundation failures in the Standerton and Vereeniging areas, and a study was made of the foundation conditions for a road which will traverse expansive clay soils in the Orange Free State. Much of the work of the Institute was directed towards the study of locally-produced tars and bitumens with a view to improving their qualities and the techniques for using them as binders in road construction.

The standards laboratories were kept busy testing fuels and lubricants. A regular inspection scheme instituted at the Waterkloof Air Station will make it possible to check the quality of the fuel used for jet aircraft and ensure the suitability of the fuel used for these costly aircraft.

The Mobilization of Ideas


The Council expresses its indebtedness to all those who have freely given their time to serve on the numerous advisory committees which have guided the work of the South African Bureau of Standards and the various research laboratories and institutes.

'n Wetenskaplike organisasie soos die W.N.N.R. kan nie in isolasie fungeer nie. Om suksesvol te wees moet dit enersyds ten nouste saamwerk met die universiteite en andersyds moet sy werk in verband staan met die behoeftes van landsbestuur en nywerheid. Die Raad self, saamgestel soos hy is uit 'n ledegroep van vooraanstaande wetenskaplikes en ingenieurs wat uit al drie hierdie werkkringe gekies is, is 'n weerspieëling van hierdie idee, en dit is ook die geval met die spesialiteits-advieskomitees wat op dieselfde grondslag gekies is.

Die W.N.N.R. baat wel deeglik deur die werk van die manne en vroue wat op hierdie Komitees dien, maar die voordele wat hieruit ontstaan is glad nie eensydig van aard nie, want daar is geen beter middel om tred te hou met die jongste ontwikkelings nie, soos geredelik deur elke goeie wetenskaplike, administreerder en nyweraar erken sal word, as deur rigting te gee aan werk, wat in hoofsaak gemoed is met nuwe ontwikkelings. Dit beskou die Raad as 'n belangrike funksie van sy Komiteestelsel, omdat daardeur 'n werklike nasionale handeling deur sy laboratoriums verseker word, terwyl dit ook 'n saamtrepunt vir wetenskaplike idees en strewes in die Unie van Suid-Afrika verskaf.

A scientific organization such as the C.S.I.R. cannot operate in isolation. If it is to be successful, it must co-operate closely with the universities on the one hand and its work must be related to the practical needs of government and industry on the other. The Council itself, consisting as it does, of a membership of leading scientists and engineers drawn from these three walks of life, is a reflection of this idea, as are the national and specialist advisory committees chosen on the same basis.

The C.S.I.R. indeed benefits by the work of the men and women who serve on these committees, but the advantages are by no means one sided, for there is no better way of keeping up with the latest developments, as every good scientist, administrator and industrialist should do, than by guiding work concerned mainly with new developments. The Council regards this as an important function of its committee system which ensures a truly national effort on the part of the laboratories while providing a focal point of scientific thought and endeavour in the Union of South Africa.



'n Blik op die Raad se nuwe navorsingsentrum naby Pretoria.

A general view of the Council's new research centre near Pretoria.

Skakelafdeling

Hoof van die Afdeling: MNR. D. G. KINGWILL

PRETORIASE KANTOOR

Algemene Skakelwerk

Hierdie kantoer vorm die skakel tussen die Raad en sy wetenskaplike skakelkantore in Londen, Washington en Keulen, wie se werksaamhede later in hierdie verslag genoem sal word. Die Afdeling dien ook as skakel tussen Suid-Afrikaanse wetenskaplikes en internasionale wetenskaplike organisasies. Suid-Afrika se deelname aan die program van die Internasionale Geofisiese Jaar 1957-1958 het 'n omvangryke bedrywigheid tot gevolg gehad. Die program wat ontwerp is deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Komitee wat deur die Raad benoem is, dek die vernaamste terreine wat deur die I.G.J. beoog word. 'n Volledige verslag oor hierdie program is reeds gepubliseer.

Streeksnavorsingskomitees in Durban, Port Elizabeth en Kaapstad is behulpsaam met die inskakeling van wetenskaplike probleme wat van akteuele belang is vir Natal, die Kaapse Middellande en die Westelike Kaap-provinsie. Hierdie Komitees is vrywillige organisasies, maar die Raad verskaf sekretariële kantoordienste. Die Middellandse Streekskomitee het 'n nuwe ontwikkelings-terrein betree deur 'n eie publikasie te begin onder die naam "Navorsingsnuusbrief".

Die aansporing tot samewerking op die gebied van nywerheidsnavorsing is 'n vername taak van hierdie Afdeling, en hulp word verleen aan die Raad se Komitee, onder voorsitterskap van dr. F. J. de Villiers, wat verslag moet doen oor die „subsidiëring van navorsingsorganisasies en verwante aangeleenthede”.
Kankernavorsing

Die chemiese meganisme van kankerverwekking

Hierdie werk is onlangs begin en word gefinansier deur die Nasionale Kankervereniging. Die ondersoek is veral toegespits op die meganisme van velkankerverwekking. Proewe word tans gedoen om vas te stel of die vatbaarheid van muis en die weerstand van rotte teen velkankerverwekking verbonde is aan chemiese verskille in die velafskiedings van die twee soorte diere.

Die binding van tripaanblou deur bloed- en weefseleiwitte

Hierdie werk word gefinansier deur 'n toelae van die Nasionale Kankervereniging van Suid-Afrika en word onderneem in samewerking met die W.N.N.R. se Voedingnavorsingseenheid aan die Universiteit van die Witwatersrand.

'n Fisies-chemiese studie van die binding van tripaanblou deur rotserumeiwitte is gedoen. Die doel was om uit te vind aan welke eiwit of eiwitte die kleurstof gebind is en of die aard van die binding *in vivo* dieselfde is as wanneer tripaanblou aan die serum *in vitro* toegevoeg word. Hierdie sera is spektrofotometries in die ultrasentrifuge en deur middel van papierelektroforese en vrye elektroforese ondersoek. Die resultate toon aan dat die binding van tripaanblou deur rotserumeiwitte *in vivo* en *in vitro* soortgelyk is, so nie identies nie.

Kenaf

The study of the influence of the time of harvesting on the yield and quality of fibres from different varieties of kenaf ("Stokroos", *Hibiscus cannabinus*) were continued in collaboration with the Division of Crops and Pastures of the Department of Agriculture. Some 50 batches of ribbon from plants grown under different conditions were retted and the yield of fibre determined. Arrangements have been made with the Bureau of Standards for testing the tensile strength of the fibres.

MEDICAL BIOCHEMISTRY

Studies Relating to the Metabolism of Vitamin A

This is a collaborative programme with the Nutrition Research Unit at the University of the Witwatersrand. In a further study of the physiological function of vitamin A, its association with rat serum proteins was studied with the aid of synthetic radioactively-labelled vitamin A. The serum proteins were separated by electrophoresis and it was found that the vitamin A was associated with the α_1 -globulin, but not with the α_1 -lipoprotein and probably also not with the α_1 -glycoprotein.

During this investigation the presence of a possible metabolite of vitamin A was demonstrated. Since the only way of investigating this depends on colour reactions, a start was made with a systematic investigation of halochromic reactions of vitamin A and related compounds.

Cancer Research

The chemical mechanism of carcinogenesis

This work began recently and is sponsored by the National Cancer Association. The primary interest of the investigation is in the mechanism of carcinogenesis in the skin. Mice are susceptible to external applications of skin carcinogens while rats are not, and experiments are at present being carried out to determine whether the resistance of the latter is related to chemical differences in the skin secretions of these animals.

The binding of Trypan Blue by blood and tissue proteins

This work is supported by a grant from the National Cancer Association of South Africa and is being undertaken in collaboration with the C.S.I.R. Nutrition Research Unit at the University of the Witwatersrand.

A physico-chemical study of the binding of Trypan Blue by rat serum proteins was made. The aim was to find out to which protein or proteins the dye is bound and whether the mode of binding *in vivo* is the same as when Trypan Blue is added to the serum *in vitro*. The sera were examined spectrophotometrically in the ultracentrifuge, and by paper and free electrophoresis. The results show that the binding of Trypan Blue by rat serum proteins *in vivo* and *in vitro* is very similar, if not identical.

'n Ondersoek is uitgevoer om na te gaan of herhaalde-like inspuiting van tripaanblou enige veranderings in die serumeiwitte teweegbring en of hierdie veranderings die ontwikkeling van gewasse in die retikulo-endoeteelsisteam voorafgaan of volg. Volgens die resultate wat sover verkry is, veroorsaak tweeweeklikse inspuiting van rotte met tripaanblou geen belangrike veranderings in die serumeiwitte nie, totdat die diere gewasse ontwikkel. Sodra dit gebeur, neem die totale eiwitgehalte en die albumiengehalte van die serum aansienlik af, terwyl die α_1 -globulienfraksie na verhouding toeneem. Hierdie werk word voortgesit.

Lipoproteiene en Aterosklerose

Hierdie is 'n voortsetting van werk wat gedoen word in samewerking met die Suid-Afrikaanse Instituut vir Mediese Navorsing. Moeilikhede in verband met die kwantitatiewe bepaling van lipoproteienfraksies deur die Gofman-metode is oorwin deur die gebruik van 'n dubbelsektorsel in die ultrasentrifuge. Behalwe vir 'n onderbreking as gevolg van 'n lekkasie in die sel, word monsters nou gereeld ondersoek. Gevolgtrekkings sal slegs gemaak word nadat al die data versamel is. 'n Studie van die uitwerking van verskeie buffers op die β -lipoproteienfraksie het aan die lig gebring dat dit nie geaffekteer word nie; maar dit word ernstig verander deur ureum en deur natriumdodesielsulfaat.

MIKROBIOLOGIESE CHEMIE

Metabolisme van Swawelverbindings deur Bakterië

Hierdie ondersoek is voltooi. Daar is bewys dat, behalwe *Thiobacillus thiooxydans*, ook ander *Thiobacillus* soorte, naamlik *Thio. thioparus* en *Thio. denitrificans* tiosianaat as enigste swawelbron vir groei kan gebruik. Die drie soorte wys interessante verskille in die verbruik van nitraat vir die oksidasie van tiosianaat en tiosulfaat onder anaërobe omstandighede. Sowel tiosulfaat as tiosianaat laat *Thio. denitrificans* nitraat tot stikstofgas reduceer onder vorming van slegs spore van nitriet. *Thio. thioparus* produseer groot hoeveelhede nitriet maar geen stikstof nie. *Thio. thiooxydans* reduceer nitraat onder vorming van sowel nitriet as stikstof op 'n tiosulfaatbevattende medium, terwyl alleen nitriet in 'n tiosianaatmedium ophoop.

In die aanwesigheid van lugsuurstof kan *Thio. denitrificans* nie nitraat vir die oksidasie van tiosulfaat tot sulfaat gebruik nie. Andersyds kan *Thio. thioparus* nitraat as enigste stikstofbron gebruik.

Pekeluitjies

Een gis en drie bakteriesoorte wat *in vitro* geel kristalle uit uie-ekstrak vorm op dieselfde manier as geel vlekke in die weefsel van aangetaste uie ontstaan, is geïsoleer. Die kenmerke van hierdie organismes word vasgestel.

A study was made to see whether repeated injection of Trypan Blue brought about any changes in the serum proteins and whether these changes preceded or followed the development of tumours in the reticulo-endothelial system. The results obtained so far indicate that fortnightly injections of rats with Trypan Blue does not cause any significant changes in the serum proteins until the animals develop tumours. When this occurs there is a significant decrease in the total protein content of the serum, a lowering of the albumen content and a relative rise in the α_1 -globulin fraction. This work is being continued.

Lipoproteins and Atherosclerosis

This continues work being carried out in collaboration with the South African Institute for Medical Research. Difficulties in quantitative estimation of lipoprotein fractions by the Gofman method were overcome by use of a double sector cell in the ultracentrifuge. Apart from a breakdown occasioned by a leakage in the cell, regular examination of samples is now under way. Conclusions will be drawn only after the data are complete. A study of the effect of various buffers on the β -lipoprotein fraction showed that it is not affected, but it is severely altered by urea and by sodium dodecyl sulphate.

MICROBIOLOGICAL CHEMISTRY

Metabolism of Sulphur Compounds by Bacteria

This study has been concluded. It has been shown that in addition to *Thiobacillus thiooxydans*, other species of thiobacillus, namely, *Thio. thioparus* and *Thio. denitrificans* can utilize thiocyanate as sole source of sulphur for growth. The three species show interesting differences in their mode of utilization of nitrate for the oxidation of thiocyanate and also thiosulphate under anaerobic conditions. With both thiocyanate and thiosulphate *Thio. denitrificans* reduces nitrate to nitrogen gas with the formation of only traces of nitrite. *Thio. thioparus* produces large quantities of nitrite but no nitrogen. *Thio. thiooxydans* reduces nitrate with production of both nitrite and nitrogen in thiosulphate-containing medium, whereas only nitrite accumulates in thiocyanate medium.

In the presence of atmospheric oxygen *Thio. denitrificans* cannot use nitrate to oxidise thiosulphate to sulphate. *Thio. thioparus*, on the other hand, can use nitrate as sole nitrogen source.

Pickled Onions

One yeast and three species of bacteria have been isolated which can form yellow crystals from onion extract *in vitro* in a manner analogous to the formation of the yellow spots in the tissues of affected onions. These organisms are being characterized.

Die vorming van geel kristalle *in vitro* is deur lae temperatuur verhinder. Proewe word uitgevoer om te bepaal of die hou van uie by lae temperatuur gedurende pekeling ook die vorming van geel vlekke voorkom. Die resultate tot dusver verkry is bemoedigend.


Die Vertering en Metabolisme van die Herkouer

In samewerking met die Veeartsenykundige Navorsingslaboratorium op Onderstepoort is die ondersoek in verband met die mikrobiologiese en biochemiese aspekte van die vertering en metabolisme van die herkouer voortgesit.

The formation of yellow crystals *in vitro* was inhibited by low temperatures. Experiments are being carried out to see whether keeping the onions at a low temperature during pickling also prevents the formation of yellow spots. The results to date are promising.

The Digestion and Metabolism of the Ruminant

Collaboration with the Veterinary Research Laboratory at Onderstepoort in the study of the microbiology and biochemistry of ruminant digestion and metabolism has been continued.



Bepaling van metaboliese bakteriegroepe wat in die grootpens van skape aangetref word.

Determining metabolic groups of bacteria found in the rumens of sheep.

Invloed van Koolhidrate op Ureumverbruik

Die invloed van stysel en glukose op die verbruik van ureum deur skape op 'n basiese dieet van tefhooi word met behulp van verskillende eksperimentele metodes ondersoek. Die metodes sluit in die bepaling van die afbraaksnelheid van ureum en koolhidrate sowel as hul metaboliëte *in vivo* en *in vitro*, studies van stikstofbalanse en 'n bakteriologiese ondersoek na die aantal en soorte mikro-organismes in die rumen wanneer stysel en glukose gevoer word. Die moontlikhede en beperkings van elke tegniek is bepaal. Die resultate tot nou toe het die bevindings van vorige werkers bevestig dat ureum meer doeltreffend vir proteïensintese gebruik word as stysel in plaas van glukose gegee word.

Influence of Carbohydrates on the Utilization of Urea

The influence of starch and glucose on the utilization of urea by sheep on a basal diet of teff hay is being investigated by a number of different experimental techniques. These include the determination of the rate of breakdown of urea and carbohydrate as well as their metabolites *in vivo* and *in vitro*, nitrogen balance studies and a bacteriological study of the numbers and types of micro-organisms in the rumen when starch or glucose is fed. The scope and limitations of each technique have been determined. The results to date have confirmed the findings of previous workers that urea is more efficiently utilized for protein synthesis when starch is fed than when glucose is given.

Domsiekte (Pregnancy Toxaemia)

Vorige werk op hierdie gebied het aan die lig gebring dat die verhouding van propioonsuur tot bottersuur in die rumen 'n belangrike faktor in die ontwikkeling van ketose by skape is. Propioonsuur ontstaan vernaamlik by die vertering van sellulose deur rumenbakterieë. 'n Metode vir die tel van sellulose-afbrekende bakterieë in die rumen is dus gesoek. Dit is baie moeilik om hierdie organismes in kultuur te laat groei, maar 'n geskikte metode vir tellingsproewe is uiteindelik ontwerp. Dit word nou gebruik vir 'n studie van die aantal sellulose-afbrekende bakterieë in die rumen van skape wat op verskillende diëte gehou is.

Die invloed van estrum op bloedglukose en ketoonliggame word deur Onderstepoort-werkers ondersoek.

Wynnavorsing

Die plan bestaan om 'n mikrobiologiese navorsings-eenheid in Stellenbosch te vestig, ten einde in samewerking met die Wynnavorsingsinstituut van die Departement van Landbou 'n studie te maak van die probleme van die Suid-Afrikaanse wynindustrie.

'n Beampte van die Laboratorium het die Kaap besoek om 'n voorlopige opname van die probleme in dié industrie te doen voordat hy vir vier maande oorsee gaan om die mikrobiologiese aspekte van die wynindustrie in Europa en Amerika te bestudeer.

Skimmelinfeksies in Natal

Op versoek van die Natalse Streekkomitee is 'n besoek aan Durban gebring om 'n opname van die probleme in verband met skimmelinfeksies in Natal te doen. Oor die algemeen gesproke, was die aard van hierdie probleme soortgelyk aan dié van warm, vogtige klimaatstreke in ander wêrelddele. Die meeste van die plaaslike probleme sou deur die toepassing van resultate van oorsese navorsing opgelos kan word.

PROSESONTWIKKELING EN PROEFAANLEGGINGSWERKSAAMHEDE

Waterontsouting deur Elektrodialise

Daar is baie aktief met hierdie onderneming voortgegaan. Ondersoeke met behulp van die proefaanleg in die Vrystaat met sy waterontsoutingsvermoë van 24,000 gallon per dag is uitgebrei, en belangrike tegniese verbeterings is aangebring. Dit het tot gevolg gehad dat verdere patentaansoeke gedoen is.

In samewerking met die goudmynmaatskappye is werk voortgesit in verband met die ontwerp en konstruksie van 'n prototipe eenheid wat sal dien as basis vir die beplande installasie met 'n ontsoutingsvermoë van 2½-miljoen gallon per dag. Die plan is dat die proewe met hierdie eenheid in April 1957 'n aanvang neem.

Met die oog op die oprigting deur die mynmaatskappye van een of meer installasies met 'n vermoë van 2½-miljoen gallon per dag, is tenders gevra vir die vervaardiging van

Domsiekte (Pregnancy Toxaemia)

Previous work on this problem has shown that the ratio of propionic acid to butyric acid in the rumen is an important factor in the development of ketosis in sheep. Propionic acid arises mainly from the digestion of cellulose by the rumen bacteria. A method for counting cellulolytic bacteria in the rumen was therefore sought. These organisms are very difficult to grow in culture, but a suitable method for counting them was eventually developed. This is now being applied to a study of the numbers of cellulolytic bacteria in the rumen of sheep on different diets.

The effect of oestrus on blood glucose and ketone bodies is being studied by the Onderstepoort team.

Wine Research

It is proposed to establish a microbiological research unit at Stellenbosch to study the microbiological problems of the South African wine industry in collaboration with the Oenological Research Institute of the Department of Agriculture.

An officer of the Laboratory visited the Cape to make a preliminary survey of the industry's problems before going overseas for four months to study what is being done in the way of microbiological research in the wine industry in Europe and America.

Mould Infections in Natal

At the request of the Natal Regional Committee a visit was paid to Durban to survey the problems associated with mould infections in Natal. Generally speaking, the problems encountered were similar to those in hot humid climates in other parts of the world. Most of the local problems could be solved on the basis of information available from research already carried out overseas.


PROCESS DEVELOPMENT AND PILOT PLANT ACTIVITIES

Water Demineralization by Electrodialysis

This project has continued very actively. The investigations with the 24,000 gallon per day pilot plant desalting mine water in the Orange Free State were extended, and led to significant technical improvements, which resulted in further patent applications being filed.

In collaboration with the gold mining companies, work was continued on the design and construction of a prototype unit which will form the basis of the projected 2½ million gallon per day plant. Tests on this unit are scheduled to begin in April, 1957.

In anticipation of the erection by the mining companies of one or more 2½ million gallon per day plants, invitations to tender for the manufacture of the necessary ion-selective membranes were issued. This evoked a



Die proefaanleg op Welkom vir die ontsouting van water behandel 24,000 gallon daaglik.

The water desalting pilot plant at Welkom handles 24,000 gallons daily.

die benodigde ioonselektiewe membrane. Dit het 'n groot reaksie uitgelok van al die belangrikste fabriserende maatskappye van die wêreld. Waarskynlik sal die goedkoop membrane wat in hierdie Laboratorium ontwikkel is, in die eerste grootskaalse installasie gebruik word wat deur die mynmaatskappye in bedryf gestel sal word. Onderhandelings vir die vervaardiging van die membrane kragtens 'n lisensie is begin, en duur nog voort. Verskeie liggame wat hulle met waterontsouting besig hou, het die mening uitgespreek dat die oprigting van die eerste werklike groot installasie in die wêreld vir die ontsouting van brakwater, en die ontwikkeling in hierdie Laboratorium van geskikte membrane teen 'n lae koste, 'n aansienlike uitbreiding in die gebruik oor die hele wêreld van elektrodialise vir die grootskaalse ontsouting van brakwater en vir ander doeleindes tot gevolg sal hê.

big response from the major manufacturing companies of the world. It seems probable that the low-cost membranes developed in this Laboratory will be used in the first large-scale desalting plant to be operated by the mining companies. Negotiations for the manufacture of the membranes under licence were opened and are proceeding.

The opinion has been voiced by various concerns working in the water demineralizing field that the erection of the first really large-scale plant in the world to desalt brack water, and the development in this Laboratory of suitable low-cost membranes, will result in a considerable acceleration in the use throughout the world of electro dialysis for the large-scale desalting of brack water and other purposes.

Die groot somme geld wat die W.N.N.R. en die mynmaatskappye in hierdie onderneming gestee het, kan dus tot internasionale sowel as nasionale voordeel strek.

'n Begin is gemaak met die ontwikkeling van 'n klein elektrodialise-eenheid wat geskik sal wees vir gebruik op plase en op die platteland. Voorlopige toetse in hierdie Laboratorium met behulp van sintetiese waters met verskillende soutkonsentrasies was baie bemoedigend. Die doel is om 'n eenheid te konstrueer wat slegs eenvoudige onderhoudsprosedures sal vereis, en wat deur plaasarbeiders bedien kan word. 'n Belangrike aspek van die saak is die moontlikheid om beter en meer ekonomiese gebruik te maak van uitgestrekte gebiede wat weens watertekort tot dusver moeilik bruikbaar of selfs nutteloos was. Op die oomblik word grootskaalse besproeiing nog nie as 'n lonende onderneming beskou nie, en dit word dus nie ondersoek nie.

Wolwas

Ettlike honderde pond wolwas, verseep volgens die proses wat in hierdie Laboratorium ontwikkel is, is berei vir gebruik deur 'n fabrikant in 'n markwaardasie en vir die toets van een van sy produkte wat hierdie materiaal bevat.

Pynappelafval

Toetse op 'n proefaanleg skaal is by 'n groot inmaakfabriek uitgevoer in verband met die droog van pynappelafval, met die oog op die gebruik daarvan in gebalanseerde voedselrantsoene vir diere, veral koeie en varke.

Hierdie werk, wat voortgesit word, is uitgevoer in medewerking met die inmaakfabriek en 'n kommersiële firma wat te doen het met droogtoerusting. 'n Hele aantal ton gedroogde materiaal is op bevredigende wyse vervaardig, en sal gebruik word by gekontroleerde diervoedingtoetse wat deur die Departement van Landbou uitgevoer sal word. Die opruiming van die groot hoeveelhede pynappelafval wat ontstaan, deesdae omtrent 30,000 ton per jaar, en volgens skatting omtrent 60,000 ton per jaar binne die volgende paar jaar, is 'n moeilike probleem. Die algemene gebruik van bogenoemde proses behoort dus 'n lonende oplossing daarvan te wees en tegelykertyd 'n waardevolle aanvullende veevoer beskikbaar te stel, wat na beweer word o.a. die melkproduksie van koeie verhoog.

Ondersoek van Reuke afkomstig van Nywerhede

Werk kragtens 'n kontrak met 'n nywerheidsfirma vir die uitskakeling van reuke afkomstig van industriële prosesse is voortgesit. 'n Lid van die Laboratoriumpersoneel het onlangs teruggekeer van 'n besoek aan Kanada, waar hy werkers op hierdie gebied geraadpleeg het.

Raadgewende dienste is kragtens 'n tweede kontrak in hierdie verband aan 'n munisipaliteit verleen.

The large sums of money invested by the C.S.I.R. and the mining companies in this project are therefore likely to be of international, as well as national benefit.

The development of a small electro dialysis unit suitable for farm and rural use was started. Preliminary tests in the Laboratory on synthetic waters of various salt concentrations were very encouraging. The aim is to produce a unit which requires only simple maintenance procedures and can be operated by farm labour. The possibility of making better and more economic use of wide areas of marginal, or at present useless land is important. The possibility of large-scale irrigation is not yet considered to be an economic proposition and is, therefore, not being explored.

Wool Wax

Several hundred pounds of wool wax, saponified according to the process developed in this Laboratory, were prepared for use by a manufacturer in the market evaluation and testing of one of his products incorporating this material.

Pineapple Waste

Pilot-scale tests were carried out at a large canning factory on the drying of pineapple waste with a view to its incorporation in balanced food rations for animals, particularly cows and pigs.

This work, which is continuing, was carried out in collaboration with the canning factory and a commercial firm associated with drying equipment. Several tons of dried materials were satisfactorily produced and will be used in controlled animal feeding tests to be carried out by the Department of Agriculture.

Disposal of the large quantities of pineapple waste produced, at present some 30,000 tons per annum and estimated at 60,000 tons per annum in a few years, poses serious problems. Adoption of this process should give an economic solution to the problem, while making available a valuable animal feed supplement which is reported to be of particular value in increasing milk yields in dairy cattle.

Industrial Odour Investigations

A contract with an industrial concern for the elimination of process odours was continued. A member of the Laboratory's staff returned from a visit to Canada where he consulted workers in this field.

Services to a municipality were continued in connection with a second contract in which technical consultant services were given.

Gebruik van Nieuwprodukte van 'n Chemiese Proses

Kragtens 'n kontrak met 'n groot nywerheidsfirma is 'n Beurshouer aangestel om moontlike ekonomiese gebruike vir die firma se nuweprodukte te ondersoek. Gestadige vooruitgang is gemaak, en daar word gehoop dat dit sal lei tot 'n uitbreiding van die firma se werksaamhede op die gebied van chemiese produksie.

WATERNAVORSING

Verdere Suiwering van Uitvloeiels vanaf Rioolwatersuiweringswerke

Sowel ammoniumverbindings as nitrate is ongewenste bestanddele in oppervlaktewater, aangesien hulle 'n uitermatige groei van alge in die hand werk en gevolglik skade aan visse en ander biologiese lewe kan berokken; daarbenewens kan water wat nitrate bevat ook toksies wees vir babas onder een jaar. Die aanwesigheid van ammoniak en nitrate is kenmerkend van 'n riooluitvloeiels en derhalwe doen die Afdeling navorsing om hierdie stikstofverbindings te verwyder sodat volledig gesuiwerde rioolwater nie van normale natuurlike water onderskei kan word nie.

Om die oksidasie van ammoniak tot nitraat in die uitvloeiels van biologiese sypelbeddings te bewerkstellig, is gebruik gemaak van die welbekende geaktiveerde slykproses waarvolgens die uitvloeiels, in kontak met sy eie humusslyk, belugting ontvang. Die humusslyk word toegelaat om te vermeerder totdat dit 'n aktiewe nitrifiserende medium word en die finale uitloop hoegenaamd

Utilization of Chemical Process By-products


A Research Fellow was appointed, in terms of a contract with a large industrial firm, to investigate possible economic uses of the firm's by-products. Steady progress was maintained, which it is hoped will lead to an expansion of the Company's activities in the chemical production field.

WATER RESEARCH

Further Purification of Effluents from Sewage Works

Both ammonia and nitrate are undesirable constituents in a surface water since they encourage excessive algal growth, can be harmful to fish and other biological life, and can be toxic to babies under one year old. The presence of nitrogen compounds such as ammonia and nitrate characterises a sewage effluent; consequently the Division has been experimenting on the removal of these compounds in order to render purified sewage effluent indistinguishable from normal surface waters.

For the oxidization of ammonia to nitrate the well-known activated sludge process was applied to biological filter effluent containing its own sludge. By aerating this effluent in contact with its own sludge, which is allowed to accumulate, the latter became an active nitrifying agent and an effluent was produced containing no ammonia whatsoever. The process was developed in



Proewe in verband met die verdere suiwering van rioolafvalwater deur middel van geaktiveerde humus.

Experiments on the further purification of sewage effluents by the activated humus process.

geen ammoniak meer bevat nie. Hierdie proses is in die laboratorium ontwikkel en word nou getoets in 'n proef-eenheid by die rioolwerke van Pretoria. Die werking van die eenheid was tot dusver geslaagd en dit wil voorkom asof die proses geheel en al prakties is en ekonomiese moontlikhede bied.

Nadat alle ammoniak geoksideer is, is die reduksie van nitrate tot stikstofgas deur bakteriologiese denitrifikasie ondersoek. Na uitgebreide ondersoekingswerk, het die Afdeling daarin geslaag om 'n aanhoudende denitrifikasie-proses in die laboratorium tot stand te bring. Deur die toevoeging van sekere eenvoudige organiese voedingsmiddels was dit moontlik om nitrate om te sit in stikstofgas en sodoende die hoeveelheid nitraat baie te verminder. Die werk het egter nog nie ver genoeg gevorder om oor te skakel na proefnemings in 'n proefaanleg nie.

'n Vertakking van hierdie ondersoek in verband met denitrifikasie is die moontlike toepassing van die proses op natuurlike watervoorrade in Suid-Afrika wat baie nitrate bevat. Die nitraatinhoud van hierdie waters kan nie volgens bestaande prosesse verminder word nie en gevolglik word baie ondergrondse voorrade vir menslike gebruik uitgeskakel.

Proefnemings, om die verdere suiwing van riooluitvloeiels deur middel van grasbeddings en natuurlike suiweringsdamme te bepaal, het ver gevorder. Daar is vasgestel dat hierdie eenhede baie doeltreffend is om die finale afronding te gee aan die suiweringskringloop van rioolwaters. Ook is die bakteriologiese kwaliteit van sulke waters na bogenoemde behandeling beter as die van sand-gefiltreerde uitvloeiels.

Aërobiese Behandelingsmetodes

Laboratoriumtoetse in verband met die suurstofver-skaaffende en suurstofeisende faktore in biologiese sy-pelbeddings is voltooi en 'n proefaanleg, om die hersirkulasie van humusslyk deur 'n sypelbedding te bestudeer, word tans oorweeg. Daar is voorlopig vasgestel dat dit moontlik is om humusslyk in die stelsel te laat opbou en sulke humusslyk te aktiveer deur die sypelbedding self as belugtingsmedium te gebruik.

Anaërobiese Behandelingsmetodes

Veral in die Verre Ooste en in die Verenigde State van Amerika het navorsers, sonder enige mate van sukses, geprobeer om 'n metode te vind om nagvuil te verteer. Die vernietiging van nagvuil, afkomstig uit ongerioleerde gebiede soos lokasies en kleiner dorpe, gaan gepaard met groot probleme. Die Afdeling het 'n geslaagde metode vir die anaërobiese vertering van nagvuil, deur middel van 'n reeks laboratoriumtoetse, ontwikkel. Die werk kan nou oorgaan tot 'n loodsinstallasie en baie munisipaliteite het reeds groot belangstelling getoon.

Eksperimente in verband met die vertering van afvalwater van 'n hardbordfabriek is gedoen en daar is bevind dat die gistingproses baie doeltreffend is om die organiese lading van so 'n gekonsentreerde uitvloeielsel tot so 'n lae

the laboratory and is now being tried out on pilot plant scale at the Pretoria Sewage Works. The operation has thus far been successful and the process appears to be completely practicable and economically feasible.

With all the ammonia oxidized, the problem of reducing the nitrate to nitrogen gas by the bacterial denitrification process was investigated. After a considerable amount of preliminary investigational work, the Division was successful in establishing a continuous denitrification process in the laboratory. By the addition of certain simple organic nutrients it was found possible to convert the nitrate to nitrogen gas, thus reducing the former to very low levels, but the work has not progressed sufficiently to plan experiments on a pilot plant scale.

A side issue of the investigations on denitrification is the applicability of the process to natural water supplies in South Africa which are highly charged with nitrates. The nitrate concentration of these waters cannot be reduced by any known process, consequently many of the underground water supplies are totally unsuitable for human consumption.

Experiments on evaluating the further purification of sewage effluents by the use of grass beds and maturation ponds have reached an advanced stage. It was established that these units are very effective in providing the final "polishing" stages in the purification cycle of sewage effluent and that the bacteriological quality of the effluent from these units is much higher than could be obtained by sand filtration.

Aerobic Treatment Methods

Laboratory studies on oxygenating and oxygen consuming factors in biological filters were completed and pilot plant studies on the recirculation of humus sludge through a biological filter are in progress. It was found possible to accumulate humus sludge in the recirculation system and to establish activity in the sludge by using the biological filter itself as the aeration unit.

Anaerobic Treatment Methods

Many unsuccessful attempts have been made by research workers, especially in the East and in the United States, to evolve a process for digestion of night soil, the disposal of which in unsewered areas such as native locations and small towns often presents very serious difficulties. The Division worked out a successful process for anaerobic digestion of night soil in a series of laboratory experiments. The work has now reached the pilot plant stage and many local authorities have expressed great interest in the results.

Experiments were carried out on the digestion of effluent from a hardboard factory. Anaerobic digestion proved quite effective in reducing the organic load of the concentrated waste to a level sufficiently low for further

peil te verminder dat dit daarna verder deur middel van 'n spjelbedding gesuiwer kan word. Dit was egter nodig om 100 dele per miljoen ammoniakstikstof by die gekonsentreerde afvalwater by te voeg.

Rivieropnames

Sedert die bekragtiging van die Waterwet nr. 54 van 1956, het die werksaamhede van die Afdeling aansienlik uitgebrei.

Een van die belangrikste ondersoeke waarmee 'n begin gemaak is, staan in verband met die opvanggebied van die Vaal, die Vaaldam en die Vaalrivierstudam. Die ondersoekingswerk het chemiese, bakteriologiese en biologiese aspekte van die water gedek, asook volledige studies van die bodemneerslae, om sodoende te bepaal wat die uitwerking is van besoedeling deur rioolwater, industriële afvalwater en landboukundige bedrywighede op die verskillende bogronde waters wat in die opvanggebied van die Vaal bokant die studam ontstaan.

Die ondersoek van die Jukskei-Krokodilrivier-stelsel vorder goed. Data is versamel in verband met die uitwerking van rioolwater, industriële en landboukundige besoedeling op die biologiese toestande in die riviere. Besondere aandag is gewy aan die uitwerking op vislewe.

Met betrekking tot die navorsing in verband met bilharziase wat ondersteuning ontvang van die Transvaalse Provinsiale Administrasie, het die Afdeling chemiese dienste verskaf vir rivieropnames in Oos-Transvaal.

In Natal is die werksaamhede in verband met die Tugelarivierstelsel reeds in die finale stadium.

Watervoorsiening

Werk in hierdie verband was hoofsaaklik toegespits op 'n oplossing vir die watervoorsieningsprobleme in die droë streke van ons land. Toetse is met sondistillasie gedoen en 'n volledige eenheid is ontwerp om die koste vir die verkryging van vars water te bepaal. Uit die eksperimentele eenhede blyk dat volgens hierdie beginsel groot-skaalse permanente installasies teen lae koste sal werk, terwyl die koste aan volledige, vervoerbare eenhede verbonde moontlik aan die hoë kant sal wees.

Heelwat addisionele werk is gedoen in verband met die ontfuoring van fluoriedhoudende waters en groot-skaalse ondersoek met 'n gebruiklike ioon-uitruilingskolom is tans afgehandel. Die koste van ontfuoring is bereken op 4/2d. per 1,000 gallon vir 'n installasie met 'n kapasiteit van 6,000 gallon per dag. Daar is egter vasgestel dat die koste afgebring kan word deur aanwending van die stelsel van serie-ontfluoring. Werk in hierdie verband bereik tans die stadium van 'n proefaanleg. In die laboratorium is bepaal dat waters met 'n hoë chloriedinhoud die ontfuoringskapasiteit van die ioon-uitruilingskolom kan verlaag. Hierdie moeilikheid kan te bowe gekom word deur vermeerdering van die vernuwingsvloeistof. Volle besonderhede aangaande ontfuoring van huishoudelike watervoorsiening is reeds opgestel.

purification on the biological filter. It was found necessary, however, to add ammonia nitrogen to the concentrated waste to the extent of 100 parts per million.

Stream Surveys

The activity of the Division in this field has been extended quite considerably since the implementation of Water Act No. 54 of 1956.

One of the most important surveys to be initiated was that of the catchment area of the Vaal Dam, the Vaal Dam itself and the Vaal River Barrage. The investigational work covered chemical, bacteriological and biological studies on the water, together with complete investigations on bottom sediments, in order to assess the effects of sewage, industrial and agricultural pollution on the various surface waters which arise in the catchment area of the Vaal River above the Vaal Barrage.

The survey of the Jukskei-Crocodile River system has progressed well. Data were collected on the effects of sewage, industrial and agricultural pollution on the biological conditions in the streams. Particular attention was given to the effects on fish life.

With regard to the research on bilharziasis sponsored by the Transvaal Provincial Administration, the Division has established chemical services for the stream survey work in the Eastern Transvaal.

In Natal the work on the Tugela River system has been carried to its final stages.

Water Supplies

Most of the work in this connection was directed towards the solution of water supply problems in the arid regions of the country. Experiments were conducted with solar distillation and a self-contained unit designed for evaluating costs of production of fresh water. The principles observed on the experimental units so far, indicate that low costs could be attained in the case of large-scale permanent installations, whereas the cost for portable self-contained units would be on the high side.

A considerable amount of additional work was done on the defluoridation of fluoride-bearing waters and full-scale plant studies with a conventional ion-exchange column were finalised. The cost of defluoridation was found to be 4/2d. per 1,000 gallons for a plant with a capacity of 6,000 gallons per day. It was established, however, that this cost could be reduced by the use of the principle of series defluoridation, the work on which has now reached the pilot plant stage. In laboratory studies, it was established that high concentrations of chloride in water could reduce the defluoridation capacity of an ion-exchange column. This difficulty could be overcome by increasing the amount of regenerant. Full details for defluoridating household supplies have been evolved.

Tegniese Dienste aan die Departement van Waterwese

Waterwet nr. 54 van 1956 maak, onder andere, voorsiening vir strenger beheer oor die gebruik van water vir industriële doeleindes; vir die suiwing en afvoer van industriële- en rioolwateruitvloeiens, en vir die beskerming van riviere teen besoedeling. Ten einde die toepassing van van sekere afdelings van die Wet te bewerkstellig, is die Afdeling versoek om uitgebreide tegniese en raadgevende dienste te verskaf.

Tegniese Dienste aan ander Organisasies

Die Streekslaboratorium in Windhoek, wat tot stand gekom het met die hulp van 'n toekenning van die Suidwes-Afrika Administrasie, het sy werksaamhede aansienlik uitgebrei. Besondere aandag is geskenk aan die oorsprong van gemineraliseerde waters wat na die Swakoprivier vloei asook die posisie van vars en gemineraliseerde watersones in die sanderige rivierbedding. Uit voorlopige data wil dit blyk dat die invloei van waters met hoë minerale soutinhoud betreklik gering is in vergelyking met dié van vars water in die sanderige bedding, maar as gevolg van vermenging word dikwels 'n water verkry wat ongeskik is vir gebruik.

Die vermindering van verdamping deur die toediening van setielalkohol aan wateroppervlakke en die bewaring van water in sandopgaardamme, word bestudeer.

Oorwegings is geskenk aan die totstandkoming van tegniese dienste in Windhoek in verband met sake rakende rioolwater- en drinkwatersuiwing in die belang van munisipaliteite. Alreeds is heelwat werk gedoen in verband met die suiwing van uitvloeisel van die Windhoekse Munisipale Rioolwerke met die doel om die water weer vir sekere ander doeleindes te gebruik.

Dit was moontlik om 'n Streekseenheid van die Afdeling in Natal op te rig om sodoende dienste aan die Natalse Provinsiale Administrasie te lewer i.v.m. rioolwater, nywerheidsafvalwater- en drinkwatersuiwing.

Die Afdeling het ook kragtens kontrak ondersoekingswerk gedoen en raadgevende dienste gelewer in verband met rioolwaters, industriële afvalwater, drinkwatersuiwing en waterversagting aan verskeie stadsrade in die Unie.

'n Aantal nywerheidsondernemings het ook gebruik gemaak van die dienste van die Afdeling, hoofsaaklik in verband met die suiwing van hul industriële afvalwater.

FISIËSE EN ANALITIESE CHEMIE

Diffusie in Oksiede

Hierdie fundamentele ondersoek is voortgesit. In die vorige verslag is daarop gewag dat eksperimente op die uitruiling tussen gemerkte suurstof en 'n oksied in 'n silikahouer bederf was deur uitruilings met die silika self. Sedertdien is gesinterde aluminahouers verkry, en dit het geblyk dat hulle, ten minste vir die duur van die eksperi-

Technical Services to the Department of Water Affairs

Water Act No. 54 of 1956 makes provision, *inter alia*, for stricter control of the use of water for industrial purposes, for the purification and disposal of industrial wastes and sewage effluents, and for the prevention of pollution. In order to implement the relevant sections of the Act the Division has been called upon to provide comprehensive technical and advisory services.

Technical Services to Other Organizations

The regional laboratory in Windhoek, established with the aid of a grant from the South West Africa Administration, has expanded its activities considerably. Particular attention was given to the origin of mineralised flows into the Swakop River and the location of fresh and mineralised water zones in the sandy beds of the river. From preliminary data it appears that the volume of mineralised flow into the Swakop River is fairly small compared with the fresh water in the sand beds and that mixing of these two types of water sometimes results in a water which is unsuitable for use. The control of evaporation by the application of cetyl alcohol to water surfaces and by the storage of water in sand storage dams were studied.

Consideration was given to the establishment of technical services in Windhoek on matters relating to sewage and water purification on behalf of local authorities. In particular, a considerable amount of work was carried out in connection with the purification of sewage effluent from the Windhoek Municipal Sewage Works for certain purposes.

It has been possible to establish a regional unit of the Division in Natal with a view to supplying services to the Natal Provincial Administration on matters relating to sewage, water and industrial effluent purification.

The Division provided investigational and advisory services in connection with sewage and industrial waste disposal, water purification and water softening under contract to a number of municipalities in the Union.

In a number of cases industrial undertakings called upon the services of the Division mainly in connection with the treatment of industrial wastes.

PHYSICAL AND ANALYTICAL CHEMISTRY

Diffusion in Oxides

This fundamental investigation has continued. In the last report, it was pointed out that experiments on exchange between labelled oxygen and an oxide in a silica vessel were spoiled by exchange with the silica itself. Subsequent to this, sintered alumina vessels were procured and were found to be free from exchange, at least

ment, uitruilvry gebly het. Die uitruilingsreaktiwiteit van silika het daartoe gelei dat die eerste eksperimente met silika uitgevoer is. Sowel kwarts as glasagtige silika is gebruik en selfdiffusiekoëffisiënte gemeet. Soos verwag, was die waarde vir laasgenoemde bepaal, groter.

Selfdiffusie in Mengsels

Na verloop van 'n tydperk waarin personeelkrigte vir meer dringende probleme aangewend moes word, is hierdie fundamentele ondersoek gedurende die jaar hervat. 'n Ideale en nie-ideale sisteem is gekies en diffusiekoëffisiënte is gemeet. Die bepaling van selfdiffusiekoëffisiënte is gemeet. Die bepaling van selfdiffusiekoëffisiënte met behulp van radioaktiewe isotope is tans aan die gang.

Radiochemie

Die voorsiening van gemerkte superfosfaat vir bemestingstudies asook die meting van die opname daarvan deur tabakplante het nou 'n gereelde diens geword, en is in die afgelope jaar voortgesit.

C^{14} -bepalings word vir 'n hele aantal projekte op 'n roetinebasis uitgevoer. 'n Lagie bariumkarbonaat op 'n proporsionele telbuis het geblyk heeltemal sensitief genoeg te wees in alle gevalle tot dusver ondersoek, bv. metabolisme van vitamien A, werkingswyse van insulien, ens. Dieselfde metode is toegepas vir die bepaling van Ca in die vorm van $CaCO_3$, wat een aspek uitmaak van 'n ondersoek i.v.m. die differensieel-termiese analise van kalsiet, 'n projek wat deur die Nasionale Bounavorsings-instituut uitgevoer word.

Werk i.v.m. die afskeiding van draervrye isotope van siklotronskywe is voortgesit, en wel niobium van sirkonium en silwer van palladium. Die moontlikheid om molibdeen, wat ontstaan deur dubbele beta-verval, van sirkoon af te skei, is ook bestudeer, tot dusver egter sonder sukses.

Die afskeiding van draervrye UX_1 uit groot hoeveelhede uraan is bestudeer en 'n suksesvolle metode uitgewerk, wat tans toegepas word.

Radioaktiewe uitval word tans sistematies ondersoek deur die Onderafdeling Biofisika van die N.F.N.L. Volgens 'n chemiese ondersoek van die skeidingsmetodes vir die seldsame aardbestanddele van die uitval, blyk dat die aangewende metodes nie heeltemal bevredigend is nie, en dat verdere navorsing onderneem sal moet word.

Bystand is aan die Bernard Price Instituut verleen by die skeiding van rubidiumvrye stroncium uit biotiete deur middel van radioisotope. Hierdie maak deel uit van 'n program i.v.m. die ouderdomsbepaling van rotse.

Verder is 'n metode uitgewerk vir 'n firma waarby katoendraad gemerk word met uitstralers van gammastrale met hoë energie en 'n kort lewensduur.

Korrosie

Die werk i.v.m. die korrosie van staal in gewapende beton in die vorige verslag beskrywe, is in die afgelope jaar voortgesit kragtens 'n Beurs onder die gesamentlike

within the time of an experiment. Owing to the exchange reactivity of silica, the first experiments have been with silica. Both quartz and vitreous silica have been used, and self-diffusion coefficients have been measured. As expected, the value for the latter form is the larger.

Self-diffusion in Mixtures

After a period in which staff had to be employed on more urgent problems, this fundamental study was resumed during the year. An ideal and a non-ideal system have been selected and diffusion coefficients have been measured. Determination of self-diffusion coefficients using radio-active isotopes is now under way.

Radiochemistry

The now regular task of supplying labelled superphosphate for fertilizer studies was continued in the past year. So also was measurement of its uptake by tobacco plants.

Determinations of C^{14} for a number of projects are being carried out on a routine basis. A layer of barium carbonate in a proportional counter has proven adequate in sensitivity for all purposes thus far, for example, metabolism of vitamin A, mode of action of insulin. The same method has been employed for calcium as calcium carbonate, as part of an investigation on differential thermal analysis of calcite by the National Building Research Institute.

Work was continued on separation of carrier-free isotopes from cyclotron targets, namely, niobium from zirconium, silver from palladium. The possibility of separating molybdenum produced by double β -decay from zirconium was also studied, thus far without success.

The separation of carrier-free UX_1 from large quantities of uranium was studied to the point of devising a successful procedure. This is now being applied.

Radio-active fall-out is being studied systematically by the Biophysics Section of the National Physical Research Laboratory. A chemical investigation of separation of rare-earth components in the collected fall-out shows that the techniques employed are not entirely satisfactory and further research will be undertaken.

Assistance was given the Bernard Price Institute in use of radio-isotopes to devise a method of separating strontium, free from rubidium, from biotites. This is part of a programme on age determination of rocks.

A method of labelling cotton thread with short-lived, high-energy, gamma-radiation emitters was studied on behalf of a firm.

Corrosion

Work on corrosion of steel in reinforced concrete described in the last report has been continued in the past year by Fellowships under the joint supervision of

toesig van die Nasionale Bounavorsingsinstituut en die Nasionale Chemiese Navorsingslaboratorium. Afgesien van 'n reeks beplande blootstellingstoetse is 'n redelik suksesvolle poging aangewend om die variasies in deurlaatbaarheid van 'n betonstruktuur vas te stel deur middel van kalsium-hidroksiedistribusie. 'n Aantal toetse is ook met gegalvaniseerde staalwapening uitgevoer.

Blootstellingstoetse op gegalvaniseerde yster aan die atmosfeer is voortgesit. Die metode om die mate van korrosie vas te stel, deur die gewigsverlies te bepaal wanneer die korrosieprodukt verwyder is, is beproef deur dit toe te pas op sinkplate wat deur middel van 'n humiditeitsapparaat in die laboratorium gekorrodeer is. Die gewigsverlies het goed ooreengestem met die gewigstoename in bogenoemde apparaat.

'n Studie is gemaak van die korrosie van koper en staal in swart ystersulfiedmodder, 'n saak wat van belang is by oprigtingswerk in die drooggelegde gebied te Kaapstad.

'n Besoek aan die Verenigde Koninkryk ten einde onlangse ontwikkelinge in die katodiese beskerming van oorlogskiprompe te bestudeer is deur die Departement van Verdediging ondersteun.

Verder is, soos in vorige jare, inligtings verskaf en 'n aantal klein kontrakondersoeke uitgevoer.

Ioonselektiewe Membrane

Fisies-chemiese ondersoekingswerk is voortgesit op hierdie membrane wat by die ontsouting van water gebruik word. Daar is vasgestel dat die metode vir die bepaling van die uitruilkapasiteit van membrane wat vroeër aanbeveel is, aanleiding gee tot ernstige foute vir sekere soorte positiewe membrane. 'n Verbeterde metode, wat die gebruik van alkaliese oplossings uitskakel, is daarop uitgewerk. Die onstabieleit van sulke membrane in alkaliese oplossings het die noodsaaklikheid vir die ontwikkeling van meer stabiele membrane aan die lig gebring.

Die mobiliteit van sowel natrium- as chloridione in die membraanfase is bepaal deur gegewens oor die geleidingsvermoë en ionetransport in verband met die ionekonsentrasie in die membrane te bring. Daar is bevind dat, vir sowel positiewe as negatiewe ione, die mobiliteit van ione met die teenoorgestelde lading van 'n vaste ioongroep in die membraan ongeveer een grootteorde hoër is as dié van ione met dieselfde lading. Dit geld veral wanneer die konsentrasies in die eksterne oplossing laag is.

'n Ondersoek na die uitwerking van sekere swaar ione (barium- en ferri-) op die elektrochemiese eienskappe van membrane is begin.

Die aanpassing van die Hittorfmetode aan die roetinebepaling van transportgetalle is aan die gang.

Amalgaamchemie

Verdere werk is uitgevoer i.v.m. die sisteem mangaankwik. Legerings wat 1 tot 50 atoompersent Mn bevat is berei en normaal-geloei vir twee tot drie maande by

the National Building Research Institute and the National Chemical Research Laboratory. Apart from a planned series of exposure tests, a fairly satisfactory attempt was made to assess permeability of variations in a concrete structure by calcium hydroxide distribution. Some tests of galvanised steel reinforcing were also carried out.

Atmospheric exposure tests of galvanised iron samples have been continued. In order to check the method of assessing corrosion by loss in weight on removal of corrosion product, this was applied also to sheets which had been corroded in a laboratory humidifier. The loss in the weight correlated well with the gain in weight during corrosion in the latter apparatus.

A study was made on corrosion of copper and steel in black ferrous sulphide mud, a matter which is of interest in regard to construction work on the Cape Town foreshore.

Under the sponsorship of the Defence Department, a visit was paid to the United Kingdom to study recent progress in cathodic protection of warship hulls.

The usual provision of information and of small contract investigations has continued as in past years.

Permselective Membranes

Physico-chemical investigations on membranes used in the demineralization of water have been continued. It was found that the method previously advocated for determination of ion exchange capacity of membranes is seriously at fault for certain types of positive membrane, and an improved method which avoids use of alkaline solutions has been worked out. Instability of such membranes in alkaline solutions revealed the necessity for developing membranes of higher stability.

Mobilities of both sodium and chloride ions in the membrane phase were determined by linking up conductance and ionic transport data with concentrations of ions in the membranes. For both positive and negative membranes, it was established that mobility of ions with the opposite charge to the fixed ionic groups in the membrane have a mobility about an order of magnitude higher than ions with the same charge. This is particularly true at low concentrations in the external solutions.

A study of the effect of certain heavy ions (barium and ferric) on electrochemical properties of membranes has been commenced.

Adaption of the Hittorf method for routine measurement of transport numbers is under way.

Amalgam Chemistry

Some further work has been done on the manganese-mercury system. Alloys containing 1 to 50 atomic per cent. manganese were prepared and subjected to con-

68–70°C. om die formasie van Mn_2Hg_5 aan te moedig. Termiese analise tussen kamertemperatuur en –60°C. is uitgevoer deur die monsters teen 'n konstante, stadige snelheid te lig of te laat sak in 'n vertikale buis waaroor 'n egalige temperatuurgradiënt aangelê is. Die smelting van kwik was egter die enigste termiese effek wat waargeneem kon word. Konvensionele termiese analise van bogenoemde monsters tot by 450°C. is uitgevoer teen verhitings- (of afkoelings-) snelhede van 1° per minuut, maar geen inligting kon oor die likwidus ingewin word nie; die enigste termiese effek wat waargeneem kon word was die peritektiese ontbinding van Mn_2Hg_5 by 73.7°C. Die bepaling van die likwidus in die kwikryke gebied van die fase-diagram deur meting van die soortlike weerstand van vloeibare amalgame, word tans uitgevoer.

By die struktuuranalise van Mn_2Hg_5 is Weissenberg-fotos van enkel kristalle verkry, maar dit het nog nie geluk om die ruimtgroep ondubbelsinnig vas te stel nie.

Gaschromatografie

'n Aansienlike hoeveelheid werk i.v.m. die toepassing van gaschromatografie op produkte met 'n hoë kookpunt is uitgevoer in samewerking met die Departement Fisiese Chemie aan die Universiteit van Pretoria, aangesien 'n hele aantal belangrike ontledings en skeidings vir die Afdeling Organiese Chemie met hierdie hulpmiddel beskikbaar sou word. Kolomme word gepak met seliet wat Apiezonvet (voor gebruik molekuler gedistilleer in die laboratorium by 300°C. en 10^{-3} mm) bevat vir nie-polêre bestanddele, en van poliëtileenglikol vir polêre bestanddele. Moeilikhede is ondervind deurdat gomagtige neerslae by die aangewende temperatuur op die platinumdrade van die termiese geleidingsvermoëdetektors vorm, sodat voorlopig vlamdetektors gebruik word. Die faktore wat 'n rol speel by die beheer van laasgenoemde detektors is deeglik bestudeer en baie belowende resultate is tot dusver verkry. Met die oog op die identifikasie van bepaalde fraksies is dit egter nie wenslik dat uitkomende fraksies deur 'n vlam vernietig word nie. Verdere werk op die ontwikkeling van detektors is dus nodig.

Ontledingslaboratorium

Soos gewoonlik is 'n groot verskeidenheid ontledings in die afgelope jaar uitgevoer vir hierdie Laboratorium, ander W.N.N.R.-laboratoria en vir die nywerheid. 'n Aantal baie noukeurige ontledings is vir sekere firmas uitgevoer om referensiestandaarde te voorsien. 'n Aantal noukeurige ontledings om uraan, torium en lood te bepaal, is uitgevoer vir geokronologiese ondersoeke. Verlede jaar is spesiale werk i.v.m. die konsentrasie van baie klein hoeveelhede spoorelemente begin, en in die afgelope jaar tot voltooiing gebring met 'n bevredigende prosedure.

Mikro-analises en infra-rooimetings is soos in die verlede vir ander Afdelings van die Laboratorium uitgevoer.

ditioning at 68–70°C. for two to three months to encourage formation of Mn_2Hg_5 . Thermal analysis was carried out between room temperature and –60°C. by raising and lowering samples in a vertical tube at a constant, slow rate in a tube maintained with a uniform temperature gradient. The melting of mercury, however, was the only thermal effect observed. Conventional thermal analysis of the above samples up to 450°C., using heating (or cooling) rates of 1° per minute, produced no information on the liquidus; the only thermal effect to be observed was the peritectic decomposition of Mn_2Hg_5 at 73.7°C. The determination of the liquidus on the mercury-rich side of the phase diagram by means of resistivity measurements on liquid amalgams is in progress.

In structure analysis of Mn_2Hg_5 , Weissenberg photographs were obtained of single crystals, but unequivocal determination of the space group has not yet been achieved.

Gas Chromatography

In collaboration with the Physical Chemistry Department at the University of Pretoria, a considerable amount of work has been carried out on the application of gas chromatography to high boiling products, since a number of analyses and separations of importance to the Organic Division would become available with this tool. Columns were packed with celite containing Apiezon grease (molecularly distilled at 300°C. and 10^{-3} mm. in the laboratory before use) for non-polar substances and with polyethylene glycol for polar substances. Difficulties have been experienced with formation of gummy deposits on the platinum wires of thermal conductivity detectors at the temperatures used, so that, for the present, flame detectors have been introduced. The factors required for control of these have been thoroughly studied, and some very promising results have been obtained. For identification of fractions, however, it is not desirable to destroy the emerging fractions in a flame, so that further work on development of detectors is necessary.

Analytical Laboratory

The usual wide variety of analyses were carried out for this Laboratory, as well as for other C.S.I.R. laboratories and for industry. A number of very careful analyses were carried out for certain firms to provide reference standards. Several careful analyses for uranium, thorium and lead were carried out for geochronological investigations. Special work on concentration of very small amounts of trace elements was started last year and brought to an end in the current year with a satisfactory procedure.

Provision of microanalyses and of infra-red measurements for other Divisions of the Laboratory has continued as in the past.

Nasionale Fisiese Navorsingslaboratorium

Direkteur: DR. E. J. MARAIS

KERNFISIKA

Kernemulsies in Kernfisiese Navorsing

Een van die belangrikste gebiede in kernfisiese navorsing is die bestudering van die verskillende tipes wisselwerking wat plaasvind as snelbewegende deeltjies deur die atome waaruit alle materie opgebou is, heen beweeg. Indien so 'n deeltjie deur 'n fotografiese emulsie beweeg, kan die baan wat dit gevolg het, sigbaar gemaak word deur geskikte ontwikkeling van die emulsie. Van die eienskappe van die baan kan dan heelwat inligting afgelei word.

In 'n projek wat in die Afdeling Kernfisika onderneem is, is die neon-isotoop met massa 20 bestraal met deuterone wat deur 'n siklotron versnel is. Die deuterone wat deur die kerne van die neon-20 atome verstrooi is, het dan op 'n fotografiese emulsie geval. Die intensiteit en energie van die deuterone is bepaal vir verskillende hoeke van verstrooiing. Die resultate is toe vergelyk met die bewerings van twee teorieë.

National Physical Research Laboratory


Director: DR. E. J. MARAIS

NUCLEAR PHYSICS

Nuclear Emulsions in Nuclear Physical Research

One of the most important fields of study in nuclear physics is that of the various interactions that take place when swiftly moving particles penetrate through the atoms of which all matter is composed. When such a particle moves through a photographic emulsion the track it has followed can be made visible by suitable development of the emulsion and, from the appearance of the track, a great deal of information can be deduced.

In a project undertaken in the Nuclear Physics Division, the isotope of mass 20 of neon was subjected to bombardment by cyclotron accelerated deuterons. The deuterons, scattered by the nuclei of the neon-20 atoms then fell on a nuclear emulsion and the intensity and energy of the scattered deuterons were studied for various scattering angles. The results were then compared with the predictions of two theories.



Die hoofgebou van die Nasionale Fisiese Navorsingslaboratorium.

The main physics laboratory of the National Physical Research Laboratory.



Dr. E. J. Marais.

Die W.N.N.R.-Siklotron

As eerste gedeelte van die program om die werkverrigting van die siklotron te verbeter is die magnetiese veld met die grootste noukeurigheid uitgemeet volgens 'n gevoelige metode wat in die laboratorium ontwikkel is. Deur dun plaatjies staalfoelie in die magnetiese stroombaan aan te bring is die veldvorm met 'n faktor van 2 by groot strale en 'n faktor 15 by strale kleiner as 30 sentimeter verbeter.

Die radiofrekwente ossillator is volgens 'n beplande program verbeter sodat die kragopbrengs vervierdubbel is. Onderdele wat nodig is om die bundel uit die siklotron te haal, word nou ontwerp en vervaardig.

Isotoopafskeier

Goeie vordering is gemaak in die ontwerp en konstruksie van hierdie apparaat wat gebou word om volkome skeiding tussen atome van dieselfde element, maar met verskillende massas, teweeg te bring. Die juk van die magneet van 10 ton is voltooi en is noukeurig afgewerk binne 'n duisendste van 'n duim. Winding van die spoel met koperpyp wat tot 'n reghoekige deursnee gerol is, vorder goed.

Kernteorie

In die vorige verslag is aandag gevestig op 'n nuwe voorgestelde wisselwerking vir nukleone in kerne. Sedert

The C.S.I.R. Cyclotron

As the first part of the programme of improving the performance of this machine, the magnetic field was surveyed with the utmost care, using a very sensitive method developed in the laboratory. By adding thin foils of steel to the magnetic circuit the field form was improved by a factor of two at large radii, and by a factor of 15 at radii smaller than 30 centimeters.

A systematic programme of improvement of the radio-frequency oscillator, has led to an increase of four times in the power delivered by the oscillator.

Components necessary for the final extraction of the beam from the cyclotron are being designed and manufactured.

Isotope Separator

Good progress was made on the design and construction of this instrument which is being built to effect the complete separation of atoms of the same element differing in mass. The yoke of the 10-ton electro-magnet has been completed and is accurate to within a thousandth



A dome for sun-energy measurement being hoisted on to the roof of the main building of the National Physical Research Laboratory.

'n Koepel om son-energiemetinge uit te voer, word met 'n hyskraan aangebring op die hoofgebou van die Nasionale Fisiese Navorsingslaboratorium.

daardie tyd is hierdie teorie in meer besonderhede uitgewerk en is dit met heelwat sukses op verskillende probleme toegepas.

'n Reeks publikasies oor hierdie werk het al verskyn of is nog ter perse.

Metodes om Gelaaide Deeltjies te Fokuseer

In die meeste kernfisiese eksperimente word snelbewegende gelaaide deeltjies soos protone, mesone en elektrone gebruik en waargeneem. Om sulke eksperimente noukeurig te kan uitvoer is dit nodig om bundels van hierdie deeltjies te fokuseer deur gebruikmaking van verfynde tegnieke, op dieselfde manier as by spektroskopiese metings waar van optiese fokussing gebruik gemaak word.

Vir hierdie doel is die fokuseringseienskappe van vierpool-magnete met pole van 'n spesiale vorm bestudeer. 'n Intense elektronebron is verkry deur 'n klein elektroneversneller van 150,000 volt te bou en in werking te stel. Die fokuseringseienskappe van vierpool-magnete is eers teoreties ondersoek. Die daaropvolgende eksperimentele waarneming het die teorie bevestig en toon verder dat die vierpoolfokussing groot moontlikhede inhou. Die eerste aanwending van hierdie metode is om die dubbele verstrooiing van elektrone in materie te bestudeer.

KERNSPEKTROSKOPIE

Die eienskappe van die permanente magneet beta-spektrometer wat in 1956 gebou is, is sistematies ondersoek. Tegnieke waardeur besondere dun radioaktiewe bronne gemaak kan word om sodoende die selfabsorpsie in die bron tot 'n minimum te beperk, is ontwikkel. Die beste fotografiese plate is uitgesoek asook die beste metodes om hulle te ontwikkel. Dit het daartoe gelei dat die oplossingsvermoë van die apparaat verhoog is tot 8 in 10,000 wat tweemaal beter is as die oorspronklike. Hierdie verbeterings het dit moontlik gemaak om die LI-, LII- en LIII-lyne van goud-198 vir die eerste keer op te los. Die verhoudings van die intensiteite van hierdie lyne het belangrike teoretiese implikasies.

TOEGEPASTE RADIOAKTIWITEIT

Daar was toenemende belangstelling in moontlike toepassings van radioaktiwiteit in die nywerheid, medisyne en landbou. Sulke toepassings sluit in die opsporing van lekke in 'n twee myl lange waterpylyn met 'n deursnee van 30 dm., die bepaling van die volledigheid van semantasie in voorgespanne beton, die merk van kledingstukke met radioaktiwiteit vir die opsporing van diefstal in 'n fabriek, en die gebruik van straling om mutasies vir verbeterings in graskwekery te verkry. Dit is duidelik dat die metode om radioaktiewe spoor-tegnieke te gebruik, waardevol is by hierdie ondersoeke.

of an inch. The winding of the coils, consisting of copper tubing rolled to a rectangular section is well under way.

Nuclear Theory

In the previous report attention was drawn to a new interaction proposed for nucleons in nuclei. This theory has since been worked out in greater detail and applied to different problems with a great deal of success.

A series of papers on this work has appeared or is in the Press.

Methods for the Focussing of Charged Particles

Most nuclear physical experiments involve the use and observation of swiftly-moving charged particles such as protons, mesons and electrons and, in order to be able to perform accurate experiments it is necessary to be able to focus beams of such particles by using refined techniques, in the same way as the study of spectroscopy depends on optical focussing.


The properties of four-pole magnets with specially shaped pole faces were studied for this purpose. To obtain an intense source of electrons, a small accelerator of 150,000 volts was built and put into operation. The focussing properties of quadrupole magnets were first studied theoretically. Subsequent experimental observations then confirmed the theoretical predictions and demonstrated that the quadrupole focussing method shows great promise. This method will in the first instance be applied to study the double scattering of electrons by matter.

NUCLEAR SPECTROSCOPY

The characteristics of the permanent magnet beta-ray spectrometer which was assembled in 1956, were studied systematically. Techniques for the preparation of exceedingly thin radioactive sources, needed in order to reduce the self-absorption in the source itself to a minimum, were developed. The best photographic plates were selected and the most favourable techniques of developing these plates determined. As a result, the resolving power of the instrument was improved to 8 in 10,000 which is a factor two better than the original resolving power. This improvement made it possible to resolve the LI, LII and LIII lines of gold-198 for the first time. The ratio of the intensities of these lines has important theoretical implications.

APPLIED RADIOACTIVITY

There has been increasing interest in possible applications of radioactivity in industry, medicine and agriculture. Such applications include the finding of leaks in a 2-mile length of 30-inch diameter water pipe line, testing the completeness of grouting in pre-stressed concrete, tagging articles of clothing with radioactivity to detect theft in the factory, and the use of radiation to induce mutations for improvements in grass-breeding. The radioactive method is proving a valuable technique in these investigations.



Die kontrole-paneel van die tussenbeeld beta-spektrometer.

The control panel for the intermediate-image beta-ray spectrometer.

BIOFISIKA

Daar bestaan 'n teorie dat die rekking van die cervix van die menslike uterus wat met die geboorte van een of meer kinders plaasvind, 'n groot invloed op die weerstand van die cervix teen uitsetting, en dus op die moeilikheid van toekomstige geboortes het. 'n Reeks proewe om hierdie teorie te toets, is in samewerking met die Mediese Departement van die Witwatersrandse Universiteit uitgevoer. Die resultate word nou bestudeer.

SPEKTROSKOPIE

In die vorige verslag is vermeld dat daar begin is met 'n studie van 'n verbode elektroniese oorgang in die spektrum van koolstofmonoksied. Die struktuur van hierdie sisteem kon nie in ooreenstemming gebring word met die bestaande teorie van bandstrukture nie. Hierdie teenstrydigheid is bestudeer, maar geen bevredigende verklaring is tot nog toe gevind nie.

'n Spektrograaf met hoë oplosvermoë wat in die nuwe gebou gehuisves sal word, is ontwerp en die instrument word tans gebou.

Gedurende die onderhawige periode is 'n moderne infra-rooi registrerende instrument uit die buiteland ontvang. Navorsing in verband met die gebruik van gepolariseerde infra-rooilig om die struktuur van organiese

BIOPHYSICS

In co-operation with the University of the Witwatersrand Medical Department, a series of experiments has been carried out to make a critical test of the theory that previous stretching of the cervix of the human uterus during the delivery of one child or more, has an effect upon the resistance of the cervix to dilation and therefore an effect upon the difficulty of subsequent labours in child birth. The results of these experiments are at present under discussion.

SPECTROSCOPY

In the previous report it was mentioned that a forbidden electronic transition in the spectrum of carbon monoxide was being studied. The structure of this system could not be reconciled with the existing theory on band structure. This discrepancy was studied, but no explanation has as yet been found.

A high-resolution spectrograph to be housed in the new building was designed and construction of the instrument is proceeding.

During the period under review a modern infra-red recording instrument was received from overseas. Research in connection with the use of polarised infra-

molekules te bestudeer, word nou met behulp van hierdie instrument gedoen.

Daar is gevind dat die nabye infra-rooispektra van wolwesels wat in hierdie laboratorium opgeneem is, baie ooreenstem met dié van Australiese wol. Hierdie werk word gedoen om vas te stel of daar enige verwantskap tussen die voeding van 'n skaap en die wol wat hy produseer bestaan.

CHEMIESE FISIKA

Spektrochemiese Analise

Die gebruik van 'n lugstroom rondom die elektrodes van 'n gelykstroombog, soos oorspronklik in Kanada ontwikkel, is krities ondersoek. Daar is gevind dat 'n lugstroom rondom die brandende bog die reproduseerbaarheid van die ontledingsresultate aansienlik verhoog. Die belangrike parameter „lugstroomsnelheid”, beïnvloed binne sekere perke, nie die intensiteitsverhoudings van die afsonderlike analise- en interne standaardlyne nie. Die sianogeenbande in die 4000-Å-gebied beïnvloed egter die ontleding van kalium wanneer plantmateriale ontleed word om die aanwesigheid van hierdie element vas te stel. Die opstelling van die elektrodes ten opsigte van die lugstroom moet sorgvuldig gedoen word om te verhoed dat die bog uitgeblaas word.

Die Suid-Afrikaanse Spoorweë is op die oomblik besig met die aankoop van Diesel-lokomotiewe. Die onderhoud van hierdie lokomotiewe vereis dat die smeerolie gereeld ondersoek word om vas te stel of dit behalwe die byvoegingstowwe ook kontaminerende stowwe bevat. Die spektrografiese ontledingmetode word oorse, veral in die Verenigde State van Amerika, gereeld vir hierdie doel gebruik. In hierdie laboratorium word op die oomblik 'n personeellid van die Suid-Afrikaanse Spoorweë opgelei en hy sal binnekort hierdie ontledings waarneem. Die geskikte metode vir Suid-Afrikaanse toestande word tans uitgewerk.

Om die nywerheid te help, lei hierdie laboratorium gereeld personeellede van individuele ondernemings op in die gebruik van die spektrochemiese ontledingstechniek. Twee industriële ondernemings het gedurende die afgelope jaar van hierdie fasiliteit gebruik gemaak.

X-straal en Elektronmikroskopiese Werk

X-straaldiffraksie- en elektronmikroskopiese tegnieke is weer ten behoeve van 'n aantal verskillende organisasies op 'n groot verskeidenheid ontledingsprobleme toegepas. Gedurende die afgelope jaar is sowat 120 monsters d.m.v. X-straal-tegnieke ontleed en sowat 30 met behulp van die elektronmikroskoop. Tipiese voorbeelde van X-straal-probleme is die oriëntasiebepaling van legering-monsters vir die Nasionale Navorsingsinstituut vir Meganiese Ingenieurswese, fase-identifikasie in minerale en neerslae vir die Nasionale Chemiese Navorsingslabora-

red light to study the structure of organic molecules is at present being done on this instrument.

The near infra-red spectra of wool fibres recorded in this laboratory, were found to be very similar to those of Australian wool. This work is being undertaken in an attempt to establish a relationship between the nutritional status of a sheep and the wool that it produces.

CHEMICAL PHYSICS

Spectrochemical Analysis

The use of an air jet around the electrodes of a direct current arc originally developed in Canada, was critically investigated. It was found that an air jet around the burning arc improves the reproducibility of the analytical results considerably. The important parameter “air jet velocity” was found, within certain limits, not to affect the intensity ratios of the individual analysis and internal standard lines. The cyanogen bands in the 4000 Å region, however, affect the analysis of potassium when analysing for this element in plant materials. Care must also be exercised with the alignment of the electrodes relative to the air jet, to avoid the blowing out of the arc.

The South African Railways are at present buying Diesel locomotives. The maintenance of these locomotives demands that the lubricating oil be regularly examined for contaminants as well as for additives. Overseas, especially in the United States of America, the spectrographic method of analysis is regularly used for this purpose. At present this laboratory is training a staff member of the South African Railways who will, in due course, undertake these analyses. The most suitable method under South African conditions is also being developed.

To help industry this Laboratory regularly trains staff members of individual concerns to use spectrochemical analytical techniques. Two industrial concerns made use of this facility during the past year.

X-ray and Electron-microscope Work

X-ray diffraction and electro-microscope methods have again been applied to a wide variety of analytical problems for a number of different organizations. During the period under review about 120 samples were analysed by X-ray techniques and about 30 with the electron microscope. Typical X-ray problems were the orientation of alloy samples for the National Mechanical Engineering Research Institute, identification of phases in minerals and deposits for the National Chemical Research Laboratory and industrial firms, and the accurate deter-

torium en nywerhede, en die noukeurige bepaling van die kristalroosterparameter van verskeie granaatstene vir die Departement Geologie, Universiteit van Natal. Met behulp van die elektronmikroskoop is die struktuur van leervesels vir die Leernywerheid-Navorsingsinstituut ondersoek, asook melaatsheidbakterië vir Westfort Instituut, en die oppervlakke van 'n aantal staalmonsters vir die Nasionale Navorsingsinstituut vir Meganiese Ingenieurswese.

Die Ontwikkeling van 'n Massaspektrometer

Vir die ontwikkeling en kontrolering van 'n nuwe proses in 'n nywerheidsonderneming was 'n tweeduimskrommingsradius massaspektrometer, vir bepaling van isotoopverhoudings in die lae massagebied, dringend nodig. Die instrument is in hierdie laboratorium ontwerp en in 'n rekordtyd van drie en 'n halwe maand in die Sentrale Werkplaas gebou, en in die betrokke firma se laboratorium opgestel. Die elektroniese onderdele van die instrument is deur 'n handelsfirma gemaak.

SPOORELEMENTNAVORSING

Op die oomblik word sekere spektrochemiese ontledingsmetodes wat in hierdie laboratorium ontwikkel is, suksesvol toegepas vir roetine-ontledings in die Onderste-poortlaboratorium van die Departement van Landbou.

Die gebruik van 'n lugstroom rondom die brandende boog het die hoeveelheid werk aan 'n spektrochemiese ontleding verbonde aansienlik verminder. Dit is nou moontlik om plantmateriale bevedigend te ontleed deur slegs gebruik te maak van duplikaatopnames in plaas van die drie wat ander gelykstroombogopwekkings vereis.

METAALFISIKA

Studie van Witroes op Sinkplate

Werk in verband met hierdie probleem is hoofsaaklik toegespits op „humidor“-metings van die relatiewe korrosie-tempo's van verskillende legering- en sinkplaatmonsters. Die oppervlakke van die twee tipes sinklegerings wat gebruik word, is ook deur middel van die elektronmikroskoop ondersoek. As gevolg van die ingewikkeldheid van die probleem is maar stadig met die projek gevorder.

Die Bestudering van Plasties-ervormde Metale met behulp van die Elektronmikroskoop

GEDURENDE die afgelope vyf jaar het twee verdere ontwikkelings in die afdruktegniek dit moontlik gemaak om hierdie werk verder uit te brei. Dit is eerstens nou moontlik om elektronmikrofoto's van dieselfde kristaloppervlak na opeenvolgende vervormings te neem; met behulp van hierdie metode is plasties-ervormde alfa-geelkoperkristalle ondersoek met betrekking tot afskuiwingslyndigtheid

mination of the lattice parameters of different garnets for the Department of Geology, University of Natal. The electron microscope was used to investigate the structure of leather fibres for the Leather Industry Research Institute, leprosy bacteria for Westfort Institute and the surfaces of a number of steel samples for the National Mechanical Engineering Research Institute.

Development of Mass Spectrometer

In order to assist in the development and control of a new process at an industrial concern, a two-inch radius of curvature mass spectrometer for the determination of isotopic ratios in the low mass range was urgently required. The instrument was designed in the laboratory and constructed in the workshop in a record period of three and a half months, and installed in the laboratories of the concern. A commercial firm undertook the construction of the electronic parts of the instrument.

TRACE ELEMENT RESEARCH

Certain spectrochemical methods of analyses developed in this laboratory, are at present being successfully used for routine analysis in the Onderstepoort Laboratory of the Department of Agriculture.

Using an air jet around the burning arc, the amount of work involved in a spectrochemical analysis has been considerably reduced. It is now possible to analyse plant materials satisfactorily, using only duplicate exposures instead of the three that other direct current arc excitations demand.

METAL PHYSICS

Study of White-rusting of Galvanised Sheets

Work on this problem has been concentrated mainly on humidior measurements of the relative corrosion rates of different alloy and galvanised sheet samples. The surfaces of the two types of galvanising alloy used have also been investigated with the electron microscope. The complexity of this problem has resulted in slow progress.

Electron Microscope Study of Plastically-deformed Metals

Two advances in technique during the past five years have made possible further extensions of this work. Firstly, it has become possible to take electron micrographs of the same crystal surface after successive deformations; using this method plastically-deformed alpha-brass crystals have been investigated with regard to slip-line density and the distribution of line depths

en die verspreiding van lyndieptes by ontbonde afskuiwingswaardes (resolved shear strain) vanaf 0.05 tot 1.2. Tweedens is 'n tegniek ontwikkel waarmee herhaalde afdrucke van presies dieselfde plek op 'n kristaloppervlak verkry kan word. Gevolglik is dit moontlik om die vorming van groei van afskuiwingslyne te volg namate die vervorming toeneem.

Werk wat gesamentlik deur die Metallurgiese Afdeling van die Nasionale Navorsingsinstituut vir Meganiese Ingenieurswese en die X-straalonderafdeling van hierdie laboratorium uitgevoer is, het gelei tot die neem van elektronmikrofoto's wat duidelik aantoon hoe etsputjies op alfageelkoper 'n spiraalvormige trappiestruktuur aanneem. 'n Voorlopige verslag oor dié werk is vir publikasie voorberei.

KRISTALSTRUKTURE

Die kristalroosterparameter van 'n paar kristalle is tot 'n noukeurigheid van een deel op 40,000 gemeet met behulp van die toebehore wat onlangs hier ontwerp is om die Weissenbergkamera in 'n terugrefleksie-instrument te verander. 'n Voorlopige verslag oor dié werk is vir publikasie voorberei.

Die molekulêre gewig van nege verskillende verbindings van onbekende chemiese struktuur is met behulp van die X-straal-metode bepaal. Hierdie verbindings kom in plantsoorte van die komkommerfamilie voor, en word in samewerking met die Nasionale Chemiese Navorsingslaboratorium ondersoek. Hierdie werk het die bewys gelever dat dié molekulêre gewigte sowat tien persent hoër is as wat voorheen veronderstel is op grond van chemiese bewyse. Molekulêre gewigte is ook vir vier ander natuurprodukte bepaal. 'n Gekombineerde verslag van die Nasionale Fisiese en die Chemiese Navorsingslaboratoriums oor dié werk is vir publikasie voorberei.

GEOFISIKA

Nuwe Vasstelling van Swaartekrag by die Suid-Afrikaanse Basisstasies

Slingerapparaat van die Departement van Geodesie en Geofisika, Universiteit van Cambridge, is gebruik vir 'n nuwe bepaling van die swaartekragverskille tussen die drie Suid-Afrikaanse basisstasies en die Britse swaartekragbasisstasie te Teddington. Die uitslae word nog bereken, maar daar bestaan rede om te glo dat die nuwe vasstelling die onsekerheid in die verbinding tussen die Suid-Afrikaanse en die internasionale netwerke aansienlik sal verminder.

Die Meting en Registrering van die Geluidsnelheid en Watertemperatuur teenoor Diepte in Seewater

Apparate waarmee hierdie metings gedoen kan word, is voltooi en toets is vanaf die „*Africana II*” ter see uitgevoer. Daar is bevind dat klankgolwe in seewater gemeet

for resolved shear strain values ranging from 0.5 to 1.2. Secondly, a technique has been developed whereby repeated replicas can be obtained from exactly the same spot on the crystal surface. This enables one to follow the formation and growth of slip-lines as deformation proceeds.

Combined work of the Metallurgy Section of the National Mechanical Engineering Research Institute and the X-ray Subdivision of the laboratory, has led to the production of electron micrographs which clearly show a spiralling stepped structure in etch pits on alpha-brass. A preliminary report on this work has been submitted for publication.

CRYSTAL STRUCTURES

Results obtained with the adaptor designed here to convert a Weissenberg camera into a back-reflection instrument, show that lattice parameters can be measured by this method with an accuracy of about one part in 40,000. A preliminary report on this work has been submitted for publication.

Molecular weights were measured by the X-ray method for nine different complex compounds of unknown chemical structure which originate from plants of the cucumber family. (The chemical part of this work was done at the National Chemical Research Laboratory.) These measurements show that the molecular weights are about ten per cent. higher than had previously been supposed from chemical evidence. Molecular weights have also been measured for four other natural products. These results have been the subject of a combined publication from the National Chemical and Physical Research Laboratories.

GEOPHYSICS

New Determination of Gravity at the South African Base Stations

Pendulum apparatus belonging to the Department of Geodesy and Geophysics, University of Cambridge, was used for a new determination of the gravity differences between the three South African base stations and the British gravity base station at Teddington. The results are still being worked out, but there is reason to believe that the new determination will substantially reduce the uncertainty in the link between the South African network and the international network.

The Measurement and Recording of the Velocity of Sound and Temperature Versus Depth in Sea Water

Apparatus for making these measurements was completed and tests were carried out at sea from the *Africana II*. The accuracy of measurement of sound waves in sea

kan word met 'n noukeurigheid van 1 deel op 30,000. Elke opname neem net enkele sekondes in beslag. Om die instrument meer gerieflik vir gebruik te maak, word sekere veranderinge aangebring.

GEOKRONOLOGIE

Ouderdomsverskille

Ten einde te probeer onderskei tussen die verskillende meganismes verantwoordelik vir ouderdomsverskille met die loodmetode, is drie fraksies sirkone, met verskillende korrelgroottes, van 'n Bosveldgraniet geskei, en ouderdomsbepalings en uitloogingseksperimente daarop uitgevoer. 'n Soortgelyke studie op 'n monasiet van Houtenbeck is onderneem ten einde vas te stel hoe die verskille tussen thoriumlood- en uraanloodouderdomme verband hou met die radiale verspreiding van uraan, thorium en lood in die monasietkristal. Ses fraksies van hierdie monasiet is ontleed.

Ouderdomsbepalings op Suid-Afrikaanse Minerale

'n Studie van die Damara-sisteem in Suidwes-Afrika is onderneem ten einde die ouderdom van mineralisasie van dié sisteem te bepaal. Vier monsters is ontleed.

Twee ouderdomsbepalings op monasiete uit die Witwatersrand-sisteem is gedoen. Ten einde ouderdomsbepalings op die Witwatersrand-sisteem beter te kan beoordeel, is 14 loodglansmonsters ontleed vir hul loodisotoopverhoudings.

PALEOMAGNETISME

Paleomagnetiese Studie van die Pilansberggange

Bepaling van die rigting van „fossiel”-magnetisering deur baie gesteentes vertoon, verskaf die geleentheid om die posisie van die magnetiese pole ten tye van die vorming van sulke gesteentes vas te stel. Deur gesteentes van verskillende ouderdom te bestudeer, is dit moontlik om enige bewegings in die verlede op te spoor van die hele aarde met betrekking tot die draaias (poolsverwring), en van die vastelande met betrekking tot mekaar (vastelandskuiwing). Sulke paleomagnetiese studies geniet oor die hele wêreld groot belangstelling. As deel van die laboratorium se program, is die Pilansberggange intensief bestudeer. Die resultate dui aan dat daar 'n magnetiese noordpool in Ethiopië was, op 'n tydstop wat onbepaald is maar wat meer as 250-miljoen jare gelede moet wees. 'n Deeglike petrologiese studie van hierdie gange is voortgesit. Hierdie studie sal die magnetiese data aanvul met inligting aangaande die samestelling, verspreiding en herkoms van die ysteroksiede wat die magnetiese gedeelte van die gesteentes uitmaak.

Paleomagnetiese Studie van die Bosveldkompleks

Aangesien daar rede bestaan om te verwag dat die ouderdom van die Bosveldstollingskompleks deur middel

water was found to be 1 part in 30,000 and only a few seconds were needed for making one record. In order to make the instrument more convenient in use, however, certain modifications are being made,

GEOCHRONOLOGY

Age Discrepancies

In order to try to differentiate between the various mechanisms involved in the lead method of age determination, three fractions of zircons, having different particle sizes, were separated from a Bushveld granite, and age determinations and leaching experiments were conducted on them. A similar study was undertaken on a monazite from Houtenbeck in an attempt to link the discrepancies between the uranium-lead and thorium-lead ages with the radial distribution of uranium, thorium and lead within the monazite crystal. Altogether six fractions of this monazite were analysed.

Age Determination on South African Minerals

A study was undertaken on the Damara system in South West Africa in order to derive the age of mineralization of this system. Four samples were studied.

Two age determinations on monazites from the Witwatersrand system were made. In order to assist in the evaluation of the results on age determinations from this system, fourteen galenas were analysed for the isotopic constitution of the “common lead” in the Witwatersrand.

PALAEOMAGNETISM

Palaeomagnetic Study of the Pilansberg Dykes

Measurements of the directions of “fossil” magnetisation possessed by many rocks enable the positions of the magnetic poles at the date of formation of each such rock to be found. By studying rocks of various ages it is possible to trace any past movements of the whole body of the Earth relative to the axis of rotation (polar wandering), and of the continents relative to one another (continental drift). Such palaeomagnetic studies are the subject of intense interest and activity throughout the world. As part of the programme of the laboratory, the Pilansberg dykes have been intensively studied and indicate a North magnetic pole in Ethiopia at an undetermined date which must, however, be earlier than 250 million years ago. A detailed petrological study of these dykes has been continued during the period here reviewed. This study will supplement the magnetic data with information concerning the composition, distribution and mode of origin of the oxides of iron which form the magnetic constituents of the rock.

Palaeomagnetic Study of the Bushveld Complex

As there is reason to expect reliable determinations, from the decay of radioactive minerals, of the age of the

van die verval van radioaktiewe elemente vasgestel sal word, is daar 'n begin gemaak met die bestudering van noriet, wat 'n groot deel van die Kompleks uitmaak. Eerste uitslae verkry met monsters uit 'n steengroef noord van Pretoria dui daarop dat die magnetisering waarskynlik bestendig en stabiel is. Hierdie resultate moedig tot verdere ondersoek aan.

ATMOSFERIESE FISIKA

Moontlike Invloed van Meteorietstof op Reënval

Bepalings van die konsentrasie van ysvormende kerne in die lug is hierdie somer voortgesit. Vermoedelik bestaan hierdie kerne, wat moontlik noodsaaklik is vir reënformasie, uit meteorietstof en kom hulle omtrent 'n maand na die datum van meteorreëns, die meeste voor.

Gedurende November en Desember 1956 en Januarie 1957, is daaglikse vrieskerntellings in die lug by Swakopmund, S.W.A., uitgevoer. Weens die aanhoudende winde wat van die see af waai, behoort die besoedeling veroorsaak deur bronne op die land baie gering te wees. 'n Verbeterde wolkekamer is vir hierdie eksperiment gebou.

Die resultate staaf slegs in geringe mate die meteorietstofteorie want die hoogtepunte in die aantal vrieskerne val oor die algemeen nie op die verwagte datums nie. Resultate word nou vergelyk met dié uit Australië en Amerika.

Navorsing op Windvlae wat deur Vliegtuie

Ondervind word

Die doel van hierdie werk is om inligting aan vliegtuigontwerpers te verskaf aangaande die sterkte van die kragte wat as gevolg van windvlae op vliegtuie inwerk. Dit verskaf ook inligting oor die vliegtoestande op die verskillende Suid-Afrikaanse lugroetes. Waarnemings is op 'n Dakota-vliegtuig van die Suid-Afrikaanse Lugmag gedoen, en die rekords wat opgeneem is oor ongeveer seshonderd vliegre, is bestudeer. Soortgelyke waarnemings is ook vir nagenoeg driehonderd vliegre op 'n Skymaster-vliegtuig van die Suid-Afrikaanse Lugdiens gedoen.

Lugbesoedeling

Die waarnemings wat gedurende die afgelope twee jaar in Pretoria gedoen is, dui sterk daarop dat 'n groot gedeelte van die lugbesoedeling oor die stad deur 'n groot aantal klein bronne, soos byvoorbeeld huise, woonstelle en kantore veroorsaak word. Hier word steenkool ondoeltreffend by 'n lae temperatuur verbrand. Hierdie gevolgtrekking het 'n belangrike invloed op die metodes waardeur die besoedeling verminder kan word.

Radioaktiwiteit in die Atmosfeer

Die daaglikse bepaling van die hoeveelheid kunstmatige radioaktiwiteit in stof en reënwater aanwesig as

Bushveld Igneous Complex, 'n eksploratory programme has been started on the norite which makes up a large part of the Complex. First results from specimens taken from a quarry north of Pretoria suggest that the magnetisation may be consistent and stable, and encourage further work.

ATMOSPHERIC PHYSICS

Possible Influence of Meteorite-Dust on Rainfall

Measurements of the concentration of ice-forming nuclei in the air were continued this summer. It has been suggested that these nuclei, which may play an essential part in the formation of rain, are particles of meteoric dust and are more copious about a month after the dates of meteor showers.

Daily counts of freezing nuclei were carried out during the months of November, December, 1956, and January, 1957, at Swakopmund, S.W.A. Here the prevailing sea-breeze should reduce contamination from the land to a minimum. A new and improved type of cloud chamber was built for these experiments.

The results give little support to the meteorite dust theory, as the peaks in the number of ice-forming nuclei do not, in general, occur on the expected dates. Results are being compared with observations in Australia and the U.S.A.

Study of Gusts Experienced by Aircraft

This work is designed to give information to aircraft designers concerning the severity of the forces acting upon aircraft as a result of their meeting gusts of air in flight. It is also providing information about the flight conditions on various air routes used in South Africa. Measurements have been made on Dakota aircraft of the South African Air Force, in which over six hundred hours of flying have been studied, and on Skymaster aircraft of the South African Airways in which nearly three hundred hours of flying have been observed.

Air Pollution


The observations which have been made in Pretoria during the last two years have been studied and there is considerable evidence to suggest that in Pretoria a large percentage of the pollution in the atmosphere is caused by large numbers of small sources, such as houses, blocks of flats and offices, where coal is burned inefficiently at low temperature. This deduction has an important bearing upon the methods which must be chosen to reduce the pollution.

Radioactivity in the Atmosphere

The daily determination of the artificial radioactivity present in dust and rain water, as a result of the atom

gevolg van atoom- en waterstofbomtoetse, is te Pretoria voortgesit. 'n Voorlopige verslag is aan die Wetenskaplike Komitee insake die uitwerking van Atoomstraling van die Verenigde Volke Organisasie gestuur. Hierdie metings word nou uitgebrei na Windhoek, Kaapstad, Port Elizabeth, Beaufort-West, Bloemfontein en Durban, waar die plaaslike Weerbuurstasies met die versameling van monsters en hulle versending na Pretoria sal help.

and hydrogen bomb tests, was continued at Pretoria. A preliminary report has been sent to the Scientific Committee on the Effects of Atomic Radiation of the United Nations Organizations. These measurements are now being extended to Windhoek, Cape Town, Port Elizabeth, Beaufort West, Bloemfontein and Durban, where the local Weather Bureau stations will assist with the collection of samples and their despatch to Pretoria.



Bepaling van radioaktiewe neerslag opgevang op gekomde papier tydens 'n nasionale opname.

Determination of radioactive fall-out caught on gummed paper in the course of a national survey.

OPTIKA

Lensontwerp

Die ontwerp van 'n objektief vir die laboratorium se spektrometer is voltooi. Die lens is gekorrigeer vir vier kleure, naamlik rooi, groen, blou en violet.

Interferensiemetodes

Die tegnieke vir die vervaardiging van toebroodjietipe filters is verbeter tot die stadium waar stabiele filters met voorafbeplande eienskappe vervaardig kan word.

Ontwikkelingswerk vir die vervaardiging van diëlektriese veellaagfilters gaan voort. Filters bestaande uit vyf lae is reeds met sukses vervaardig.

Fotometrie en Spektrofotometrie

Die foto-elektriese fotometerkop wat in die laboratorium ontwikkel is, is grondig getoets en geskik gevind.

OPTICS

Lens Design

The design of an objective lens for the spectrometer of this laboratory has been completed. This lens is corrected for four colours, namely red, green, blue and violet.

Interference Methods

The techniques for the manufacture of sandwich-type filters have been improved to the stage where stable filters with predetermined characteristics can be manufactured.

Development work on the manufacture of multi-layer di-electric filters is in progress. Filters consisting of five layers have been manufactured successfully.

Photometry and Spectrophotometry

The photo-electric photometer head, which has been developed in the laboratory, was tested exhaustively and found satisfactory.



Fotoëlastisiteit

Werk is gedoen in verband met die eienskappe van verskeie plastiekstowwe ten einde vas te stel of hulle geskik sal wees vir die maak van modelle wat gebruik kan word vir die bestudering van moeilike strukturele probleme waar die modelle in drie dimensies bestudeer moet word, in plaas dat soos gewoonlik gebruik gemaak word van driedimensionale seksies.

HITTE

Hittegeleiding

'n Beskrywing van die toepassing van 'n dinamiese metode om die hittegeleidingsvermoë van rotse en soortgelyke materiale te bepaal, is vir publikasie ingestuur.

'n Groter apparaat vir bepalinge op isoleerstowwe is gebou en nadat sekere verbeterings aan die eerste model aangebring is, het gebleek dat daar veel van verwag kan word.

FISIKA VAN MATERIE

Vasstelling van die Graad van Gekraaktheid van 'n

Rotswand in 'n Myn deur middel van Fisiese Metodes

Dit word tans algemeen aanvaar dat die waarskynlikheid van 'n rotsstorting by groot dieptes in myne in noue verband staan met die mate waarin die rotswand ontspan is. Hierdie ontspanning blyk uit die aanwesigheid van 'n groot aantal fyn krakies wat meestal onsigbaar is vir die blote oog; hulle aanwesigheid moet derhalwe op 'n ander manier vasgestel word. In 'n poging om hierdie probleem op te los, word soniese sowel as ultrasoniese metodes in die laboratorium ontwikkel. Hierdie werk geskied in samewerking met die Nasionale Navorsingsinstituut vir Meganiese Ingenieurswese.

Trillings in Spoorstawe

Die dinamiese kragte wat deur die beweging van 'n trein op 'n spoorstaaf veroorsaak word, kan die statiese kragte ver oortref, en kan 'n verkorte lewensduur van die spoor meebring, of dit selfs laat breek. 'n Reeks metings word ten behoeve van die Suid-Afrikaanse Spoorweë op spoorseksies in die laboratorium en *in situ* uitgevoer, om meer inligting in hierdie verband te versamel, wat tipies Suid-Afrikaanse spoorstrukture betref.

Visko-elastiese Eienskappe van Bitumen

Die fisiese eienskappe van die bitumen wat gebruik word om paaie mee te bou, hang grootliks af van die samestelling, temperatuur en ouderdom daarvan.

'n Vibrasiemetode wat gebruik maak van 'n impedansiebrug, word ontwikkel om die elastiese en plastiese gedrag van klein monsters van hierdie belangrike padboumateriaal onder verskillende omstandighede te bestudeer.

Photoelasticity

The properties of several transparent plastic substances have been studied to discover whether they are suitable for use on difficult models which must be made and studied in three dimensions instead of using two dimensional sections as is usually done.

HEAT

Thermal Conductivity

A description of the use of a dynamic heatflow method of measuring the thermal conductivity of rocks and similar materials has been submitted for publication.

A larger apparatus has been built for measurements on insulating materials and, after some improvements had been made on the first model, it was found very promising.

PHYSICS OF MATTER

Determination of the Extent of Fracture of a Rock Face in Mine Workings by Physical Methods

It is now generally accepted that the likelihood of a rock burst in mine workings at deep levels is closely related to the extent to which the rock-face is destressed. This de-stressing is evidenced by the existence of a multitude of fine cracks mostly invisible to the naked eye. Their existence must therefore be deduced by other means. The laboratory is developing sonic and ultrasonic methods in an effort to solve this problem.

This work is being done in collaboration with the National Mechanical Engineering Research Institute.

Vibration of Railway Lines

The dynamic forces set up in a rail when a train passes over it can be far in excess of the static forces and can cause a reduced life span, or even failure of the rail. A series of measurements is being carried out on behalf of the South African Railways on rail sections in the laboratory and *in situ*, in order to obtain more information on this matter for typical South African line structures.

Visco-elastic Properties of Bitumen

The physical properties of bitumen, used for road construction, are very dependent on composition, age and temperature. A vibratory method, employing a mechanical impedance bridge, is being developed for studying the elastic and plastic behaviour of small samples of this important road construction material under different conditions.

AKOESTIEK

Meganiese Opname van Hofverrigtinge

Die elektro-meganiese opnamesisteme in die Suid-Afrikaanse geregshowe was baie bevredigend, en is gedurende die afgelope ses maande verder uitgebrei. 'n Versoek is van een van die buurstate ontvang vir uitbreiding van die sisteem na twee van hul hoërhowe.

Rigtingseienskappe van die Menslike Stem

Die rigtingseienskappe van die menslike stem is een van die fundamentele faktore wat in aanmerking moet kom by die ondersoek van die verstaanbaarheid van spraak in gehoorsale. Hierdie eienskappe is direk gemeet met gebruikmaking van 'n nuwe tegniek waarvolgens hulle in 'n vertrek met 'n hoë weerklankeffek gemeet kan word.

PSIGO-AKOESTIEK

Plekbepaling van 'n Klankbron deur die Gehoorsisteam

'n Reeks proefnemings word uitgevoer deur een van die laboratorium se navorsingsbeamptes wat in Göttingen die probleem ondersoek om meer duidelikheid te verkry oor die gehoorseienskappe wat 'n luisteraar in staat stel om tussen klanke wat van voor en dié wat van agter sy hoof kom, te onderskei.

ACOUSTICS

Mechanical Recording of Law Court Proceedings

The electro-mechanical recording systems in South African law courts have proved highly satisfactory and were further extended during the past six months.

A request was received from one of the neighbouring territories for extension of the system to two of its high courts.


Directional Characteristics of Human Voice

The directional characteristic of the human voice is one of the fundamental factors to be considered when the intelligibility of speech in auditoria is investigated. Direct measurement of this characteristic has been undertaken using a novel technique whereby these characteristics can be measured in a live room.

PSYCHO-ACOUSTICS

Localization of a Sound Source by the Hearing Mechanism

A series of experiments is being conducted by one of the research officers, at present in Göttingen, in order to throw light on the characteristics of hearing which enable a listener to discriminate between sound coming from in front of or behind his head.



'n Opname van woorde in die ateljee van die Akoestiese Laboratorium vir artikulasietoetse.

Articulation test lists being recorded in the studio of the Acoustics Laboratory.

Kwasie Stereofoniese Enkelkanaalweergawe

Op die oomblik word ondersoek hoe noukeurig bepaal kan word wat die vereistes is vir die teruggawe van die „teenwoordigheids“-gevoel by die weergawe van 'n klankopname.

ARGITEKTONIESE AKOESTIEK

Die akoestiek in die Jan Smuts Lughawegebou is verbeter volgens aanbevelings deur die Onderafdeling Akoestiek gedoen. Aankondigings kan nou dwarsdeur die hele gebou goed verstaan word.

Die S.A.U.K.-ateljees in Kaapstad is nou reeds ongeveer agtien maande in gebruik. Tydens nog 'n besoek aan Kaapstad is 'n aantal gebreke in die geboustruktuur opgespoor en herstel. 'n Reeks subjektiewe luistertoetse is uitgevoer om vas te stel of verdere akoestiese veranderinge nodig was, en sodanige veranderinge is aangebring waar nodig.

ELEKTROTEGNOLOGIE

Negatiewe Fasevolgorderelais

'n Ondersoek is ten behoeve van 'n vervaardiger onderneem om 'n spesiale tipe negatiewe fasevolgorderelais te ontwerp.

Elektroniese Instrumentasie

Hierdie afdeling het nog steeds alle laboratoria van die W.N.N.R. as ook 'n paar staatslaboratoria, gehelp.

OUTOMATISASIE

Servomeganismes

Kontrolering van die digtheid van magnetietsuspensies in steenkoolskeiers

In 'n poging om die probleem van noukeurige en gerieflike meting van die digtheid van magnetietsuspensies wat vir die flottasie van steenkool gebruik word, op te los, is 'n dubbeltipe dobber wat 'n differensiaaltransformator insluit, ontwerp. Hierdie toestel word nou deur die werkswinkel vervaardig.

ELEKTRONIESE REKENMASJIENE

Bevredigende vooruitgang is met die bou van die differensiaalontleder „HEIDEN” gemaak. Geslaagde proefnemings met die eerste funksiegenerator van hierdie toestel is voltooi. Die noukeurigheid van die funksiegenerator is ongeveer 0.5 persent.

'n Eksperimentele vermenigvulder is ook gebou wat noukeurig die oombliklike produk van twee funksies van tyd gee wat in 'n honderdste van 'n sekonde deur hulle

Single Channel Quasi Stereophonic Reproduction

An investigation is under way to determine more precisely what the requirements are for the restoration of a feeling of “presence” in reproducing a sound recording.

ARCHITECTURAL ACOUSTICS

Acoustical correction of the Jan Smuts Airport building has been carried out according to recommendations by the Acoustics Subdivision. Intelligibility of the announcements is now high throughout the entire building.

The S.A.B.C. studios in Cape Town have now been in use for approximately eighteen months. During a further visit to Cape Town a number of imperfections in the structure were traced and repaired. A series of subjective tests was carried out in order to determine whether further acoustical adjustments were required and adjustments were carried out where necessary.

ELECTROTECHNOLOGY

Negative Phase Sequence Relay

An investigation was undertaken on behalf of a manufacturing firm on the design of a special type of negative phase sequence relay.

Electronic Instrumentation

This section has continued to assist all laboratories in the C.S.I.R. as well as some government laboratories.

AUTOMATION

Servomechanisms


Pulp density control in coal separators

In an effort to solve the problem of accurate and convenient measurement of the density of the magnetite pulp used for coal flotation, a double float type device employing a differential transformer has been designed. This is now being constructed by the Workshop.

ELECTRONIC COMPUTERS

Satisfactory progress on the differential analyser “HEIDEN” has been made. Tests on the first function generator of this computer were satisfactorily completed. The accuracy of the function generator is approximately 0.5 per cent.

In addition, an experimental multiplier has been built which gives accurately the instantaneous product of two functions of time which are going through their complete range of variation in one hundredth of a second.



'n Sinusgolf-ontwikkelaar vir die studie van outomatiese beheerstelsels.

A sine-wave generator for research into automatic control systems.

volle bereik van verandering gaan. Die ontwerp van die vermenigvuldiger is oorspronklik en die toestel skyn heelwat eenvoudiger as ander toestelle van hierdie aard wat tans in gebruik is, te wees.

Die aantal liniêre eenhede van die rekenmasjien is uitgebrei tot 6 integrators en 10 summators.

Die loodsmodel is dus voltooi en is alreeds gebruik vir die oplossing van praktiese probleme binne sy bereik.

STANDAARDISERING

Standaardisering van Radioisotope

Die belangrikheid van radioisotope in die na-oorlogse wêreld, maak dit nodig dat die aktiwiteite van verskillende isotope, absoluut gemeet kan word in terme van die aantal disintegrasies per tydseenheid. Hierdie belangrike plig rus op die Afdeling Toegepaste Radioaktiwiteit en die werk het tans die stadium bereik waar dit moontlik is om aan internasionale standaardisering deel te neem. Monsters van 'n oplossing wat 'n spesifieke isotoop van onbekende aktiwiteit bevat, word aan die verskillende laboratoriums wat aan die onderlinge vergelykings deelneem, verskaf deur die National Physical Laboratory, Engeland, of deur die National Bureau of Standards, Verenigde State van Amerika. Die laboratorium het onlangs vir die eerste keer deelgeneem aan 'n internasionale standaardisasie in die geval van goud-198—'n isotoop wat 'n belangrike rol in kankerterapie speel. Die resultate

The design of the multiplier is novel and seems much simpler than other devices for this purpose currently in use.

The number of "linear" units of the computer has been increased to 6 integrators and 10 adders.

The pilot model has thus been completed and has been used for the solution of practical problems within its capacity.

STANDARDIZATION

Standardization of Radioisotopes

The importance of radioisotopes in the post-war world necessitates the ability to determine the activities of the various isotopes absolutely in terms of the number of disintegrations per unit time. This important task is fulfilled by the Applied Radioactivity Section and the work has now reached the stage where it is possible to participate in international standardizations. Samples of a solution containing a specific isotope but of unknown activity are distributed by the National Physical Laboratory, England, or the National Bureau of Standards, United States of America, to the various laboratories participating in such an intercomparison. The laboratory has recently participated for the first time in the case of gold-198—an isotope which plays an important role in

wat verkry is, het baie goed vergelyk met dié van ander gevestigde laboratoriums.

Standaardisering van X-straaldosisse

Die Onderafdeling Biofisika is besig om 'n primêre vrye-lugionisasiekamer te bou. Ses X-straaldosismeters is vir hospitale en mediese firmas vir verskillende X-straal kwaliteite ge-yk.

Temperatuurstandaardisering

In die verlede is die noukeurigheid van die laboratorium se temperatuurstandaardisering deur gebrek aan druk-beheerde stoom- en swaembaddens beperk. Die nodige baddens en 'n galvanometerversterker vir die Smith-brug is egter tans voltooi waardeur baie noukeuriger temperatuurmetings gedoen kan word.

Lengtestandaardisering

Die 50-cm-interferometer is getoets om vas te stel of die spore waarop die trollies, wat die spieëls dra, loop, reguit genoeg is. Daar is bevind dat hierdie deel van die konstruksie baie bevredigend uitgevoer is.

Apparaat vir die 50-meter-interferometer-komparator vir yking van maatlyne vir landmeters word nou gebou. Die ontwerp van die 50-meter-meetbank met sy anti-vibrering is voltooi.

cancer therapy. The results obtained agreed very well with those from the other well-established laboratories.

Standardization of X-ray Dosage

In the Biophysics Subdivision the construction of a primary free-air ionization chamber is proceeding. Six X-ray dosimeters have been standardized, for various qualities of X-radiation, for hospitals and medical firms.


Temperature Standardization

The accuracy of our temperature standardization work has in the past been limited by lack of pressure-controlled steam and sulphur baths. With the construction of these baths and the satisfactory testing of the galvanometer amplifier for the Smith Bridge, a notable improvement in our accuracy of temperature measurement will now be possible.

Length Standardization

A test has been carried out on the fifty centimetre interferometer to see if the guides, on which the carriages carrying the mirrors travel, are straight enough to meet the requirements of the design. It was found that this part of the construction had been very satisfactorily performed.

Apparatus for the fifty metre interferometer comparator, for the calibration of survey tapes, is being built and the design of a fifty metre measuring bench with anti-vibration mountings has been completed.



Absolute standaardisering van radioisotope met die $4\pi\beta\text{-}\gamma$ koïnsidensiemetode.

Absolute standardization of radioisotopes by the $4\pi\beta\text{-}\gamma$ coincidence method.

Elektriese Standaardisering

Die ontvangs van nog twee 1-ohm-standaardweerstande, spesiaal deur die National Bureau of Standards in Washington vir insluiting in ons nasionale standaard, uitgesoek, het 'n gulde geleentheid gebied vir 'n internasionale vergelyking, en dit het geblyk dat die Pretoria-standaard oor 'n tydperk van 7 jaar nie meer as 1.5 dele per miljoen van die Washingtonstandaard verskil het nie.

Akoestiese Standaardisering

Die toerusting vir die resiprositeitsyking van mikrofone is heeltemal opgeknap en verbeterings is daaraan aangebring om die metings minder tydrowend te maak.

Met behulp van 'n resiprositeitstechniek is 'n aantal kristalvibreringsopnemers geyk.

YKING VAN TOERUSTING EN TOETSE OP MATERIALE

Die laboratorium het 'n groot aantal toetse uitgevoer, insluitende:

- Die nasien van stralingstoerusting vir kontrolering van radioisotope;
- Die meet van spektrale refleksie en deurlating van lig vir verskillende monsters;
- Die yk van lig- en kleurtemperatuurmetings;
- Geluidabsorpsiemetings op akoestiese materiaal;
- Bepaling van die rigtingseienskappe van mikrofone en luidsprekers;
- Die yk van elektriese standaarde en meetinstrumente;
- Die toets van warmte-isulerende materiaal, en die yk van termometers.

ALGEMENE DIENSTE

Stralingsbeskerming

Die Filmwapendiens wat ingestel is as 'n beskermingsdiens vir persone wat blootgestel word aan ioniserende straling in hospitale en die nywerheid, is uitgebrei. Die aantal wapens wat uitgestuur is, het toeneem met omtrent 50 persent tot byna 10,000 per jaar. 'n Vereenvoudigde ykingsstelsel vir die Filmwapendiens, waar strontium-90, 'n suiwer beta-straler met 'n lang halveringstyd, in plaas van X-strale gebruik word, is ontwikkel.

Radioisotope

Die laboratorium het regulasies vir die gebruik van radioisotope in die medisyne opgestel. Die regulasies is deur die Radioisotope-Komitee (Medies) van die Raad

Electrical Standardization

The receipt of two further 1 ohm standard resistors specially selected by the National Bureau of Standards in Washington for incorporation in our national standard, has afforded an excellent opportunity for an international check and the conclusion has been drawn that the Pretoria standard has not deviated from the Washington standard by more than 1.5 parts per million over a period of 7 years.

Acoustical Standardization

The equipment for the reciprocity calibration of microphones has been completely overhauled and improvements have been made to it with a view to making measurements less time-consuming.

A number of crystal vibration pick-ups have been calibrated using a reciprocity technique.

TESTING OF EQUIPMENT AND TESTS ON MATERIALS

The laboratory has carried out a large number of tests which included the following:

- Checking of radiation equipment for monitoring radioisotopes;
- measurements of spectral reflection and transmission of light in various samples;
- calibration of light and colour temperature meters;
- sound absorption measurements on acoustic materials;
- directional characteristics of microphones and loudspeakers;
- calibration of electrical standards and measuring instruments;
- testing of heat insulating materials, and calibration of thermometers.

GENERAL SERVICES

Radiation Protection

The Film Badge Service, which was instituted to provide a protection service for persons in hospitals and industry working with ionizing radiation, has been extended and the number of badges sent out has increased by about 50 per cent. to almost 10,000 per year. A simplified calibration system for the Film Badge Service was developed using long-lived Strontium-90, a pure beta emitter, instead of X-rays.

Radioisotopes

The laboratory drew up regulations for the use of radioisotopes in medicine, which were finally modified by the Radioisotope Committee (Medical) of the Atomic

op Atoomkrag verder verwerk en is in Staatskoerant 1650 van 7 September 1956 gepromulgeer. Die toepassing van hierdie regulasies behoort die gebruik van radioisotope vir mediese doeleindes op 'n gesonde grondslag te plaas. Die Raad op Atoomkrag neem vanaf 1 April 1957 die verspreiding van alle radioaktiewe materiaal (behalwe radium en sy vervalprodukte) in Suid-Afrika oor.

WISKUNDE

Die Afdeling Wiskunde voer 'n program van basiese navorsing uit en behandel ook probleme wat deur ander afdelings van die W.N.N.R. of deur buite-organisasies na hom verwys word.

Basiese Navorsing in Wiskunde en Wiskundige Statistiek

Navorsing in verband met die karakters in die groepteorie van moderne algebra is voortgesit en sekere stellings oor meetbare funksies is afgelei. In funksieteorie is weer aandag bestee aan die hipergeometriese reeks met meer as een veranderlike en die toepassing daarvan op die waarskynlikheidsleer.

Verskeie diskrete kansfunksies van die binomiale en negatiewe binomiale tipe is beskou en steekproefverdelings, wat waardevol in praktiese probleme is, is afgelei. Daar is ook aandag bestee aan diskrete kansprosesse wat beskryf word deur 'n parsieële differensievergelyking en dit was moontlik om vir verdere limietgevalle 'n differensiaalvergelyking af te lei. Sommige van hierdie resultate word gepubliseer.

Toegepaste Navorsing in Wiskunde en Statistiek

By die bepaling van die ouderdom van rotse deur gebruikmaking van radioaktiwiteit word veronderstel dat die dogterelement in die rotse agterbly. As die dogterelement uit die rotse uit diffundeer, is korreksies nodig en hierdie korreksies is afgelei en bereken. In Suid-Afrika ontstaan ernstige probleme deur die sakking van grond nadat daarop gebou is. 'n Teorie vir die berekening van hierdie toestand is voorgestel deur Biot, en pogings word aangewend om die teoretiese oplossing vir verskillende gevalle af te lei sodat die teorie prakties getoets kan word. Ten behoeve van die navorsingsgroep oor rotsstortings en stratabeweging van die Nasionale Navorsingsinstituut vir Meganiese Ingenieurswese is voortgegaan met die statistiese analise van gegewens oor rotsstortings in myne.

Verskeie inkomsteverdelings is beskou en daar is aangetoon dat 'n wiskundige statistiese model, bestaande uit 'n kombinasie van normale komponente, gebruik kan word om sulke verdelings te beskryf.

'n Statistiese toets is afgelei om te gebruik by die analise van spektrochemiese waarnemings.

Ten behoeve van die Pneumokoniose-navorsingseenheid is 'n verslag wat oor die analise van beskikbare gege-

Energy Board and promulgated in the Government Gazette 1650 of 7th September, 1956. The application of these regulations should place the use of radioisotopes for medical purposes on a sound footing. The Atomic Energy Board is taking over the distribution of all radioactive material (except radium and its daughter products) in South Africa as from 1st April, 1957.

MATHEMATICS

The Mathematics Division carries out a programme of basic research and also deals with problems presented by other sections of the C.S.I.R. or by outside organizations.

Basic Research in Mathematics and Mathematical Statistics

Research into characters in the group theory of modern algebra was continued and certain theorems on measurable functions were derived. In function theory, attention was again given to the multivariable hypergeometric series and its applications to probability theory.

Various discrete probability functions of binomial and negative binomial type were considered and sampling distributions which are valuable in practical problems were derived. Attention was also given to discrete probability processes which are described by a partial difference equation and it was possible to derive a differential equation for certain limiting processes. Some of these results are being published.

Applied Research in Mathematics and Statistics

In the determination of the age of rocks, using radioactive methods, it is assumed that the daughter element remains in the rock. If the daughter element diffuses out of the rock, corrections are necessary, and these are derived and calculated.

In South Africa a serious problem is created by the settlement of soil after it has been built upon. A theory to account for this settlement has been proposed by Biot, and efforts are being made to derive the theoretical solutions for various cases in order that the theory may be experimentally tested.

On behalf of the research group on Rockbursts and Strata Movement of the National Mechanical Engineering Research Institute, the statistical analysis of data on rockbursts in mines was continued.

Various income distributions were considered and it was shown that a mathematical statistical model, consisting of a combination of normal components, can be used to describe such distributions.

A statistical test was derived for use in the analysis of spectrochemical observations.

On behalf of the Pneumoconiosis Research Unit, a report dealing with the analysis of available data

wens in verband met pneumokoniosegevalle handel, voltooi. 'n Begin is gemaak met 'n breedvoerige ondersoek na die produksie van pneumokoniose deur 'n groep lëers vir bestudering uit te kies uit die groot aantal wat beskikbaar is by die Pneumokoniose-Buro. Die standaardisasie van kliniese vorms is onderneem in samewerking met die mediese beamptes van die Pneumokoniose-Buro.

Algemene Dienste

Advies en roetinedienste is gelewer aan die navorsingsinstitute van die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad, staatsdepartemente en verskeie ander organisasies. Breedvoerige advies oor statistiese onderwerpe is gegee aan 'n regeringskommissie.

bearing on pneumoconiosis incidence was completed. A start was made with a detailed investigation into the production of pneumoconiosis by selecting records from the large number available at the Pneumoconiosis Bureau. The standardization of clinical forms was undertaken in collaboration with the medical officers of the Pneumoconiosis Bureau.

General Service

Advice and routine services were rendered to the research institutes of the Council for Scientific and Industrial Research, government departments and to various other organizations. Extensive advice on statistical matters was given to a government commission.

Nasionale Navorsingsinstituut vir Meganiese Ingenieurswese

Direkteur: DR. A. J. A. ROUX

Gedurende die onderhawige tydperk, was daar 'n voortdurende toename in die Instituut se bedrywighede te bespeur. Hierdie toename geld veral ten opsigte van werk ten behoeve van die nywerheid en ander organisasies gedoen. Daar kan derhalwe met sekerheid beweer word dat die nywerheid in toenemende mate gebruik maak van sowel die raadgevende as die eksperimentele dienste wat die Instituut aanbied. Hierdie bewering word gestaaf deur die feit dat die Instituut se inkomste, afkomstig uit ondersoeke op 'n kontrakbasis, vir die tydperk in oorsig ongeveer £28,500 en vir die boekjaar 1956/57 nagenoeg £37,500 beloop het, dit wil sê, bykans £20,000 meer as in die vorige jaar. Ten spyte egter van die toename in sy personeelsterkte en laboratoriumfasiliteite is dit nog nie vir die Instituut moontlik om te voldoen aan al die versoeke wat van die nywerheid ontvang word nie.



Dr. A. J. A. Roux.

National Mechanical Engineering Research Institute

Director: DR. A. J. A. ROUX

The period under review has seen a continued growth in the activities of the Institute, particularly in regard to work done on behalf of industrial and other organizations. It may confidently be asserted that industry is availing itself of both the consultative and experimental services offered by the Institute to an ever increasing degree. This fact is borne out by the Institute's revenue from contract investigations, which was approximately £28,500 for the period and about £37,000 for the financial year 1956/57, nearly £20,000 more than the previous year. Yet, despite increases in staff and laboratory facilities, it has not been possible to entertain all the requests for assistance received from industry.

An event of particular importance was the completion of the new aeromechanics building adjacent to the existing wind tunnel building. This building, in addition to office space, provides laboratory accommodation for the fan-noise test rig, the model mine-shaft wind tunnel, an instrument wind tunnel, a cascade test rig, a high speed wind tunnel and a pneumatic conveyor. As a temporary measure, the Hydromechanics Division is also being accommodated in the new building.

In view of the progress made by N.M.E.R.I. in their research on aeromechanics, thermodynamics and strength of materials, Council decided to set up a National Advisory Committee for Aeronautical Research (N.A.C.A.R.). The inaugural meeting of this body was held in Pretoria on the 1st of May, 1956.

The functions of N.A.C.A.R. are:

- (a) to plan and co-ordinate research and development in the field of aeronautics in South Africa;
- (b) to serve as a link in aeronautical research between South Africa and other countries;
- (c) to promote co-operation between various bodies in the country having an interest in aeronautical research.

In addition to the C.S.I.R., the following bodies are represented on the Committee: the Defence Department, the Department of Transport, South African Airways, the Universities of the country, and the South African branch of the Royal Aeronautical Society.

Since its inception, the N.A.C.A.R. has been very active. In the period between the inaugural meeting and the Second Annual Meeting held on the 28th of May

Noemenswaardig in die vordering van die Instituut is die voltooiing van die nuwe lugmeganika-gebou langs die reeds bestaande windtonnelgebou. Die gebou bied, benewens kantoorruimte, ook laboratoriumruimte vir die waaiergeraasopstelling, die model-mynskagwindtonnel, 'n instrumentwindtonnel, 'n lemroosterkanaal, 'n hoëspoedwindtonnel en vir die lugvervoertoestel. Die Afdeling Hidromeganika word ook tydelik in hierdie gebou gehuisves.

As gevolg van die vordering wat in die Nasionale Navorsingsinstituut vir Meganiese Ingenieurswese gemaak is met navorsing op die gebied van lugmeganika, termodinamika en sterkteleer, het die Raad besluit om 'n Nasionale Advieskomitee vir Lugvaartkundige Navorsing (N.A.K.L.N.) in die lewe te roep. Die stigtingsvergadering van hierdie liggaam is op 1 Mei 1956 in Pretoria gehou.

Die funksies van die N.A.K.L.N. is:

- (a) Om navorsing en ontwikkeling op die gebied van lugvaartkunde in Suid-Afrika te beplan en te koördineer;
- (b) om as skakel te dien insake lugvaartkundige navorsing tussen Suid-Afrika en ander lande; en
- (c) om samewerking te bevorder tussen verskillende liggame in die land wat belang het by lugvaartkundige navorsing.


Behalwe die W.N.N.R., word die volgende liggame in die Komitee verteenwoordig: die Departement van Verdediging, die Departement van Vervoer, die Suid-Afrikaanse Lugdiens, die Universiteite van die land, en die Suid-Afrikaanse tak van die Royal Aeronautical Society.

Sedert die stigting daarvan, het die N.A.K.L.N. groot bedrywigheid aan die dag gelê. In die tydperk tussen die Stigtingsvergadering en die Tweede Jaarvergadering, wat op 28 Mei 1957 gehou is, het die Uitvoerende Komitee drie keer vergader. Goeie vordering is gemaak met die koördinasie van navorsing binne die Unie, en met die verstewiging van bande met die Commonwealth Aeronautical Advisory Research Committee (C.A.A.R.C.), waarvan Suid-Afrika 'n lid is. 'n Lugvaartkundige navorsingsprogram is vir die Unie opgestel, en daadwerklike pogings word aangewend om sommige van die projekte wat in die program ingesluit is, gedurende 1958 van stapel te stuur.

METALLURGIE

Voorvervorming en die Plastiese Eienskappe van Metale

Die invloed van voorvervorming op die plastiese eienskappe van metale is van akademiese sowel as praktiese belang, aangesien 'n metaal se plastiese eienskappe 'n aansienlike invloed op metaalvervormingsprosesse



Fatigue testing of rails in a Amsler 100-ton pulsator.

Vermoeidheidstoets op spoorstawe in 'n 100-ton Amsler-pulsator.

1957, the Executive Committee held three meetings. Good progress has been made with the co-ordination of research within the Union and the strengthening of ties with the Commonwealth Aeronautical Advisory Research Committee (C.A.A.R.C.), of which South Africa is a member. A programme for aeronautical research has been drawn up for the Union and endeavours are being made to launch some of the projects included in the programme, during 1958.

METALLURGY

Predeformation and the Plastic Properties of Metals

The influence of predeformation on the plastic properties of metals is of both academic and practical importance, since a metal's plastic properties so greatly influence metal-forming processes. The investigation of

uitoefen. Onderzoek word tans voortgesit na die invloed van voorvervorming op die plastiese eienskappe van metaal-enkelkristalle.

Die tegniek van die kweek van sferiese sink-enkelkristalle van hoë suiwerheid is bemeester. Twaalf sferiese enkelkristalle en 'n aantal bi-kristalle van sink van 'n hoë suiwerheid is tot dusver reeds met welslae vervaardig. Die bi-kristalle sal in 'n latere stadium van die ondersoek gebruik word.

Apparaat vir die chemies-ervormingsvrye masjinerie van die sferiese enkel- en bi-kristalle en 'n apparaat vir die onderwerpings daarvan aan suiwer skuifbelasting is ontwerp en vervaardig en word tans getoets.

Invloed van Spanning op Korrosie in Metale en Legerings

Die gesamentlike werking van spanning en korrosie kan, in bepaalde gevalle, vinnige verswakking of swigting van metale en legerings veroorsaak. 'n Teoretiese studie, wat die ontwikkeling van metodes van ondersoek van die invloed van interkristallyne oriëntasie op 'n materiaal se gevoeligheid vir spanningskorrosie ten doel het, word voortgesit.

'n Begin is gemaak met die bou van apparaat vir die vervaardiging van bi-kristalle van alpha-geelkoper, deur die gebruik van die sogenaamde „Bridgemanmetode”. Voorsiening is gemaak vir die gebruik van sowel vakuumas edelgasatmosfeer vir die beskerming van die bi-kristalle gedurende vervaardiging.

Alkalisiese Verbrossing van Keteldromstaal

Die studie van die betrokke literatuur is voortgesit en 'n groot aantal voorlopige meganiese toetse uitgevoer ten einde vas te stel watter meganiese toetsmetode gebruik kan word en wat die geskikste vir die kwantitatiewe bepaling van die graad van verbrossing sal wees. Die meganiese toetse het bewys dat, in orde van geskiktheid, ware spanningvervormingsbepalings deur die trektoetsmetode, kerfstaaf- en 180°-buigtoetse, met voordeel gebruik kan word vir die meting en opsporing van verbrossing. Verdere toetse word tans uitgevoer.

'n Elektron-mikroskopiese ondersoek na die mikrostruktuur van stoomketelstaal word in medewerking met die N.F.N.L. uitgevoer. Die aard van die korrelgrense van die staal is van besondere belang, aangesien alkalisiese krake altyd in die korrelgrense voorkom.

Etsgaatjies in Koper- en Koper-sink-legerings

As die gepoleerde oppervlakke van sekere metale blootgestel word aan die werking van bepaalde etsmiddels, ontwikkel sogenaamde etsgaatjies op hierdie oppervlakke. Daar bestaan moontlik 'n verhouding tussen die vorm van die etsgaatjies en die kristaloriëntasies van die betrokke metaalkorrels, terwyl hul posisies vermoedelik ooreenstem met dié van die sogenaamde ontwingings wat van submikroskopiese afmetings is. Aangesien die fisiese en meganiese eienskappe van metale sterk beïnvloed word

the effect of predeformation on the plastic properties of metal single crystals is being continued.

The technique of growing spherical single crystals of high-purity zinc for reversed shear testing has been mastered. To date, twelve spherical single crystals of high purity zinc have been successfully produced, as have a number of bi-crystals. The latter will be employed in a later phase of the investigation.

Various pieces of apparatus for the chemical “strain free” machining of the spherical single and bi-crystals and for their reversed shear testing of the single crystals were designed and manufactured and are now being tested.

Influence of Stress on Corrosion Effects in Metals and Alloys

The simultaneous operation of both stress and corrosion can, in certain cases, result in rapid deterioration or failure of metals and alloys. A theoretical study of methods of investigating the influence of intergranular orientation on a material's susceptibility to stress-corrosion cracking has been continued.

A start has been made with the construction of apparatus for the production of bi-crystals of alpha-brass using the so-called “Bridgeman method”. Provision has been made for the use of both vacuum and inert-gas atmospheres for the protection of the bi-crystals during production.

Caustic Embrittlement of Boiler Plate Steel

The study of the relevant literature was continued and a large number of preliminary mechanical tests were carried out. The object of these tests was to determine which method of mechanical testing can best be employed for the quantitative measurement of relatively small degrees of embrittlement. The mechanical tests have shown that, in order of suitability, “true stress-true strain” tensile testing, notched-bar bend testing and 180° bend testing, may be employed with advantage for the measurement and detection of embrittlement. Further tests are being conducted.

An electron-microscopical investigation into the micro-structure of boiler plate steel is being conducted in collaboration with the N.P.R.L. The nature of the grain boundaries of the steel are of particular interest since caustic cracks are invariably situated intergranularly.

Etch Pits in Copper and Copper-Zinc Alloys

When the polished surfaces of certain metals are exposed to the action of certain aggressive chemicals, etch pits develop on these surfaces. The shape of the etch pits are thought to bear some relation to the crystal orientation of the relevant grain of the metal and their positions are thought to correspond to the sites of so-called dislocations, which are of sub-microscopic dimensions. As the physical and mechanical properties

deur die aanwesigheid en verspreiding van ontwingtings, is eksperimentele bevestiging van die aard en verspreiding daarvan dus van besondere belang. Etsgaatjies in koper en 'n reeks koper-sink-legerings word tans bestudeer. Verskeie etsmiddels word ondersoek en die resultate met die voorgeskiedenis, samestelling en struktuur van die materiale gekorreleer.

Swigtings in die Praktyk en Ander Ondersoeke

Verskeie gevalle van swigtings wat in die praktyk voorgekom het, is ten behoewe van die betrokke nywerhede ondersoek. 'n Paar van die meer interessante gevalle word kortliks behandel.

Metallografiese ondersoek het aan die lig gebring dat swigting van geelkoperdraad 'n direkte gevolg van ernstige ontsinking van die geelkoper was en dat lengtekrake in staaldraad vir gewapende beton deur vervaardigingsdefekte veroorsaak is. Uitgebreide metallografiese en hardheidsondersoeke is uitgevoer om die diepte van die harde dop van dopverharde staalwasters te bepaal, en daar is bevind dat die aanwesigheid van haarbarsies en ernstige oppervlakonegalighede aan oorverhitting van die wasters gedurende die hittebehandeling toegeskryf kan word. 'n Ondersoek van geswigte hoeklemme van gesweiste konstruksie het getoon dat swigting deur vermoeidheid veroorsaak is, en dat ruwe oppervlakafwerking en die onegalige dikte van die sweismetaal tot die swigting bygedra het. Vermoeidheidsbreuke is ook gevind in 'n dryfstang en in die aandryf-rat van 'n vliegtuig, waar die vermoeidheidsweerstand van die onderdeel verswak is deur faktore soos ruwe oppervlakafwerking, onsuiver staal en strukturele skade.

Omvangryke ondersoeke na swigtings van 'n groot suikermeulaandryfrat en lokomotiefketels is onlangs begin.

STERKTELEER

Daar was 'n verdere toename in die aantal versoeke van die nywerheid om die bepaling van statiese en vermoeidheidsterkte van materiale en strukture, en in verband met spanningsontledings op strukture en masjienonderdele. Die toerusting van die Sterkteleerlaboratorium, n.l. die vermoeidheidstoetsmasjien (100 ton), die statiese toetsmasjiene (30 ton en 10 ton onderskeidelik), verskeie kleinere wentelbalk-vermoeidheidstoetsmasjiene en die broslak- en rekstrokietoetsroerusting, was gevolglik voortdurend in gebruik. Die laboratorium se fasiliteite is uitgebrei deur die aankoop van 'n „Schenk“-pulsator (20 ton), 'n Amsler Vibrophore (10 ton) met hoë frekwensie en 4 van die R.R. Moore-tipe wentelbalk-vermoeidheidstoetsmasjiene.

Invloed van Spanningssiklusfrekwensie op die

Vermoeidheid van Materiale

Die werk in verband met die invloed van die spanningsiklusfrekwensie op die vermoeidheidslewe van uitge-

of metals depend very largely on the presence and distribution of these dislocations, experimental verification of their nature and distribution is of great interest. Etch pits in copper and a series of copper-zinc alloys are at present being studied. Various etching agents are being investigated and the results correlated with prior history, composition and structure of the materials.

Failures in Service and Other Investigations

Several cases of failures in service were investigated on behalf of industry. A few of the more interesting cases are briefly described below.

Metallographic examination revealed that the failure of brass wire was a direct result of severe dezincification of the brass, and that longitudinal cracks in steel wire for pre-stressed concrete were caused by the presence of manufacturing defects. Extensive metallographic and hardness investigations allowed the measurement of the case-depth of case-hardened steel washers and revealed that the presence of hair-cracks and undue surface roughness could be ascribed to overheating during thermal treatment. Investigation of fractured compressor corner vanes of welded construction revealed that failure had occurred by a fatigue mechanism, rough surface finish and uneven thickness of weld deposit being contributory causes of failure. Fatigue failures were also encountered in a fractured connecting rod and in an aircraft drive gear, the fatigue strength of these components having been impaired by such factors as rough surface finish, "dirty" steel and structural damage.

Extensive investigations into the failures of a large sugar mill drive gear and locomotive boilers have recently been commenced.

STRENGTH OF MATERIALS

There has been a further increase in the number of requests received from industry for the determination of the fatigue and static strength of materials and structures and the conducting of stress analyses on structures and machine parts. Consequently, the facilities of the Strength of Materials Laboratory, namely the 100-ton fatigue testing machine, the 30-ton and the 10-ton static testing machines, various smaller rotating beam fatigue testing machines, and the brittle lacquer and strain gauge testing equipment, were fully engaged. The Laboratory's facilities were, however, augmented by the purchase of a 20-ton Schenck pulsator, a 10-ton Amsler high frequency vibrophore and 4 R.R. Moore rotating beam fatigue testing machines.

Influence of Stress Cycle Frequency on the Fatigue of Metals

Work on the determination of the influence of the stress cycle frequency on the fatigue life of annealed

gloeide EN-45-staal is voortgesit. Toetse is uitgevoer op gepoleerde, gladde silindriese proefstukke wat aan wentelbuiging onderwerp is.

Die bevindinge wat tot op datum deur die toets van ongeveer 50 monsters verkry is, dui aan dat die vermoedheidslewe van 'n monster aanmerklik deur die toetsfrequentie beïnvloed word, mits die spanningsamplitude hoog is. Die aangewende frekwensie was 1, 29, 1,450 en 9,000 siklusse per minuut. Vir 'n spanningsamplitude van 65,000 lb./vk. dm. het identiese monsters wat teen die reedsgenoemde frekwensies getoets is, byvoorbeeld vermoedheidslewes gehad van ongeveer 80,000 (1 siklus per minuut), 150,000 (29 siklusse per minuut), 500,000 (1,450 siklusse per minuut) en 1,500,000 (9,000 siklusse per minuut) siklusse tot swigting. Dit is derhalwe duidelik dat die vermoedheidslewe onder hoë spanning met toenemende frekwensie van belasting heelwat toeneem. Hierdie invloed verminder namate die spanningsamplitude die vermoedheidsgrens nader, dit is, die amplitude wat die materiaal vir 'n feitlik onbepaalde aantal siklusse kan weerstaan sonder om te breek.

Invloed van Vorm en Grootte van Toetsmonster op die Vermoedheidsgrens van Metale

As 'n voorvereiste vir hierdie fundamentele navorsingsprojek is 'n eksperimentele ontleding van die spanning in skerp kerwe uitgevoer op vier trekmonsters waarvan die teoretiese spanningskonsentrasiefaktore, wat deur die kerwe veroorsaak is, 3.80, 4.82, 5.51 en 7.20 is. Die broslaktechniek is vir hierdie doel gebruik. Daar is bepaal dat die broslak wat op die monsters aangewend is, nie bars voordat die spanning die sensitiwiteitswaarde van die broslak oor 'n lengte van ongeveer 0.02 duim oorskry nie.

Toetse is ook uitgevoer op broslakbedekte balke wat aan buiging onderwerp is om sodoende vas te stel of dié verskynsel ook voorkom onder omstandighede waar die spanningsgradiënt laer as in die geval van gekerfde monsters is.

Tot dusver is aangeneem dat broslak reageer asof dit 'n feitlik oneindig klein meetlengte het, terwyl hierdie toetse blykbaar aandui dat die minimum meetlengte om en by 0.02 dm. kan wees.

Vermoedheid in Spoorstawe

Die ondersoek ten behoeve van die Suid-Afrikaanse Spoorweë na die vermoedheid van spoorstawe om draaie word voortgesit. Die ondersoek het ten doel om die vermoedheidslewe van gedeeltes van spoorstawe wat onderwerp word aan wisselende dwarsbuigbelastinge, gesuperponeer op 'n dwarsvoorbelasting, vas te stel. Hierdie belasting boots die werklike toestand in die praktyk na wanneer 'n lokomotief of 'n trok om 'n draai loop. Dit is opgemerk dat daar by 'n bepaalde spanning barsies in die onderste ronding van die spoorstaaf ontstaan. Die spanning in hierdie gebied word deur middel van rekstrokie gemeet. Die geleidelike groei van hierdie barsies word geregistreer en krommes van die spannings-

EN-45 steel was voortgesit. Die toets is uitgevoer op gepoleerde, gladde silindriese proefstukke wat aan wentelbuiging onderwerp is.

The tests were carried out on polished plain cylindrical specimens subjected to rotating bending in an appropriate testing machine. The results obtained from about 50 specimens tested to date, reveal that the fatigue life of a specimen is significantly influenced by the testing frequency, if the stress amplitude is high. The frequencies applied were 1, 29, 1450 and 9000 cycles per minute. As an example, at a stress amplitude of 65,000 lb./sq. inch, identical specimens tested at the previously mentioned frequencies, had fatigue lives of about 80,000 (at 1 cycle per minute), 150,000 (at 29 cycles per minute), 500,000 (at 1,450 cycles per minute) and 1,500,000 (at 9,000 cycles per minute) cycles to failure. Hence, it is apparent that at high stress amplitudes the fatigue life increases considerably with increasing frequency of cycling. This influence diminishes as the stress amplitude decreases and tends to disappear when the stress amplitude approaches the fatigue limit, i.e. the amplitude which the material can withstand for a practically infinite number of cycles without fracture.

Influence of Shape and Size of Specimen on the Fatigue Limit of Metals

As a pre-requisite for this fundamental research project, an experimental analysis of the stress in sharp notches has been carried out on four tension specimens, the theoretical stress concentration factors caused by the notches being 3.80, 4.82, 5.51 and 7.20. The brittle lacquer technique was used for this study. It was established that the lacquer ("stress coat") applied to the specimens, did not crack until it was stressed beyond its threshold sensitivity value over a length exceeding approximately 0.02 inch.

Tests were also carried out on stress-coated beams subjected to bending in order to establish whether the phenomenon also occurs under conditions where the stress gradient is lower than in the case of notched specimens.

Hitherto, it has been accepted that "stress coat" reacts as if it has a practically infinitely small gauge length, whereas the results of these tests would seem to indicate that the limiting gauge length might be of the order of 0.02 inch.

Fatigue in Rails

The investigations into the fatigue of rails in curves being carried out on behalf of the South African Railways, have been continued. The object is to determine the fatigue life of rail sections subjected to alternating lateral bending loads superimposed on a lateral pre-stress. This loading condition simulates the conditions prevailing in practice, when a locomotive or truck negotiates a curve. It was observed that, at a certain magnitude of stress, cracks start in the bottom fillet of the rail. The strain at these points is being measured by means of strain gauges. The propagation of cracks is being

siklus teen swigting word vir verskillende kraaklengtes saamgestel, sodat die spannings wat die krake veroorsaak het, bepaal kan word.

'n Verdere ondersoek handel oor gesweiste spoorstawe onder vermoeidheidsbelastingstoestande. Vir hierdie doel is buigtoetse in 'n 100-ton vermoeidheidstoetsmasjien op 'n groot aantal spoorstaafmonsters uitgevoer, waarby die monster deur pulserende vertikale kragte belas word. Die resultate maak dit moontlik om 'n vergelyking tussen die vermoeidheidslewe van „thermit“-gesweiste spoorstawe en ongebruikte spoorstawe te tref. Onderzoek na die invloed van lasplaatgate op die vermoeidheidslewe van „thermit“-gesweiste spoorstawe is ook ingestel.

'n Derde ondersoek was oor die verdere vermoeidheidslewe van spoorstawe wat reeds in gebruik was. Daar is bevind dat die wat ondersoek is nog veilig gebruik kan word in die gespesifiseerde toestande.

Verbetering van die Sterkte van Lasse met behulp van Hoë Treksterkte Boute

'n Belangrike probleem wat hom in die ingenieurswese voordoet, is die ontwerp van lasse tussen struktuuronderdele. Benewens sweislasse is die konvensionele metodes van las die gebruik van klinknaels en pasboute. 'n Verdere metode is egter ontwikkel wat belowend lyk, nl. die gebruik van bonte met 'n hoë treksterkte. In


recorded and stress-cycle to failure curves are being plotted for different lengths of crack, in order to allow estimation of the stresses which have initiated the cracks found in the rails during field inspections.

Another investigation deals with the performance of welded rails under fatigue loading conditions. For this purpose, tests under vertical pulsating bending conditions were carried out on a large number of rail sections in a 100-ton fatigue-testing machine. The results enable a comparison of the fatigue life of thermit-welded rails with that of rails in the as-rolled condition. The effect of fishplate holes on the fatigue life of thermit-welded rails was also investigated.

A third group of investigations dealt with the remaining fatigue life of rails which had been in service. It was found that the rails investigated, could still be used safely under the specified conditions.

Improving the Strength of Joints using High Tensile Bolts

One of the problems encountered in structural engineering is the design of joints between structural members. Apart from welding, the conventional methods of joining are riveting and bolting with mild steel bolts which fit neatly in the holes drilled to receive them. However, another method—bolting with high tensile



'n Gevoelige vloeistofmanometer wat deur die Instituut ontwerp is.

A sensitive liquid manometer designed by the Institute.

hierdie metode word boue van staal met 'n hoë treksterkte gebruik in vrypasgate, sodat die volle belasting van die las deur middel van wrywingskragte tussen die lasselemente oorgedra word.

Aangesien hierdie metode nog nie lank in Suid-Afrika bekend is nie, is 'n ondersoek ten behoeve van 'n plaaslike vervaardiger ingestel ten einde meer helderheid oor die aangeleentheid te verkry. Die resultate van die toetse het getoon dat lasse van plaaslik vervaardigde boue met 'n hoë treksterkte in vrypasgate ontwerp kan word wat net so sterk of sterker kan wees as dié wat deur die huidige Britse Standaardspesifikasies vir klinknaellasse voorgeskryf word. Die toetse toon ook dat lasse met boue van 'n hoë treksterkte 'n aansienlik hoër vermoedingssterkte as klinknaellasse het.

Rotstortings in Diep Mynbou

Die navorsingsaktiwiteite op die gebied van rotsstorting in diep mynbou is veral sedert 1956 uitgebrei toe die navorsing ten behoeve van die Transvaalse en Oranje-Vrystaatse Kamer van Mynwese aangegaan is; en die aantal myne waar gegewens in verband met rotsstortings vir eventuele ontleding geboekstaaf word, is uitgebrei na vyf.

'n Skema is opgestel vir die meet van bewegings van rotslae in etlike myne, en reëlins is getref vir die meet van rotslaagbewegings in en om 'n skag waar die skagstut verwyder staan te word.

In gevalle van rotsstortings waar buitengewone toestande aangemeld is, het lede van die navorsingsgroep met ondergrondse besoeke voortgegaan. Talle besoeke is ook afgelê om bewyse te verkry van die bestaan en die omvang van gekraakte rotssones wat rondom ondergrondse uitgrawings voorkom. Teoretiese ondersoek in verband met hierdie saak word voortgesit, en aansienlike welslae is ondervind met wiskundige ontledings van spanningsverdeling rondom mynuitgrawings. Sommige van hierdie resultate is deur middel van die foto-elastiese tegniek gestaaf, met die gevolg dat foto-elastisiteit nou met sekerheid aangewend kan word vir die ontleding van die spanningsverdeling rondom uitgrawings wat te ingewikkeld van vorm is om wiskundig behandel te word. Vordering is ook met die meet van spanning in die rots voor die werksfront gemaak.

'n Toetsdelfplek is in een van die myne uitgesoek en die nodige instrumente was teen die einde van die tydperk in oorsig voltooi en geïnstalleer. Drie vervormingsmeters, ontwikkel in die Instituut se laboratoria, en drie ingevoerde meters word gebruik om veranderinge in die spanning in die rots voor 'n vooruitbewegende werksfront te meet, terwyl 'n stel insakmeters in die ondergrondse werkplekke gebruik word om die geleidelike vernouing te meet.

Die ontwikkelingswerk aan akoestiese instrumente vir die bepaling van die omvang en graad van verbrekings van 'n werksfront deur springstofontploffing is voortgesit en bemoedigende resultate is reeds behaal.

bolts—has been developed and appears promising. In this method, bolts made from high tensile steel fit loosely in the holes so that the full load of the joint is transmitted by friction between the joint elements.

Since this method has only recently been introduced in this country, an exploratory study aimed at throwing more light on the subject was carried out on behalf of a local bolt manufacturer. The results of the tests showed that joints, using locally produced high tensile bolts in clearance holes, can be designed to be as strong as, or stronger than, the current British Standard Specification for riveted joints prescribes. It was demonstrated, in particular, that high tensile bolted joints can exhibit a considerably enhanced fatigue strength compared with riveted joints.

Rock Bursts in Deep Level Mines

From the beginning of 1956, when the Transvaal and Orange Free State Chamber of Mines assumed responsibility for sponsoring the rock burst investigation, the field of research activity was extended, and rock burst data from five mines are now being recorded for eventual statistical analysis.

Plans were drawn up for measuring strata movement on several mines and arrangements have been made for the measurement of strata movement in and around a shaft where the shaft pillar is to be removed.

Members of the research team continued to make visits underground to the sites of rock bursts in which unusual features had been reported. Numerous visits were also made to obtain evidence of the existence and extent of the zone of fractured rock which exists around underground excavations. Theoretical studies of this subject were continued, considerable progress having been made with the mathematical analyses of the distribution of stress around underground excavations. As it was possible to verify some of these results by means of the photo-elastic technique, photo-elasticity will be employed for analysing the distribution of stresses around excavations of more complex shape than can be treated mathematically.

Progress was also made with the measurement of stress in the rock ahead of the face.

In one of the mines a test stope was selected and all the necessary instruments installed towards the end of the period under review. Three strain cells, developed in the laboratories of the Institute, and three imported cells are being used to measure changes in stress in the rock ahead of an advancing stope face, while a battery of sagmeters in the stope are being used to measure the rate of closure in the stope.

Development work on acoustic instruments for determining the extent and degree of fracturing of a rock face due to blasting was continued, and promising progress made.

Ook die program in verband met die bepaling van die druksterkte en elastiese konstante van die verskillende geologiese rotslae wat voorkom, is voortgesit. Meer as 500 monsters is getoets en 'n aansienlike deel van hierdie program nader nou voltooiing.

Die resultate van 'n grootskaalse ontlastingseksperiment in een myn is ontleed en in die vorm van 'n verslag uitgegee. Hierdie ontleding toon dat spanningsontlasting—die eerste praktiese maatreël deur die navorsingsgroep vir die voorkoming van rotsstortings voorgestel—in werklikheid tot gevolg gehad het dat minder rotsstortings voorkom waar spanningsontlasting toegepas word, en dat kwaai stortings, oponthoude en ongevallen afgeneem het, terwyl produksie effens verbeter het. Die sukses van hierdie ontlastingstechniek, soos aangedui deur hierdie eksperiment, het gelei tot die invoering daarvan in 'n ander myn op die Witwatersrand.

Benutting van Plaaslike Hout

'n Opname van die voorrade aan uitheemse houtsoorte wat in Suid-Afrika gekweek word en die benutting daarvan, is voltooi. Die werk is onderneem as voorbereiding tot navorsing in verband met benutting van plaaslike hout vir verpakkingsdoeleindes, 'n projek wat vir die „South African Lumber Millers' and Shook Manufacturers' Association” uitgevoer word. Die opname het 'n moontlikheid aangetoon dat die plaaslike houtproduksie die aanvraag daarvoor binne afsienbare tyd mag oortref. 'n Verslag oor die opname is in boekvorm gepubliseer.

'n Begin is gemaak met 'n ondersoek na die moontlikhede vir verbetering van die ontwerp van houtkissies vervaardig van plaaslike hout. Houtkissies vir die uitvoer van sitrusvrugte sal eerste aandag geniet.

Verskeie Kleiner Ondersoeke

Verskeie kleiner ondersoeke is vir die nywerheid op 'n kontrakbasis onderneem, en sluit in toetse op 'n SARCAST syraam vir die S.A. Spoorweë, 'n ondersoek na die vermoeidheidslewe van gepende turbinelemme vir 'n ingenieursfirma en 'n ondersoek waarby die spanning in die lemme van 'n sentrifugale waaier vir 'n plaaslike waaiervervaardiger gemeet is.

MEGANIKA

Dempingsvermoë van Materiale

Die resultate van vorige toetse is ontleed en het tot die gevolgtrekking gelei dat noukeuriger instrumente nodig is. Nuwe eksperimentele toerusting is derhalwe ontwerp en gebou.

Bereiding van Kompos van Munisipale Afval

Die uitvoerige ontwerp (gebaseer op 'n vorige algemene ontwerp van die Instituut) van 'n proefaanleg in Pretoria vir die bereiding van kompos uit afval, is voltooi, en beramings vir die vervaardigings- en oprigtingskoste

Work was continued on the determination of the compressive strength and elastic constants of the various geological strata encountered. Over 500 specimens were tested and a substantial part of this programme is reaching completion.

The results of a large-scale de-stressing experiment in one mine were analysed and published in report form. This analysis showed that de-stressing—the first practical rockburst preventive measure suggested by the research team—does, in fact, reduce the number of bursts in stopes where it is practised, and that severe bursts, delays and casualties are fewer and that production is slightly improved. The success of the de-stressing technique, as indicated by this experiment, has led to its adoption in other mines on the Witwatersrand.

Utilization of Local Timber

A survey of the locally grown exotic timber resources and utilization was completed. This work was considered a prerequisite to the investigation into the utilization of local timber for packaging purposes, being carried out on behalf of the Lumber Millers' and Shook Manufacturers' Association. The survey revealed a possibility that the local timber supply may exceed the demand in the foreseeable future. The report has been published in book form.

A start of investigations into the possibilities of improving the design of wooden boxes manufactured from local timber has now been made. In the first instance, wooden boxes for citrus fruit export will be dealt with.

Various Smaller Investigations

Various smaller investigations were carried out on behalf of industry. These included tests on a SARCAST sideframe on behalf of the South African Railways, an investigation into the fatigue life of pinned turbine blades on behalf of an engineering firm, and the measurement of stress in the blades of a centrifugal fan on behalf of a local fan manufacturer.

MECHANICS

Damping Capacity of Materials

The results of previous tests conducted were analysed and led to the conclusion that more precise instrumentation was necessary. A new experimental set-up was therefore designed and built.

Composting of Municipal Wastes

The detailed design (based upon a previous general design prepared in the Institute) of a pilot plant for composting municipal waste materials was completed and prices obtained from various interested firms for its

daarvan van verskeie firmas verkry. Dit is slegs 'n eksperimentele aanleg om die moontlikhede te ondersoek om afvalmateriaal wat vir munisipaliteite deur die hele land in toenemende mate 'n probleem skep, in kompos om te sit.

Sleepringontwerp en Spanning in Waaierslemme

Deur die gebruik van 'n sleepring-eenheid wat in die laboratorium ontwerp en in die Sentrale Werkplaas gebou is, is die spanningseienskappe van 'n groot waaierslemme met sukses bepaal voordat dit geïnstalleer is.

HITTEVOORTPLANTING

Hittevoortplanting tussen Vaste Wande en Lug

Die studie van die hitte-oordraging vanaf 'n spesiaal vervaardigde verhitte plaat na die omstromende lugstroom, is voortgesit. Na voltooiing van die reeks toetse onder natuurlike konveksietoestande, is die studie van vlieskoeffisiënte onder geforseerde konveksie-toestande voortgesit. 'n Neusstuk van elliptiese vorm is vir hierdie

manufacture and erection in Pretoria. This will be a purely experimental plant to demonstrate the possibilities of composting materials which municipalities throughout the country are finding more and more embarrassing to dispose of in their as-collected condition.


Sleepring Design and Fan-blade Stress

A sleepring unit designed in the laboratory and built in the Central Workshops was used successfully to determine the stress characteristics of a large fan prior to its installation.

HEAT TRANSFER

Heat Transfer Between Solids and Air

The study of the heat exchange between the specially constructed heater plate and the airstream flowing over it was continued. After completing the series of tests under natural convection conditions, the study of the film coefficients for forced convection conditions was



'n Klein windtonnel vir toetsing van windweerstand van modelle van balke voor konstruksie van 'n volledige modelmynskag in 'n groter windtonnel.

A small wind tunnel for testing wind resistance of models of beams prior to construction of a complete model mine-shaft in a larger wind tunnel.

reëks gebruik in plaas van die vierkantige neusstuk wat dusver gebruik is.

Sturende invloede het hulle spoedig laat geld. As gevolg van veranderinge in lugspeed is gevind dat die oorgangspunt van laminêre na turbulente vloei in die grenslaag heen en weer oor die plaat beweeg, en derhalwe is besluit om die toetse op die verhitteplaat uit te stel, hangende die voltooiing van die windtonnel met 'n geslote kringloop waarna hieronder verwys word.

Hitte-oordragingskoeffisiënte van Gevinde Buise

Die aanbou van die lugtemperatuur- en vogbeheerde windtonnel wat vir die bepaling van kernkrommes van hitte-uitruilers met gevinde buise gebruik sal word, nader vinnig voltooiing. 'n Ingenieursfirma het reeds die konstruksie van die staalstruktuur voltooi, terwyl die laboratorium voortgaan met die oprigting van bybehorende toerusting soos die verkoelingseenheid en die stoomketel.

Studie van Hitte-uitruilingskoeffisiënte by Hoë Temperatuur

Ter voortsetting van die werk wat reeds gedoen is op die gebied van hitte-oordraging tussen vaste wande en gesmelte metale, is 'n studie gemaak van die spesiale apparaat wat by sodanige navorsing nodig is. Nadruk is gelê op metodes om die vloei van die gesmelte metaal aan te spoor en te meet met besondere verwysing na elektromagnetiese pompe en vloeimeters.

Verder is 'n aanvang gemaak met die studie van hitte-oordraging tussen 'n suspensie van soliede deeltjies en 'n vloeibare medium in pype. Hierdie onderwerp is van belang by sekere toepassings van homogene kernreaktore waarin 'n suspensie van kernbrandstofdeeltjies in 'n vloeistof, naamlik swaarwater, beide as brandstof en vir die verwydering van hitte gebruik word. Hitte-oordraging wyk in hierdie geval af van die gewone wette van konveksie-hitte-oordraging waar die konsentrasie van soliede deeltjies hoog word, hoofsaaklik as gevolg van die feit dat die viskositeit van 'n suspensie van die Newtonse wette afwyk.

Hittebalans van die Mens

Die werk op die gebied van die fisiologiese reaksies van die mens onder verskillende omgewingstoestande is voortgesit.

Die ontwikkeling van metodes vir die direkte bepaling van die hitte-uitruiling tussen die menslike liggaam en sy omgewing in 'n klimatskamer het gevorder tot 'n stadium waarin die hitteverlies deur konveksie en verdamping by modelle in 'n windtonnel akkuraat tot binne 10 persent bepaal kan word. Konveksie is met behulp van 'n integreerende rooster gemeet, terwyl 'n nuwe tipe doupuntmeter vir die bepaling van hitteverlies deur verdamping gebruik is.

Hulp en advies is ook aan die Laboratorium vir Toegepaste Fisiologie van die Kamer van Mynwese met hul navorsingsprogram verleen. Die werk het hoofsaaklik

continued. A leading edge of elliptical section was used in this series instead of the square section used hitherto.

Disturbing influences soon manifested themselves. As a result of fluctuations in airspeed it was found that the transition point from laminar to turbulent flow in the boundary layer oscillated to and fro, and it was therefore decided to postpone the tests on the heater plate, pending the completion of the closed-circuit windtunnel referred to below.

Heat Transfer Coefficients of Finned Tubes

The construction of the air temperature and humidity-controlled wind tunnel to be used for the rating of finned-tube heat exchangers is rapidly nearing completion. An engineering firm has completed the construction of the steel structure, while the erection of the auxiliary equipment such as refrigerating plant and steam boiler is continuing in the laboratory.

Study of Heat Transfer Coefficients at High Temperatures

In continuation of the work already done in the field of heat exchange between solids and molten metals, a study was made of the special apparatus required in such research. Emphasis was laid on methods of inducing and measuring flow in the molten metal, with particular reference to electromagnetic pumps and flowmeters.

A start was also made with the study of the heat transfer between a suspension of solid particles in a fluid and pipes. This subject is important in certain applications of homogeneous nuclear reactors, in which a suspension of nuclear fuel particles in a liquid, e.g. heavy water, is used both as fuel and heat-removal agent. Heat transfer in this case departs from the usual laws of convection heat exchange at high concentrations of the solid phase, mainly because of the deviation of the viscosity from the Newtonian laws.

Human Heat Balance

The work in the field of physiological reactions of the human being under various external and internal heat loads was continued.

The development of methods for measuring directly the heat exchange between the human body and its surroundings in the climatic chamber has advanced to the stage where the heat loss by convection and evaporation from models in a wind tunnel can be determined to an accuracy of within 10 per cent. Convection was measured with the aid of an integrating grid, while a new type of dewpoint meter was used in the determination of the heat loss by evaporation.

Advice and assistance were given to the Applied Physiology Laboratory of the Chamber of Mines in connection with their research programme. The work

bestaan uit die ontwerp van instrumente vir die noukeurige bepaling van veltemperatuur. Twee stralingsmeters is vir hierdie doel gebou en met goeie gevolge gebruik. Die metings verkry is heelwat noukeuriger as wat dusver met ander instrumente moontlik was.

'n Verdere diens aan genoemde Laboratorium gelewer, was die berekening van die hitteverlies van die liggaam onder toestande met versadigde lug by hoë temperatuur en die ontwikkeling van 'n rektum-termometer vir die bepaling van die binnetemperatuur van die liggaam.

Studie van Sonenergieversamelaars

Verskeie verdere ondersoeke op die gebied van die gebruik van sonenergie is aangepak. Hierdie ondersoek sluit in die toetsing van sonstralingsabsorberende apparate wat vir die verwarming van water vir huishoudelike gebruik en vir bereiding van drinkwater uit brakwater bedoel is.

Vernietiging van Banknote

Verdere ondersoek van metodes vir die vernietiging van uitgediende banknote wat aan sirkulasie onttrek is, het aangetoon dat die mees bevredigende metode sou wees om die note te verpoel en met water te vermeng, waarna dit met veiligheid in die munisipale rioolstelsel afgespoel kan word.

Die hoofprobleem wat hom in hierdie verband voorgedoen het, was om 'n reëlmatige toevoer van die bondels note in die vergruiser te verkry teen die besonder lae tempo wat verlang word. 'n Masjien is ontwikkel om die bondels los te breek sodat 'n gestadige stroom los note in die meul gevoer kan word. Geslaagde toetse is uitgevoer en werkstekeninge van die hele apparaat word tans voorberei.

LUGREÛLING EN VERKOELING

Klimaatskamer

Die kontrak vir die ontwerp, toesighouding tydens oprigting en yking van die klimaatskamer vir die Laboratorium vir Toegepaste Fisiologie van die Kamer van Mynwese is met sukses afgehandel. Die klimaatskamer is op 1 November 1956 amptelik aan die Kamer oorhandig.

TERMODINAMIKA

Die installering van toerusting vir die aflaai, vervoer, berging en verpoelering van steenkool in eenhede van 5 ton elk, is voltooi.

Gasturbinenavorsing

In vorige verslae is herhaaldelik daarop gewys dat die gasturbine as primêre kragbron in Suid-Afrika met ander kragbronne kan konkurrer slegs indien eersgenoemde van steenkool as brandstof gebruik maak. Die doel

was hoofsaaklik met die ontwerp van instrumente vir die akkurate meting van veltemperatures. Twee instrumente, beide van die radiometer tipe, is vir hierdie doel gebou en met goeie gevolge gebruik. Die metings verkry is heelwat noukeuriger as wat dusver met ander instrumente moontlik was.

Verdere diens aan genoemde Laboratorium gelewer, was die berekening van die hitteverlies van die liggaam onder toestande met versadigde lug by hoë temperatuur en die ontwikkeling van 'n rektum-termometer vir die bepaling van die binnetemperatuur van die liggaam.

Study of Solar Heat Collectors

Several further laboratory investigations were initiated in the field of solar energy utilization. These included the testing of solar radiation-absorbing devices intended for domestic water heating and for the distillation of drinking water from brack water.

Destruction of Banknotes

Further studies of methods of disposing of soiled banknotes withdrawn from circulation indicated that the most satisfactory scheme would be to pulverize and pulp them, after which they could safely be flushed into the municipal sewerage.

The principal problem encountered was that of ensuring a uniform feed of the note bundles to the pulverizer at the desired rate, which is extremely low. A machine was developed for stripping the bundles into loose notes, thereby enabling a steady stream of notes to be fed into the mill. Successful tests were conducted and working drawings of the whole plant are being prepared.

AIR CONDITIONING AND REFRIGERATION

Climatic Chamber

The contract for the design, supervision during erection and calibration of a climatic chamber for the Applied Physiology Laboratory of the Chamber of Mines was successfully completed. It was formally handed over to the Chamber on 1st November, 1956.

THERMODYNAMICS

The installation of facilities for the off-loading, transport, storage and pulverizing of coal in 5-ton batches has been completed. Arrangements are now being made for the supply and delivery of the first consignment of coal.

Gas Turbine Research

It has been stressed repeatedly in previous reports that the gas turbine could only compete with other types of prime mover in South Africa if coal were used as fuel.

van hierdie projek is derhalwe om toerusting te ontwikkel vir die hantering en verbranding van verpoeierde steenkool en vir die verwydering van as uit die verbrandingsprodukte met die oog op die gebruik van 'n oop kringloopgasturbine.

Een faktor wat hierdie werk onderskei van soortgelyke werk in die buiteland (Engeland en die V.S.A.) is die feit dat hier gepoog word om die steenkool in 'n intense klankveld te verbrand. Vir die skepping van so 'n klankveld word 'n termo-akoestiese resonator tans ontwikkel.

Twee metodes vir die hantering van verpoeierde steenkool is ondersoek, naamlik 'n vervloeiingsstelsel en 'n geroerde roertenk met vibrerende voerbak wat onder hoë druktoestande kan funksioneer. Aansienlike sukses is met eersgenoemde stelsel behaal, waardeur 'n verpoeierde steenkoollewering van so laag as ongeveer 10 lb/uur nog egalig kan geskied, terwyl laasgenoemde stelsel bevredigend blyk te wees onder toestande van atmosferiese druk.

Van besondere belang in die werking van 'n gasturbine met 'n oop kringloop wat steenkool as brandstof gebruik, is die as-skeiers. Verskeie modifikasies van die sikloontipe as-skeier is getoets met die oog op die bepaling van kriteria vir die optimum werking daarvan.

Die oprigting van toerusting vir die meet van die verbrandingsnelheid van verpoeierde steenkool het 'n gevorderde stadium bereik. Die verbrander wat vir die meet van verbrandingsnelheid ontwerp is, ondergaan tans toetse om te bepaal of egalige snelheid en egalige


The aim of this project is, therefore, to develop equipment for the handling and combustion of pulverized coal and for the removal of ash from the combustion products. Ash removal should take place to an extent where the products of combustion can be directly passed through an open cycle turbine.

One factor which differentiates between the present work and similar attempts overseas (U.K. and U.S.A.) is the fact that there it is attempted to burn pulverized coal in an intense sound field. To generate such a sound field a thermo-acoustic resonator has been developed and is at present being perfected.

Two systems of handling pulverized coal were investigated: a fluidizing system, and a hopper with vibratory feeding trough type to operate under pressurized conditions. Considerable success was achieved with the former system, steady deliveries of coal as low as 10 lb. per hour being possible, while the latter was proved to be satisfactory under atmospheric pressure conditions.

The separation of ash is of vital importance in the operation of the open cycle coal-burning gas turbine. Several modifications of the cyclone type of ash separator were therefore tested with a view to determining the criteria for optimum operation.

Construction of the equipment for a study of the flame speed of pulverized coal has reached an advanced stage. The burner designed for measuring the flame speeds is undergoing trials to determine the velocity distribution and coal concentration distribution at the test section.



Die gebou wat die klimaatskamer bevat

The building which houses the climatic chamber.

verpoeierde steenkoolkonsentrasie in die vlamsone verkry word.

'n Eksperimentele verbrandingskamer is gebou en hierdie installasie, met uitsondering van die instrumentasie, is voltooi. Voorsiening is gemaak vir 'n vuurvaste ontstekingsone wat gemaklik met een van 'n ander ontwerp vervang kan word indien dit as gevolg van die verskillende eienskappe van die onderskeie steenkoolsoorte nodig blyk.

Verbrandingseienskappe van Brandstowwe

Apparaat vir 'n ondersoek van die verbrandingseienskappe van plaaslik vervaardigde gasvormige of vloeibare brandstowwe is voltooi en toetse word uitgevoer. Die doel van hierdie werk is om vlamsnelhede van sowel gas- as vloeibare brandstowwe te meet en om die uitwerking van druk op die hitte-ontwikkelingstempo in die reaksiesone te bestudeer.

LUGDINAMIKA

Die Meting van Lae Lugsnelhede

Die ontwikkeling van nuwe instrumente vir die meting van lae lugsnelhede en klein drukverskille is voortgesit.

Die luglaermeule met elektroniese omwentelingsteller is getoets en geëyk oor die snelheidsbereik tussen 15 vt./min. en 1,200 vt./min. nadat die aanvanklike probleme in verband met rotasie van die lemwiël onder stillugtoestande oorbrug is. 'n Tweede prototipe word gebou wat na verwagting in staat sal wees om snelhede in die wye

An experimental combustion chamber has been built and the installation is complete except for the instrumentation. Provision has been made for a refractory ignition zone which can easily be exchanged with one of a different design, should this be required by the different characteristics of the various coals to be tested.

The Burning Characteristics of Fuels


Apparatus for the study of the burning characteristics of locally produced gaseous and liquid fuels was completed and calibration tests are being carried out. The aim of this work is to measure the laminar and turbulent flame speeds of both gaseous and liquid hydrocarbon fuels, and to study the effect of pressure on the heat release rate in the reaction zone.

AERODYNAMICS

The Measurement of Low Velocities

Research was continued on the development of new instruments for the measurement of low air velocities and small differential pressures.

The vane anemometer with compressed-air bearings and electronic revolution counter was tested and calibrated in the range between 15 ft./min. and 1,200 ft./min.; after the initial problems in connection with rotation of the vane wheel under still-air conditions had been over-



Sentrifugale manometer ontwikkel deur die Afdeling Lugmeganika.

Centrifugal manometer developed by the Aeromechanics Division.

bereik van 15 vt./min. tot 6,000 vt./min. te meet. 'n Besondere eienskap van die instrument is die hoë inherente akkuraatheid daarvan wat dit veral geskik maak vir die yking van windtonnels.

Verdere toetse op die lugmanometer het aangedui dat die apparaat onder praktiese toestande 'n gevoeligheid om en by 10^{-6} dm. watersuil besit, 'n waarde wat in ooreenstemming met teoretiese berekeninge is. Ten spyte van hierdie hoë gevoeligheid, is die manometer stewig en maklik hanteerbaar. Die instrument is reeds gebruik om 'n pitot-statiese buis op die wentelarm te yk tot 'n minimum spoed van 1 vt./sek.

'n Tweede gevoelige manometer is ontwerp, gebou en getoets. Hierdie manometer is van die vloeistoftipe en maak gebruik van 'n elektro-magnetiese balansindikator. Dit is só ontwerp dat onbekende drukverskille met behulp van 'n weegproses bepaal word. Die lugmanometer wat hierbo beskryf is, is as yktoestel gebruik ten einde die gevoeligheid, akkuraatheid en reaksietyd van die vloeistofmanometer te bepaal. Die resultate dui daarop dat die akkuraatheid van die nuwe manometer ongeveer twintig maal hoër is as dié van die 13 dm. Chattock-manometer wat tot dusver as standaard vir die meting van baie klein drukverskille gebruik is. Die akkuraatheid van die nuwe instrument is ongeveer 1×10^{-5} dm. watersuil, teenoor 2×10^{-4} dm. watersuil in die geval van die Chattock-manometer.

Ten slotte is die sogenaamde Leon-buis ontwikkel om vloeisnelhede in water „by 'n punt” te meet oor die bereik 1 tot 15 vt./sek. In die ontwerp van die buis is 'n differensiale drukbuis (pitotmeter) en 'n differensiale vloeistofmanometer gekombineer in 'n kompakte, draagbare en stewige instrument wat besonder geskik is om snelheidsverdelings in oop kanale te bepaal.

Lugvervoer van Gekorrelde Materiale

Die voorbereidende teoretiese werk en die beplanning van toetse wat nodig sal wees om 'n basiese teorie vir lugvervoer van materiale daar te stel, is afgehandel. Daar word tans op die voltooiing van eksperimentele toerusting gewag wat ingestel en geïk sal moet word voor 'n aanvang met verdere toetse gemaak kan word. Verskeie nywerheidsondernemings het belangstelling in die projek getoon, sodat 'n aantal toetse vir nywerheidsondernemings op kontrakbasis in die vooruitsig gestel word.

Die werk aan die ontwerp van die onderdele van die toetsaanleg is afgehandel met uitsondering van dié aan die straalpomp wat nog ontwikkel word. Konstruksie van die onderdele word in die Sentrale Werkplaas voortgesit.

Lugweerstand van Mynskagte en -tonnels

'n Spesiale windtonnel is ontwerp wat as model van 'n sirkelvormige mynshagte, volledig toegegerus met interne struktuur, sal dien. Die tonnel het 'n deursnit van 6 vt. 6 dm. en 'n effektiewe toetslengte van ongeveer 60 vt.

come. A second prototype is being constructed which is expected to be capable of measuring over the wide range of speeds between 15 ft./min. and 6,000 ft./min. A noteworthy feature of the instrument is its exceptionally high intrinsic accuracy which makes it particularly suitable for calibration tests of wind tunnels.

Further tests on the air manometer indicated that the theoretically-determined sensitivity, of the order of 10^{-6} inch water gauge, was also attainable under practical conditions. In spite of this high sensitivity, the manometer is robust and easy to manipulate. The instrument has been used to calibrate a pitot-static tube on the whirling arm down to a minimum speed of 1 ft./sec.

A second sensitive manometer has been designed, constructed and tested. This manometer is of the liquid type, utilizes an electromagnetic device for balance indication, and is designed in such a way that unknown differential pressures are determined by a process of weighing. The air manometer described above was used as calibrator in order to determine the sensitivity, the accuracy and the response time of the liquid manometer. The results of these experiments indicated that the new manometer has an accuracy about twenty times higher than that of the 13-inch Chattock gauge, which has been used up to the present as standard for the measurement of minute differential pressures. The accuracy of the new manometer is approximately 1×10^{-5} inch w.g. as against 2×10^{-4} inch w.g. in the case of the Chattock gauge.

Finally, the so-called Leon tube was developed for measuring flow speeds in water “at a point” in the range between 1 and 15 ft./sec. In the design of the tube, a differential pressure probe (pitometer) and a differential liquid manometer were combined to form a compact, portable and robust instrument particularly suited for determining velocity profiles in open channels.

Pneumatic Conveyance of Granular Materials

The preliminary theoretical work and the planning of experiments which will be required to establish a basic theory for the conveyance of materials by means of compressed air, were completed. Completion of the experimental equipment, which will have to be adjusted and calibrated prior to the commencement of further tests, is now awaited. Several industrial undertakings have shown interest in the project so that a number of industrial tests under contract is envisaged.


Design work on all the components of the test plant was completed except on the jet pump which is still being developed. Construction of the components is proceeding.

Air-Flow Resistance in Mine Shafts and Tunnels

A special wind tunnel has been designed to serve as the model of a circular mine shaft, complete with internal structure. The tunnel has a diameter of 6 ft. 6 in., and an effective working-section length of approximately 60 ft.

Die windtonnel sal gebruik word vir 'n ondersoek na die lugweerstand in moderne mynsgagte met die uiteinde-like doel om vloeiverliese deur verbeterde lugdinamiese ontwerp van die interne struktuur te verminder. Die invloed van faktore soos die balkvorm, balkspasiëring en Reynoldsgetal op die weerstand van skagte sal ondersoek word. Na voltooiing van die tonnel sal 'n reeks toetse onder kontrak met 'n myngroep uitgevoer word, ten einde die invloed van die stroombelyning van balke in 'n voorgestelde skag te ondersoek.

The tunnel is to be used for an investigation of the aerodynamic resistance of modern mine-shafts, with the ultimate aim of reducing flow losses by virtue of improved aerodynamical design of the internal structures. Factors such as bunton shape, bunton spacing and Reynolds number are to be considered in relation to flow losses. After completion of the tunnel, a series of tests is to be performed under contract with a mining group. The immediate object of the experiments will be to investigate the effect of bunton streamlining in a proposed shaft.



'n Windtonnel vir navorsing in verband met lugweerstand in mynsgagte.

Wind tunnel for research into air resistance in mine shafts.

Windtonnelontwikkeling

Die lugdinamiese fase van die ontwerp van 'n windtonnel met lae turbulensie en 'n geslote kringloop en met 'n 6 vt. toetsruim, is bykans voltooi. Die tonnel word ontwerp met 'n maksimum lugspoed van 400 vt./sek. en 'n beraamde kragverbruik van 1,430 pk. Spoedbeheer moet deurlopend verander kan word en vir dié doel word die gebruik van 'n Ward-Leonardstel oorweeg.

'n Model van hierdie tonnel, op 'n skaal van 1 op 6, word tans ontwerp om die doeltreffendheid daarvan te ondersoek voordat met die uitvoerige meganiese ontwerp begin word. Die model sal later permanent as 'n instrumenttonnel gebruik word, waarin die temperatuur, druk en moontlik ook die stroomrigting ten opsigte van die horisontale vlak veranderbaar gemaak kan word.

'n Supersoniese tonnel van die „afblaas“-tipe vir navorsing op die gebied van hoëspoed-lugdinamika word

Wind Tunnel Development

The aerodynamic phase of the design of a low-turbulence, closed-circuit wind tunnel having a 6-ft. working section, is nearing completion. The tunnel is being designed for a maximum air speed of 400 ft./sec. with an estimated power consumption of 1,430 H.P. Infinitely variable speed control is required and for this purpose a Ward-Leonard system is being considered.

A model of this tunnel, to a scale of 1 in 6, is at present being designed in order to study its performance, before attempting the detailed mechanical design. The model is to be used eventually as an instrument tunnel in which the temperature and pressure, and possibly the direction of flow in relation to the horizontal, are to be made variable.

A supersonic tunnel of the blow-down type is being designed for high speed aerodynamical research. The air

ontwerp. Die druklugopgaartenk wat vir hierdie doel nodig is, sal op so 'n wyse ontwerp en ingerig word, dat dit deel uitmaak van 'n klein druklugtunnel wat teen geringe addisionele koste aangebou sal kan word. Die druklugtenk sal 'n kapasiteit van 2,000 kub. vt. hê, en sal deur die bestaande kompressor van lug tot 'n druk van 200 pd. per vk. dm. voorsien word. Met hierdie lugvoorraad sal die beoogde 18 dm. x 18 dm. hoëspoedtunnel by 'n maksimum ontwerps-Machgetal van 4.5 'n toets van 16 sek. elke twee uur toelaat.

Meesleuring van Lug deur 'n Lugstraal

Hoewel die benaming van hierdie projek die indruk kan skep dat die probleem van 'n baie abstrakte aard is, bestaan daar 'n aantal praktiese toepassings waarby lug deur 'n hoëspoedlugstraal in beweging gesit word. Die werking van die induksietipe supersoniese windtunnel berus byvoorbeeld op hierdie beginsel, terwyl toestande wat gepaard gaan met die sogenaamde straalstrome op groot hoogtes in die atmosfeer, van direkte belang vir die lugvaartkunde is.

Navorsing is begin in verband met die ontwerp en werking van 'n straalpomp om lugvloei in lugvervoerapparate te induseer. 'n Eksperimentele pomp is ontwerp en deur die Sentrale Werkplaas vervaardig. 'n Aantal eksperimente is uitgevoer en uit die resultate is 'n teorie vir die omskrywing van die werkverrigting van die toestel ontwikkel. Hierdie teorie sal as grondslag dien vir die ontwerp van straalpompe in die algemeen, en van die pomp wat vir die lugvervoerapparaat nodig is, in die besonder.

Die Lugweerstand van Gaasskerms

Gaasskerms vind 'n wye toepassing in lugdinamiese navorsing en in ventilasiewerk.

Tegniese word tans ontwikkel waardeur die lugdinamiese weerstand van gaas met 'n hoë mate van akkuraatheid bepaal kan word. Aandag word veral gewy aan metings by lae lugsnelhede, aangesien geeneen van die bestaande metodes op hierdie terrein bevredigend is nie. In hierdie ondersoek word uitvoerig gebruik gemaak van die nuwe instrumente wat in die Instituut ontwikkel is.

Ander Ondersoeke en Dienste

Gedurende die onderhawige tydperk is sewe lugspoedmeters vir private ondernemings en ander laboratoria van die W.N.N.R. geyk.

LUGDINAMIESE WERKTUIG

Toets van Dakventilatore

Na voltooiing van die ontwikkeling van 'n metode vir die bepaling van dakventilator-werkverrigting deur middel van windtonneltoetse, is aandag geskenk aan die oorblywende aspek van die toetsprobleem, naamlik die

receiver required for this tunnel will be designed and equipped in such a manner that it will form part of a small compressed air tunnel, which can be incorporated at little additional cost. This receiver will have a capacity of 2,000 cu. ft., and will be supplied with air from the existing compressor up to pressures of 200 p.s.i.g. When this energy is utilized in conjunction with the proposed 18 inch x 18 inch high-speed tunnel, a test run of 16 seconds duration every two hours will be obtainable at a maximum design Mach-number of 4.5.

Air Entrainment in Air Jets

Although the title of this project suggests that the problem may be of a very abstract nature, there are a number of practical applications in which air is set in motion by means of a high-speed jet. The operation of supersonic tunnels of the induction type, for example, depends on this principle, while the conditions associated with jet streams at high altitudes in the atmosphere have a direct bearing on aeronautics.

Research has been initiated into the design and operation of a jet pump for inducing air flow in compressed-air conveyors. An experimental jet pump was designed and has been constructed in the Central Workshops. A number of experiments have been performed and the results used to develop a theory which elucidates the operation of the pump. This theory will serve as design basis for jet pumps in general, and for the pump required for the pneumatic conveyor in particular.

Air-flow Resistance of Gauze Screens

Gauze screens have a wide field of application in aerodynamic research and in ventilation work.

Techniques are being developed whereby the aerodynamic resistance of gauze materials can be determined with high accuracy. Special consideration is being given to measurements at low air speeds, since none of the existing methods are very satisfactory in this range. In this investigation extensive use is being made of the new instruments which have been developed in the Institute.

Other Investigations and Services

During the period under review, seven anemometers were calibrated on behalf of private firms and other C.S.I.R. laboratories.

AERODYNAMIC MACHINES

Testing of Roof Ventilators

After completing the development of a method for determining roof ventilator performance by means of wind tunnel tests, attention was given to the one remaining aspect of the testing problem, namely that of

bepaling van die mate waarin die ventilatore dig is teen reën.

Eenvoudige apparaat is ontwerp en opgerig om verskillende toestande van nagemaakte reënval te verkry, en 'n tipiese dakventilator is vervolgens getoets. Die resultate dui daarop dat die metode 'n betroubare grondslag vorm vir die vergelyking van die doeltreffendheid van verskillende ventilatore teen reën.

Omvattende verslae oor al die werk wat tot dusver voltooi is, is aan die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaardse voorgelê wat nou in staat sal wees om hierdie bevindings te gebruik vir die opstel van 'n dakventilator-toetskode.

'n Studie van Waaierontwerp met Betrekking tot Geraas

Die oprigting van die toetsopstelling wat ontwerp is vir 'n ondersoek na die vermindering van waaiergeraas by die oorsprong daarvan, nader tans voltooiing. Die toetsopstelling is op so 'n wyse ontwerp dat die eksperimentele waaiereenheid van 30 dm. sal aansluit by 'n pypleiding van 20 vt. waarvan die ander end met 'n eksponensiële horing en 'n absorberende uitlaat verbind is. Die horing, met 'n bek van 10 vt. vierkant, en die uitlaat wat oor die bek aansluit, sal dien om klankweerskaatsing, wat pypresonansie-effekte kan veroorsaak, te verhoed. Dit sal dus die uitvoering van geraasmetings binne die lugkanaal moontlik maak.

Die waaiereenheid is reeds geïnstalleer en werk bevestigend, terwyl die finale opstelling van die horing- en uitlaateenheid op voltooiing van die pypleiding wag.

Navorsing op Lemroosters

Die finale stadium van 'n ondersoek na sekere teoretiese aspekte van die vloei deur lemroosters is voltooi, en het gelei tot die aanvaarding van 'n belowende teoretiese benadering van die lemroosterprobleme wat in verband met turbowerktuie staan. Hierdie werk het 'n ontleding van die vloei deur leilemme van 'n tipiese omhulde waaier behels. 'n Begin is nou ook gemaak met 'n sistematiese ontleding van die vloei deur 'n stel tipiese waaierlemprofiere in verskeie samestellings. Beskikbare literatuur word nagegaan met die oog op die verkryging van metodes waarvolgens die teorie uitgebrei kan word om die effek van viskositeit in te sluit. Aangesien so 'n uitbreiding die berekening van grenslae behels, word 'n studie van teoretiese metodes wat vir hierdie doel geskik sou wees, ook onderneem.

'n Begin is gemaak met die ontwerp van 'n laespoed-lemrooster-windtonnel en die werk het so goed gevorder dat dit moontlik was om met besonderhede van die meganiese ontwerp te begin.

Ontwerp en Werkverrigting van Windmeulens

Die voortdurende belangstelling in die gebruik van windmeulens, nie alleen vir landboukundige en huishoudelike kragvoorsiening nie, maar ook op die gebied

determining the degree to which ventilators are proof against rain.

Simple apparatus was designed and erected to produce various conditions of simulated rainfall, and a typical roof ventilator was then tested. The results suggested that the method could constitute a reliable basis for comparing the effectiveness of different ventilators against rain.

Comprehensive reports on all the work so far completed have been submitted to the South African Bureau of Standards, which will now be able to make use of these findings in the preparation of a roof ventilator test code.

A Study of Fan Design in Relation to Noise

Erection of the fan-noise test rig, which was designed for the purpose of an investigation aimed at reducing fan noise at its source, is nearing completion. The test rig was designed in such a way that the 30-inch diameter experimental fan unit would be attached to a 20-ft. long duct having an exponential horn and an absorptive termination at the other end. The horn, which has a 10-ft. square mouth, together with the termination which fits over the mouth, will prevent sound reflections from causing pipe resonance effects, and will therefore enable noise measurements to be made inside the duct.

The fan unit has already been installed and is being run successfully, while final installation of the horn and termination assembly is awaiting the completion of the main duct.

Cascade Research

The final stage of an investigation into some theoretical aspects of flow through cascades was completed, and has resulted in the adoption of a promising theoretical approach to the cascade problems associated with turbomachines. This work involved an analysis of the flow through the inlet guide vanes of a typical ducted fan. A start has now also been made with a systematic analysis of the flow past a set of typical fan-blade profiles in varying cascade configuration. The available literature is being scrutinized for a suitable method of extending the theory to include the effects of viscosity. Since such an extension would involve boundary layer calculation, a study is also being made of theoretical methods available for this purpose.

A start has been made with the aerodynamic design of a low-speed cascade wind tunnel for experimental work, and the work is progressing so satisfactorily that it has been possible to commence the detailed mechanical design.

Design and Performance of Windmills

Continued interest in the use of windmills, not only for the purposes of agricultural and domestic power supply, but also in the realm of aeronautics, has indicated

van die lugvaartkunde, het gedui op 'n behoefte aan verdere ontwikkeling van bestaande windmeulteorië om ontwerp- en werkverrigtingseienskappe te verbeter sonder om toevlug te neem tot probeermetodes. Werk in hierdie verband is derhalwe begin en goeie vordering word gemaak. Die ondersoek sluit windmeulens van die omhulde tipe in.

Intussen is drie windmeulens van 6 vt. van verskillende lemontwerpe vir 'n private onderneming getoets. Die doel van die werk was om die beste lemontwerp vir gebruik in die ontwerp van groter windmeulens te bepaal. 'n Reeks toetse is aanvanklik in die windtonnel van 10 vt. uitgevoer, maar daar is gevind dat tonnelwandsteurings die stromings in so 'n mate beïnvloed dat die toetse in buitelugtoestande herhaal moes word. Die meule is gevolglik op die meer gebruiklike wyse, naamlik op 'n vragmotor, opgestel en getoets. Daar is gevind dat die resultate kwalitatief in terme van windmeulteorië verklaar kon word.

Ontwerp en Werkverrigting van Omhulde Waaiers


Werk op die projek in verband met waaiergeraas, het aanleiding gegee tot die ontwikkeling van 'n nuwe ontwerpsteorie vir waaiers wat van inlaatlemme voorsien is. Aangesien die teorie belowend lyk en 'n aansienlike vermindering teweeg kan bring in die werk verbonde aan die ontwerp van waaiers, is dit uitgebrei om verskillende gevalle van leilem- en rotorsamestellings te dek.

the need for further development of existing windmill theories in order to improve design and performance characteristics without having to resort to methods of trial and error. Work in this connection has, therefore, been started and good progress is being made. The studies include windmills of the ducted type.

In the meantime, three 6-ft. diameter windmills of different blade design were tested on behalf of a private firm. The purpose of the work was to determine the best blade design for incorporation into larger windmills. A series of tests was first conducted in the 10-ft. wind tunnel, but tunnel interference effects were found to have such a marked influence that the tests had to be repeated under outdoor conditions. It was found that the results obtained could be qualitatively explained in terms of windmill theory.

Design and Performance of Ducted Fans

Work on the fan noise project gave rise to the development of a new fan design theory for fans equipped with inlet guide vanes. Since the theory seemed promising and could result in substantial reduction in the work involved when designing fans, it was extended to cover the cases of various stator-rotor configurations.



Model van die inlaatpype van 'n kompressor vir bestudering van die werking van hoeklemme in 'n elmboogverbinding.

Model of compressor inlet ducting for studying action of corner vanes in an elbow joint.

Verdere ontwikkeling het noodsaaklik geblyk toe die ontwerp van 'n waaier vir die voorgestelde nuwe windtunnel van 6 vt. nodig geword het, aangesien die voorlopige spesifikasies van die spoed- en weerstandsfaktor vir hierdie tunnel die behoefte aan 'n kontraroterende samestelling aangedui het. Die teorie is op so 'n wyse ontwikkel dat dit moontlik was om die geskikste waaier vir werking oor 'n betreklik wye bereik van lugspoede en weerstandsfaktore te ontwerp. 'n Skaalmodel van die waaier is ontwerp ten einde die geskiktheid van die ontwerp, veral met betrekking tot die nodige bereik van bedryfstoeistande te toets. 'n Teoretiese ontleding van die werkverrigting is gemaak en kan met die resultate van eksperimentele studies op die modelwaaier vergelyk word.

Swigting van Hoeklemme

'n Onderzoek word namens 'n myngroep onderneem om die oorsaak van swigting van 'n stel hoeklemme in die uitlaatpyp van 'n turbo-kompressoreenheid vas te stel. 'n Model van die opstelling, bestaande uit 'n boog met hoeklemme, en 'n vleuelklep op 'n kort afstand stroomop, is gebou en met die 30 dm. eksperimentele waaiereenheid van die toetsopstelling vir waaiergeraas verbind. Die vloeitoestande in die omgewing van die hoeklemme word tans ondersoek.

HIDROMEGANIKA

Die vernaamste navorsingswerk van die afdeling Hidromeganika, wat teen middel 1956 in die lewe geroep is, was 'n ondersoek in verband met 'n waterprobleem in verskeie goudmyne in die Wes-Witwatersrandse gebied. Die ondersoek sluit in die gebruik van chemiese spoor-elemente om die vloei van ondergrondse water in die omgewing van die myne na te gaan. In die hooftoets wat dusver afgehandel is, is 40 ton gewone sout by die water wat uit een van die myne gepomp is, gevoeg op 'n punt waar hierdie water 'n sinkgat binnegaan. Watermonsters wat daaglik gedurende die daaropvolgende weke uit verskillende myndelfplekke en uit verskillende plekke op die oppervlakte geneem is, is chemies ontleed om veranderinge in die chloriedinhoud daarvan te bepaal. Hierdie werk het tot die belangrike gevolgtrekking gelei dat ongeveer driekwart van die water wat uit hierdie myn gepomp is, inderdaad binne 'n tydperk van vier maande weer na die werksgebiede van hierdie en 'n aangrensende myn terugvloei.

Die ondersoek word voortgesit.

Further development became necessary when it was required to design a fan for the proposed new 6-ft. wind tunnel, since the preliminary specifications of speed and power factor for this tunnel indicated the need for a contra-rotating fan configuration. The theory was developed in such a way that it became possible to design the best fan for working over a fairly wide range of airspeeds and power factors. In order to test the suitability of the design, especially with regard to the required range of operating conditions, a scale model of the fan was designed. A theoretical performance analysis has been made, and can be compared with the results of experimental studies on the model fan.

Corner Vane Failure

An investigation is being undertaken on behalf of a mining group to determine the cause of failure of a set of corner vanes installed in the intake duct of a turbo-compressor plant. A model of the arrangement, comprising a bend and corner vanes with a butterfly valve a short distance upstream, has been built and attached to the 30-inch diameter experimental fan. The flow conditions in the vicinity of the corner vanes are now being studied.

HYDROMECHANICS

The main research activity of the Hydromechanics Division, established in mid-1956, has been an investigation of a water problem in several gold mines in the West Witwatersrand area of the Transvaal. The work involves the use of tracers to study the movement of sub-surface water in the vicinity of the mines. In the main test completed to date, 40 tons of common salt were added to the water from one of the mines at a point where it enters a sinkhole. Water samples collected daily during succeeding weeks from various mine stopes and surface points, were chemically analysed to detect any change in chloride content. This work led to the important conclusion that about three quarters of the water pumped from this mine actually returns to the working areas of this and a neighbouring mine within a period of four months.

The tests are continuing.

Nasionale Telekommunikasie- navorsingslaboratorium

Direkteur: DR. F. J. HEWITT

Die program gedurende die verslagtydperk was weereens toegespits op die oplossing van probleme waarmee gebruikers van radiogolwe vir burgerlike en militêre dienste in Suid-Afrika te kampe het.

'n Belangrike deel van die program was weereens die studie van die voortplanting van radiogolwe deur die laer en hoër atmosfeer, en navorsingswerk i.v.m. die aard van lugsteurings in radio-ontvangstelsels sover dit radio-kommunikasie en radiohulpmiddels vir navigasie betref. Met die oog op die voorbereidingsprogram vir die Internasionale Geofisiese Jaar het sekere dele van hierdie program besondere aandag geniet.

Die res van die program was gewy aan die ontwikkeling van toerusting om aan spesiale vereistes in Suid-Afrika te voldoen, asook om plaaslike produksieprobleme van sulke toerusting op te los. Radio- en radartoerusting van 'n baie hoë gehalte en gebaseer op ontwerpe wat in die Laboratorium ontwikkel is, word nou deur verskeie firmas in Suid-Afrika vervaardig. Gelisensieerde produksie in die Verenigde Koninkryk is ook aan die gang.

Soos in die verlede, was die Laboratorium gehuisves in 'n gebou wat beskikbaar gestel is deur die Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg. Veldwerk is gedoen by die Universiteit se proefplaas op Frankewald, Jan Smuts-lughawe en by die radio-ontvangstasie van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie by Panorama. Ionosferiese waarnemings word ook vir die Laboratorium deur die Suid-Afrikaanse Departement van Pos- en telegraafwese in Kaapstad gedoen. Die Raad wens die betrokke organisasies te bedank vir die beskikbaarstelling van hierdie fasiliteite.

Die naam van die Laboratorium is verander in Nasionale Telekommunikasienavorsingslaboratorium.

DIE VOORTPLANTING VAN RADIOGOLWE

Ionosferiese Waarnemings en Voorspellings


Langafstand-radioverbinding is so te sê geheelal afhanklik van die weerkaatsing van radiogolwe deur 'n geïoniseerde streek van die hoër atmosfeer wat bekend is as die ionosfeer. As gevolg van hierdie weerkaatsienskappe word hoë-frekwensie-radiogolwe, wat andersins in die ruimte sou verdwyn het, na die oppervlakte van die aarde weerkaats en word langafstand-radioverbinding moontlik gemaak. Radiogolwe word nie net alleen deur die ionosfeer weerkaats nie, maar word ook in 'n sekere mate daarin opgeneem. Dit lei tot verminderde sein-

National Telecommunications Research Laboratory

Director: DR. F. J. HEWITT

During the period under review, the programme was again directed towards the solution of problems confronting the users of radio waves in South Africa for civil and military purposes.

The study of the propagation of radio waves through the lower and upper atmosphere and the investigation of the nature of the disturbances caused by atmospheric to radio communication systems and radio aids to navigation has continued as an important part of the programme. Certain aspects of this work have been intensified as part of the world programme of preparations for the International Geophysical Year.



Dr. F. J. Hewitt.

The remainder of the programme has been concerned with the development of equipment to meet special requirements that have arisen in South Africa and with the problems encountered in the production of such equipment by industry in South Africa. Specialized

sterkte of selfs tot algehele verdwyning van die sein. Die omvang van albei gevolge is baie afhanklik van die frekwensie wat gebruik word.

Die weerkaatseienskappe van die ionosfeer verander aansienlik met tyd, seisoen en omgewing en vir goeie radio-verbinding is dit noodsaaklik dat betroubare voorspellings van ionosferiese toestande beskikbaar is sodat die mees geskikte frekwensie vooruit gekies kan word vir enige besondere radio-kommunikasie. Om voorspellings te kan doen, word daar gereelde waarnemings van ionosferiese eienskappe by meer as sewentig ionosferiese waarnemingstasies deur die hele wêreld gedoen. Die Laboratorium is verantwoordelik vir sulke waarnemings te Kaapstad en Johannesburg, waar onderskeidelik 97.2 persent en 94.0 persent van die inligting wat verkry is, bruikbaar was. Die resultate—'n totaal van meer as 30,000 ossillogramme—is in die Laboratorium ontleed en die data is gereeld gepubliseer asook uitgeruil met soortgelyke oorsese organisasies.

Geen resultate van die Ionosfeerstasie by Nairobi is gedurende die verslagtydperk verkry nie. Dit is hoofsaaklik te wyte aan die geweldige steurings wat ondervind is by die oorspronklike terrein en die verskuiwing van die toerusting na die nuwe terrein.

Ten spyte van die oprigting van nuwe ionosferiese waarnemingstasies in verskeie ander dele van Suidelike Afrika deur ander organisasies gedurende die afgelope paar jaar, is daar nog groot gedeeltes in die suidelike half-



*'n Produksiemodel van 'n Tellurometer.
A production model of the Tellurometer.*

radio and radar equipment is now being manufactured by various commercial firms in South Africa, based on designs developed in the Laboratory. Production in the United Kingdom, under licence, is also in progress.

As in the past, the Laboratory has been housed in premises made available by the University of the Witwatersrand, Johannesburg. Field work has been conducted at the University Experimental Farm at Frankenswald, at Jan Smuts Airport and at the Panorama receiving station of the South African Broadcasting Corporation. Ionospheric observations are made at Cape Town on behalf of the Laboratory by the South African Department of Posts and Telegraphs. The Council wishes to accord to the organizations concerned its appreciation of these facilities.

The name of the Laboratory has been changed to the National Telecommunications Research Laboratory.

THE PROPAGATION OF RADIO WAVES

Ionospheric Observations and Forecasts

Long range radio communication is dependent almost entirely on the reflection of radio waves by an ionized region of the upper atmosphere known as the ionosphere. As a result of these reflecting properties high frequency radio waves, which would otherwise escape into space, are returned to the earth's surface, and make long-range radio communication possible. Besides the reflection of the radio waves, absorption can also take place to a varying extent in the ionosphere. This results in decreased signal intensity or even complete loss of signal. The magnitude of both these effects is very much dependent on the frequency used.

The reflection properties of the ionosphere vary considerably with time, season and location and it is essential for good radio communication that reliable forecasts of ionospheric conditions be available, so that the most suitable frequency for any particular communication circuit can be chosen in advance. To enable forecasts to be made, regular measurements of ionospheric characteristics are made at more than seventy ionospheric observatories throughout the world. The Laboratory is responsible for such measurements at Cape Town and Johannesburg, where 97.2 per cent. and 94.0 per cent. respectively of the records obtained have proved to be usable. The records, totalling more than 30,000 oscillograms, have been analyzed and the data published regularly and exchanged with similar overseas organizations.

No results have been obtained from the ionosphere station at Nairobi during the period under review. This has, in the main, been due to severe interference experienced on the original site and the necessity of moving the equipment to a new site.

Despite the establishment of new ionospheric observatories in various other parts of southern Africa by

rond waar die dekking onvoldoende is. Die Laboratorium is besig om reëlings te tref om met die hulp van die Weerburo 'n ionosferiese waarnemingstasie op Marion-eiland op te rig vir waarnemings gedurende die Internasionale Geofisiese Jaar.

Die opstel en uitreiking van maandelikse voorspellings van optimum frekwensies vir gebruik in Suidelike Afrika is voortgesit. Meer as honderd bulletins word maandeliks uitgestuur. Hierdie voorspellings word ook gebruik deur die Departement van Vervoer vir die voorbereiding van hul gunstige werkkrekwensiekaarte wat uitgereik word aan die burgerlike lugvaart.

Op versoek is voorspellings van gunstige frekwensies vir sekere oorsake en voorspellings vir ander spesiale doeleindes ook gedoen.

Ionosferiese Navorsing

Die Laboratorium neem deel aan 'n internasionale poging om die voortplanting van radiogolwe en die struktuur van die ionosfeer meer intens te bestudeer gedurende die Internasionale Geofisiese Jaar.

Die Laboratorium konsentreer veral op die laer streke van die ionosfeer wat hoofsaaklik verantwoordelik is vir die opneem van hoë-frekwensie-radiogolwe. Die invloed van hierdie streke op radiokommunikasies word minder goed verstaan as dié van die hoër streke wat verantwoordelik is vir die weerkaatsing van radiogolwe. Aangesien die golwe voor en na weerkaatsing deur die laer streke moet gaan, is dié streke skynbaar van heelwat praktiese belang.

Die opneem wat plaasvind by vertikale invalshoek sal gereeld gemeet word op twee verskillende frekwensies, en tegelykertyd sal die gedeeltelike weerkaatsing van die laer streke ook bestudeer word om vas te stel hoe die opneem-eienskappe verander op verskillende hoogtes. Hierdie metings sal ook help om die elektronedigheid van die laer streke op verskillende hoogtes vas te stel. Die impulsmodulasie-eksperimente waarvan daar in vorige verslae melding gemaak is, sal voortduur met verbeterde toerusting met dieselfde doel voor oë. Skuins impulsuitstralings tussen Johannesburg en Salisbury sal ook onderneem word om inligting te verkry oor die opneem van radiogolwe in geval van skuins uitstraling.

Voorbereidings vir hierdie en ander meer gespesialiseerde ondersoeke is nou byna voltooi. Die ondersoeke maak 'n deel uit van 'n Suid-Afrikaanse program soos beplan deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Komitee vir die Internasionale Geofisiese Jaar. 'n Onderkomitee vir die ionosfeer is in die lewe geroep, met die Direkteur van die Laboratorium as voorsitter.

RADIORUISPEILE EN NAVIGASIEHULPMIDDELS

Die radioruispeil wat bestaan by die ontvang-end van 'n radioverbinding bepaal die minimum seinsterkte wat bevredigende kommunikasie moontlik maak. As gevolg

other organizations during the past few years, there remain large areas of the southern hemisphere where coverage is inadequate. The Laboratory is arranging, with the assistance of the Weather Bureau, the establishment of an ionospheric observatory on Marion Island for operation during the International Geophysical Year.

The preparation and issue of monthly forecasts of optimum frequencies for use over circuits in southern Africa has continued. More than 100 bulletins are distributed each month. These forecasts are also used by the Department of Transport in the preparation of optimum R/T Frequency Charts which are supplied to civil aircraft.

Forecasts of suitable frequencies for particular overseas circuits and other forecasts for special purposes are made on request.

Ionospheric Investigations

The Laboratory is participating in the international effort to make a more intensive study of the propagation of radio waves and the structure of the ionosphere during the International Geophysical Year.

The Laboratory is concentrating, in particular, on the lower regions of the ionosphere, the regions which are responsible in the main for the absorption of high frequency radio waves. The effect on radio communications of these regions, through which the waves have to pass both before and after reflection, is much less well understood than that of the higher regions which are responsible in the main for the reflection of radio waves.

The absorption experienced at vertical incidence will be measured regularly on two different frequencies, and at the same time partial reflections from the lower regions will also be studied to determine how the absorbing properties vary with height. These measurements will also enable the electron density at various heights in the lower regions to be determined. The pulse cross-modulation experiments referred to in previous reports will continue with improved equipment, with the same objective. Oblique incidence pulse transmissions between Johannesburg and Salisbury will also be undertaken to provide information on absorption at oblique incidence.

Preparations for these and other more specialized investigations are now nearing completion. The investigations form part of a programme planned by the South African National Committee for the International Geophysical Year. A Sub-committee for the ionosphere has been established under the chairmanship of the Director of the Laboratory.

RADIO NOISE LEVELS AND NAVIGATIONAL AIDS

The radio noise level prevailing at the receiving terminal of a radio circuit determines the minimum radio

van die hoë invalshoek van plaaslike weerlig gedurende die somermaande en die nabyheid van ewenaarstreke waar weerlig deur die hele jaar kan voorkom, is radio-ruispeile in Suid-Afrika betreklik hoog en gevolglik is radiokommunikasie in hierdie opsig moeiliker as in baie oorsese lande. Die invloed is hoofsaaklik belangrik in die lae-frekwensiebande wat nodig is vir „bodemgolf“-radio-navigasihulpmiddels en die Laboratorium het hom die afgelope jare hoofsaaklik op hierdie aspek toegelê. Gedurende die onderhawige tydperk is hierdie program voltooi deur die ontleding van die lae-frekwensieruis-registrasies wat by Jinja in Uganda gemaak is en van registrasies in die lug wat gemaak is deur toerusting aan boord van 'n Skymaster van die Suid-Afrikaanse Lugdiens vir die studie van hoe dikwels neerslagsteurings voorkom.

Die algemene probleem om radioruispeile te registreer en die invloed van radiogeruis op radiokommunikasiesistelsels te beoordeel is baie ingewikkeld en die metodes wat tot nog toe deur die Laboratorium gebruik is, was toegespits op die oplossing van een besondere probleem, naamlik die skatting van die werkverrigtingsvermoë van sekere gespesifiseerde lae-frekwensie-navigasihulpmiddels. Die onderwerp in breë trekke geniet nou heelwat aandag oor die hele wêreld en die Laboratorium doen mee aan 'n internasionale ondersoek wat deur die Internasionale Wetenskaplike Radio-unie gereël is. Die hoofdoel is om 'n afdoende metode van meting van lugsteurings te vind sodat die steureffekte daarvan op alle tipes radiostelsels akkuraat bepaal kan word. Suid-Afrika is goed geleë vir waarnemings van hierdie aard as gevolg van die afwesigheid van sterk lae-frekwensie-radiosenders en die aanwesigheid van betreklik hoë steuringspeile. Gedurende die onderhawige tydperk het die Laboratorium 'n reeks metings gedoen deur gebruik van toerusting wat beskikbaar gestel is deur die Universiteit van Florida om amplitude-waarskynlikheidsverdeling van atmosferiese geruis by die afvoer van 'n ontvanger te bepaal. Dit skyn moontlik dat die steureffekte van radiogeruis weergegee kan word deur 'n redelik eenvoudige matematiese beskrywing in terme van die waarskynlikheidsverdeling.

Die studie van die golfvorm van lugsteurings oor 'n breë frekwensieband is aan die gang.

KRISTALBEHEER VAN VERANDERLIKE FREKWENSIE

Bestellings vir meer as 700 ontvangers, wat van die „Wadley“-metode van kristalbeheer van veranderlike frekwensie gebruik maak, is ontvang deur Racal Engineering Ltd., die Britse firma aan wie die W.N.N.R. 'n lisensie toegeken het om die ontvangers te vervaardig en te verkoop.

signal intensity which can give satisfactory communication. In South Africa, due to the high incidence of lightning locally during the summer months and the proximity to the equatorial regions where lightning may be experienced throughout the year, the radio noise levels are comparatively high and, as a result, radio communication is in this respect more difficult than in many overseas countries. The effects are particularly serious in such low frequency bands as are necessary for “ground wave” radio aids to navigation, and the Laboratory has during the past years concentrated mainly on this aspect. During the period under review this part of the programme has been completed by the analysis of the low frequency noise records made at Jinja in Uganda and of records from airborne equipment carried in a South African Airways Skymaster for the study of the frequency of occurrence of precipitation static.

The general problem of recording radio noise levels and assessing the effect of radio noise on radio communications systems is extremely complicated and the methods used by the Laboratory to date were directed at solving one particular problem, namely, the estimation of the performance of certain specified low frequency aids to navigation. The broader subject is now receiving much attention throughout the world and the Laboratory is co-operating in an international investigation arranged by the International Scientific Radio Union. The first objective is to find a satisfactory means of measuring atmospheric noise in such a way that its interfering effects on all types of radio systems may be assessed accurately. South Africa is well situated for observations of this nature owing to the absence of low frequency high powered radio transmitters and the presence of relatively high noise levels. During the period under review the Laboratory has conducted a series of measurements using equipment made available by the University of Florida to determine the amplitude probability distribution of atmospheric noise at the output of a receiver. It seems possible that the interfering effects of radio noise may be capable of reasonably simple mathematical description in terms of the probability distribution.

The study of the waveform of atmospheric noise over a wide frequency band is in progress.

VARIABLE FREQUENCY CRYSTAL CONTROL

Orders for more than 700 receivers using the “Wadley” system of variable frequency crystal control have been received by Racal Engineering Limited, the United Kingdom firm licensed by C.S.I.R. to manufacture and sell these receivers.

A South African firm, which has been licensed to

'n Suid-Afrikaanse firma aan wie 'n lisensie uitgereik is om 'n vereenvoudigde tipe van hierdie ontvanger te vervaardig, skyn goeie vordering gemaak te hê by sy pogings om die tegniese probleme in verband daarmee baas te raak, dog die toestel is nog nie in die handel verkrygbaar nie.

Na verstaan word, lewer die generators wat volgens hierdie beginsel gebou is deur die S.A. Uitsaaikorporasie en gebruik word by die kortgolfsentrum te Paradys, bevredigende diens. Die Britse Uitsaaikorporasie is besig om proefnemings met 'n laboratoriummodel te doen.

DIE TELLUROMETER-METODE VAN AFSTANDMETING

Die metode is in die Laboratorium ontwikkel om 'n opmetingsinstrument te verskaf wat in staat is om 'n afstand van tot omtrent 30 myl te meet met 'n akkuraatheid wat aanneemlik is vir geodetiese doeleindes. Daar bestaan 'n aansienlike vraag na 'n instrument van hierdie aard en heelwat moeite is alreeds oorsee gedoen om die probleem op te los.

Veldtoets van die instrument wat in die Laboratorium ontwikkel is, het bewys dat dit in staat is om die oorspronklike spesifikasie van 1 op 100,000 (byvoorbeeld


manufacture a simplified version of this receiver, appears to have made very appreciable strides in mastering the technical problems involved, but the set has not yet been placed on the market.

It is understood that the generators operating on this principle, built by the S.A. Broadcasting Corporation and used at the Paradys short-wave centre, are operating satisfactorily. A laboratory model is being tried out by the British Broadcasting Corporation.

THE TELLUROMETER SYSTEM OF DISTANCE MEASUREMENT

This system was developed in the Laboratory to provide a survey instrument capable of measuring distances up to about 30 miles to an accuracy acceptable for geodetic purposes. There is a considerable demand for an instrument of this nature and considerable effort has been devoted to this problem overseas.

Field trials of the laboratory-developed instrument proved it capable of considerably exceeding the original specification of 1 in 100,000 (for example, 1 foot in 20



'n Snelkamera vir gebruik by weerlignavorsing.

A high-speed camera used in lightning research.

1 vt. op 20 myl) heelwat te oorskry. Gedurende die onderhawige tydperk is die werk van die Laboratorium in hierdie rigting toegespits op die oplossing van probleme wat ontstaan het as gevolg van die produksie van hierdie instrumente in Suid-Afrika en die opstel van tegniese artikels in verband met die instrument en manier van gebruik. Produksie is onderneem deur Tellurometer (Edms) Bpk. in samewerking met die W.N.N.R., en die eerste publieke demonstrasies van die produksiemodelle het gedurende Januarie in Kaapstad plaasgevind. Hierdie demonstrasies was 'n volslae sukses en sal binnekort gevolg word deur demonstrasies in die Verenigde Koninkryk en die Verenigde State van Amerika. Die instrument word nou geproduseer en 'n aantal instrumente is alreeds aan verskeie oorsese lande gelever. Voorbereidings is byna voltooi vir 'n intense reeks metings by die Ridgeway-basis in die Verenigde Koninkryk, wat sal dien as 'n finale toets van die moontlike akkuraatheid van die metode en ook om die snelheid van radiogolwe oor 'n verlengde lyn te bepaal.

WEERLIGSTUDIES MET BEHULP VAN RADAR

Daar is voortgegaan met die voorbereiding van nuwe toerusting vir 'n nadere studie van die plaasbepaling en gedrag van verskeie prosesse tydens weerligontlading. Verdere studie van reeds verkreeë resultate is voortgesit en 'n verslag vir publikasie voorberei.

AFDELING VIR VERDEDIGINGSNAVORSING

Gedurende die verslagtydperk is die werk van hierdie Afdeling toegespits op die probleme verbonde aan die plaaslike vervaardiging van radartoerusting wat in die Laboratorium ontwerp is en verdere werkverrigtingsvermoë- en betroubaarheidstoetse. Toetse van die proefmodel wat in die Laboratorium gebou is, het getoon dat die berekende werkverrigtingsvermoë bereik kan word. As gevolg van die betreklike eenvoudigheid word nie veel moeilikheid verwag in die bereiking van ewe goeie resultate met die toerusting wat plaaslik vervaardig word nie.

miles). During the period under review, the work of the Laboratory was directed towards the solution of problems arising in the production of these instruments in South Africa and to the preparation of technical papers on the instrument and its use. A firm, styled Tellurometer (Pty) Ltd., was established to manufacture the instrument in association with the C.S.I.R. and the first public demonstrations of production models were held in Cape Town during January. These demonstrations were completely successful and will be followed shortly by demonstrations in the United Kingdom and in the United States of America. The instrument is now in production and deliveries of a number of instruments to several overseas countries have already been completed. Preparations are nearly complete for an intensive series of measurement on the Ridgeway Base in the United Kingdom. These will be a final check on the potential accuracy of the system and will also constitute a determination of the velocity of radio waves over an extended line.

LIGHTNING STUDIES BY RADAR

Preparation of new equipment for a more detailed study of the location and behaviour of various processes in the lightning discharge has continued. Study of previously obtained results was continued and a paper prepared for publication.

DEFENCE RESEARCH SECTION

During the period under review the work of this section has been concentrated on problems associated with the manufacture of radar equipment by local industry to the Laboratory's design and on further tests of performance and reliability. Tests of the Laboratory-built "pilot" model have shown that the estimated performance can be achieved and, owing to its relative simplicity, no great difficulty is expected in obtaining similar performance with equipment manufactured locally.

Nasionale Bounavorsingsinstituut

Direkteur: MNR. N. STUTTERHEIM

Op versoek van die Nasionale Behuisingskommissie is navorsingswerk onderneem in verband met goedkoop behuising vir blankes. Hierdie navorsingswerk het 'n stadium bereik waar verskeie prototipe huise volgens die ontwerp van die Instituut gebou is; so is byvoorbeeld 2 huise, albei met 'n vloeroppervlakte van 900 vk. vt., maar verskillend afgewerk, ontwerp en onderskeidelik teen 'n koste van minder as £950 en £1,300 gebou. Dit is vanselfsprekend dat die koste van plek tot plek van van tyd tot tyd sal verskil aangesien dit afhanklik is van die ontwerp, plaaslike materiale, pryse en arbeidskoste, sowel as die bekwaamheid van die betrokke bouer.

Die skoolgeboue-navorsingsprogram het sy eerste duidelike praktiese resultate afgewerp in die vorm van 'n lae tenderprys vir 'n laerskoolgebou wat deur die Instituut, in noue samewerking met die Skoolgebouekomitee van die Transvaalse Provinsiale Administrasie en met die Provinsiale Argitek, ontwerp is. Die Onderwysdepartement van die Provinsiale Administrasie van die Vrystaat het tenders aangeneem vir drie laerskole, ontwerp deur private argitekte wat gebruik gemaak het van sommige van die beginsels wat in die loop van hierdie projek ontwikkel is. Vergelyk met die heersende pryse van dergelike skole in die Vrystaat, het hierdie tenders 'n gemiddelde besparing van ongeveer £22,500 per skool aangetoon.

Werk in verband met sement en beton het aansienlik uitgebrei. Die besoek van Dr. Bogue, voormalige Direkteur van die Portland Cement Association Fellowship by die Buro vir Standaarde te Washington en 'n wêreld-deskundige op die gebied van sement, aan hierdie Instituut het as aansporing tot nog groter inspanning gedien. Van buitengewone belang is die sistematiese ondersoek van die toepassingsmoontlikhede van nie-vernietigende toetse, in besonder polsspoedbepalings, om die kwaliteit van beton vas te stel.

Die oorsake van korrosie in gewapende beton, wat lei tot aanmerklike versletting van betonstrukture, hoofsaaklik aan die kus maar ook in sommige industriële omgewings, vorm die onderwerp van 'n grondige ondersoek. Vordering is gemaak en voorlopige aanbevelings om hierdie soort korrosie te verminder, is vir publikasie voorberei.

Fundamentele ondersoeke in verband met die volumeveranderinge wat 'n kenmerk van swellende grondsoorte is, werp reeds vrugte af, as gevolg van die feit dat die meganisme van hierdie verskynsel tans reeds beter verstaan word. Daar word verwag dat dit as gevolg hiervan

National Building Research Institute

Director: MR. N. STUTTERHEIM

At the request of the National Housing Commission, research work was undertaken in respect of low-cost European housing. This work has reached the stage where several prototype houses have been built to the Institute's design; for instance, two houses of the same plan of 900 sq. ft. but with different standards of finish, were designed and built at a cost of less than £950 and £1,300 each; obviously the figure will vary from place to place and time to time, depending on design, local materials, prices and labour costs, as well as on the efficiency of the builder concerned.

The schools research programme has shown its first clear practical results in the form of a low tender price for a primary school building designed by the Institute in close collaboration with the School Buildings Committee of the Transvaal Provincial Administration and



Mnr./Mr. N. Stutterheim.



Meting van die oplossingspotensiaal van korroderende wapeningsstaal in beton.

Measuring of the solution potential of corroding reinforcing steel in concrete.

moontlik sal word om te voorspel wat die swellingstyd-
kurwes vir hierdie grondsoorte sal wees, waardeur die
ontwerp van fondamente vir streke soos die Vrystaatse
goudvelde vergemaklik sal word.

AFDELING ARGITEKTUUR

Minimum Huisplanne

Twee prototipe goedkoop huise vir blankes deur die
Instituut ontwerp as deel van 'n ondersoek wat op versoek
van die Nasionale Behuisingskommissie onderneem is
om die koste van huise vir blankes uit die laer-inkomste-
groepe te verminder, is te Witbank gebou. Een van
hierdie tipes vorm 'n basiese eenheid met baie eenvoudige
afwerking. Die ander is beter afgewerk, alhoewel die
plan dieselfde is. So 'n vierkamerhuis met kombuis-
eetkamer beslaan 'n oppervlakte van omtrent 900 vk. vt.

Die Witbankse Munisipaliteit beplan tans 'n skema
van 50 huise in oorleg met die Instituut. 'n Gewysigde
uitbreiding van die basiese eenheid is vir hierdie groter
skema voorberei en dit sal help om verskeidenheid te
verskaf: voorsiening sal tewens gemaak word vir 'n
eenvoudige metode om die basiese eenheid uit te brei.

with the Provincial Architect. The Education Depart-
ment of the Provincial Administration of the Free State
has accepted tenders for three primary schools designed
by private architects using some of the principles de-
veloped in the course of this project. Compared with the
ruling prices for schools in the Free State, these tenders
have indicated an average saving in the order of £22,500
per school.

Work in connection with cement and concrete has
expanded considerably. It has gained additional stimulus
as a result of a visit to the Institute by Dr. Bogue, former
Director of the Portland Cement Association Fellowship
at the Bureau of Standards, Washington, and a specialist
of world-status on cement. Of special importance are
the systematic studies concerning the application of non-
destructive testing, in particular pulse velocity deter-
minations for assessing quality of concrete.

The causes of corrosion of concrete reinforcement
which result in considerable deterioration in concrete
structures, particularly in coastal but also in other
industrial environments, are the subject of extensive
investigations. Progress is being made and preliminary
recommendations to reduce this type of corrosion have
been prepared for publication.

Fundamental studies of the volume changes which
characterize heaving soils are bearing fruit, in that a
better understanding of the mechanism of this pheno-
menon is being reached. It is expected that by this means
it will become possible to predict heaving-time curves for
these types of soils, which will facilitate the design of
foundations for regions like the Free State Goldfields
area.

ARCHITECTURAL DIVISION

Minimum-house Plans

Two prototype European low-cost houses designed
by the Institute as part of a study undertaken on behalf of
the National Housing Commission to reduce the
costs of housing for the lower income groups of
Europeans, were built at Witbank. One of these types
represents a basic unit which has very simple finishes.
The other has a higher standard of finishes, although it
has the same plan. The areas of both these four-roomed
houses with kitchen-dining room, are about 900 sq. ft.

The Witbank Municipality is now planning a 50
house scheme in consultation with the Institute. A
modified extension to the basic unit has been prepared
for this bigger scheme and it will assist in providing
variety; it will also provide an example of a simple
method of extending the basic unit.

Meubelnavorsing

'n Verslag, „Tests on School Chalkboards”,* is in Januarie 1957 op versoek van die Kaapse en die Transvaalse Provinsiale Administrasies opgestel. Hierdie verslag is ook aan die Provinsiale Administrasies van Natal en die O.V.S., die Uniedepartement van Onderwys, en 'n aantal opvoedkundige inrigtings gestuur.

Nog 'n publikasie, getitel „Report on Experimental Furniture for Nursery Schools”, is gepubliseer maar is slegs aan 'n beperkte aantal instansies ter insae gestuur, aangesien dit gebaseer is op die ondersoek van bestaande meubels en geen vaste aanbevelings bevat nie, alhoewel 'n navorsingsprogram in breë trekke daarin voorgestel word.

Navorsing in verband met Skoolgeboue

'n Begin is gemaak met die bou van 'n engelsmedium laerskool te Waterkloof, Pretoria, nadat die laagste tender wat 'n totaal van £37,470 bedra het, uitgeslote ryanings, speelgronde en fooie, aangeneem is. Die skool, wat 6 kamers vir die grade, 12 klaskamers vir die standaard, en 'n saal het en vir 650 leerlinge bestem is, word gebou volgens 'n ontwerp waaraan die Provinsiale Argitek, die Onderwysdepartement van die Transvaalse Provinsiale Administrasie en die Instituut saamgewerk het.

Daar bestaan 2 vername redes waarom die Waterkloofskool-proefneming van die grootste belang is. Ten eerste is by die ontwerp van die skool veral rekening gebou met die behoeftes van die kinders, en om dit moontlik te maak, is hul gesigsvermoë, gerief, bewegings en algemene welsyn sorgvuldig bestudeer. Ten tweede is, namate die plan ontwikkel het, sekere besparings teweeggebring wat tot 'n vermindering van kapitaalbelegging gelei het in vergelyking met wat op die oomblik vir skole met ruimte vir ongeveer dieselfde aantal leerlinge vereis word. Hierdie besparings is nie bereik ten koste van die kwaliteit van die afwerking nie maar eerder deur die oppervlaktes wat nie direk vir onderwysdoelindes gebruik word nie, tot 'n minimum te beperk sonder om egter afbreuk aan die goeie funksionering te doen, deur ruimtes te voorsien wat vir meer as een doel gebruik kan word, en ook deur sorgvuldige plasing van die geboue en die ontwerp van eenvoudiger fundamente en laer plafonhoogtes. Aangesien dit 'n ontwikkelingsplan is, kan daar nou nog nie vasgestel word of verdere wysigings nodig is nie; waarneming van die skool nadat dit in gebruik geneem is, sal die vuurproef wees.

Op die gebied van hoërskoolgeboue is gewone en spesiale klaskamers deeglik ondersoek, en 'n verslag geskryf en tekeninge voorberei vir publikasie. Hierdie navorsing het getoon dat besparings van tussen £20,000 en £30,000 vir 'n gemiddelde hoërskool teweeggebring kan word.

Met betrekking tot hierdie werk wens die Raad sy waardering uit te spreek vir die samewerking van die

*Beperkte verspreiding.

Furniture Research

A report, “Tests on School Chalkboards”**, was prepared in January, 1957, on behalf of the Cape and Transvaal Provincial Administrations. This report has also been circulated to the Natal and O.F.S. Provincial Administrations and the Union Department of Education, as well as to a number of educational institutions.

Another publication, “Report on Experimental Furniture for Nursery Schools”, was published but given limited circulation as it was based on observations of existing furniture and gave no firm recommendations, though a skeleton research programme was proposed.

Schools Research

The building of the English Medium Primary School, Waterkloof, Pretoria, commenced after acceptance of the lowest tender which totalled £37,470, excluding drives, playing fields and fees. The school, which has six grades classrooms, twelve standard classrooms and a hall, and was designed for 650 pupils, is a development design in which the Provincial Architect, the Education Department of the Transvaal Provincial Administration and the Institute have co-operated.

The importance of the Waterkloof School experiment lies in two main contributions. Firstly, the school is designed around the requirements of the school children and, as a result, their vision, comfort, movements and general well-being have been carefully studied. Secondly, as the plan was developed, certain economies were effected which have reduced the capital investment when compared with that presently required for schools of similar scholar capacity. These savings were not achieved at the expense of the quality of finishes, but rather by reducing non-teaching areas to a minimum compatible with good functioning, by planning for dual-purpose spaces and also by careful siting of the buildings, simplified foundation design and lowering of ceiling heights. As this is a development plan, it cannot yet be stated whether further modification will be required; observation of the occupied school will provide the acid test.

In the field of high-school buildings, normal and special classrooms have been fully investigated and a report has been written and drawings prepared for publication. This research indicates that in high-school buildings savings of between £20,000 and £30,000 per full-range high-school can be achieved.

In regard to this work, the Council wishes to record its appreciation of the co-operation of the Transvaal Provincial Architect and private architects who made

**Limited circulation.

Transvaalse Provinsiale Argitek en van private argitekte wat die oprigting van prototipe spesiale kamers ooreenkomstig die komitee se aanbevelings moontlik gemaak het, waardeur die eksperimentele werk versprei word en die resultate vinniger verkry kan word. Die navorsingswerk i.v.m. skoolgeboue wat deur die Instituut onderneem is, ontvang gedeeltelike geldelike ondersteuning van die Transvaalse en Kaapse Provinsiale Administrasies.

Hospitaalgeboue

Die opnames van die invloedsgesied van klinieke in naturellestadsgesiede is tans voltooi, en daaruit blyk duidelik dat die meeste van die kliniekbesoekers binne 'n radius van 1 myl van die kliniek af woon. Vir 'n gemiddelde digtheid van ontwikkeling van Bantoeorpe, sal dus 14,000 wonings of ongeveer 70,000 inwoners binne die invloedsgesied val. So 'n gemeenskap sal groot genoeg wees om 'n polikliniek van ekonomiese grootte tot sy beskikking te hê wat in staat sal wees om uitstekende diens te lewer.


Die kliniek te Meadowlands wat deur die Instituut ontwerp is, is feitlik voltooi en 'n stelsel van gekleurde kaarte en indekskaartjies wat in verband staan met die funksionele aspekte van die beplanning word uitgewerk om sy werking te vergemaklik.

possible the erection of prototype special rooms in accordance with the Committee's recommendations, thus spreading the experimental work and enabling check results to be obtained more quickly. The school buildings research work undertaken by the Institute has been partly sponsored by the Transvaal and Cape Provincial Administrations.

Hospital Buildings

The surveys of the zones of influence of a clinic for urban Bantu areas have now been concluded and have clearly indicated that most visitors to a clinic reside within a mile radius of it. For average densities of development of Bantu townships, therefore, 14,000 dwellings or about 70,000 inhabitants would fall within the zone of influence. Such a community would be sufficiently large to be served by a polyclinic of economical size and capable of rendering excellent service.

The Meadowlands clinic designed by the Institute, is almost completed and a system of coloured cards and card indices related to the functional aspects of the planning is being worked out to facilitate its operation.



Ingang van die Meadowlands-polikliniek wat deur die Instituut ontwerp is.

Entrance to the Meadowlands Polyclinic designed by the Institute.

Die beampte wat vir hospitaalnavorsing verantwoordelik is, het na 'n besoek van ses maande aan die buiteland teruggekeer. Sy waarnemings aldaar het hom tot die volgende gevolgtrekkings laat kom:

- (a) Dit skyn dat 'n hospitaal van ongeveer 500 beddens die mees ekonomiese is van die standpunt van lopende uitgawes; groter sowel as kleiner hospitale kos meer om te bestuur per pasiënt.
- (b) Buigsaamheid van die sieke-sale is nie so belangrik soos spesiale afdelings en toerusting nie, wat gedurig toeneem namate die mediese wetenskap uitbrei. Dit beteken dus dat die afdelings vir behandeling horisontaal beplan moet word, terwyl sale in geboue van meer as een verdieping vertikaal beplan moet word.
- (c) Hospitaaltoerusting moet baie sorgvuldig uitgesoek word om aan die hospitaal se funksionele behoeftes te voldoen.
- (d) Die werk wat tot nog toe deur hierdie Instituut onderneem is met betrekking tot saalbeplanning is bevredigend, maar toekomstige werk moet beperk word tot spesifieke probleme en nie gebaseer word op die beginsel van versameling van al die beskikbare inligting oor elke punt nie.

Met betrekking tot punt (d) hierbo, het die inligting verkry van saalmetings wat reeds gedoen is, die probleemplekke in sale aangetoon en ook hoe 'n verskillende rangskikking van sekere kamers onmiddellik die beplanningsmoelikhede kan oplos, wat 'n aanmerklike vermindering in die afstande deur verpleegsters afgelê, tot gevolg sal hê; verder het daaruit geblyk hoe die rangskikking van sekere toerustingstukke en kaste in aanmerking geneem kan word met betrekking tot die volgorde van die verpleegsters se take en hoe, deur sorgvuldige rangskikking, doeltreffendheid verkry kan word in die uitleë van 'n plan.

Die hospitaalgebounavorsing wat deur die Instituut onderneem is, is geldelik ondersteun deur die Unie-Departement van Gesondheid en deur elk van die vier Provinsiale Administrasies.

AFDELING FUNKSIONELE DOELTREFFENDHEID

Bouklimatologie

As gevolg van die toenemende belangstelling wat gegee word aan die funksionele aspekte van die ontwerp van geboue, het dit noodsaaklik geword om die toepaslike klimaatsfaktore wat die gedrag van geboue beïnvloed ten opsigte van behaaglikheid, gesondheid en ander vereistes van die inwoners, meer noukeurig in aanmerking te neem. 'n Gekonsentreerde poging word tans aangewend om die basiese klimaatsgegevens wat sporadies in die loop van vorige werk versamel is, om te werk ten einde dit in 'n nuttiger vorm vir bounavorsing en -ontwerp aan te bied. 'n Aanvang is gemaak met die versameling van inligting in verband met die frekwensievoorkoms van windspoed

The officer responsible for hospitals research returned from a six months visit overseas. From observations made he has drawn the following conclusions:

- (a) It appears that a hospital of approximately 500 beds is the most economical size from the point of running costs; larger and smaller hospitals cost more to run per patient.
the sample, representing a population of 20,985 European men at the age level of 18 years. Only 18 per cent. of this population had passed Std. X or its equivalent, whilst 19 per cent. had reached Std. VI or a lower standard. Of the latter, 75 per cent. had obtained no other vocational or supplementary education nor had they any intention of undertaking such training. When those who have passed Std. VII are included, we find that at least 21 per cent. of the male population, if the present trend is maintained, will not possess any qualifications beyond this level. To complete Std. VII it is not necessary to pass any public examination, and scholars are automatically promoted after having spent two years in any one standard. A considerable proportion of those who have completed Std. VII have, therefore, done so in name only. Of those, who at age 18 were still pursuing some course of study (65 per cent. of the male White population), 49 per cent. were trying to reach a higher school standard, 26 per cent. were taking elementary or other National Technical Certificates, 8 per cent. certificates of a miscellaneous kind, and 17 per cent. higher certificates, diplomas, or University degrees. University study involved 6 per cent. of all European males aged eighteen. If we take into account the intentions of those still at school, the latter figure rises to 18 per cent., though this percentage will obviously never be reached. Physical sciences were included in the curriculum of 71 per cent of the population.

SURVEY OF FINANCIAL INCENTIVE SCHEMES

The purpose of this study, which is of an exploratory nature, is to determine the effects of incentive bonus earnings on productivity, supervisory practices, interpersonal relations, accidents and absenteeism. Eventually a total of 2,634 employers out of the 6,241 approached completed the questionnaire. Of these firms, 361 (13 per cent.), employing a total of 179,533 workers, make use of financial incentives, while another 208 firms (8 per cent.) intend introducing such schemes. Many employers in the latter group sought information and advice about the introduction of incentive schemes. Some 330 firms have indicated that they are willing to co-operate in the second stage of the investigation, in which factories will be visited in order to obtain the opinions of both employers and employees about the effects of wage incentives.

MOTIVATION AND MORALE IN INDUSTRY

Attitude studies are a useful means of determining what factors influence the worker's willingness to apply himself wholeheartedly to his task, the stability of a labour force and the quality of the relations that obtain

van 'n arbeidsmag en die gehalte van die verhouding wat daar heers tussen bestuur en werkers. Twee sulke studies is voltooi, een in 'n ingenieursfirma met takke in verskillende dele van die Unie en die ander in 'n ingenieursfabriek op die Witwatersrand. 'n Derde studie, wat beperk is tot blanke werkers, is aan die gang in een van die grootste nywerheidsondernemings in die Unie. Al hierdie studies dui op die belangrikheid van genoegsame verbindingskanale tussen bestuur en werkers, en op die behoefte aan keuring en opleiding van opsigters. Die houding wat opsigters teenoor werkers aanslaan, kan veel daartoe bydra om personeelbeleid te maak of te breek, veral wanneer die opsigter terselfdertyd die kanaal is waardeur inligting omtrent die maatskappy se beleid en voornemens, of omtrent personeelverhoudings, van bestuur na werkers of andersom beweeg.

Ontevredenheid van Naturellearbeiders met hul werk was meesal die gevolg van lae lone, onreëlmatighede by betaling en gebrek aan sekuriteit. Vrees vir ontslag was 'n algemene verskynsel. Naturellearbeiders het oor die algemeen nie geweet hoeveel van hul weeklikse loon basies was, of hoeveel die aansporingsbonus of oortyd-betaling was nie. Die implikasies van doeltreffende toepassing van aansporingslone op hierdie begrippeel is duidelik. Sulke omstandighede lei ook dikwels tot misverstand en klagtes omtrent loonsake, wat 'n verslegtende uitwerking op werkmoraal het.

PERSONEELNAVORSING VIR DIE DEPARTEMENT VAN VERDEDIGING

Gedurende die agt maande wat deur die verslag gedek word, is byna 1,000 manspersone aan aanlegtoetse onderwerp vir verskeie vertakkings van die Unie-Verdedigingsmag, en opvolgstudies omtrent die doeltreffendheid van hierdie toetsprogram is voortgesit. Juiste indeling is besonder belangrik vir Lugmagginnasiumleerlinge, van wie verlang word dat hulle die beginsels van die een of ander tegniese ambag binne die kort tydperk van een jaar leer. Die toets wat vir hierdie doel opgestel is, het suksesvol geblyk in die indeling van leerlinge in vyf hoofambags-groepe. Dit het ook sukses met eksamenuitslae in elke groep voorspel.

'n Ontleding van die taak van die navigator in militêre vliegtuie het gelei tot die opstel van toetse, wat reeds bruikbaar gevind is by die keuring van kandidate met beter kans op sukses na opleiding. In moderne lugoorlog sal die bewegings van vliegtuie en projektele al hoe meer van die grond af beheer word en die rol van diegene wat vir bemanning van die kontroles verantwoordelik is, sal waarskynlik baie belangrik word. Eksperimentele werk in verband met die keuring van Grondbeheerde Onderskeppers het gelei tot toetse wat noukeurig die nodige vernuf vir onderskeppingswerk bepaal. Hulle is nou verkrygbaar vir roetinegebruik. Daar is ook bevind

between management and the workers. Two such studies have been completed, one in an engineering firm with interests in various parts of the Union and another in an engineering works on the Witwatersrand. A third study, confined to European operatives, is in progress in one of the largest industrial undertakings in the Union. All these studies point to the importance of adequate channels of communication between management and the workers and to the need for selection and training of supervisors. The attitude adopted by supervisors towards operatives can do much to make or mar personnel policies, particularly when the supervisor is at the same time the channel through which information on the company's policies and intentions or on staff attitudes moves down or up the line.

Job dissatisfaction amongst Native labourers was most frequently found to derive from low wages, pay irregularities and insecurity. Fear of dismissal was found to be a common preoccupation. Native labourers generally did not know how much of their weekly pay was basic, how much was incentive bonus or overtime pay. The implications for the effectiveness of wage incentives at this level of understanding are obvious. Such circumstances also lead to frequent misunderstandings and complaints concerning wage matters, which adversely affect working morale.

PERSONNEL RESEARCH FOR THE DEPARTMENT OF DEFENCE

During the eight months covered by the report, nearly 1,000 men were given aptitude tests for various branches of the Union Defence Force, and follow-up studies were continued on the effectiveness of this testing programme. Correct classification is particularly important for Air Force Gymnasium trainees, who are required to learn the elements of one or other technical trade within the short period of a year. The test designed for this purpose was found successful in classifying trainees into five primary trade groups. It also predicted examination success within each group.

An analysis of the task of the navigator in military aircraft has led to the construction of tests which have already been found useful in selecting candidates with the better chances of success in training. In modern aerial warfare, the movements of aircraft and of missiles will to an increasing extent be controlled from the ground and the role of those responsible for manning the control devices is likely to become a very important one. Experimental work on the selection of Ground Control Interceptors has produced tests which accurately measure the skills involved in interceptor work, and which are now available for routine use. The tests have also been



Instruksietoetse vir onder-offisiere.

Instructional tests for non-commissioned officers.

dat die toetse geskik is vir die personeel wat die beweging van vliegtuie by burgerlike lughawens beheer.

Die roetinetoetse wat gebruik word vir die keuring van leerlingloodse vir die S.A.L.M. word deurgaans hersien. Deur middel van 'n toets van lugvaartkennis wat onlangs opgestel is, het dit moontlik geblyk om in die vroeë stadiums van vliegopleiding te voorspel of die leerling geskik vir die soort werk sal wees. Diegene wat sulke kennis opgedoen het, sal waarskynlik altyd belang in vliëgsake bly stel, wat een van die belangrikste van die talryke bepalende faktore van sukses in vliegopleiding is. Die toets sal 'n deel uitmaak van die roetine-aanlegtoets-program as 'n motiveringsmaatstaf.

Werk i.v.m. die keuring van offisierkadette en die indeling en opleiding van ambagsvakeerlinge word voortgesit.

PERSONEELKEURING

As 'n diens aan werkgewende organisasies is personeelkeuringstoetse toegepas op kandidate vir 'n groot verskeidenheid beroepe insluitende personeelbestuurders, vakeerlinge, ambagsmanne, administratiewe kwekelinge, stereokarteerders en aanlegtoetsers. Die toets van applikante vir poste in die W.N.N.R. is voortdurend aan die toeneem; 'n gemiddelde van 65 per maand word getoets. Daar word dikwels gedink dat die gebruik van personeelkeuringstoetse beperk is tot die laer beroepsgroepe of tot beroepe waarvoor 'n hoë graad van handigheid of

found applicable to personnel controlling aircraft movements at civil airports.

The routine tests used for the selection of pupil-pilots for the S.A.A.F. are constantly under review. A test of aviation knowledge recently designed was found predictive of success in the early phases of flying training. It is probable that those who have acquired such knowledge have a sustained interest in flying matters, which is one of the most important of the many determinants of success in pilot training. The test will form part of the routine aptitude examination as a measure of motivation.

Work is continuing on the selection of officer cadets and on the classification and training of artisan apprentices.

PERSONNEL SELECTION


As a service to employing organizations, personnel selection tests were applied to candidates for a wide variety of occupations, including personnel managers, apprentices, artisans, administrative trainees, stereoplotters and aptitude testers. Testing of applicants for posts in the C.S.I.R. is constantly increasing in volume, an average of 65 being tested per month. It is often thought that the use of personnel selection tests is confined to lower employment categories or to occupations in which some high-grade manual or sensory

sintuiglike vaardigheid nodig is. Keuring van W.N.N.R.-personeel het getoon dat toetse baie nuttig kan wees in gevalle van senior navorsings- en administratiewe personeel, veral as gevolg van die bykomstige lig wat op persoonlikheidsienskappe gewerp word.

Die aanvraag na indelings-toetse vir naturellearbeid het geleidelik toegeneem. Die toetse wat oorspronklik vir die mynwese ontwikkel is en wat vroeër reeds toegepas is in chemiese-, ingenieurs-, pottelbakkers-, bouers- en vervoerondernemings, is nou ook nuttig gevind in tabak-, tekstiel- en houtbehandelingsfabrieke. Toetsers is vir sommige van hierdie firmas opgelei. Opvolggegewens wat van Ghana en Kenia verkry is, dui daarop dat die toetse daar selfs meer onderskeidend is as in die Unie. Baie navrae is ontvang uit die Federasie en Oeganda en ook van so ver as Brits Guyana en Nederlands Nieu-Guinea. Gewoonlik word navrae van ander lande gehanteer deur middel van tussenpersone of deur 'n verteenwoordiger van die organisasie op te lei, soos gedoen is vir die Kenia-regering en vir 'n fabriek in Salisbury. 'n Uitsondering is gemaak in die geval van 'n kopermyn in Oeganda waar 'n beampete van die Instituut die toetsprogram opgestel het en van die geleentheid gebruik gemaak het om baie van die ander navrae van hierdie gebied op te volg. Werk i.v.m. toetse vir hoër peile van naturelledienste waarby sulke persoonlikheidsienskappe soos betroubaarheid, eerlikheid en bekwaamheid as opsigter 'n oorheersende rol speel, is nog aan die gang.

skill is involved. Selection of C.S.I.R. staff has shown that tests can be very helpful in the case of senior research and administrative personnel, particularly in the additional light which they throw on personality factors.

The demand for classification tests for Native labour has steadily increased. The tests originally developed for the mining industry and previously tried out in chemical, engineering, ceramics, building and transportation concerns have now also been found useful in tobacco, textiles and wood-processing factories. Test administration officers have been trained for some of these firms. Follow-up data obtained from Ghana and Kenya indicate that the tests have proved even more discriminative in these countries than in the Union. Many enquiries were received from the Federation and Uganda, and also from as far afield as British Guiana and Dutch New Guinea. As a rule, enquiries from abroad are handled through intermediaries or by training a representative of the organization concerned, as was done for the Kenya Government and for a factory in Salisbury. An exception was made in the case of a copper mine in Uganda, where an officer of the Institute established the testing programme and utilized the opportunity to follow up the many other enquiries received from this territory. Work is still in progress on tests for higher levels of Native employment, in which such personality attributes as dependability, integrity and supervisory ability play a predominant part.



Skriftelike toetse vir die seleksie van Bantoeklerke.

Paper and pencil tests for the selection of Bantu clerical workers.

BEROEPSVOORLICHTING

Die personeelkeuringsdepartement bied ook 'n beroepsvoorligtingsdiens aan. Dit is beperk tot diegene wat op die punt staan om die skool te verlaat of om na 'n Universiteit te gaan en wat onseker is omtrent hul keuse van beroep of studiekursus, en tot jongmense wat 'n onsuksesvolle begin gemaak het in 'n beroep of op die Universiteit. Gemiddeld is tien gevalle per maand behandel. Hierdie getal kon baie groter gewees het, indien die personeel van die departement van meer belangrike werk onthef sou kon gewees het.

'n Belangrike psigometriese opdrag wat die Instituut ontvang het, is die opstelling van 'n reeks beroepsvoorligtingstoetse vir gebruik deur die Werkverskaffings- en Beroepsvoorligtingsafdeling van die Departement van Arbeid. Hierdie toetse moet geskik wees vir enige persoon wat die skool verlaat en as werksoeker die wettige verantwoordelikheid word van die Departement se werkverskaffingsbeamptes wat onder die Jeugrade werk. Die werk is in November 1956 begin. Na verwagting sal die opstelling van hierdie toetse, wat algemene intelligensie, woord- en syferbeheer, waarnemingsbekwaamheid, geleerdheid en beroepsbelangstelling sal dek, drie jaar in beslag neem.

Die Departement van Arbeid wil ook graag 'n toets hê wat hulle sal kan help met die plasing van volwassenes in beroepe. Die beroepsvoorligting van volwassenes, waarvan heelwat 'n geskiedenis van beroepsmislukkings agter die rug het, kan die beste uitgevoer word met gebruik van die Wechsler-Bellevue Intelligensietoets vir Volwassenes wat persoonlikheidseienskappe sowel as bekwaamheid meet en wat ook die effek van ouderdom op toetsprestasie in aanmerking neem. Die taak om hierdie welbekende internasionale maatstaf te standaardiseer vir gebruik in Suid-Afrika wat 'n aantal jare gelede deur die Instituut op hom geneem is, vorder stadig vanweë die moeilikheid om 'n proefgroep vrywilligers te kry wat verteenwoordigend is van al die ouderdomsgroepe tussen 18 en 60, en van alle beroepsgroepe van professioneel tot ongeskoold, vir albei geslagte en vir albei taalgroepe. Die helfte van die oorspronklike mikpunt van 5,800 persone is klaar getoets. Daar die aanvraag vir 'n toets van hierdie aard die grootste is vir die leeftydsgroep van 20 tot 39 jaar, is besluit om te konsentreer op voorlopige toetsstandaarde vir hierdie ouderdomsgroepe, gebaseer op kleiner proefgroepe. Nog 230 persone moet getoets word voordat hierdie beperkte mikpunt bereik word. Indien die gebruik van die kleiner proefgroepe statisties toelaatbaar blyk te wees, sal die toets in die loop van 1958 vir gebruik gereed wees. 'n Verkorte weergawe word voorberei om aan die vereistes van die Departement van Arbeid te voldoen.

MERIEETBEOORDELING EN TAAKWAARDERING IN DIE STAATSDIENS

Advies insake die vereenvoudiging van die meriete-

VOCATIONAL GUIDANCE

The personnel selection department also offers a vocational guidance service. It is restricted to those about to leave school or to enter a University and who are uncertain about their choice of occupation or study course, and to young persons who have made an unsuccessful start in their chosen careers or at University. An average of ten cases a month was seen, which could have been greatly increased if the staff of the department could have been spared from more important duties.

An important psychometric assignment received by the Institute was the construction of a series of vocational guidance tests for use by the Employment and Vocational Services Section of the Department of Labour. These tests must be applicable to any school-leaver who, as a work-seeker, becomes the legal responsibility of the Department's employment officers functioning at the Juvenile Affairs Boards. Work was started in November, 1956. It is expected that the construction of these tests, which will cover general intelligence, verbal, numerical and perceptual skills, educational achievement and vocational interests, will take three years.

The Department of Labour also needs a test to assist in the occupational placement of adults. The vocational guidance of adults, many of whom have a history of occupational failure, can best be met by the use of the Wechsler Adult Intelligence Test, which appraises personality attributes as well as abilities, and which also makes allowance for the effects of age on test performance. The task of standardizing this well-known international instrument for use in South Africa, which was undertaken by the Institute some years ago, is progressing slowly, because of the difficulty of obtaining a sample of volunteer subjects representative of all age levels between 18 and 60, and of all levels of employment from professional to unskilled, for both sexes and for both language groups. Half the original target of 5,800 cases has now been tested. As the demand for a test of this kind is greatest in the 20 to 39 age range, it was decided to concentrate on preliminary test standards for these age groups, based on smaller samples. Another 230 cases have to be tested before this limited target is reached. If the use of the smaller samples turns out to be statistically justifiable, the test will be ready for use during 1958. A shortened version is being prepared to meet the requirements of the Department of Labour.

MERIT RATING AND JOB EVALUATION IN THE PUBLIC SERVICE

Advice was given to the Public Service Commission on the simplification of merit rating procedures which

beoordelingsprosedure, wat onder andere in Staatsdepartemente gebruik word om oor bevordering te beslis, is aan die Staatsdienskommissie gegee. Daar is aan die hand gedoen dat vyf eienskappe, wat op 'n sewepuntskaal beoordeel word, dieselfde uitslae sou gee as die meer ingewikkelde skaal wat tans in gebruik is. Advies is ook gegee oor hoe die betroubaarheid van die skaal verbeter sou kan word. Omskrywings is gegee van die eienskappe op die voorgestelde skaal en van gedrag wat op groot afwyking van die normale standarde dui. 'n Ontleding van die beoordelingsyfers wat deur die Kommissie gegee is aan 24 eienskappe wat gebruik is om take te waardeer dui aan dat drie omvattende faktore geneig is om hierdie beoordelings te oorheers. Hulle is: „duur van diens en ondervinding”, „beplanning teenoor praktiese (uitvoerende) aksie”, „onderwyskwalifikasies”. 'n Tweede ontleding word gedoen ter bevestiging van hierdie standpunt.


DIE BEKWAAMHEID VAN 'N MUNISIPALE NATURELLE ARBEIDSMAG

Die eerste stap deur 'n plaaslike bestuur om groot-skaalse gebruik van personeelnavorsing te maak, het van die Stad Johannesburg gekom wat die Instituut versoek het om 'n ondersoek in te stel na die doeltreffendheid van sy naturellearbeidsmag van sowat 18,000 man. Aspekte van die gebruik van naturellearbeid wat nagegaan word, omvat: die wyse waarop arbeiders gewerf en take aan hulle toegewys word; die hoeveelheid tyd en onder-

partly determine promotions in Public Service Departments. It was suggested that five qualities, rated on a seven-point scale, would give the same results as the more elaborate scale at present in use. Advice was also given on how the reliability of the scale could be improved. Definitions were provided for the qualities on the proposed scale and for behaviour indicative of extreme deviation from normal standards. An analysis of the weights assigned by the Commission to 24 attributes used for evaluating jobs shows that three broad factors tend to dominate these weightings. They are: “length of service and experience”, “planning versus practical (executive) action”, “educational qualifications”. Confirmation for this view is being sought in a second analysis.

THE EFFICIENCY OF A MUNICIPAL NATIVE LABOUR FORCE

The first move from a local authority to make large-scale use of personnel research has come from the City of Johannesburg, which has requested the Institute to undertake an enquiry into the efficiency of its Native labour force numbering about 18,000 men. Aspects of Native labour utilization that are being reviewed are the methods whereby labourers are recruited and assigned to their jobs; the amount of time and experience lost



'n Aanlegtoets vir Bantowerkers ten behoewe van 'n groot munisipaliteit.

Aptitude testing of Bantu workers for a large municipality.

vinding wat verlore gaan weens verhuising, arbeidsomset en afwesigheid; die uitwerking van finansiële aansporingslone op motivering, betaling in natura, en van 'n standvastige betalingstelsel soos vasgestel deur taakwaardering; die toepaslikheid van opleiding op die taak vir verskillende arbeidskategorieë; die doeltreffendheid van toesig; die vereenvoudiging van werkroetine en die uitwerking van lewens toestande en menslike verhoudings op werksmoraal binne die diens van die Raad. Op hierdie stadium bestaan die ondersoek uit die vasstelling van feite met die doel om belangrike natuurlike personeelprobleme te onthul en om aan te dui hoe arbeid meer ekonomies gebruik kan word.

BEHUISINGSBEHOEFTE VAN BLANKE MYNWERKERS

Die uitbreiding van die goudvelde na die Vrystaat en Oos-Transvaal het dorpsaanleërs geleentheid gegee om heeltemal nuwe woonbuurtes te ontwikkel, wat so ontwerp kon word dat hulle beantwoord aan die behoeftes van die persone vir wie dit bestem is. Om vas te stel wat hierdie behoeftes is, vir sover dit individuele behuising betref, is die Instituut gevra om ondersoek in te stel na die lewensgewoontes en behuisingsvoorkeur van daaglikse-betaalde blanke mynwerkers en hul vrouens. Die opname is gedoen op 'n verteenwoordigende groep van die werknemers van ses myne. Hul mening is gevra omtrent verskeie punte, soos die aantal kamers wat nodig is in 'n huis en die gebruik van elkeen van hierdie kamers, grootte van standplaas, rigting van uitsig van die huis, tipe kombuisstoom en die noodsaaklikheid van ingeboude vaste uitrusting. Hoewel baie gevalle van persoonlike voorkeur teengekom is, was dit nogtans moontlik om aan te toon watter basiese kenmerke die meeste families tevrede sal stel.

MOTORFIETSONGELUKKE

Verdere vooruitgang is gemaak in die studie van motorfietsongelukke. Wanneer ongeluksyfers vir elke tipe voertuig aangegee word, nie per duisend voertuie nie, maar per duisend myle, wat blootstelling aan die risiko van 'n ongeluk in ag neem, staan die motorfiets uit as die mees ongeluksvatbare voertuig. Van 'n vraelysondersoek waarby 400 motorfietsenaars betrokke was en die vergelyking van diegene wat in motorfietsongelukke betrokke was met diegene wat dit nie was nie, het die volgende faktore betekenisvolle voorspellers van motorfietsongelukke geblyk te wees: (1) 'n blootstellingsrisiko van 10,000 myl of meer per jaar tesame met daaglikse gebruik van 'n motorfiets werk toe en terug, en dikwels ry na donker; (2) 'n aggressiewe houding teenoor ander padgebruikers soos aangedui deur die neiging om die ander bestuurders te blameer en om eie gebrek aan sorgsaamheid gering te ag; (3) 'n onbevredigende houding teenoor

due to migration, labour turnover and absenteeism; the effects on motivation of wage incentives, remuneration in kind, and of a consistent wage system as established by means of job evaluation; the applicability of training on the job for various categories of labour; the adequacy of supervision; the simplification of work routines and the effect on working morale of living conditions and human relations within the Council's service. At this stage, the study is of a fact-finding nature, designed to disclose significant Native personnel problems and to indicate how labour could be more economically used.

HOUSING REQUIREMENTS OF EUROPEAN MINEWORKERS


The extension of gold mining to the Free State and Eastern Transvaal gave town planners scope for the development of entirely new residential areas, which could be designed to meet the specific needs of the people who were to inhabit them. To determine these needs, in so far as individual housing was concerned, the Institute was asked to investigate the living habits and housing preferences of daily-paid European mineworkers and their wives. The survey was carried out on a representative sample of the employees of six mines, whose views were obtained on a variety of topics, such as the number of rooms required per house and the functions which these rooms had to serve, size of plot, direction in which the house should face, type of kitchen stove and the necessity for built-in fixtures. Although many individual preferences were encountered, it was nevertheless possible to indicate what basic features would satisfy the majority of families.

MOTOR CYCLE ACCIDENTS

Further progress was made in the study of motor cycle accidents. When accident rates for each type of vehicle are expressed not per thousand vehicles, but per thousand miles, which takes exposure to the risk of an accident into account, the motor cycle emerges as the most accident-prone vehicle. From a questionnaire study, involving 400 motor cyclists, and from a comparison of those who had been involved in motor cycle accidents with those who had not, the following factors appear to be significant determinants of motor cycle accidents: (1) an exposure risk of 10,000 miles or more per annum, together with daily use of motor cycle to and from work, and driving frequently after dark; (2) an aggressive attitude towards other road users, as shown by a tendency to blame the other driver and to minimise one's own lack of consideration; (3) an unsatisfactory attitude towards traffic control and towards safety

verkeersbeheer en teenoor veiligheidsmaatreëls waarvan die verpligte dra van 'n valhelm, die betaling van 'n fooi vir padvaardigheidstoetse en die dra van 'n helm op pad werk toe, verwerp word. Van die groep wat ondervra is, was 53.7 persent ten gunste van vrywillige dra van valhelms, 30.6 persent ten gunste van vrywillige aanbring van beenskerms aan motorfiets. Respektiewelik 38.3 persent en 55.8 persent was ten gunste van wetlike verpligting i.v.m. hierdie twee veiligheidsmaatreëls. Of jeug as sulks 'n rol speel in motorfietsongelukke kan nog nie met sekerheid gesê word van die gegewens wat op die oomblik beskikbaar is nie. Verdere ontleding in verband hiermee word voortgesit.

measures, in which the compulsory wearing of a crash helmet, the paying of a fee for roadworthiness tests, and the wearing of a helmet when riding to work are rejected. Of the group questioned, 53.7 per cent. were in favour of voluntary wearing of crash helmets, 30.6 per cent. in favour of voluntary fitting of crash bars. Those in favour of legislative compulsion in respect of these two safety measures numbered 38.3 per cent. and 55.8 per cent. respectively. Whether youth, as such, is a factor in motor cycle accidents cannot yet be decisively answered from the data available at present. Further analyses bearing on this factor are proceeding.



'n Toets wat gebruik word vir die studie van die verstandelike ontwikkeling van jong kinders.

A test used in the study of the mental development of infants.

ONTWIKKELINGSTUDIES VAN NATURELLE-KINDERS

In 'n vorige rapport is melding gemaak van 'n studie om die invloed van 'n aantal ongewingsomstandighede op die liggaamlike en verstandelike ontwikkeling van naturellekinders na te gaan. Onder die invloede wat bestudeer moes word, was die dieet van die moeder gedurende swangerskap en die soogperiode, die voedingsomstandighede van die baba vanaf geboorte, lewens-

DEVELOPMENTAL STUDIES OF NATIVE INFANTS

Mention was made in a previous report of a study to determine the effects of a number of environmental circumstances on the physical and mental maturation of Native infants. Amongst the influences to be studied were the diet of the mother during pregnancy and the nursing period, the nutritional condition of the baby from birth onwards, living conditions, parental education

omstandighede, die opvoeding en houding van die ouers, kulturele gewoontes en gesondheidstoestand. Verhuisings onder die bevolking van die lokasie naby Pretoria waar hierdie studie begin is, was so hoog dat die beoogde opvolgstudie oor 'n periode van ses jaar onmoontlik was. Aan die einde van 8 maande was slegs 12 persent oor van die groep moeders wat medies, volgens voeding, sielkundig en sosiologies bestudeer is. Die onderneming is toe oorgeplaas na Orlando-dorpsgebied, Johannesburg, waar fasiliteite beskikbaar gestel is by die kliniek van die Munisipale Gesondheidsdepartement. Die bevolking van hierdie dorpsgebied is bestendig genoeg om 'n langtermyn-opvolging moontlik te maak.

'n Noodsaaklike stap in hierdie onderneming was die vasstelling van standaarde vir die psigofisiese ontwikkeling van naturelle kinders vanaf geboorte tot hul sesde jaar. Met behulp van 'n toekenning van die Carnegie-Korporasie is 'n Amerikaanse deskundige op die gebied van ontwikkelingsbeoordeling aangestel op die personeel van die Instituut vir 'n periode van ses maande. Werk is begin by die Alexandra-Gesondheidskliniek waar daar 'n genoegsame standvastige toestroming van naturelle babas was om 'n intensiewe studie moontlik te maak. 'n Ontwikkelingskediule is opgestel om beweging, waarneming, verstandelike en sosiale reaksies te dek. Toetsers is opgelei en standaarde vir die ouderdomme 1 tot 6 maande is nou beskikbaar. Gegewens vir die groep van 7 tot 12 maande word versamel. Om 'n moontlike verskil tussen stedelike en plattelandse bevolkings na te gaan is 'n groep babas van 1 tot 6 maande by die Jane Furse Hospitaal, Sekoekoenieland, getoets. In vergelyking met blanke standaarde is naturelle babas baie meer gevorderd in motoriese ontwikkeling gedurende die eerste 6 maande van hul lewe. Hulle staan op hul bene, hou hul koppe op, maak hul rugge reguit en vat voorwerpe baie gouer. Daarteenoor is hul waarnemingsreaksies (staar na voorwerpe en die volg met hul oë) vertraag. Op hierdie tyd-stip is dit nog nie moontlik om te sê of hierdie verskille oorerflik of van 'n omgewingsoorsprong is nie.

ELEKTRO-ENSEFALOGRAFIE

Die elektriese uitstralings van die brein word bestudeer in 'n spesiale departement van die Instituut wat vir hierdie doel opgerig en toegerus is, om lig te werp op die fisiologiese bepalingsfaktore van sekere funksies van die brein. Hoewel die grootste deel van hierdie werk van 'n streng teoretiese aard is, is daar ook praktiese toepassings. In die loop van 'n ondersoek na die bekwaamheid van werkers in 'n ingenieursfirma, is elektro-ensefalogramme (EEG) met behulp van die Carnegie mobiele-laboratorium geneem van 100 naturelle- en 25 blanke fabriekswerkers. Die doel van die studie was om lig te werp op temperamentele faktore wat invloed uitoefen op die bekwaamheid waarmee sekere herhalende take verrig

and attitudes, cultural practices and state of health. Population mobility in the Native township near Pretoria where this study was started was so high that the planned follow-up of cases over a period of six years proved impossible. At the end of 8 months, only about 12 per cent. of a group of mothers who had been studied medically, nutritionally, psychologically and sociologically were left. The project was thereupon transferred to Orlando Township, Johannesburg, where facilities were made available at the Clinic of the Municipality's Public Health Department. The population in this township is sufficiently stable to make a long-term follow-up feasible.

An essential step in this project was to establish standards for the psychophysical development of Native infants from birth to the sixth year. With the aid of a grant from the Carnegie Corporation, an American expert in developmental testing was appointed on the staff of the Institute for a period of six months. Work was started at the Alexandra Health Clinic where there was a sufficiently stable supply of Native babies to make intensive work possible. A developmental schedule was prepared, covering movement, perceptual, intellectual and social responses. Testers were trained and standards are now available for the period from 1 to 6 months. Items for the 7 to 12 months period are being collected. To check on a possible difference between rural and urban populations, a group of 1 to 6 month old babies was tested at the Jane Furse Hospital, Sekukuniland. By European standards, Native babies are very far advanced in motor development during the first 6 months of life. They support their weight, hold up their head, straighten their back and grasp objects far sooner. On the other hand, their visual reactions (fixating objects, following them with their eyes) are retarded. It is not possible to say at this stage whether these differences are of genetic or of environmental origin.

ELECTROENCEPHALOGRAPHY

The electrical potentials generated by the brain are studied in a special department of the Institute set up and equipped for this purpose, in order to throw light on the physiological determinants of certain mental functions.

Although most of this work is of a strictly theoretical kind, there are also practical applications. In the course of a study on the efficiency of operatives in an engineering concern, electroencephalograms (E.E.G.) were taken from 100 Native and 25 European industrial workers, use being made of the Carnegie mobile laboratory to obtain these records. The purpose of the study was to throw light on temperamental factors which influence

word. Veranderinge in die EEG gelyktydig met die uitbreek van gebreksiektes by natuurleke babas word ook bestudeer om vas te stel of ondervoeding permanente gevolge kan haa op enige van die funksies van die sentrale senuweestelsel. Vertolking van die gegewens van hierdie en ander studies verg kennis omtrent die ontwikkeling van elektriese breingolwe in Bantoerasse. Om veranderinge in EEG's vanaf geboorte tot volwassenheid vas te stel, word EEG's van normale natuurleke, tussen die ouderdomme van 1 maand en 21 jaar, verkry.

In die studie van die rol van breinritme in waarnemings- en bewegingsreaksies, wat temperamentele verskille aandui, is 'n interessante ontdekking gedoen. In 'n klein groep goedopgevoede blankes is gevind dat verskille in die EEG's verbonde is aan verskille in prestasie op die Wechsler-Bellevue Intelligensietoets vir Volwassenes. Dit dui die moontlikheid aan dat prestasie op hierdie toets behalwe intellek 'n temperamentsfaktor insluit. Hierdie veronderstelling word nou verder in besonderhede bestudeer.

STUDIES OMTRENT DIE AARD EN MEET VAN PERSOONLIKHEID

Die studie van die „wylskrag“-aspek van persoonlikheid deur middel van die Pauli-toets (werkskurwe afgelei van aanhoudende optelsomme) het weer waardevolle resultate gelever. Uitgesoekte groepe kandidate wat geklassifiseer is as „suksesvol“, (byvoorbeeld gegradeerdes, sportmense en -vroue met erkende prestasies) en „onsuksesvol“ (byvoorbeeld alkoholiste in inrigtings, studente wat nie geslaag het nie) is duidelik onderskei deur sekere Pauli-toetsresultate. Dranksugtiges, histeriese persone en studente wat in hul eerstejaarsskemens gedruip het, het betekenisvolle laer prestasies behaal in die veranderlike wat „werktempo“ meet; alkoholiste en histeriek het ook laer prestasie behaal in faktore wat „aanpassing“ en „bestendigheids“ meet.

Dit is 'n raaiselagtige feit dat die verhouding tussen intelligensiekwasiënt (I.K.) en eksamenuitslae van eerstejaarstudente aan Universiteite gewoonlik laag is. Die rede skyn te wees dat persone wat by 'n Universiteit inskryf, reeds 'n hoogsuitgesoekte groep is, daar die Matriek-eksamen verseker dat suksesvolle kandidate die nodige vermoë en kennis besit om 'n gemiddelde Universiteitskursus te volg. Sukses in eksamens word derhalwe eerder afhanklik van persoonlikheidsienskappe as van vermoë. 'n Verband is tussen party van hierdie veronderstelde faktore en Pauli-toetsprestasie gevind. In 'n groep van sowat 50 studente is geen korrelasie gevind tussen I.K.'s en eerstejaarsskemensuitslae nie. Diegene met 'n lae I.K. en hoë punte het 'n hoër gemiddelde prestasie gehad as ander groepe in die energie-, uithouvermoë-, spoed-, akkuraatheid- en bestendigheidsfaktore soos deur die Pauli-toets gemeet, en die laagste gemiddelde prestasie

the efficiency with which certain repetitive tasks are performed. Changes in the E.E.G. concurrent with deficiency diseases in Native babies are also being studied, to determine whether malnutrition can leave permanent effects on any of the functions of the central nervous system. Interpretation of data from these and other studies requires knowledge concerning the development of electrical brain rhythms in Native races. In order to plot E.E.G. growth changes from birth to maturity, records are being obtained from normal Natives from the first month of life to 21 years.

In the studies of the role of brain rhythms in perceptual and movement responses, indicative of temperamental differences, an interesting discovery has been made. In a small group of well-educated Europeans, differences in the E.E.G. were found to be associated with differences in performance on the Wechsler Adult Intelligence Test. This indicates the possibility that scores on the test may involve a temperamental factor in addition to intelligence, a hypothesis which is now being subjected to detailed study.

STUDIES ON THE NATURE AND MEASUREMENT OF PERSONALITY

The study of the „will power“ aspects of personality by means of the Pauli Test (curve of work, derived from continuous addition) again rendered some valuable results. Selected groups of subjects classified as „successful“ (for example graduates, sports people with recognized achievements) and „unsuccessful“ (for example institutionalized alcoholics, students failing their examinations) were clearly differentiated by certain Pauli test scores. Alcoholics, hysterics and students who had failed first year examinations were found to have significantly lower scores in variables measuring „speed of work“; alcoholics and hysterics also had lower scores in measures of the factors „adaptability“ and „steadiness“.

It is a puzzling fact that the relationship between intelligence quotient (I.Q.) and first year examination results at University is generally low. The reason would appear to be that those entering a University are already a highly selected group, the Matriculation examination having assured that successful candidates possess sufficient ability and knowledge to follow the average University course. Success in examinations therefore becomes dependent on personality factors rather than on ability. Some of these postulated factors were found to be involved in Pauli test scores. In a group of about 50 students, a zero correlation was found between I.Q.'s and first year examination marks. Those with low I.Q.'s and high marks had a higher mean score than other groups on the energy, endurance, speed, accuracy and steadiness factors measured by the Pauli test, and the lowest mean scores for the temperament factor which

vir die temperamentsfaktor wat impulsiwiteit, veranderlikheid en 'n onbesorgde gees aan die ander kant aandui. Diegene met hoë I.K.'s en lae punte het baie hoë punte behaal in laasgenoemde faktor. Hulle het die laagste punte behaal in energie en uithouvermoë en het ook die sterkste neiging getoon om nie begaan te wees oor verbeterings nie. Die Pauli-toets hou dus die belofte van 'n voorspelmaatreeël van sukses in Universiteitseksamens in.

In nog 'n studie in verband met emosie is vraelyste, beoordelings deur waarnemers, 'n inkkladprojeksietoets en fisiologiese instrumente gebruik om te toon dat sulke aspekte van emosie soos intensiteit, sensitiwiteit, kwaliteit en graad van beheersing as aparte faktore onderskei kan word. Party belangrike verwantskappe tussen hierdie faktore en ander temperamentseienskappe, en sosiale aanpassing, huislike aanpassing en gesondheid is ook aan die lig gebring.

PUBLIKASIES EN RAPPORTE

Gedurende die agt maande wat deur hierdie rapport gedek word, het die personeel van die Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing 15 artikels in wetenskaplike tydskrifte gepubliseer, 23 rapporte en memoranda vir ondersteuners, kongresse en vir sekere interne behoeftes opgestel, en 51 lesings gegee vir verenigings van geleerdes of vir onderrigdoeleindes.

induces impulsiveness, variability and a carefree spirit on the other hand. Those with high I.Q. and low marks scored very highly on the latter factor. They were lowest on energy and endurance and also displayed the strongest tendency not to bother about corrections. The Pauli test therefore has some promise as a predictor of success in University examinations.

Another study in the sphere of emotionality, using questionnaires, ratings by observers, an ink-blot projection test and physiological measures showed that such aspects of emotion as intensity, sensitivity, quality and degree of control can be distinguished as separate factors. Some important relationships between these factors and other temperamental qualities, and to social adjustment, home adjustment and health were also brought to light.

PUBLICATIONS AND REPORTS

During the eight months covered by the report, the staff of the National Institute for Personnel Research published 15 papers in scientific journals, prepared 23 reports and memoranda for sponsors, congresses and for certain internal requirements, and delivered 51 lectures to learned societies or for instructional purposes.

Nasionale Voeding- navorsingsinstituut

Direkteur: DR. F. W. QUASS

Die integrasie van alle aspekte van voedsel en voeding bly die hoofmerk van die Instituut. Die Afdeling Mikrobiologie wat verlede jaar tot stand gekom het, het alreeds belangrike bydraes gelewer as deel van die werksaamhede van die Instituut, terwyl die Afdeling Proteïenchemie nou volledig ingerig is om 'n uitgebreide werksprogram te onderneem. Ook word die Departement van Voeding steeds bygestaan met tegniese advies en ondersoekwerk om die land se voeding te help bevorder. Vir die Nasionale Voedingsraad word ook vraagstukke ondersoek, en vir die nywerheid word kleinere projekte kragtens kontrak uitgevoer. Navorsingswerk om die voedingswaarde van koring- en mielieprodukte te verhoog, word in twee rigtings uitgevoer: die prosessering van grane, en die verryking van die voedingstowwe deur geskikte byvoegings.

Die Instituut is ten nouste betrokke by die ondersoek na die invloed van voeding op die voorkoms en voorkoming van hartkwalie en is 'n aktiewe deelnemer in die navorsingsprojek op dieet en metabolisme wat op vrywilligers onder langtermyn-gevangenes uitgevoer word. Die Instituut sal ook poog om hierdie ondersoek na skoolgaande kinders uit te brei waardeur belangrike nuwe gesigspunte openbaar mag word.

Die eerste Tegniese Bulletin oor die droging van afgeroomde melk is gepubliseer, terwyl 'n bulletin oor magou opgestel is. Deur middel van hierdie bulletins word die navorsingsresultate van die Instituut aan die nywerheid beskikbaar gestel.

DIE GEBREKSIEKTE : KWASHIORKOR

Die kliniese, biochemiese en hematologiese studies in verband met die voeding van kwashiorkorpatiënte is voortgesit. Stikstofretensie- en absorpsiestudies is gereeld uitgevoer en die resultate word gebruik om die doeltreffendheid van verskillende voedings te probeer bepaal. Die ondersoek na die uitwerking van byvoeging van proteïenaanvullings en carobboontjemeel op diarree en die snelheid van herstel daarvan is voortgesit. Ontledings en beskikbare resultate dui daarop dat die gebruik in baie hospitale en klinieke om duur proteïenaanvullings by afgeroomde melk te voeg waarskynlik nie nodig is nie.

Proewe is aan die gang om die terapeutiese vermoë van rollergedroogde afgeroomde melkpoeier te vergelyk met die van die sproeigedroogde produk. Aangesien die vervaardiging van eersgenoemde goedkoper is as dié van sproeigedroogde melkpoeier is dit om ekonomiese redes

National Nutrition Research Institute


Director: DR. F. W. QUASS

The integration of all the aspects of food and nutrition remains the chief concern of the Institute. The Division of Microbiology which came into being last year has already made important contributions to the activities of the Institute while the Protein Chemistry Division is now fully equipped to undertake an extensive programme of work. The Department of Nutrition is constantly assisted with technical advice and research to assist in improving the country's nutrition. Problems are also examined for the National Nutrition Council and minor projects are executed on contract for industry. Research work to enhance the nutritive value of wheat and maize products is being pursued in two directions: the processing of different types of cereals and the enriching of foods by suitable additives.

The Institute is closely associated with investigations in respect of the influence of diet on the incidence and prevention of heart disease and it plays an active part in the research project on diet and metabolism which is being carried out on volunteers among long-term prisoners. The Institute is also attempting to extend this



Dr. F. W. Quass.



Die Kaptein van die stam kyk toe hoe 'n jong vrywilliger medies ondersoek word tydens die Instituut se veldstudie oor die voedingsstatus van die verskillende bevolkingsgroepe.

The Headman of the tribe looks on while a young volunteer is medically examined during the Institute's field survey of the nutritional status of the various racial groups.

noodsaaklik om vas te stel of dit net so doeltreffend is. In die soektog na goedkoper proteïenvoedsels om wanvoeding te genees en te voorkom, word ook 'n verwerkte visproteïenmeel uitgetoets. Die terapeutiese vermoë van aminosuurmengsels word steeds in samewerking met prof. J. F. Brock en dr. J. D. L. Hansen van die Universiteit van Kaapstad uitgetoets.

VOEDING EN DEGENERATIEWE HART- EN BLOEDVATSIEKTES

Daar bestaan vandag nie meer twyfel nie dat sterftes aan kroonslagaarverstoping in die meeste lande van die wêreld, insluitende Suid-Afrika, onrusbarend toeneem. Die styging in die Unie is vinniger onder die Blankes as onder die Nie-blankes: Suid-Afrika se veelrassige land leen homself dus baie goed vir hierdie studie. Baie navorsingswerk oor hierdie vraagstuk word dus deur hierdie Instituut uitgevoer.

Gevangenisnavorsingsprojek oor Dieet en Metabolisme

Met die finansiële steun van die Departement van Voeding, is 'n Loodskomitee van die W.N.N.R. saamgestel om die verskille in die uitwerking van dieet op die bloedcholesterol van Blankes en Bantoes te ondersoek,

research to include children of school-going age, by which it is hoped new and important aspects may be revealed.

Verslae deur die hoofde van die mediese navorsingseenhede verskyn hieronder. Die bystand van staats- en provinsiale owerhede, die S.A. Instituut vir Mediese Navorsing, universiteite en individue wat meegehelp het met hierdie werk, word met dank erken.

AMEBIASE-NAVORSINGSEENHEID

Hoof van die Eenheid: DR. R. ELSDON-DEW

Universiteit van Natal, Durban

Gedurende die jaar is aanmerklike uitbreiding in die omvang van die Eenheid se werksaamhede moontlik gemaak deur 'n toekenning van \$135,000 (ongeveer £48,000) deur die Regering van die Verenigde State. Hierdie toekenning, wat oor 'n tydperk van vyf jaar versprei is, is gemaak op aanbeveling van die Voorsitter van die Studieseksie vir Tropiese Siektes van die Verenigde State se Volksgesondheidsdiens, prof. W. W. Frye wat die Eenheid verlede jaar besoek het, en dit ook vir die Hoof van die Eenheid moontlik gemaak het om sy private praktyk op te gee sodat hy sy volle aandag aan navorsingswerk kan wy.

Aangesien hierdie toekenningsgelde sowel as die jaarlikse fondse wat deur die Raad bygedra word, nie aangewend mag word vir verskaffing van die addisionele akkommodasie wat nodig is vir die wyer navorsingswerksaamhede wat nou beoog word nie, is besluit om 'n beroep op die publiek te doen. Skenkings ten bedrae van ongeveer £5,000 is alreeds hiervoor ontvang en dit word gehoop om uiteindelik ongeveer £25,000 te verkry vir die oprigting van die vereiste geboue, met huisvesting vir drie addisionele laboratoriums.

Net soos in vorige jare, het die Eenheid weer 'n aantal vooraanstaande besoekers van oorsee getrek, terwyl lede van die Eenheid wat studiereise na die buiteland onderneem het, baie in aanvraag was as sprekers op mediese kongresse.

Navorsingsprojekte

Die studie oor faktore wat invloed het op *Entamoeba histolytica in vitro* is voortgesit en die lys van antibiotika, chemiese en ander middele wat nou uitgetoets word, is indrukwekkend, nl. sowat 70 toetse, waarby enige duiende pasiënte betrokke is.

Geen aanmerklike vordering op die Eenheid se vorige resultate kan gemeld word nie, maar aangesien hierdie resultate reeds 'n daling in die mislukkingsyfer aangetoon het van ongeveer 50% tot 5%, en sal verdere verbetering hierop moeilik bewerkstellig kan word. Dit weerhou die Eenheid egter nie om in sy strewte te volhard nie, veral omdat daar nog altyd weerinstortings is wat op een of ander wyse oorkom moet word.

Opnames in verband met verskillende bevolkingsgroepe het voortgeduur en behalwe die navorsingswerk oor ameba is daar ook 'n begin gemaak met opnames oor bilharzia in samewerking met die Bilharziaeenheid. Behal-

Medical Research Units

Reports by the Heads of the medical research units are given in the succeeding sections. The assistance of governmental and provincial authorities, the South African Institute for Medical Research, universities and individuals who have co-operated in this work is gratefully acknowledged.

AMOEBIASIS RESEARCH UNIT

Head of the Unit: DR. R. ELSDON-DEW

University of Natal, Durban

During the year a very considerable expansion in the scale of activities of this Unit was made possible by a grant of \$135,000 (about £48,000) by the United States Government. This grant, which is to be spread over a period of five years, was made on the recommendation of the Chairman of the Tropical Diseases Study Section of the U.S. Public Health Service, Professor W. W. Frye, who visited the Unit last year, and has also made it possible for the Head of the Unit to give up his private practice in order to devote his full time to research.

As neither the grant nor the monies currently provided by the Council can be used to provide the additional accommodation required for the wider field of investigation now contemplated, it was decided to launch a public appeal. Donations amounting to about £5,000 have already been received and it is hoped eventually to raise about £25,000 which will make it possible to erect the necessary building with animal houses and additional laboratories.

As in past years, the Unit has continued to attract a number of prominent visitors from overseas and at the same time members of the Unit on overseas tours have been much in demand as speakers at medical congresses.

Research Projects

The study of the factors influencing *Entamoeba histolytica in vitro* has been continued and the list of antibiotics, chemical and other agents now tested is formidable, being of the order of some 70 trials, involving many thousands of patients.

No great advance on the Unit's previous results can be reported, but as these results have already shown a decrease in the failure rate from 50% to 5%, further improvement will be difficult to attain. This will not, however, prevent the Unit from seeking it, particularly as there is still a proportion of relapses which must be overcome in some way.

Surveys of various populations have continued and, in addition to the work on the amoebae, surveys on bilharzia have also been started in collaboration with

we die vasstelling van die omvang van die voorkoms van die parasiet in die omgewing van Durban, is daar ook 'n oorsig gekry van die outopsie-opgawes by plaaslike hospitale vir 'n aanduiding van die sterfgevallen ten opsigte van hierdie siekte. Die uitslag hiervan toon dat dit heelwat minder is as wat algemeen vermoed was.

In die laboratorium duur navorsingswerk voort vir die verkryging van suiwer kulture van die ameba. Hierdie organismes wil nie as sulks alleen groei nie en dit is moeilik om hulle selfs met 'n enkele simbiot te kweek. Heelwat sukses is behaal om ameba uit lewerabsesse te kweek, selfs tot so 'n mate dat dit as 'n diagnostiese prosedure gebruik kan word. Sukses is behaal met die oorplanting van die lewer-ameba na die *Streptobacillus* van Frye—'n organisme wat oorsee vir hierdie doel aangewend word. Die Eenheid het daarin geslaag om sistevorming te bewerkstelling in ameba wat uit lewerabsesse verkry is. Dit is van groot belang in die ekologie van die siekte, want tevore was die mening dat daar vir ameba wat die ingewande verlaat, geen hoop bestaan om verdere voedsterdiere te vind nie omrede hul onvermoë om siste te produseer.

Gedurende die verslagtydperk is 'n interessante geval teengekom waar fimose van die penis deur ameba veroorsaak is. Slegs twee sulke gevalle is in die verlede aangetref.

Verdere proewe is aan die gang vir die suiwering van 'n antigeen wat in bloedtoets vir amebiase gebruik kan word. Hoewel die Eenheid in die verlede in staat was om doelmatige antigene te produseer, is hulle egter nie vir gewone diagnostiese doeleindes vrygestel nie omdat die ondervinding geleer het dat daar bykomende faktore is wat die interpretasie van resultate nie alleen bemoeilik nie maar ook gevaarlik maak in die hande van 'n oningewyde. Dit is 'n langtermynprojek.

As gevolg van die geldelike toekenning deur die Volksgeondheidsdiens van die Verenigde State sal die Eenheid nou in staat wees om die uiters noodsaaklike proewe te onderneem in verband met die dieetfaktore wat onderliggend is aan die verandering in die ameba van die kommensale tot die invallende vorm. Dit is nodig om daarop te wys dat daar 'n groot aantal persone is wat *E. histolytica* in hul ingewande dra sonder enige sigbare gevolge, maar in ander persone, en om redes wat nie verklaar kan word nie, tree die ameba in 'n aanvallende vorm op en veroorsaak baie nadeel wat in die geval van die naturel, dikwels noodlottige gevolge het.

'n Leidraad vir hierdie verandering is die feit dat naturelle baie meer vatbaar as die Indiër of die blanke is vir die gevaarlike verskynsels van hierdie siekte. Uit proewe oor die faktore met betrekking tot *E. histolytica* in die mens, is dit bekend dat die bakterieë wel 'n rol speel, en epidemiologiese studies wat deur die Eenheid uitgevoer is, dui daarop dat bakteriese flora wel terdeë deur dieet verander word. Hierdie gesigspunt sal in die toekoms die hoofaanvalfront van die Eenheid wees, en dit sal 'n langtermynprojek vorm.

the Bilharziasis Unit. In addition to determining the incidence of the parasite in the neighbourhood of Durban, a review was made of the autopsy records of local hospitals to determine the mortality due to this disease. This proved to be considerably less than is generally accepted.

In the Laboratory, further investigations are being done on the establishment of pure cultures of the amoeba. These organisms will not grow by themselves, and it is difficult to grow them even with a single symbiont. Considerable success has been obtained in growing amoebae from liver abscesses—so much so that this can now be used as a diagnostic procedure. Success must be reported in transferring the liver amoebae to the *Streptobacillus* of Frye—an organism which is used overseas for this purpose. The Unit has been able to induce cyst-formation in amoebae obtained from liver abscesses. This has considerable importance in the ecology of the disease, for it was previously considered that amoebae which had left the bowel to enter the liver had, by their inability to produce cysts, given up all hope of subsequent hosts.

During the year, an interesting case, in which amoebae were found to have caused phimosis of the penis, was encountered—only two such cases have been reported previously.

Further experiments are being done to purify an antigen for use in blood-tests for amoebiasis. Though the Unit has been able to produce effective antigens in the past, they have not been released for ordinary diagnostic purposes, as experience has shown that there are other factors which make the interpretation of results difficult and, in the hands of the uninitiated, dangerous. This is a long-term project.

Now that the grant from the United States Public Health Service has materialized, the Unit will be able to undertake the very necessary experiments into the dietary factors underlying the change in the amoebae from the commensal to the invasive state. It must be pointed out that there are a very large number of people who harbour *E. histolytica* in their bowels without any apparent effect, but in some people, and for some reason as yet unknown, these amoebae take on an invasive form and cause considerable disability which, in the African, not infrequently proves fatal. A clue to this change is provided by the fact that the Africans are very much more susceptible to the dangerous manifestations of the disease than are either the Indians or the Whites. From experiments on the factors affecting *E. histolytica* in the human it is known that the bacteria play some part, and epidemiological studies carried out by the Unit suggest that the bacterial flora must be profoundly modified by diet. This will be the Unit's main line of attack in the future and will be a long-term project.

NAVORSINGSEENHEID VIR ARTROPODE-GEDRAAGDE VIRUSSIEKTES

Hoof van die Eenheid: DR. JAMES GEAR

Na voorlopige besprekings met dr. Hugh Smith, Geassosieerde Direkteur van die Internasionale Gesondheidsafdeling van die Rockefellerstigting, is die navorsingseenheid vir artropode-gedraagde virusse in 1953 gestig. Van sy aanvang af is dit gesamentlik ondersteun deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Mediese Navorsing, die Poliomiëlitis-navorsingstigting, en die Rockefellerstigting. Laasgenoemde het twee senior lede van sy wetenskaplike personeel, dr. K. C. Smithburn en dr. R. H. Kokernot, hierheen gestuur om die navorsingswerk te lei; dit is boonop verantwoordelik vir die salarisse van verskeie tegnisi en vir die lone van meeste van die Naturelle-personeel. Dit het ook vanuit Amerika baie wetenskaplike uitrusting verskaf wat nie in Suid-Afrika verkrygbaar is nie, sowel as rytuie vir vervoerdoeleindes. Die ander toerusting en laboratoriumvoorrade is voorsien deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Mediese Navorsing, wat ook verskeie professionele beamptes en tegniese personeel vir die navorsingspan gesekondeer het. Akkomodasie vir die werk is beskikbaar gestel in die laboratoriums van die Poliomiëlitisnavorsingstigting op Rietfontein en dit het ook die laboratoriumdienste verskaf.

In 1956 is hierdie navorsingspan officieel gekonstitueer as die Navorsingseenheid vir Artropode-gedraagde Virussiektes van die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad en 'n toekenning vir die bestryding van lopende koste is goedgekeur. Die program vir navorsing op artropode-gedraagde virussiektes is dus gedurende die verslagtydperk voortgesit met die gesamentlike finansiële steun van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Mediese Navorsing, die Poliomiëlitis-navorsingstigting, die Rockefellerstigting en die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad, met die waardevolle medewerking van die Unie Departement van Volksgesondheid en die Veeartsenykundige Afdeling van die Departement van Landbou.

Vorige Studies

In die voorafgaande jare, 1954–1956, was die werk van die navorsingspan daarop toegespits om die omvang van die Artropode-gedraagde virusprobleem in Suid-Afrika te bepaal. Vir hierdie doel is verskeie veldekspedisies onderneem en bloedmonsters van mense, veediere, wild en voëls is versamel vir immunologiese opnames om daardeur vas te stel watter virusse bedrywig is. Ook is bloedmonsters geneem van koorslydende menspasiente. Muskiete en ander bloedsuiende insekte en ander artropode is versamel met die doel om virusse uit hulle te probeer afskei.

ARTHROPOD-BORNE VIRUS DISEASES UNIT

Head of the Unit: DR. JAMES GEAR

After preliminary discussion with Dr. Hugh Smith, Associate Director of the International Health Division of the Rockefeller Foundation, the arthropod-borne virus research unit was established in 1953. From the outset it was supported jointly by the South African Institute for Medical Research, the Poliomyelitis Research Foundation, and the Rockefeller Foundation. The latter sent out two senior members of its scientific staff, Dr. K. C. Smithburn and Dr. R. H. Kokernot, to lead the investigations, and in addition it is responsible for the payment of several technicians and most of the Native staff. It also supplied from the United States much scientific equipment not obtainable in South Africa, as well as transport vehicles. The other equipment and laboratory supplies were provided by the South African Institute for Medical Research which also seconded several professional officers and the technical staff to the team. Accommodation for the work was made available in the laboratories of the Poliomyelitis Research Foundation at Rietfontein, which also has provided the laboratory services.

In 1956, this team was officially constituted the Arthropod-borne Virus Diseases Unit of the Council for Scientific and Industrial Research, and a grant towards its running expenses was approved. Thus, during the year under review, the programme of investigations of the arthropod-borne viruses was continued under the joint financial support of the South African Institute for Medical Research, the Poliomyelitis Research Foundation, the Rockefeller Foundation, and the Council for Scientific and Industrial Research, with the valuable collaboration of the Union Health Department and the Veterinary Division of the Department of Agriculture.

Previous Studies

In the preceding years, 1954–1956, the work of the team was oriented to define the extent of the problem of arthropod-borne viruses in South Africa. In order to do this, several expeditions into the field were undertaken and bloods from human beings, domestic and wild animals, and birds, were collected for immunological surveys to determine which viruses were active. Blood was also taken from human patients with febrile illnesses. Mosquitoes and other blood-sucking insects and other arthropods were collected for attempts to isolate virus from them.

Die bloed-immunologiese opnames het duidelik aangetoon dat daar 'n aantal virusse voorkom wat wydverspreide besmetting in mense en plaasdiere orals in Suid-Afrika veroorsaak. Ander virusse kom ook voor, maar is beperk in hul distribusie. Daar is bevind dat immuniteit teen verskeie virusse hoog is in die kusvlaktes van Tongaland in Noord-Natal. Gevolglik was 'n groot deel van die studie op hierdie gebied gekonsentreer. In 1955 is 'n veldstasie in die Ndumu-wildreservaat opgerig en in daardie jaar is 15 stamme van die virus geïsoleer uit muskietgroepe van die *Aedes circumluteolus* spesies wat naby Simbu-pan gevang is. Daar is bevind dat hierdie isolate aan 5 onderskeie antigeniese tipes behoort waarvan drie blykbaar tevore nie bekend was nie. 'n Virus behorende aan die B-groep arthropode-gedraagde virusse is ook geïsoleer uit muskiete van die *Taeniorhynchus uniformis* spesies.

By 'n Naturel is 'n virusstam geïsoleer wat identies is met een van die tevore nog onbekende tipes wat geïsoleer is van die *Aedes circumluteolus*, sodat hierdie spesies dus vir die eerste keer geïnkrimineer word as 'n belangrike vektor-insek. Daar is ook bewys dat minstens drie van die tipes wat in Tongaland geïsoleer is heel dikwels mense, beeste, skape en bokke aanval en dat besmetting hoofsaaklik beperk is tot die laagliggende gebied.

Studies in die Lopende Jaar

Veldwerk in hierdie gebied het dwarsdeur die jaar 1956 voortgeduur. Nog twee isolerings van virusstamme is van die *Aedes circumluteolus* spesies gemaak, terwyl 'n ander virus geïsoleer is van 'n Naturel wat koorsiekte opgedoen het. Proefondervindelik is aangetoon dat hierdie virus oorgedra word deur die muskiet van die *Culex univittatus* spesies en dat dit naverwant is aan, hoewel nie identies nie met, die Oeganda S-virus. Opnames met beskermingstoetse het getoon dat hierdie virus 'n gewone patoëen van mense in die Natalse kusgebied is.

'n Span navorsers het ook na Wesselsbron in die Oranje Vrystaat gegaan om ondersoek in te stel na 'n uitbreking van Slenkdalkoors wat aansienlike veeverliese veroorsaak het. Pogings is aangewend om die vektor van die siekte te vind. Slenkdalkoors is van twee groepe *Culex theileri* spesies geïsoleer, maar pogings om die virus oor te dra deur middel van muskietbyte deur hierdie spesies het gefaail.

Veertien lyne van die Slenkdalkoorsvirus is geïsoleer uit die bloed of lewer van natuurlik-besmette diere, en uit die bloed van sommige is 'n geskikte antigeen berei vir vinnige diagnose van hierdie siekte.

'n Uitbreking van 'n siekte op die grense van die Krugerwildtuin in die gebied tussen en grensende aan die Olifants- en Letabariviere is ondersoek. 'n Virus is geïsoleer by twee mans wat die besmetting opgedoen het op 'n visvangsrit langs die Letabarivier. Hierdie virus is geïdentifiseer as soortgelyk aan die wat die Chikungunya-

The blood immunological surveys clearly showed that a number of viruses are present and cause widespread infection both of man and domestic animals in the Union of South Africa. Others, although present, are more restricted in their distribution. It was found that immunity to several viruses was high in the coastal plain of Tongaland in Northern Natal. Accordingly, much of the study has been concentrated on this area. A field station was established in the Ndumu Game Reserve in 1955. In that year the isolation of 15 strains of virus was made from batches of mosquitoes of the species *Aedes circumluteolus* caught near Simbu Pan. These isolates were shown to belong to 5 distinct antigenic types, three of which were apparently previously unknown. A virus belonging to the Group B arthropod-borne viruses was also isolated from mosquitoes of the species *Taeniorhynchus uniformis*.

A strain of virus was isolated from a sick Native, and it was shown that this virus was identical with one of the previously unknown agents isolated from *Aedes circumluteolus*, which was thus incriminated for the first time as an important vector insect. It was also demonstrated that at least three of the agents isolated in Tongaland attack man, cattle, sheep and goats with great frequency and that infection is essentially limited to the lowland region.

Studies in the Current Year

Field investigations were continued in this area throughout 1956. Two further isolations of strains of virus were made from *Aedes circumluteolus* and another virus was isolated from a Native with fever. It was shown that this virus could be experimentally transmitted by the mosquito *Culex univittatus*, and that it was closely related to, but not identical with, Uganda S virus. Protection test surveys have shown that this virus is a common human pathogen in the Natal coastal area.

A team of workers also went to Wesselsbron in the Orange Free State to investigate an outbreak of Rift Valley fever which caused considerable losses of livestock. Attempts were made to identify the vector of the disease. Rift Valley fever virus was isolated from two lots of *Culex theileri*, but attempts to transmit the virus by bites of these mosquitoes failed.

Fourteen lines of Rift Valley fever virus were isolated from the blood or liver of naturally infected animals, and from the blood of some an antigen suitable for the rapid diagnosis of this disease was prepared.

An outbreak of a disease occurring on the borders of the Kruger National Park, in the area between and adjacent to the Oliphants and Letaba rivers, was investigated. A virus was isolated from the blood of two men who had contracted this infection on a fishing trip to the Letaba river. This virus was identified as being similar to that causing Chikungunya fever. Immunity surveys indicated that this virus had occurred in northern

koors veroorsaak. Immunitetsopnames het aangedui dat hierdie virus reeds voor 1956 in Noord-Natal voorgekom het, en hierdeur is dus aangetoon dat hierdie besmetting nie 'n onlangse invoering na Suid-Afrika is nie hoewel sy voorkoms nie vermoed was nie.

'n Serologiese eenheid het 'n studie gemaak van die immunologiese verwantskap van die virusse wat in Suid-Afrika geïsoleer is. Dit het ook vasgestel op watter voedsterdiere die verskillende muskietspesies en ander artropode teer.

Vollediger immunitetsopnames is ook gedurende die jaar onderneem en hiermee is bevestiging verkry dat die laagliggende kuststreek van Noord-Natal die gebied is wat gunstiger vir artropode-gedraagde virusse is as enige ander gebied wat tot dusver in die Unie van Suid-Afrika bestudeer is. Dit is waarskynlik dat die virus-gunstige streek naby Eshowe eindig in die streek waar die hele landskap onder intensiewe verbouing gebring is, terwyl die Lebomboberge 'n versperring teen die virus in die weste verskaf. Nietemin kom daar tog 'n paar artropode-gedraagde virussiektes op die Transvaalse en Oranje-Vrystaatse hoëveldstreek voor, insluitende die Wes Nyl-, Slenkdal-, Wesselsbron- en Sindbis-koors.

Dit is dus duidelik dat hierdie groep artropode-gedraagde virussiektes 'n belangrike mediese en veeartsenykundige vraagstuk in die Unie van Suid-Afrika skep.

NATUURHISTORIESE BILHARZIA-EENHEID

Hoof van die Eenheid: DR. BOTHA DE MEILLON

Suid-Afrikaanse Instituut vir Mediese Navorsing,
Johannesburg

Bilharziase in Proefnemingsdiere

Die doel van hierdie werk is om deur middel van proefdiere soveel kennis as moontlik op te doen oor Suid-Afrikaanse bilharziase en om hierdie resultate so ver moontlik te vergelyk met stamme van elders. Die werk is hoofsaaklik op muis, *Mastomys* en ape uitgevoer.

Ingewandsbilharziase is 'n strawwe siekte in Egipte, nie alleen omdat die voorkoms daarvan vinniger toeneem nie maar ook omrede van die betreklik ernstiger patologie daarvan in vergelyking met dié in Suid-Afrika.

Verskeie redes is aangevoer om 'n verklaring te vind vir die groot strafheid van Egiptiese ingewandsbilharziase. Dit is beweer dat daar 'n verskil is tussen die Suid-Afrikaanse en Egiptiese parasiete en dat laasgenoemde meer patogenies is. In 'n lang reeks proewe met muis, ape en *Mastomys* is duidelik aangetoon dat indien daar wel enige verskil bestaan, dit maar klein is en onmoontlik verantwoordelik kan wees vir hierdie verskil in patologie.

'n Ander bewering is dat Egiptiese boere en arbeiders voortdurend besmet raak en dat hierdie herhaalde be-

Natal prior to 1956. It was thus demonstrated that this infection was not a recent introduction to South Africa, although its presence had not hitherto been suspected.

A serological unit has studied the immunological relationship of the viruses isolated in South Africa. It has also determined the hosts on which various species of mosquitoes and other arthropods feed.

More detailed immunity surveys were also undertaken during the year. These have confirmed that the coastal lowlands of northern Natal constitute a region which is more favourable for arthropod-borne viruses than any other region yet studied in the Union of South Africa. It seems probable that the virus-favourable zone ends near Eshowe in the region where the entire countryside has been brought under intensive cultivation. The Lebombo mountains constitute a barrier to these virus infections in the West. However, some arthropod-borne viruses, including those of West Nile, Rift Valley, Wesselsbron, and Sindbis fevers, are prevalent on the high veld region of the Transvaal and Orange Free State. It is apparent that this group of arthropod-borne virus diseases constitute an important medical and veterinary problem in the Union of South Africa.

BILHARZIA NATURAL HISTORY UNIT

Head of the Unit: DR. BOTHA DE MEILLON

South African Institute for Medical Research,
Johannesburg

Bilharziasis in Experimental Animals

The object of this work was to learn as much as possible about South African bilharziasis by animal experiment and, where possible, to compare it with strains from elsewhere. The work was carried out mainly in mice, *Mastomys* and monkeys.

Intestinal bilharziasis is a serious disease in Egypt, not only because of its greater frequency, but also because of the relatively graver pathology as compared with South Africa.

Various reasons have been suggested to account for the great severity of Egyptian intestinal bilharziasis. It has been suggested that there is a difference between the South African and Egyptian parasites, the latter being more pathogenic. In a long series of experiments with mice, monkeys and *Mastomys* it was clearly shown that if any differences do exist they are small and unlikely to account for the differences in pathology.

Another suggestion is that the Egyptian peasant and labourer is constantly being reinfected and that this

smetting uiteindelik hul weerstand en immuniteit vernietig en 'n strawwe patologie daaruit volg. 'n Gevolgtrekking hieruit is dat namate ons eie besproeiingskemas uitbrei en herhaalde besmettings as gevolg daarvan algemeen word, ons in die Unie uiteindelik ook die strawwe tipe Egiptiese bilharziase hier sal ontwikkel. In hierdie opsig het proewe met muise en ape nie hierdie opvatting gestaaf nie. Proewe met ape het aangetoon dat die eerste besmetting 'n definitiewe siektepatroon skep wat nie deur 'n daaropvolgende besmetting herhaal word nie tensy die aap eers deur medisyne genees word. Tweedens het herhaalde weeklikse besmetting van ape en muise oor 'n tydperk van 'n jaar of meer geen strawwer patologie deur lewerhistologie geproduseer as die wat op 'n enkel besmetting volg nie. Deur 'n studie van die biologiese vertoning soos groei, reproduksie, sterftes, ens., van groot muiskolonies is ook aangetoon dat herhaalde besmettings geen afbreking in die muis se weerstandsmeganisme veroorsaak nie. Trouens, uit al bogenoemde proewe het een feit opgeduik wat heeltemal die teenoorgestelde was van wat bewys moes word en dit was dat een besmetting met bilharziase 'n immuniteit verskaf wat tot 'n sekere hoogte beskerming bied teen daaropvolgende besmettings. Die Eenheid kon nie daarin slaag om deur herhaalde herbesmetting die wurmlas in diere op te bou nie. Dit skyn twyfelagtig of dit in die mens teweeggebring kan word. Die eerste besmetting is van alleroorheersende belang. Dit kan so straf wees dat dit 'n dier binne 'n dag of wat kan doodmaak, of dit kan lig van aard wees en 'n siektepatroon skep wat kenmerkend vir byna elke diersoort is maar wat nie vererger kan word deur verdere besmettings nie.

Laastens is beweer dat die Egiptenaar 'n strawwer patologie vertoon weens sy proteïengebreklike dieet. Die bewyse tot dusver steun nie die bewering dat 'n lae proteïen-inname die bilharziaverskynsels in muise verhoog nie, hoewel hierdie addisionele las op die siekte wel die sterftes verhoog.

'n Baie interessante aangeleentheid wat hieruit te voorskyn gekom het is dat dit skyn asof die schistosomes in gelyke mate as die voedsterdier deur so 'n proteïengebrek ly. Die volgroeiende wurms is kleiner, lê minder eiers en die is meestal nie lewensvatbaar nie. Die wurms is blykbaar afhanklik van die proteïene wat deur die voedsterdier ingeneem word, en daar kan ook 'n hele aantal ander dieetfaktore wees waarvan hulle heeltemal afhanklik is, hoewel sommige hiervan moontlik onbelangrik vir die voedsterdier kan wees. Dit open natuurlik 'n wye proefnemingsveld met die hoop om leidrade te vind vir 'n meer rasionele terapeutiese middel.

Uit bogenoemde kan die gevolgtrekking gemaak word dat geen een van die vermoede of beweerde oorsake 'n strawwer tipe bilharziale besmetting in muise, *Mastomys* en ape kan produseer nie en dit lyk ook onwaarskynlik dat soiets in die mens veroorsaak kan word. Indien die Eenheid se interpretasie van sy resultate korrek is, hoewel

process of repeated reinfection finally breaks down his resistance and immunity and so arises the severe pathology. An inference here, of course, is that, as our irrigation schemes grow and frequent reinfection becomes common, we in the Union will eventually end up with the severe type of Egyptian bilharziasis. Here again experiments in mice and monkeys have not supported this belief. It has been shown that in monkeys a first infection produces a definite pattern of disease which is not repeated on subsequent reinfection unless the monkey is first cured by drugs. Secondly, repeated weekly reinfection of monkeys and mice over the course of a year or more has not produced a pathology as assessed by liver histology any more severe than that following a single infection. It has also been shown by studies on the biological performance, as measured by growth, reproduction, mortality, etc., of large colonies of mice, that repeated reinfection does not cause any breakdown in the mouse's defence mechanism. Indeed, from all the experiments noted above one fact emerged which was quite the reverse of what it was attempted to prove and that was, that one infection of bilharziasis produces an immunity which protects to some extent against subsequent infections. The Unit has failed completely to build up the worm burden in animals by repeated reinfection. It seems very doubtful if this can be achieved in man. The first infection is all important. It can be so heavy as to kill an animal in a day or so, or it can be mild, producing a pattern of disease which is characteristic for almost each species of animal but which cannot be aggravated by further infections.

Finally it has been suggested that the Egyptian shows a more severe pathology because of his low protein diet. The evidence so far does not support the suggestion that low protein intake aggravates the bilharzial lesions in mice, though the added burden of disease does raise the mortality.

A very interesting matter that has arisen out of this is that it appears that the schistosomes suffer as the host does from the deficiency. The adult worms are smaller, fewer eggs are laid and these are mostly nonviable. The worms are apparently dependent on the protein taken in by the host, they may be completely dependent on a number of other dietary factors, some of which may be relatively unimportant for the host. This, of course, opens up a wide field for experiment with the hope of obtaining clues to a more rational therapeutic agent.

From the above it may be concluded that one of the suspected or suggested causes produce a severer type of bilharzial lesion in mice, *Mastomys* and monkey and it appears unlikely that they will do so in man. If the Unit's interpretation of its results, admittedly based on laboratory animals only, is correct, then there need be

slegs op laboratoriumdiere uitgevoer, dan hoef daar geen vrees te bestaan vir die verskyning van 'n strawwer tipe bilharziase in Suid-Afrika nie.

Proefwerk met Nuwe Medisyne

'n Nuwe anti-bilharziale middel (Hoechst S616) is op proef gestel. Die middel was effektief in muise wat 'n enkel dosis van ongeveer 40 mg./kg. deur die mond ingekry het. Die interessantste en belangrike ontdekking wat egter hiermee gemaak is was dat die middel die uitwerking van 'n voorbehoedmiddel gehad het, deurdat dit uitbreiding van besmetting verhoed het toe dit toegedien is op die dag van of selfs tot 4 dae na blootstelling aan serkarias. Dus is S616 die eerste voorbehoedmiddel wat hiervoor ontdek is.

Langtermyn-observasie op Komplementbindingsreaksie

Die bilharziale komplementbindingsreaksie wat uitgevoer is met antigene wat deur hierdie Eenheid berei is, het 'n hulpmiddel geblyk te wees in die diagnose van bilharziase in gevalle waar gewone tegnieke misluk het. Dit is egter nodig om die perke van die toets te weet, en sommige hiervan is dus ondersoek. Dit is bv. van belang om te weet hoe die reaksie hom gedra na genesing. Vir hierdie doel is die toets vir 40 maande lank opgevolg op kinders wat suksesvol behandel is. Die uitslag was dat die toets vir hierdie hele periode positief kan bly en dat sy gedrag ongeregeld word na verloop van 4 maande. Die toets met die antigene, wat tot dusver deur die Eenheid berei is, kan dus nie gebruik word om genesing vas te stel nie en moet versigtig geïnterpreteer word na behandeling.

Gesondheidsbeeld in Bantoe kinders met en sonder Bilharzia

In samewerking met die Navorsingseenheid vir Menslike Biochemie is 'n ondersoek uitgevoer by twee skole naby Rustenburg—waar bilharzia straf is by een, maar nie by die ander een nie. Die groepe is antropometries, biochemies, hematologies, parasietologies, klinies en fisiologies vergelyk en dis bevind dat die belemmering wat deur bilharziase teweeggebring is baie minder ernstig kan wees as wat gewoonlik vermoed word.

Bilharziale Komplementbindingsantigene

Werk hieroor is voortgesit in samewerking met dr. B. Wolstenholme van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Mediese Navorsing. Nuwe antigene en tegnieke word ondersoek met die hoop op verbetering van die toets en om dit meer spesifiek en betroubaar te maak in alle stadiums van die siekte.

Ander Laboratoriumwerk

Werk op die vatbaarheid van slakke, identifikasie van serkaria afgegee deur gevange wilde slakke, instandhouding van stamme van schistosomes en vektors duur voort.

no fear of the appearance of the severe type of bilharziasis in South Africa.

Experimental Work with New Drugs

A new antibilharzial drug (Hoechst S616) was tested. The drug was effective in mice receiving a single oral dose of about 40 mg./kg. The most interesting and important discovery made, however, was that the drug acted as a prophylactic in that it prevented infection from developing when administered on the day of or up to 4 days following exposure to cercariae. S616 is the first prophylactic to be discovered.

Long-term Observations on B.C.F. Test

The bilharzial complement fixation reaction performed with antigens prepared by this Unit has proved to be a helpful tool in the diagnosis of bilharziasis where ordinary techniques have failed. It is necessary, however, to know the limits of the test and some of these have therefore been investigated. It is important to know, for instance, how the reaction behaves after cure. For this purpose the test was followed up in children for 40 months after successful treatment. The results showed that the test may remain positive for this whole period and that it behaves erratically especially after the lapse of 4 months. The test with the antigens, prepared by this Unit thus far, cannot therefore be used to assess cure, and must be interpreted with caution after treatment.

Health Picture in Bantu Children with and without Bilharziasis

In collaboration with the Human Biochemistry Research Unit, an investigation was carried out in two schools—bilharziasis being prevalent at one and not at the other—near Rustenburg. The groups were compared anthropometrically, biochemically, haematologically, parasitologically, clinically and physiologically. It was found that the handicap imposed by bilharziasis may well be less than is usually believed. The investigation continues.

Bilharzial Complement Fixation Antigens

Work on this continued in collaboration with Dr. B. Wolstenholme of the South African Institute for Medical Research. New antigens and techniques are being investigated with the hope of improving the test and making it more specific and reliable in all stages of the disease.

Other Laboratory Work

Work involving susceptibility of snails, identification of cercariae shed by wild caught snails, maintenance of strains of schistosomes and vectors continues.

Konferensie van Wêreldgesondheidsorganisasie oor Bilharziase

Hierdie konferensie wat vanaf 26 November tot 8 Desember 1956 op Brazzaville gehou is, is op uitnodiging en koste van die Wêreldgesondheidsorganisasie deur dr. B. de Meillon van die Natuurhistoriese Bilharzia-eenheid en dr. J. Pitchford van die Veld-eenheid bygewoon. 'n Aantal referate is gelewer. Die konferensie, wat bygewoon is deur deskundiges uit Afrika en ander dele van die wêreld, was 'n groot sukses en het meegehelp om helderheid te verskaf oor baie van die bestaande strydvrage. Een uitstaande gevolgtrekking waartoe geraak is, is dat beseft is dat bilharziase, anders as so baie ander siektes wat deur insekte oorgedra word, nie so maklik sal swig vir 'n eenvoudige regstreekse aanslag op die vektor nie. Baie afgevaardigdes het getuig van mislukkings om resultate hiervan te verkry. Dit het dus duidelik geword dat die aanslag teen bilharziase op alle fronte onderneem moet word en dat sulke aspekte in aanmerking geneem moet word soos onderwys in die breedste betekenis van die woord (skool, bioskoop, lesings, ens.); verbetering van die algemene gesondheidstoestand en sosio-ekonomiese status; verbeterde besproeiingstelsels, en beter terapie. Ook moet die samewerking van plaaslike boere en ander werkverskaffers in die gebied verkry word. Dit vereis dus 'n wydropgesette aanslag waarby die medewerking van verskillende departemente 'n vereiste is.

KARDIO-PULMONALE NAVORSINGSEENHEID

Hoof van die Eenheid: PROF. G. A. ELLIOTT

Universiteit van die Witwatersrand

Die navorsingswerk van die Kardio-Pulmonale Eenheid het gedurende die verslagtydperk in hoofsaak die rigtings gevolg soos volledig vermeld in vorige jare. 'n Paar nuwe ontwikkelings word hieronder bespreek.

Asemhalingsmeganika

Baie aandag is gedurende hierdie tydperk gegee aan die verbetering en uitbouing van die tegnieke. 'n Basiese vereiste vir akkurate drukvolume-studies is 'n metode waardeur 'n akkurate rekord verkry kan word van onmiddellike volume en snelheid van lugvloei gedurende stille en geforseerde asemhaling. Die inherente gebreke van die pneumatograaf, wat tot dusver deur die Eenheid gebruik is, het daartoe gelei dat 'n studie van alternatiewe instrumente vir hierdie doel onderneem is. As gevolg van hierdie werk is twee gewysigde vorms van die spirometer met aansienlik verbeterde eienskappe ontwikkel. Ook is 'n nuwe asemhalingsklep met 'n hoë inneemvermoë en 'n lae weerstand ontwikkel. Pogings om 'n liggaamspletis-mografiese metode van groter akkuraatheid te ontwikkel

World Health Organization Conference on Bilharziasis

This Conference which was held in Brazzaville from 26 November to 3 December, 1956, was attended, at the invitation and expense of World Health Organization, by Dr. de Meillon of the Bilharzia Natural History Unit and Dr. J. Pitchford of the Field Unit. A number of papers were presented. The Conference, attended by experts from Africa and other parts of the world, was a great success and helped to clarify many hitherto controversial matters. One outstanding conclusion was certainly the realization that bilharziasis, unlike so many other vectorborne diseases, is not likely to yield to a simple direct attack on the vector. Failure to achieve results by this means was reported by many delegates. It thus became clear that the attack against bilharziasis must be fought on all fronts and must take into consideration such aspects as education in the widest sense (school, cinema, lecture and so on); improvement of general health conditions and socio-economic status; improved irrigation systems and better therapy. It must also have the collaboration of local farmers and other employers of labour living in the region. This calls for an all-out attack with the collaboration of several departments.

CARDIO-PULMONARY RESEARCH UNIT

Head of the Unit: PROF. G. A. ELLIOTT

University of the Witwatersrand

The research work of the Cardio-Pulmonary Unit during the period under review followed mainly along lines set out and fully reported in previous years. Certain new developments are discussed below.

Respiratory Mechanics

Much attention was devoted during the period to the improvement and amplification of techniques. A basic requirement for accurate pressure-volume studies is a method whereby an accurate record of instantaneous volume and velocity of air flow may be obtained during quiet and forced respiration. The inherent disadvantages of the pneumatachograph hitherto used by the Unit led to the study of alternative instruments for this purpose. As a result of this work two modified forms of spirometer with considerably improved characteristics were developed. A new respiratory valve with high capacity and low resistance was also developed. Efforts to develop a body plethysmographic method of greater accuracy for studying alveolar pressure and thoracic

vir die studie van alveolêre druk en borsgasvolume was dwarsdeur die jaar aan die gang en word nog voortgesit.

Roetine toepassing van studies oor pulmonêre meganika duur voort en het baie bygedra tot 'n begrip van die aard van die kwaal in baie gevalle van longongesteldhede. Die invloed van verskillende faktore, soos inspanning, hartslag en spoed van asemhaling op die werksgedrag van die long, word bestudeer. 'n Beter omskrywing van die invloed van hierdie veranderlikes op die werking van die long is nodig vir 'n deegliker begrip van die invloed van siekteprosesse van die long.

Veranderings in Asemhalingsfunksie as gevolg van Heelkundige Verwydering van Weefsel

'n Langtermyn studie op 'n reeks gevalle van lugpypverwyding voor en na heelkundige behandeling is voltooi en die gegewens word nou vir publikasie gereed gemaak. Dit het lig gewerp op die meganiese en fisiologiese resultate wat verwag kan word na verlies van longweefsel. Bowendien sal dit in die toekoms van praktiese hulp wees om te bepaal watter persone in staat sal wees om 'n heelkundige verwydering van longweefsel te oorleef en sonder nadelige gevolge.

Langtermyn-studie oor die Aard van Emfiseem

Uit 'n beskouing van die kliniese gegewens alleen, is dit duidelik dat daar meer as een tipe „emfiseem” is. Op die oomblik word 'n ontleding gemaak van die gevalle wat deur die Eenheid gedurende die afgelope ses jaar bestudeer is in 'n poging om die kliniese en fisiologiese gegewens te korreleer. In die loop van hierdie studie het dit nodig geword om gebruik te maak van 'n verbeterde metode vir die meting van „radiologiese borsvolume”.

Een interessante feit wat deur hierdie studie aan die lig gebring is, is dat die gebruikelike metodes van longvolume-meting die juiste waarde in sommige gevalle van emfiseem heeltemal onderskat. Dit is omdat groot gedeeltes van longweefsel soms feitlik nie in verbinding met die res van die asemhalingskanaal is nie.

Aanduidings vir Hartheelkunde in Hartklepaandoening

Dit is 'n voortsetting van 'n studie wat in vorige jare hoofsaaklik op die mitraalhartklepaandoenings gekonsentreer was. Gegewens is sedertdien sistematies versamel van gevalle wat ook aan ander gevalle van hartklepaandoenings ly. Onlangs is die kliniese, elektrokardiografiese en radiologiese bevindings van 22 gevalle van aorta-vernouing versamel en met die bloedvatdrukings by operasies, operatiewe bevindings en operatiewe resultate vergelyk in 'n poging om 'n beskrywing te kan gee van die aanduidings van hartklepaandoenings. Die resultate van hierdie studie beklemtoon die hoë risiko van hierdie operasie, maar dui tog op sekere klasse daarvan waarin 'n operasie geregverdig kan wees. 'n Soortgelyke studie word gemaak op persone met longslagaarvernouing op wie operasies uitgevoer is.

gas volume have been pursued throughout the year and are continuing.

Routine application of studies of pulmonary mechanics continue and have contributed greatly to the understanding of the nature of disability in many cases of lung disease. The influence of various factors such as effort, cardiac output and respiratory frequency on the mechanical behaviour of the lung are being studied. Better definition of the influence of these variables on lung mechanics is necessary for the better understanding of the influence of disease processes on the lung.

Changes in Respiratory Function due to Surgical Excision of Tissue

A long-term study of a series of cases of bronchiectasis, before and after surgery, has been completed and is in process of being prepared for publication. It has thrown light on the mechanical and physiological results to be expected after the loss of lung tissue. Moreover, it will be of practical help in the future in deciding which subjects will be able to survive surgical removal of lung tissue without crippling disability.

Long-term Study of the Nature of Emphysema

From consideration of clinical data alone, it is apparent that there is more than one type of “emphysema”. An analysis of the cases studied by the Unit during the past six years is, therefore, being done at present in an attempt to correlate clinical and physiological data. In the course of this study it has been necessary to use an improved method of measuring “radiological chest volume”. One interesting fact resulting from this study is that the conventional methods of measuring lung volume grossly underestimate the true value in some cases of emphysema. This is because large areas of lung tissue are sometimes virtually not in communication with the rest of the respiratory tract.

Indications for Heart Surgery in Valvular Heart Disease

This is a continuation of a study which in previous years was concentrated mainly on mitral disease. Data have since been methodically collected on cases suffering from other forms of valvular heart disease as well. Recently, the clinical, electrocardiographic and radiological findings of 22 cases of aortic stenosis were collected and compared with the vascular pressures at operation, operative findings and operative results in an attempt to define the indications for aortic valvotomy. The results of this study accentuate the high risk of this operation but do suggest certain categories in which the operation may be justified. A similar study is at present being made of cases of pulmonic stenosis which have been operated upon.

Kongenitale Hartsiektes

Gedurende die afgelope twee jaar het die Eenheid ten volle besef hoe moeilik dit gaan om 'n diagnose te maak van 'n oop interventrikulêre septum indien pulmonale hipertensie eers 'n gevaarlike punt bereik het. 'n Oorsig is begin van die kliniese, elektrokardiografiese, radiologiese en hartkateterisasie-gegewens in 'n poging om helderheid te kry oor hierdie probleem.

Binnespierse Magnesiumsulfaat

Onlangs het Johannesburgse navorsers gemeld dat binnespierse inspuitings van magnesiumsulfaat in persone met miokardiale isemie, groot simptomatiese verbetering bewegebring en daartoe geneig is om die serum-lipoproteïenpatroon na normaal te laat terugkeer. Hierdie waarneming, indien bevestig, kan van groot betekenis wees. 'n Proefneming word dus uitgevoer, in medewerking met die Suid-Afrikaanse Instituut vir Mediese Navorsing, deur gebruikmaking van die „double blind”-tegniek. Die kliniese en biochemiese uitwerking hiervan word bestudeer.

Spanningstoetse van die Kardio-asemhalingsfunksie

Navorsingswerk is voortgesit op die ontwikkeling van geskikte spanningstoetse. Die oogmerke met so 'n toets is eerstens om 'n objektiewe waardebeplanning te kry van die totale funksie (soos seleksie van gevalle vir heelkundige behandeling, geskikheidsertifisering vir verskillende beroepe, ens.), en tweedens om skeiding te maak tussen ongeskiktheid weens longgebreke en tussen ongeskiktheid weens hartkwale. 'n Vorm van toetsing is uiteindelik verkry wat die meeste inligting met die minste moeite verskaf, en dit word nou toegepas op normale gevalle en op gevalle van hart- en longkwale wat deur die kliniek gaan. Voorlopige resultate is bevredigend.

Algemeen

Soos in vorige jare, word gevalle van buitengewone belang aan intensiewe studie onderwerp. 'n Voorbeeld hiervan is die geval van die Hamman-Rich-sindroom wat nou vir vier jaar al met herhaalde longfunksie-studies opgevolg is. Deur middel van hierdie volledige studie op 'n persoon, wat langer geleef het as enige ander op rekord, is heelwat interessante inligting verkry oor die progressiewe versteuring van funksie.

Die statistiese voorbereiding, wat al sedert die voorafgaande twee jaar aan die gang is vir 'n studie om die normale waardes te bepaal vir die funksietoets wat toegepas word, duur nog voort.

'n Studie is begin vir bepaling van die invloed van inasemsnelheid op die asemhaling deur dooie gedeeltes, soos gemeet deur 'n stikstof-metode met 'n enkel asem-trekking. Voorlopige waarnemings skyn daarop te dui dat die dooie gedeelte in verband staan met hierdie veranderlike.

Die studie oor die langtermyn-uitwerking van blootstelling aan nitrosegasse, waarvan melding gemaak is in vorige jare, is gedurende hierdie jaar voltooi.

Congenital Heart Disease

The Unit has been impressed during the past two years with the great difficulty of establishing the diagnosis of ventricular septal defect, once pulmonary hypertension has become marked. A review of the clinical, electrocardiographic, radiological and cardiac catheterization data has been commenced in an attempt to clarify this problem.

Intramuscular Magnesium Sulphate

It was recently reported by Johannesburg workers that intramuscular injections of magnesium sulphate in subjects of myocardial ischaemia produced great symptomatic improvement and tended to restore the serum lipoprotein pattern towards normal. This observation, if verified, will be of major importance. A trial is, therefore, being conducted with the collaboration of the South African Institute for Medical Research, employing the "double-blind" technique. Clinical and biochemical effects are receiving study.

Stress Tests of Cardio-Respiratory Function

Work has been continued on the development of a suitable stress test. The objects of such a test are, firstly, to obtain an objective assessment of overall function (as in selection of cases for surgery, certification of fitness for various occupations, etc.) and, secondly, to separate disability due to lung defects from disability due to heart defects. A form of test has eventually been selected to give most information with least effort, and is now being applied to normal controls and cases of heart and lung disease passing through the Clinic. Preliminary results are encouraging.

Miscellaneous

As in previous years, cases of unusual interest have been the subject of intensive study. An example is a case of the Hamman-Rich syndrome which has been followed now with repeated lung function studies for four years. By means of this detailed study in a subject who has lived longer than any other yet recorded, some interesting information has been obtained on the progressive disturbances of function.

The statistical preparation of a study, carried out over the preceding two years to establish normal values for the function tests employed, is still in progress.

A study was commenced to determine the influence of inspiratory velocity on respiratory dead space, as measured by the single-breath nitrogen work-out method. Preliminary observations tended to show that dead space was related to this variable.

The study of the long-term effects of exposure to nitrous fumes reported in previous years was completed during the year.

NAVORSINGSEENHEID VIR KLINIESE VOEDING

Hoof van die Eenheid: PROF. J. F. BROCK

Universiteit van Kaapstad

Serum-cholesterol en Vet in die Dieet

Verdere navorsing het aangetoon dat die peil van serum-cholesterol ongetwyfeld in bedwang gehou kan word deur 'n vermindering van die vetinhoud of van die vet/kalorie-verhouding in die dieet, en ook deur regulering van die relatiewe hoeveelhede van die verskillende vetsoorte. Hoogs waarskynlik is hierdie invloed van vetsoorte op die serum-cholesterol grotendeels afhanklik van die mate van versadiging of onversadiging van die vet. Oor die algemeen veroorsaak die onversadigde vette 'n vermindering in die cholesterol-inhoud van die bloed. Sulke onversadigde vette sluit plantvette en visolies in, is vloeibaar by liggaamstemperatuur en het 'n hoë jodiumsyfer as maatstaf van hul onversadiging. Diervette is betreklik versadig, het 'n lae jodiumsyfer en is gewoonlik solied by liggamstemperatuur. Vetolies wat deur industriële prosesse hidrogineer word, verander ook in soliede vette met 'n lae jodiumsyfer. Sulke versadigde vette is nadelig vir sover hulle 'n verhogende invloed het op die serum-cholesterol. Dit is bewys dat hierdie nadelige gevolge van die versadigde vette tot 'n mate vereffen kan word deur byvoeging van of vervanging met die onversadigde vette. Met ander woorde, kwaliteit van vet is belangriker as kwantiteit.

Daar is nog geen vaste bewys vir die gevolgtrekking dat verlaging van die serum-cholesterol die vooruitsigte vir toekomstige of herhaalde kroonslagartrombose verminder nie. Nietemin bestaan daar reeds indrukwekkende bewys dat hierdie bewering wel juis mag wees, en verskaf dus wel 'n basis vir verdere navorsing.

Hierdie navorsingseenheid is nou besig om genoemde probleme op te volg, beide in die metabolismesaal in die hospitaal en op 'n groep vrywilligers wat andersins 'n normale bestaan voer.

Proteïene-ondervoeding

'n Vergelyking van hierdie probleem met die voorafgaande, naamlik, die studie van die verhouding tussen dieetvet en serum-cholesterol, bied interessante vraagstukke aan. Probleme i.v.m. dieetvet het betrekking tot 'n relatiewe klein deel van die wêreldbevolking, maar rig nietemin verwoesting aan onder diegene wie se intellek en opvoeding aan hulle 'n leidende rol in hul omgewing toevertrou. Die probleem van proteïene-ondervoeding raak egter die groot meerderheid van die wêreld se minderbevoorregte bevolking onder wie dit voorkom as een van die belangrikste oorsake, indien nie die allerbelangrikste nie, van verhoedbare morbiditeit en mortaliteit. Die rede is klaarblyklik dat die proteïene-voedsels

CLINICAL NUTRITION RESEARCH UNIT

Head of the Unit: PROF. J. F. BROCK

University of Cape Town

Serum Cholesterol and Dietary Fat

Further work has established beyond reasonable doubt that the level of blood cholesterol can be manipulated not only by reduction of the total fat or of the fat/calorie ratio in the diet, but also by adjusting the ratio of one fat to another. The apparent determining factor in the differing effects of different fats on blood cholesterol is the degree of saturation or unsaturation. In general, fats of vegetable and marine origin which are liquid at body temperature and have a high iodine number indicating relative unsaturation, are favourable in their effect on blood cholesterol; fats of animal origin which are relatively saturated and have a low iodine number, and oils which have been treated by industrial hydrogenation processes with resultant lowering in iodine number and which are, in general, solid at body temperature, tend to be unfavourable in their effect. There is evidence that the unfavourable effect of saturated fats can to some extent be neutralised by the addition of unsaturated fats; in other words, quality of fat may be more important than quantity of fat in the diet.

The conclusion, that lowering the blood cholesterol influences favourably the prospect of future or recurrent coronary thrombosis through, either the mechanism of atherogenesis, or the mechanism of thrombogenesis, is still an unproved assumption. The evidence supporting the assumption is, however, impressive and it is a justifiable hypothesis for further work.

The Unit has been active in studying these developments both in the metabolism ward and in long-term experiments on volunteers living an ordinary life.

Protein Malnutrition

The contrast between this field of enquiry and the dietary fat/blood cholesterol field is intriguing. The former problem is applicable to a relatively small privileged fraction of the total population of the world, but it is causing havoc among those whose brains and education make them the natural leaders in their communities. The protein-malnutrition problem, however, affects the major underprivileged section of the world's population, where it is probably one of the great causes of correctable morbidity and mortality, if not the greatest. The reason, of course, is that protein foodstuffs are always relatively expensive compared with those food-

betreklik duur is in vergelyking met die gouversadigende en maklik kweekbare styselvoedselsoorte. Die gevolge van proteïene-ondervoeding by minderbevoorregte bevolkingsgroepe is veral te bespeur by die kinders tussen die ouderdom van twee en vier jaar sodra hul proteïen-inname by speentyd beperk word deur die afwesigheid van geskikte plaassvervangers vir melk. Kwashiorkor is dus 'n allerbelangrike leidraad in die navorsing van 'n wêreldwye probleem.

In hierdie Eenheid is verder vooruitgang gemaak met die fraksionering van gedroogde melkpoeier om te bepaal watter bestanddele van melk doeltreffend in die behandeling van kwashiorkor is.

Daar is reeds aangetoon dat genesing van kwashiorkor bewerkstellig kan word deur mengsels van sintetiese preparate van die agttien aminosure, waarvan kaseïen—die hoofproteïen van melk—saamgestel is. Dit kan geskied selfs in die afwesigheid van vitamïene, hoewel laasgenoemde nodig is om genesing te konsolideer. Verdere fraksionering het bewys dat genesing deur mengsels van slegs elf van die agttien aminosure teweeggebring kan word. Die werk hieroor duur voort. Die groot betekenis van hierdie gevolgtrekkings is dat waardevolle kennis ingesamel word i.v.m. die vervaardiging van geskikte plaassvervangers vir melk, wat geheel en al of grotendeels van plantbronne geproduseer kan word.

'n Verdere vertakking van hierdie werk handel oor studies op volwassenes wat in die hospitaal opgeneem word vanweë ondervoeding, soos bewys deur edeem, hartversaking en dies meer. Sulke letsels kom nie voor onder bevoorregtes nie, en kan dus nie verklaar word volgens ondervinding wat onder daardie omstandighede opgedoen word nie. Daar is ten minste 'n moontlikheid, indien nie 'n waarskynlikheid nie, dat proteïene-ondervoeding 'n belangrike oorsaak is. In hierdie studie op volwassenes word daar gepoog om verklarings te vind vir die betreklike minderwaardigheid van mielies as 'n graankos vir menslike gebruik. Hoogs waarskynlik kan hierdie gebrek verreën word deur die toevoeging van peul-produkte of vismeel om sodoende 'n meer voedsame mengsel te verskaf.

Ander Projekte

Navorsingswerk oor die nefrotiese sindroom word voortgesit. Korttermyn balansstudies en langtermyn opvolging van pasiënte, insluitende elektrolitiese balanse, kwantitatiewe bepaling van daaglikse uitskeiding van proteïene in die urine, nierbiopsie, en 'n studie van die gevolge van die steroïde hormone duur voort. Twee belangrike bydraes is gepubliseer en handel oor die werk van die afgelope vyf jaar. 'n Ander belangrike publikasie in hierdie verband handel oor primêre aldosteronisme.

Die studie van vloeistof en elektrolitiese balans, en aminosuurpartisie in die urine van gevalle van kwashiorkor wat die belangrike effek van kaliumtoediening aangedui het, duur voort en word uitgebrei met behulp van 'n

stuffs, mainly of starchy origin, which are easily produced for the satisfaction of hunger. The problem of protein malnutrition is most evident in children between the ages of 2 and 4 years, when protein needs are high and protein supplies have been cut off by weaning and by absence of suitable milk substitutes in under-privileged populations. Kwashiorkor is, therefore, a vital clue in the investigation of a world-wide problem.

The Unit has pursued its previous work on the fractionation of dried milk powder in order to determine which nutrients in milk are the effective curative fractions. It has been shown that cure can be initiated in kwashiorkor by mixtures of synthetic equivalents of the 18 amino acids which are the building stones of casein, the principal protein in milk. This can be done even in the absence of vitamins, although it is apparent that vitamins are required for the consolidation of cure. By further fractionation it has been shown that cure can be initiated with 11 out of the 18 amino acids. Further work is continuing in this field. The significance of these observations is that they give a vital clue for the constitution of a milk substitute prepared wholly or mainly from vegetable sources.

Work has been extended to adult subjects suffering from protein malnutrition and at present in hospital with oedema, heart failure, and other serious disorders. These disorders are not encountered in privileged people and are not yet explicable in terms of experience in medicine among privileged people. There is at least a possibility, if not a probability, that protein malnutrition is one of the vital causative factors. In this adult study, an attempt is being made to find the reasons for the relative inferiority of maize as a cereal for human beings. It is more than possible that maize can be suitably supplemented by pulses or by fish meal so as to render it much more nutritious.

Other Projects

Work on the nephrotic syndrome is proceeding with short-term balance studies and long-term follow-up, including electrolyte balance, quantitative determination of the daily output of protein in the urine, renal biopsy and a study of the response to steroid hormones. The work of the past five years has been published in two important papers. Arising out of this work an important paper has been published on primary aldosteronism.

The study of fluid and electrolyte balance and amino-acid partition in the urine of cases of kwashiorkor, which brought to light the important life-saving effect of potassium supplements, is being continued and expanded

navorsingschemikus van die Williams Waterman Fonds van New York.

Die oorsaak van die hemorragiese verskynsels in kwashiorkor is vasgestel. Belangrike navorsing word gedoen om die effek van dieetvet op bloedstolling in mens en dier te bepaal. Huidige metodes om bloedstolling te bestudeer is óf nie voldoende sensitief óf anders nie noukeurig genoeg nie, en een van die personeellede verbonde aan hierdie Eenheid is tans besig aan die Harvard-Mediese skool, Boston, V.S.A., om nuwe metodes te bestudeer.

Publikasies

Dertien publikasies is deur die Eenheid gedurende die verslagtydperk uitgegee.

TANDHEELKUNDIGE NAVORSINGSEENHEID

Hoof van die Eenheid: PROF. J. T. IRVING

Universiteit van die Witwatersrand,
Johannesburg

Die werk van hierdie Eenheid is voortgesit met die oog op die bepaling van die vernaamste feite i.v.m. tand-sowel as beenvorming en die invloed van verskillende faktore daarop. Daar word gevoel dat totnogtoe baie min in hierdie verband bekend is, en slegs op so 'n fondament kan ons kennis van tandsiektes gegrond word.

Die Chemie van Verkalking

Die werk in die vorige verslag beskryf is uitgebrei en het in omvang toegeneem. Vantevore is reeds bevind dat die eind- en ϵ -aminogroepe van dentienkollageen nou verwant is met die binding van die kalksoute—in die vorm van apatietkristalle—met die organiese grondlaag, aangesien hierdie groepe beskikbaar geword het vir reaksie met dinitrofluorbenseen toe die weefsel ontkalk is. Verdere werk het aangetoon dat dieselfde vir been geld, met dié verskil egter dat in been gedurende ontkalking minder groepe vir reaksie beskikbaar word tensy hulle tydens die verkalkingsproses met dinitrofluorbenseen behandel is. Daar vind waarskynlik in been gedurende ontkalking die een of ander herrangskikking van die kollageenmolekuul plaas, dog dit gebeur nie in dentienkollageen nie. Die resultate tot dusver verkry, is bevestig deur gebruikmaking van 'n kleuringsmetode wat op heeltemal ander beginsels berus. In die geval van huidkollageen is bevind dat ongeveer die helfte van die totale ϵ -aminogroepe met dinitrofluorbenseen gereageer het, terwyl by volkome verkalkte dentien en been so goed as geen van daardie groepe enige reaksie daarmee vertoon het nie. Ontkalkingsmiddels het geen invloed op die ϵ -aminogroepe van huidkollageen gehad nie, maar het

with the co-operation of a research chemist from the Williams Waterman Fund of New York.

The cause of the haemorrhagic phenomena of kwashiorkor has been defined. An important study is under way on the effect of dietary fats on blood coagulation in man and animals. Existing methods for the study of blood coagulation proved to be neither sufficiently sensitive nor accurate and an associate of the Unit is at present at the Harvard Medical School, Boston, U.S.A., studying new methods.

Publications

Thirteen publications were issued by the Unit during the period under review.

DENTAL RESEARCH UNIT

Head of the Unit: PROF. J. T. IRVING

University of the Witwatersrand,
Johannesburg

The work of this Unit has continued towards the fundamental facts of tooth, and also bone, formation and the influence of various factors upon this. It is felt that there is as yet little information in this field, and only upon such grounding can our knowledge of dental disease be properly based.

Chemistry of Calcification

The work described in the previous report has been extended and amplified. Previously it was found that the terminal and ϵ -amino groups of dentin collagen were intimately related to the binding of the lime salts—in the form of apatite crystals—to the organic matrix, since these groups became available to react with dinitrofluorobenzene when the tissue was decalcified. Further work showed that the same applied to bone, but with this difference, that in bone during decalcification, fewer groups were available to react unless they were treated with dinitrofluorobenzene as decalcification was occurring. Presumably some rearrangement of the collagen molecule occurs in bone during decalcification, but this does not take place in dentin collagen. The results so far obtained were confirmed using a dye method which depends upon quite different principles. In hide collagen about half the total ϵ -amino groups were found to be reactive with dinitrofluorobenzene, whereas in fully calcified dentin and bone virtually none were. Decalcifying agents had no effect upon the ϵ -amino groups of hide collagen but caused, when decalcification was complete,

veroorzaak dat na afloop van die ontkalking meer as 90 persent van daardie groepe in been en dentien reaktief geword het. Dit is dus heeltemal moontlik dat die verkalkingsvermoë van 'n weefsel berus op die reaktiwiteit van die kollageen waaruit dit bestaan.

Die Meganismes van Tandverkalking

Glasuurvorming word reeds enige jare deur die Eenheid bestudeer, veral uit die oogpunt van die invloed van vitamien E en proteïen op die dieet. By onlangse ondersoek het geblyk dat die vetgehalte van die dieet, en veral die gehalte aan hoogsonversadigde vetsure, 'n beherende invloed op die werking van sowel vitamien E as proteïen het, en dit selfs in so 'n mate affekteer dat proteïen vitamien E grotendeels kan vervang indien die hoeveelheid van sulke vetsure voldoende verminder word. Dit is reeds 'n bekende feit dat hoogversadigde vette 'n belangrike rol in ander liggaamsprosesse speel, en hul verband met glasuurvorming is nog 'n voorbeeld hiervan.

Die Selskeikunde van Tandverkalking

Die intrasellulêre lipoïede—met inbegrip van die Golgi-liggaampies—word as een van die indekse van die metaboliese aktiwiteit van selle beskou. Onlangs is begin met die bestudering van intrasellulêre lipoïede in tandvormende selle, veral met die doel om veranderinge in hul eienskappe en verspreiding onder verskillende dieet- en endokriene-invloede op te spoor. Terselfdertyd word intrasellulêre lipoïede in beenvormende selle en dié in die selle van die mondslymvliese bestudeer met die oog op vergelyking. Hierdie ondersoek is nog in die stadium waarin die vereiste metodes gestandaardiseer word.

Die Metabolisme van Verkalking

Nog 'n navorsingsbeampte het op 1 Maart diens aanvaar. Sy sal verantwoordelik wees vir die bestudering van mikrochemiese en asemhalingsmetodes, en ook vir die ensiemiologie en metabolisme van die tand- en mondweefsels.

Mondflora

Dr. A. J. Clement van die Tandheelkundige Skool van die Witwatersrandse Universiteit het as deelytdse vrywillige werker sy ondersoek i.v.m. mondflora voortgesit. Hy is besig om metodes uit te werk vir die klassifisering en identifisering van verskillende laktobasilstamme.

ENDOKRIEN/METABOLISME- NAVORSINGSGROEP

Hoof van Groep: PROF. F. FORMAN

Universiteit van Kaapstad

Adrenale Steroïde

Die berekening van urinêre corticoïde en aldosterone sowel as van plasma-cortisol deur middel van chromatografie

over 90 per cent of those in bone and dentin to become reactive. Thus the calcifiability of a tissue may well reside in the reactivity of the collagen of which it is composed.

Mechanisms of Tooth Calcification

The process of amelogenesis has now been investigated for some years in the Unit, especially from the viewpoint of the influence of vitamin E and protein in the diet. Recent work has shown that the fat content of the diet, and especially the content of highly unsaturated fatty acids, has a controlling effect upon the action of both vitamins E and protein, so much so, that, if the level of these fatty acids is reduced sufficiently, protein can largely replace vitamin E. As is now well known, highly unsaturated fats play an important role in other spheres of bodily activity and their implication in amelogenesis is a further instance of this.

Cytochemistry of Tooth Calcification

The intracellular lipoids—including the Golgi bodies—are held to be one index of the metabolic activity of cells. Recently, work began upon the intracellular lipoids in tooth-forming cells, with a view particularly to tracing changes in their properties and distribution under various dietary and endocrine influences. At the same time, a comparative study is being made of the intracellular lipoids in bone-forming cells and of those in the cells of the oral mucosa. This investigation is still at the stage of standardizing the techniques to be used.

Metabolism of Calcification

An additional research officer assumed duty on March 1st. Her duties will be to study by microchemical and respiratory methods, the enzymology and metabolism of the dental and oral tissues.

Oral Flora

Dr. A. J. Clement of the Witwatersrand University Dental School continued his work in a part-time voluntary capacity on the oral flora. He is working out methods for classifying and identifying various strains of lactobacilli.

ENDOCRINE/METABOLIC RESEARCH GROUP

Head of the Group: PROF. F. FORMAN

University of Cape Town

Adrenal Steroids

Estimations of urinary corticoids and aldosterone and of plasma cortisol by chromatography have been

grafie is voortgesit veral met betrekking tot swangerskap, diabetiese swangerskap, en suikersiekte met en sonder komplikasies. Die veranderings in 'n geval van funksionerende adrenale karsinoom en in drie gevalle van Cushing se sindroom is ondersoek.

Plasma-insulien

Pogings om 'n berekening te maak van plasma-insulienaktiwiteit deur middel van 'n rotdiafragma het nie geslaag nie.

Suikersiekte

Ondersoeke na die voordiabetiese toestand, duur voort. Kliniese toetse is onderneem om hipoglisemiese middels mondelings toe te dien, terwyl 'n opname oor suikersiekte voortgesit word.

Geslagtelik

Die nuwe (Albert) metode vir die berekening van die follikulêr-stimulerende hormone deur gebruikmaking van die eierstok van 'n rot het goed gewerk. Die algemene ondersoek na intergeslagtelike probleme duur voort.

Kalsium en Fosfor

Navorsingswerk duur voort in die rigting soos tevore aangedui. In besonder is 'n breedvoerige reeks proewe oor die nier-hantering van kalsium en fosfor uitgevoer met enigsins onverwagte resultate, wat binnekort gepubliseer sal word.

Breedvoerige stofwisselingstudies is uitgevoer op pasiënte wat ly aan idiopatiese hiperkalciemie, sarcoidosis en vitamien D-bestande osteomalasie.

HARTNAVORSINGSEENHEID

Hoof van die Eenheid: PROF. H. W. SNYMAN

Departement van Interne Medisyne,
Universiteit van Pretoria

Die werksaamhede van hierdie Eenheid het gedurende die afgelope jaar goed gevlot. Honderd-een-en-dertig hartkateterisasies is tot dusver in die kliniek uitgevoer, waarvan minstens vier gevalle nou gepubliseer kan word. Die meeste werk was van 'n suiwer diagnostiese aard. Saam hiermee word studies in die teater dikwels by operasie gedoen.

Naas die kateterisasies is die werk van die tegniese assistent veral toegespits op die bereiding van hartmonsters vir anatomiese studies, veral die van die vaatstelsel. Die materiaal verkrygbaar by outopsies is ongelukkig baie skaars maar daar is egter ook harte by teregstellings verkry. Tot dusver is ongeveer 37 harte verkry, en kontras-medium foto's is gedoen. Met die aankoop van 'n mikrotroom sal die histologiese voorbereiding en studering ook vinniger geskied.

continued, with particular reference to pregnancy, diabetic pregnancy and diabetes with and without complications. The changes in a case of functioning adrenal carcinoma and in 3 cases of Cushing's syndrome have been investigated.

Plasma Insulin

Attempts to estimate plasma insulin activity by a rat diaphragm method have remained unavailing.

Diabetes

Investigations on the prediabetic state are being continued. Clinical trials of the oral hypoglycaemic agents have been undertaken, while a survey of diabetes is being continued.

Sex

The new (Albert) method of estimation of follicular stimulating hormones by use of the rat ovaries has been working well. The general investigation into problems of intersex continued.

Calcium and Phosphorus

Work has continued on the lines previously outlined. In particular, a detailed series of experiments into the renal handling of calcium and phosphorus has been performed, with somewhat novel results which will be published shortly.

Detailed metabolic studies have been made of patients suffering from idiopathic hypercalcaemia, sarcoidosis and vitamin D. resistant osteomalacia.

HEART RESEARCH UNIT

Head of the Unit: PROF. H. W. SNYMAN

Department of Internal Medicine,
University of Pretoria.

During the past year the activities of this Unit proceeded smoothly. To date, a hundred and thirty heart catheterizations have been carried out in the clinic, of which at least four cases can now be published. Most of the work was purely diagnostic in nature. Additional to these, studies are frequently made in the theatre during operations.

In addition to the catheterizations, the work of the technical assistant is concerned mainly with the preparation of heart specimens for anatomic studies, particularly the study of the vascular system. Unfortunately the available material from autopsies is scarce, but some hearts have also been acquired at executions. To date, about 37 hearts have been obtained and contrast medium Röntgen plates have been taken. With the acquisition of a microtome, histological preparation and study will also be speeded up.

Die Eenheid gaan voort met die studie in verband met tuberkulose perikarditis, en daar word gepoog om voor en na verwydering deur operasie ook linker ventrikulêre drukke te verkry. Die voorkoms van pulmonale hipertensie word nog gevolg. Geen verdere gevalle van idiopatiese pulmonale hipertensie is teengekom nie, maar die ondersoek word nog voortgesit. Verder sal geprobeer word om die verhouding tussen vertraagde eerste klank en verhoogde linker atrieële drukke te bepaal om daaruit 'n afleiding te maak vir voorspelling van die linker atrieële drukke volgens vertraagde eerste klank op die fonokardiogram.

Die aanvraag vir hartkateterisasiestudies vir diagnostiese doeleindes het ook baie toegeneem, en nou word twee dae i.p.v. een dag per week hiervoor afgestaan.

Die Eenheid het daarin geslaag om 'n eie deurstromingsapparaat (cuvette) te maak. Die apparaat is voltooi en moet nog net uitgetoets word. Hierdeur sal die Eenheid in staat gestel word om suurstofbepalings te maak terwyl die kateterisasiessies aan die gang is.

NAVORSINGSEENHEID VIR MENSLIKE BIOCHEMIE

Hoof van die Eenheid: DR. A. R. P. WALKER

Suid-Afrikaanse Instituut vir Mediese Navorsing

Kalsiummetabolisme in die Suid-Afrikaanse Bantoe

In samewerking met kindergeneeskundiges van die Coronation-hospitaal vir nie-blankes is verdere observasies gemaak oor die voorkoms van kliniese rachitis in jong Bantoe kinders, veral met betrekking tot die seisoensvoorkoms daarvan.

Ystermetabolisme van die Suid-Afrikaanse Bantoe

Suid-Afrika skyn die enigste land in die wêreld te wees waar 'n volwasse bevolking in die algemeen die gewoonte het om 'n voedingstof te gebruik, nl. yster, wat 10 tot 20 maal meer is as wat sy liggaam vereis. Die biochemie, hematologie en moontlik ook patologie van die gebruiklike oormaat yster skep 'n aanloklike probleem, waarvan die oplossing alleen deur navorsers in hierdie land gevind kan word. Een aspek wat nou bestudeer word, is die voorkoms van ystergebrek-anemie in die plaaslike Bantoe, vergeleke met ander nie-blankebevolkings in verskillende dele van die wêreld. Talryke observasies het getuig van die gunstige posisie waarin die Bantoe in hierdie besondere opsig verkeer en wat blykbaar toegeskryf kan word aan sy hoë inname en reserwes van yster. Dog aangesien verandering in hoogteligging sekere bloedwaardes beïnvloed, sal sulke waardes wat verkry is vir die Rand en ander gebiede wat enige duisende voet bo seespieël geleë is, ontoelaatbaar wees vir die doel om bevredigende vergelykings te maak met ooreenstemmende gegewens afkomstig van laagliggende plekke digby die see. Gevolg-

The Unit is continuing its study in connection with tuberculous pericarditis and an endeavour is being made to obtain left ventricular pressures in the theatre before and after pericardiectomy. The incidence of pulmonary hypertension is still being followed up. No further cases of idiopathic pulmonary hypertension have been encountered but investigations are being continued.

An endeavour will also be made to determine the relation between the delayed first heart-sound and increased left atrial pressures, in order to make deductions for the prediction of the left atrial pressures according to delayed first sound on the phonocardiogram.

The demand for cardiac catheterization studies for diagnostic purposes has increased and two days, instead of one day per week are now being devoted to this work.

The Unit has succeeded in making its own cuvette. The apparatus is completed and needs only to be tested. This will enable the Unit to carry out oxygen determinations during catheterizations.

HUMAN BIOCHEMISTRY RESEARCH UNIT

Head of the Unit: DR. A. R. P. WALKER

South African Institute for Medical Research

Calcium Metabolism in the South African Bantu

In collaboration with paediatricians from the Coronation Non-European Hospital, further observations have been made of the incidence of clinical rickets among young Bantu children, especially in regard to the seasonal incidence.

Iron Metabolism of the South African Bantu

South Africa appears to be the only region in the world where, generally speaking, an adult population habitually consumes a nutrient, namely iron, 10-20 times more than its physiological requirement. The biochemistry, haematology, and possible pathology of habitual iron excess thus constitutes a fascinating problem, the clarification of which can come only from the workers in this country. One aspect being studied is the incidence of iron deficiency anaemia in the local Bantu compared with other non-White populations in various parts of the world. Numerous observations have testified to the favourable position of the Bantu in this particular respect, which, of course, is believed to be due primarily to the high intake and reserves of iron in these people. However, since change in altitude affects certain blood values, such values obtained on the Rand and other regions several thousand feet above sea level, do not permit the making of satisfactory comparisons with corresponding data obtained at altitudes near sea level.

lik is, in samewerking met prof. E. B. Adams van die Durbanse Mediese Skool, studies begin waarin sekere bloedwaardes en ander gegewens verkry word van Bantoe-pasiënte in die hospitaal, sowel as van stedelike en plattelandse Bantoes en van beperkte Indiër- en blanke bevolkingsgroepe. Die keuse van Durban is veral geskik, want behalwe dat dit by seevlak geleë is, kom 'n abnormale ysterkonsentrasie daar blykbaar meer algemeen voor as wat die geval op die Rand is.

Ysterkleuring in Bantoe-aortas

In Kanada het studies aangetoon dat indien die borslagaar van die mens aan die Berlynsblou-reaksie blootgestel word, daar dan gekleurde kolle ontstaan op en in die omtrek van letsels wat aanwesig is. Die kleuring word as 'n indirekte bewys van binnewardse bloeding beskou, en skyn te korreleer met die omvang en strafheid van aterosklerotiese letsels. Die Eenheid het nou ooreenstemmende ondersoeke uitgevoer op 'n groot reeks aortas van Bantoes en ook op die van volwasse blankes. Observasies wat op aortas van laasgenoemde gedoen is, kom wesenlik ooreen met die wat deur die Kanadese navorsers beskryf is. Daarteenoor vertoon 'n groot gedeelte van die Bantoe-aortas verspreide blouverkleurde kolle wat soms die hele monster affekteer en soms deur beide die intimale en die mediale lae strek. Dit skyn of die kleuring nie in verband staan met die aanwesige letsels nie, wat dikwels baie gering is. Observasies het aangetoon dat die graad van kleuring goed korreleer met die mate van siderose wat in die lewer aanwesig is. Tog het studies aangedui dat die kleuring buite verhouding is tot die ysterkonsentrasie in die betrokke aorta. Trouens, die gemiddelde ysterkonsentrasie in aortas van Bantoes toon min verskil met die konsentrasie daarvan in aortas van blankes. Die oorsaak van die verspreide bloukleuring is nog duister, maar dit is sekerlik nie toe te skryf aan ysterbesoedeling nie.

Ginekomastia

In samewerking met drs. I. Bersohn en W. L. Politzer van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Mediese Navorsing en dr. Martini van die Witwatersrandse hospitaal van die Naturellewerkersvereniging, het die Eenheid verdere observasies gemaak op Bantoe-mynwerkers wat aan strawwe ginekomastia ly. Een-en-twintig gevalle is bestudeer, en hoewel die ondersoek nog onvolledig is, lyk dit of die resultate tot dusver verkry die algemene mening in twyfel trek dat ginekomastia in die Bantoe 'n teken is van kroniese proteïen-ondervoeding, en dat abnormale funksie van die lewer in die Bantoe 'n nadelige uitwerking het op die normale inaktivering van hormone wat deur die binyer en eslagskliere geproduseer word en gevolglik tot ginekomastia lei.

Die mening is eerder dat beskadiging van die lewer en ander organe, tydens speentyd en onmiddellik daarna,

Accordingly, collaborative studies have been initiated with Professor E. B. Adams of Durban Medical School, in which certain blood values and other data are being obtained on Bantu patients in hospital, and on urban and rural Bantu, and with limitations on Indian and White population groups. The choice of Durban, apart from being situated at sea level, is especially apposite, since abnormal iron deposition is apparently even more common than on the Rand.

Iron Staining in Bantu Aorta

Studies in Canada have shown that, when human thoracic aorta is exposed to the Prussian Blue reaction, areas of discoloration develop in and near the lesions present. The staining is regarded as indirect evidence of intramural haemorrhage, and appears to correlate with the extent and severity of atherosclerotic lesions. The Unit has now carried out corresponding examinations on a large series of aorta from Bantu, also from European adults. Observations made on the latter aorta agree substantially with those described by the Canadian workers. On the other hand, a large proportion of Bantu aorta show areas of diffuse blue staining, sometimes affecting the whole specimen, and sometimes extending through both intima and medial layers. The staining appears to be unrelated to the lesions present, which are often very slight. Observations have shown that the degree of staining correlates well with the extent of the siderosis present in the liver. Yet studies have shown that the staining is out of all proportion to the iron concentration in the relevant aorta; actually, mean iron concentrations in Bantu aorta show little difference from the concentration in European aorta. The cause of the diffuse blue staining is obscure, but certainly is not due to iron contamination.

Gynaecomastia

In collaboration with Drs. I. Bersohn and W. L. Politzer of the S.A.I.M.R., and Dr. Martini of the Witwatersrand Native Labour Association Hospital, this Unit has made further observations on Bantu mine-workers suffering from severe gynaecomastia. Twenty-one subjects have now been studied. Although the investigation is incomplete, the results thus far appear to call into question the commonly-held views that gynaecomastia in the African is an expression of chronic protein malnutrition, and that hepatic dysfunction in the Bantu impairs the normal inactivation of hormones produced by the adrenals and gonads, and hence leads to gynaecomastia.

It is considered rather that injury to the liver and other organs at weaning time and immediately thereafter

'n substraat vorm wat geskik is vir die bespoediging van lewersiekte (fibrose, sirrose, karsinoom), ginekomiastia en miskien ook ander siektes later in die lewe.

Parasitisme en Gesondheid

Op hierdie gebied is verdere navorsing gedoen en dit word gehoop om dit in die toekoms nog verder uit te brei en te intensifiseer. Hierdie studies is hoofsaaklik in samewerking met die Bilharzia Natuurhistoriese Navorsings-eenheid en die Lewerfunksie-eenheid uitgevoer.

Die studies oor die mondelinge toediening van *Miracil D* vir die behandeling van Bantoe-skoolkinders besmet met bilharzia, is voortgesit. Van die 150 skoolkinders wat behandel is (almal het eiers in die uriene getoon), het slegs 50 persent negatief geword na 'n tussenpose van 4 maande, en hierdie verhouding het na 'n 6 maande gedaal tot 40 persent, vermoedelik as gevolg van herbesmetting. Hierdie genesingsverhouding, hoewel teleurstellend, stem ooreen met die genesingsverhouding wat elders gemeld is.

Verskeie biochemiese en hematologiese observasies is gemaak op 24 Bantoeskole en 24 Bantoe dogters voor behandeling en toe weer 5 maande na behandeling. Afgesien van die totale vermindering in die graad van beskningsnelheid van rooi bloedliggaampies, skyn dit of daar geen opvallende verskil is tussen die syfers wat verkry is op kinders wat positief gebly en op die wat negatief geword het nie. Miskien was die tussenpos van „negatiefheid” te kort. Betekenisvolle verskille kan miskien wel te voorskyn kom by die volgende en finale ondersoek wat beplan word om 'n jaar na behandeling plaas te vind.

Die vergelyking van Bantoe-skoolkinders van twee naby mekaar geleë skole—een met en een sonder bilharzia—in die Rustenburgse gebied, word voortgesit. Kliniese ondersoek is onderneem deur die Senior Kindergeneeskundige van die Baragwanath-hospitaal vir nie-blanke op groepe kinders van beide skole. Om enige moontlike vooroordeel uit te skakel, is die kindergroepe van beide skole vermeng, maar die observasies het geen betekenisvolle verskil getoon tussen die kinders met of sonder bilharzia nie. Die totale beeld van die biochemiese en hematologiese observasies is dat in die toetse wat uitgevoer is die kinders van die skool sonder bilharzia die kinders van die skool met bilharzia effens oortref het.

Verskillende fisiologiese toetse, insluitende observasies oor werksvermoë en die staptoets, is deur die Eenheid vir Toegepaste Fisiologie van die Kamer van Mynwese op die kinders van die skole uitgevoer. Observasies op die oë en tande is uitgevoer deur die betrokke spesialiste, hoofsaaklik om die gesondheidspeil wat aangetref is, volledig te maak. Intelligensietoetse word uitgevoer deur die Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing. Die stoelgange wat geneem is van al die groepe kinders wat bestudeer is, is ondersoek. Die vernaamste bevinding was

engenders a substrate suitable for the precipitation of liver disease (fibrosis, cirrhosis, carcinoma), gynaecomastia and perhaps other diseases in later life.

Parasitism and Health

In this field, further research has been carried out which it is hoped to increase and intensify in the future. The studies described have been carried out in collaboration mainly with the Bilharzia Natural History Unit and the Liver Function Unit.

The studies of the oral administration of *Miracil D* in the treatment of Bantu school-children infected with bilharzia were continued. Of the 150 schoolchildren treated (all having ova in their urine), only 50 per cent. became negative after an interval of 4 months. This proportion became reduced to 40 per cent. after 6 months interval, presumably due to re-infestation. This cure rate, although disappointing, corresponds with the cure rate reported elsewhere.

Various biochemical and haematological observations were made on 24 Bantu boys and 24 girls before treatment, and 5 months after treatment. Apart from an overall reduction in erythrocyte sedimentation rate, there appeared to be no obvious difference between figures on those children remaining positive, and those who became negative. Perhaps the interval of “negativeness” was too short. Significant differences may become apparent at the next and final examination, which is planned to take place a year after treatment.

The comparison of Bantu schoolchildren from two nearby schools, with and without bilharzia, in the Rustenburg region was continued. Clinical examinations were undertaken by the Senior Paediatrician of Baragwanath Non-European Hospital on groups of children from both schools. To obviate bias, the groups of children from each school were mixed, but the observations did not reveal a significant difference between the children with and those without bilharzia. The overall picture of the biochemical and haematological observations is that the children from the school without bilharzia are very slightly superior, in the tests carried out, to the children from the school with bilharzia.

Various physiological tests, including observations on working capacity, and the step test, were carried out on the children from the schools by the Applied Physiology Unit of the Chamber of Mines. Observations on eyes and on teeth were made by the relevant specialists, mainly to fill out the health picture obtained. Intelligence tests are being carried out by the National Institute for Personnel Research. The stools, taken from all groups of Bantu children studied, were examined. The main

die talle gevalle van lae voorkoms van parasiete, veral *ascaris*.

'n Interessante aspek van hierdie ondersoek was die lig wat dit gewerp het op die waarde van „enkel toetse” op urine vir die aanwesigheid van eiers van *Schistosoma haematobium*. Die mening is nou dat die uitskeiding van bilharziale eiers uit die blaas baie ongeregeld is en dat selfs in 'n enkele analise van 'n monster daar so min as 30 persent van positiewe opgespoor kan word. Die ondersoek het egter aangetoon dat by die Tweedepoortskool, wanneer al die kinders straf besmet was met bilharzia, enige enkele ondersoek tot meer as 90 persent positiewes aangetoon het. Die toepaslikheid van hierdie observasies vir vasstelling van die aanwesigheid van bilharzia in 'n gegewe bevolkingsgroep, is klaarblyklik, en verdere navorsingswerk in hierdie verband word voortgesit.

VOEDINGNAVORSINGSEENHEID

Hoof van die Eenheid: PROF. J. GILLMAN

Universiteit van die Witwatersrand,
Johannesburg

Voeding

Vitamiën A-metabolisme

Tydens die sintese van vitamien A, is die al-trans, 2-cis- (of neo-) en 6-cis-isomere geïsoleer. Dit het die geleentheid verskaf om die metode vir die bepaling van vitamien A aan 'n verdere toets te onderwerp. Dit is bekend dat neo- en 6-cis-vitamien A onderskeidelik 76 persent en 23 persent van die sterkte van al-trans vitamien A bevat.

Voedingsfaktore wat Goeie Funkisionering van die Hartslagaarsstelsel Reguleer

In 'n reeks proewe op 300 rotte is aangetoon dat ontsteking van die slagaaarbuitewand veroorsaak kan word deurdat die niere nie behoorlik funksioneer nie, weens 'n verstoring in die kalsium- en fosformetabolisme. Bloedvatletelsels kan verhoog of gedeeltelik voorkom word onderskeidelik deur vermeerdering of verlaging van die skildklierfunksie. Die veroorsaking van groot patologiese veranderings in die niere van rotte deur verskillende dieettegnieke gaan gepaard met akute en kroniese hartspierontsteking sonder enige merkbare verandering in die struktuur van die slagare, insluitende in die hoofslagaar. Plaaslike faktore wat verantwoordelik is vir oormatige mineralisering van die weefsels word tans ondersoek. Aterosklerose is aangedui deur 'n reeks toetse met 85 bobbejane op 'n dieet wat laag in dierevet was.

Dieetfaktore wat Liggaamsgewig en Vrugbaarheid Reguleer

Diëte wat 30 persent vet, 30 persent proteïene en 36 persent koolhidraat bevat het, het vetsug in rotte veroorsaak,

finding has been the often very low incidence of parasites, particularly *ascaris*.

An interesting aspect of this investigation was the light thrown upon the value of “spot tests” on urine for the presence of ova of *Schistosoma haematobium*. The current view is that the voiding of bilharzial ova from the bladder is very irregular and that single sample analysis may well pick up as little as 30 per cent. of positives. The investigation showed, however, that at Tweedepoort School, when all children had heavy infestations of bilharzia, any one examination gave over 90 per cent. positives. The relevance of these observations to the assessment of the presence of bilharzia in a given population group is obvious, and further work is in progress.

NUTRITION RESEARCH UNIT

Head of the Unit: PROF. J. GILLMAN

University of the Witwatersrand,
Johannesburg

Nutrition

Vitamin A metabolism

During the synthesis of vitamin A the all-trans, 2-cis-(or neo-) and 6-cis-isomers, were isolated. This provided the opportunity to submit the assay method for vitamin A to a further test. It is known that neo- and 6-cis-vitamin A possess respectively 76 per cent. and 23 per cent. of the potency of all-trans vitamin A.

Nutritional factors regulating the integrity of the cardio-vascular system

In a series of 300 rats, it was shown that periarteritis can be induced by derangement of kidney function, mediated through a disturbance in calcium and phosphorus metabolism. The vascular lesions can be intensified, or partially prevented, by increasing or depressing respectively the function of the thyroid gland. The production of gross pathological changes in the kidney in rats by various dietary techniques is accompanied by acute and chronic myocarditis without any marked change in the structure of the arteries, including the aorta.

The local factors responsible for excessive mineralization of the tissues are being investigated.

Atherosclerosis has been described in a series of 85 baboons receiving diets low in animal fats.

Dietary factors regulating body weight and fertility

Diets containing 30 per cent. fat, 30 per cent. protein and 36 per cent. carbohydrate led to marked obesity in rats. The offspring of the parent stock became obese

en die aanteel van die rotte het vetsug ontwikkel op 'n baie jonger leeftyd as wat met die ouers die geval was. In die tweede geslag het die lewensvatbaarheid van die kleintjies verminder en in die derde geslag kon geen een van die wyfies kleintjies voortbring nie. Voorlopige gegewens dui aan dat vetsug by die rotte nie gepaard gegaan het met 'n afname in hul langlewendheid nie.

Rotte wat gevoer is op 'n dieet wat hoog in proteïene, laag in koolhidraat en laag in vet was, het 'n verlaagde groeitempo getoon—die maksimum liggaamsgewig wat bereik is, was aanmerklik minder as die gewigte van die kontrolerotte. Die vrugbaarheidsyfer was hoog en die sterfesyfer onder die kleintjies laag. Hierdie waarneming weerlê die algemene opvatting dat die vrugbaarheidsyfer verlaag word wanneer die proteïengehalte van die dieet tot bokant bepaalde minima verhoog word. Die verskille in die siektepatroon deur die dieet veroorsaak, word nou ondersoek.

Dieefaktore wat die menstruasiesiklus van die bobbejaan beïnvloed

Daar is reeds aangetoon dat die menstruasiesiklus van die bobbejaan gou versteur kan word deur dieet. Sodanige verstourings was egter nie toe te skryf aan gebrek aan vitamien B₁₂, foliensuur of sitrovorumfaktor of diereproteïene nie, maar aan 'n tot hertoe ongeïdentifiseerde faktor wat in beeslewer voorkom. Beeslewer word nou gefraksioneer met die doel om die faktor of faktore te identifiseer wat, volgens die dieetverband waarin dit in ons proewe gebruik is, noodsaaklik is vir instandhouding van 'n normale menstruasiesiklus.

Ekperimentele Karsinogenese

Primêre karsinoom van die lewer is op twee maniere veroorsaak: deur endokrientechnieke op rotte wat die voorraadsrantsoen ontvang het, en deur insluiting van etionien in 'n dieet van mielies en sojaboontjies.

Proewe met rotte het aan die lig gebring dat karsinoom van die lewer kan ontstaan sonder voorafgaande nekrose of sirrose. Die lokalisering van karsinoom van die lewer by rotte wat op bottergeel gevoer is, word deur dieet beïnvloed. Die ondersoek in verband met die metabolisme van galsure en galkleurstowwe ten opsigte van karsinogenese word kragdadig voortgesit.

Metabolistudies op die Bobbejaan

Die metabolisme van koolhidraat en van vet by die bobbejaan word deur middel van voedings- en endokrientechnieke ondersoek. Deur geskikte endokrienverwyderings is aangetoon dat dit moontlik is om die metabolisme van trigliseriede los te koppel van die metabolisme van fosfolipiede en van cholesterol.

Die resultate van isotoopproewe met piruvaat, gemerk in die tweede koolstofatoom, word nou ontleed en die voorlopige resultate dui daarop dat die sintese van cholesterol en van fosfolipiede bly voortbestaan in bobbejane waarvan die pankreas verwyder is, maar dat dit nie die geval is met die trigliseriede nie.

at a much younger age than the parents. In the second generation, the viability of the young decreased and, in the third generation, none of the mothers had been able to raise a litter. Preliminary data indicated that obesity was not accompanied by a decrease in the longevity of the rats.

Rats fed on a high protein-low carbohydrate-low fat diet showed a depressed rate of growth, the maximum body weight attained being significantly less than the weights of control rats. Fertility rates were high and the infantile mortality rate low. This observation disproves the common belief that the fertility rate is decreased when the protein content of the diet is increased beyond defined minima. The differences in the disease patterns consequent on the diet are now being investigated.

Dietary factors influencing the menstrual cycle of the baboon

It had been shown that the menstrual cycle of the baboon could be deranged rapidly by diet, such derangements were not due to a lack of vitamin B₁₂, folic or folinic acid or animal protein, but to some, as yet, unidentified factor present in ox liver. Ox liver is now being fractionated with a view to identifying the factor or factors which, in the context of the diet used in our experiments, is essential for maintaining normal menstrual periodicity.

Experimental Carcinogenesis

Primary carcinoma of the liver was produced in two ways: by endocrine techniques in rats fed a stock ration; and by the inclusion of ethionine in a maize-soya bean diet. Experiments on rats have disclosed that carcinoma of the liver can develop without antecedent necrosis or cirrhosis. The localisation of carcinoma of the liver in rats fed on butter-yellow is influenced by diet. The investigation of the metabolism of bile acids and bile pigments in relation to carcinogenesis is being actively pursued.

Metabolic Studies in the Baboon

The metabolism of carbohydrates and of fat in the baboon is being investigated by nutritional and by endocrine techniques. By appropriate endocrine ablations, it has been demonstrated that it is possible to uncouple the metabolism of triglycerides from that of the phospholipids and of cholesterol.

The results of isotope experiments with pyruvate labelled in the second carbon are now being analysed. The preliminary data indicate that the synthesis of cholesterol and of phospholipids, but not of triglycerides, continues in depancreatized baboons.

Die ondersoek van die serumlipiede en proteïen-gebonde jodium van bobbejane gedurende die normale menstruasiesiklus, dragtigheidsperiode en soogtyd is voltooi. Die veranderinge in die proteïengebode jodium en serumlipiede by die bobbejaan se menstruasiesiklus verskil van dié wat vir 'n vrou beskryf is. Terwyl die serumlipiede in die dragtige bobbejaan 'n patroon volg wat die teenoorgestelde is van dié wat vir swangerskap by die mens beskryf word, is die serumpatroon vir proteïen-gebonde jodium soortgelyk aan dié by die vrou.

PNEUMOKONIOSE-NAVORSINGSEENHEID

Hoof van die Eenheid: DR. A. J. ORENSTEIN

London House, Johannesburg

Die Eenheid is op 1 April 1956 tot stand gebring. Dit word gesamentlik gefinansier deur die Unie-Departement van Mynwese en die Transvaalse en Oranje-Vrystaatse Kamer van Mynwese, en 'n toekening hiervoor is gemaak deur die S.A. Mynwerkersunie en die Gesamentlike Komitee van die Mining Union. Die Departement van Mynwese het onderneem om die koopsom en veranderingskoste van 'n gebou en die koste van 'n addisionele gebou te finansier tot 'n bedrag van £200,000. Die goedgekeurde begroting van die Eenheid vir die verslagtydperk was £82,600 en vir die jaar 1957/1958 is dit ongeveer £120,000.

Historiese Agtergrond

Pneumokoniose is waarskynlik die oudste industriële siekte. Die gevare verbonde aan mynbou in harde rots was selfs aan die Romeine en Grieke bekend sowat tweeduizend jaar gelede. Hierdie longkwaal van mynwerkers en 'n paar van die voorsorgmaatreëls wat toegepas is, is in die 16e eeu reeds deur Agricola en Paracelsus beskryf.

In moderne tye is die siekte opgemerk en beskryf deur Thackray (1832) en deur Farr (1835), beide van Engeland. In 1864 het E. U. Greenhow silikadeeltjies in die longe van mynwerkers opgemerk deur gebruikmaking van gepolariseerde lig—miskien vir die eerste keer in die wêreld.

In Suid-Afrika is die bedreiging van hierdie siekte so vroeg as 1901 opgemerk, en tentatiewe voorbehoedmaatreëls is kort daarna geneem as gevolg van die verslag van 'n kommissie wat teen die einde van 1902 deur Lord Milner aangestel is. Dit is van belang om op te merk dat hierdie kommissie slegs 1,201 mynwerkers ondersoek het, omdat baie van hulle geweier het om ondersoek te word. Die kommissie het bevind dat 15 persent van die wat ondersoek is, definitief, en 'n addisionele 7 persent, waarskynlik, myntering opgedoen het. Hoogs waarskynlik was die verhouding baie hoër, omdat radiografie toe nog nie beskikbaar was nie. Hoewel regulasies uitgevaardig was wat die gebruik van water en doeltreffender ventilasie

The investigation of the serum lipids and protein-bound iodine of baboons during the normal menstrual cycle, pregnancy and lactation has been completed. The changes in serum protein-bound iodine and serum lipids in the baboon's menstrual cycle differ from those described in the human female. While serum lipids in the pregnant baboon follow a pattern which is the reverse of that described in human pregnancy, the serum P.B.I. pattern is similar to that of woman.

PNEUMOCONIOSIS RESEARCH UNIT

Head of the Unit: DR. A. J. ORENSTEIN

London House, Johannesburg

The Unit was established on the 1st April, 1956. It is financed jointly by the Union Department of Mines and the Transvaal and O.F.S. Chamber of Mines. A grant was made by the S.A. Mineworkers' Union and the Mining Union's Joint Committee. The Department of Mines has assumed the financing of the purchase and alteration of a building and the cost of additional building, at an estimated total cost of £200,000. The approved budget of the Unit for the period under review was £82,600 and for the year 1957/1958 about £120,000.

Historical Background

Pneumoconiosis is probably the oldest industrial disease. The risk of mining in hard rock was known to the Romans and Greeks about two-thousand years ago. This lung disease of miners and some of the precautions used were described by Agricola and Paracelsus in the 16th century. In modern times the disease was recognised and discussed by Thackray in 1832 and by Farr in 1835, both in England. In 1864, E. U. Greenhow recognised silica particles in miners' lungs by the use of polarized light—probably for the first time in the world.

In South Africa, the menace of this disease was recognised as early as 1901, and tentative preventive measures were taken soon after, as a result of the report of a commission appointed by Lord Milner at the end of 1902. It is interesting to note that this commission only examined 1,201 miners, as many refused to be examined. They found that over 15 per cent. of those examined, definitely, and an additional 7 per cent. probably, had miners' phthisis. It is more than probable that the rate was higher, as radiography was, of course, not available. Although regulations prescribing the use of water and more efficient ventilation and prohibiting

voorskryf en toegang in the skagte na skietwerk verbied, blyk dit tog dat hierdie voorskrifte nie algemeen uitgevoer is nie.

Nuwe regulasies is in 1910 uitgereik as gevolg van die verslag van 'n tweede kommissie. Die getuienis van dr. Macaulay en Irvine voor hierdie kommissie was dat die sterftesyfer van die mynwerkers sesmaal hoër was as die van die volwasse blanke mans van die Witwatersrand. Die regulasies wat toe uitgevaardig was het onder meer waterbespuitings voorgeskryf vir die beheer van die stof en gasse wat deur die skietwerk ontstaan. Teen hierdie tyd was die gevaar van stof blykbaar baie beter besef en die voorsorgmaatreëls daarteen meer algemeen toegepas, en is die gravimetrie metode ook toegepas om die stofgehalte te bereken. Die verbetering in die toestand wat gevolg het op die maatreëls wat toegepas is, kan uit die rekords van hierdie berekenings gesien word. In September 1911 het die gewig van stof in 'n kubieke meter lug gewissel van 80 tot 280 mg.; in April 1912 was dit tussen 14 en 39 mg., en in September 1912 het dit gedaal tot tussen 0.2 en 17.1 mg.

In 1911 is 'n derde kommissie benoem wat heeltemal uit mediese persone bestaan het—een hiervan was dr. A. H. Watt. Hy het vir die eerste keer in die geskiedenis radiologiese ondersoeke uitgevoer op 'n groep van 326 mynwerkers uit 'n totaal van 3,163 klinies ondersoekte mynwerkers. Hierdie kommissie het bevind dat 26 persent beslis pneumokoniose het en 'n addisionele 5.5 persent twyfelagtige gevalle was. Die gemiddelde indiensnemingsduur van diegene wat die siekte opgedoen het, was 8.2 jaar. Dit is paslik om hier melding te maak van die erkentlikheid wat die bevolking en die wêreld verskuldig is aan die pioniernavorsers op hierdie gebied in Suid-Afrika—nl. aan dr. Donald Macaulay, dr. L. G. Irvine en Sir Robert Kotze.

Vanaf 1912 toe die eerste Mynteringswet aangeneem is tot vandag toe, het daar 'n geleidelike ontwikkeling plaasgevind in die waardering van die belangrikheid van stofbeheermaatreëls sowel as in die verbetering van die diagnose van die siekte. 'n Uitstaande gebeurtenis was die stigting van die Silikose (nou Pneumokoniose) Mediese Buro in 1916.

Dit ly geen twyfel nie dat hierdie voorbehoedmaatreëls doeltreffend was. Die vermindering van sowel inasembare stof as voorkoms van die siekte, en die groot vermeerdering in die gemiddelde indiensnemingsduur van diegene wat die siekte opgedoen het, is afdoende bewys hiervan. Dog hoewel Suid-Afrika die leier op die gebied van voorbehoedmaatreëls was, kom die siekte nog voor en daar is nog ruimte vir uitbreiding van ons kennis oor die „natuurlike geskiedenis” van die siekte en vir studies oor praktiese maatreëls van doeltreffende voorkoming van stofproduksie en vir die verdrywing van sulke stof wat onvermydelik geproduseer word voordat dit deur die mynwerkers ingasem kan word.

entry after blasting, were issued, it appears that these were not generally carried out.

Another set of regulations was issued in 1910 as a result of the report of a second commission. The evidence of Drs. Macaulay and Irvine before this commission was that the mortality among the miners was six-fold that of the male adult Europeans on the Witwatersrand. The regulations then issued, provided *inter alia*, for water blasts to control blasting dust and fumes. By this time the danger of dust was, it appears, more fully realized and the preventive measures consequently more generally applied. In those days the gravimetric method of dust estimation was used, and the improvement due to the measures adopted can be appreciated from the records of these estimates: in September 1911, the weight of dust in a cubic metre of air ranged between 80 and 280 mgs.; in April 1912, it was between 14 and 39 mgs.; and in September 1912, it fell to between 0.2 and 17.1 mgs.

In 1911 a third commission was appointed, consisting entirely of medical men. One member of the commission was Dr. A. H. Watt. For the first time in the world, he carried out a mass radiological examination of 326 miners, out of 3,163 clinically examined. This commission found about 26 per cent. of definite pneumoconiosis and an additional 5.5 per cent. of doubtful cases. The average duration of employment of those affected by the disease was 8.2 years. At this point it seems right to record the debt this nation and the world owe to the pioneer workers in this field in South Africa—Drs. Donald Macaulay, L. G. Irvine, and Sir Robert Kotze.

From 1912, when the first Phthisis Act was passed, to the present time, there has been steady progress in the appreciation of the importance of dust control measures, and also progressive improvement in the diagnosis of the disease. The outstanding event was the establishment of the Silicosis (now Pneumoconiosis) Medical Bureau in 1916.

That the preventive measures have been markedly efficacious, there is no doubt whatsoever. Both the reduction of respirable dust and the incidence of the disease, as well as the greatly increased length of average employment of those who contract the disease, fully attest this. But, though South Africa has been a leader in preventive measures, the disease still occurs, and there is still room for further improvement in our understanding of the “natural history” of the disease, as well as the study of practicable means for more effective prevention of the production of dust and of means of dissipating such dust as is unavoidably produced before it can be inhaled by the workers.

Oogmerke en Samestelling van die Eenheid

Dit is op hierdie doelwitte wat die werksprogram van die Eenheid gerig is, sowel as om die patologiese en mediese gaping in ons kennis oor pneumokoniose op te vul. 'n Hulpmaatreël hiervoor sou wees die afwending van sulke mense wat besonder vatbaar is vir die nadelige gevolge van die stof, hetsy omrede een of ander gebrek in hul konstitusie of hetsy hulle om een of ander rede allergies is vir die besondere soort stof. Studies van liggaamstipering, tesame met die statistiese analise van bestaande en toekomstige toepaslike gegewens, is daarop gemik om die geldigheid van sodanige faktore vas te stel.

Die personeel van die Eenheid bestaan tans uit 'n direkteur, 'n onderdirekteur, agt voltydse en twee deelydse senior vakkundige beamptes, een beurshouer, agt junior vakkundige beamptes, vyftien tegnisi, ses klerke en nege nie-blankes—'n totaal van 51 persone. Die personeel wat deur die Central Mining and Investment Corporation vir die Spesiale Stofprojek beskikbaar gestel is bestaan uit drie deelydse en twee voltydse vakkundige beamptes en twee laboratoriumassistentente.

Die Eenheid bestaan uit vyf afdelings, waarvan vier nou in werking is maar geen een nog op volle personeelsterkte nie. Die afdelings is die Klinies-Fisiologiese, die Etiologies-Patologiese, die Statistiese (personeel by die Eenheid gevoeg deur die Nasionale Fisiese Navorsingslaboratorium) en die vir Stofnavorsing (deur kontrak met die Central Mining and Investment Corporation en in die Laboratoriums van die Kamer van Mynwese). 'n Radiologiese Projek is nog onder bespreking.

Sommige van die nadelige gevolge van pneumokoniose kan ongetwyfeld versag word of selfs ook klinies genees word deur moderne terapie. Die bedoeling is om 'n kliniek te stig wat hoofsaaklik rondgaande pneumokoniose pasiënte sal behandel. Indien nodig, sal sulke pasiënte ook tot die hospitaal toegelaat word. Die Johannesburgse Hospitaalraad het toegestem dat 'n geskikte gebou hiervoor op die hospitaalterrein opgerig kan word, en onderhandelings word tans met die Transvaalse Provinsiale Administrasie hieroor gevoer. Behandeling by die kliniek is nie net bedoel om verligting aan pneumokoniose-pasiënte te bring nie, maar ook om die tot nog toe ontbrekende inligting te verkry oor die terapie en kliniese geskiedenis van die verskillende vorms van die siekte.

Klinies-Fisiologies

Vyf studies is uitgevoer. Dit handel oor die voorkoms van asemhalingsversteurings by mynwerkers en hul verwantskap met radiologiese bevindings; 'n ondersoek van die moontlikheid om 'n eenvoudige toets of groep toetse te gebruik as hulpmiddel om die siekte te diagnoseer en 'n bepaling te maak van die graad van ongeskiktheid wat dit veroorsaak; 'n studie van die longfunksie van mynwerkers sonder silikose, sowel as 'n studie van persone wat nooit aan stof blootgestel was nie (spoorwegwerkers);

Aims and Constitution of the Unit

It is towards these targets that the programme of this Unit is directed, as well as to the filling of the pathological and medical lacunae in our knowledge of pneumoconiosis. An ancillary measure could be the keeping away from exposure to dust of people who may be particularly susceptible to dust, either because of some defect of their constitution or because of some allergy to the particular dust. Somatotype studies are to be directed, in conjunction with the statistical analysis of existing and future relevant data, towards ascertaining the validity of such factors.

The staff of the Unit consists at present of a director, a sub-director, eight full-time and two part-time senior professional officers, one bursar, eight junior professional officers, fifteen technicians, six clerks and nine non-Europeans, a total of fifty-one persons.

The staff detailed by the Central Mining and Investment Corporation for the Special Dust Project consists of three part-time and two full-time professional officers and two laboratory assistants.

The Unit consists of five divisions, four of which are now in operation, but none is as yet fully developed. These are the Clinico-Physiological, the Aetiology-Pathological, the Statistical (staff attached to the Unit from the National Physical Research Laboratory) and Dust Research (by contract with Central Mining and Investment Corporation and in the Chamber of Mines Laboratories). A Radiological Project is still under discussion.

Certain of the disabilities associated with pneumoconiosis are undoubtedly susceptible to amelioration, and even clinical cure, by modern therapy.

The intention is to open a clinic for the treatment principally of ambulatory cases of pneumoconiosis. When necessary, however, patients would be admitted to hospital. The Johannesburg Hospital Board has agreed that a suitable building should be erected in the hospital grounds for this clinic, and negotiations to this end are now being conducted with the Transvaal Provincial Administration. The treatment at the clinic is likely, not only to give pneumoconiosis sufferers considerable relief, but also to provide information, now almost totally lacking, on the therapy and clinical history of the various forms of disease.

Clinico-Physiological

Five studies were conducted. These were the incidence of respiratory disturbances of miners and their relation to the radiological findings; an investigation into the possibility of using a simple function test or a group of such tests which would assist in diagnosing the disease and the assessment of disability caused by it; a study of the lung function of miners without silicosis together with a study of men who were never exposed to dust (railway workers); a study of simplified technique of

'n studie van 'n vereenvoudigde tegniek vir die meet van longventilasie en suurstofvereistes tydens oefeninge, en 'n studie oor die uitwerking van inaseming van suiwer suurstof tydens oefeninge.

Die gevolgtrekking waartoe tot sover gekom is, is dat geen meting van enige enkel asemhalingsfunksie 'n betroubare aanduiding van die voorkoms of uitwerking van silikose is nie. Die meting van agt verskillende asemhalingsfunksies het egter wel onderskei tussen persone met radiologiese tekens van silikose en die wat dit nie het nie. Die verslegting in asemhalingsverrigting skyn in noue verband te staan met die aantal diensjare, maar nie altyd met die radiologiese voorkoms nie.

'n Mate van werk is uitgevoer op 'n pletismografiese bepaling van alveolêre druk. Die doel met hierdie projek was om 'n beraming te kry van die weerstand teen lugvloei sodat die taak van asemhaling in sy samestellende dele opgebreek kan word. Die kliniese bevindings in mynwerkers dui daarop dat weerstand teen lugvloei in die lugbaan 'n belangrike faktor is in die ongeskiktheid wat deur 'n stofonderhewige werkkruis veroorsaak word. Beramings is deur middel van 'n aantal alternatiewe metodes gemaak en die beste hiervan sal uitgekies word vir gebruik op 'n groep mynwerkers gedurende die komende jaar. Die metodes wat ontwikkel is vir die bepaling van alveolêre druk is oorspronklik.

Etiologies-Patologies

Behalwe die ondersoek van long- en hartmonsters van oorlede mynwerkers—2,034 gedurende die jaar—en die uitvoering van 123 volledige lykskouings, is baie tyd bestee aan diagnostiese konsultasies met die Sertifiseringskomitee van die Mediese Buro.

Die navorsingswerk was toegespits op die studie van die patologie van silikose, asbestose en steenkoolwerkers-pneumokoniose deur ondersoek van menslike en dierlike materiaal en deur stofproewe op diere. Skeikundige veranderings in die longe van diere wat aan stof blootgestel is, is bestudeer en 'n geskrif oor die opgemerkte toename van lipiede in die longe van diere wat aan silikastof blootgestel was, is vir publikasie ingedien. Dierproewe met fyn asbestof het aangetoon dat dit verspreide fibrose kan veroorsaak. Proefnemings met ander vorms van asbes is aan die gang. Proewe is aangevoer oor die uitwerking van pneumokokkale en tuberkuleuse besmetting by die ontstaan van silikose. Eksperimentele werk oor die uitwerking van aluminiumoksied vir die voorkoming van fibrose wat deur silika veroorsaak word, is gedurende die jaar voltooi, en die materiaal wat verkry is word nou bestudeer.

Statisties

Gedurende die eerste helfte van die jaar is 'n analise gemaak van die gegewens wat in die verslae van die Silikoseburo beskikbaar is. Dit is opgevolg met 'n studie van die Buro se rekords, veral die van mynwerkers wat

measuring lung ventilation and oxygen requirements during exercise and a study of the effects of breathing pure oxygen on exercise.

The conclusion thus far arrived at is that no measurement of any single respiratory function is a reliable index of the presence or effects of silicosis. Measurement of eight various respiratory functions does, however, differentiate between persons with radiological signs of silicosis and those without. Deterioration in respiratory performance appeared to bear a close relation to years of service, but not always to the radiological appearances.

Some work was done on a plethysmographic estimation of alveolar pressure. The object of this project is to estimate resistance to air flow, so that the work of breathing may be broken down into its component parts. The clinical findings in miners suggest that airway resistance is an important factor in the disability resulting from a dusty occupation. Estimates have been made by a number of alternative methods and the best of these will be chosen for use on a group of miners during the next year. The methods evolved for the estimation of alveolar pressure are original.

Aetiology-Pathological

In addition to examining lung and heart specimens from deceased miners—2,034 during the year—and performing 123 full autopsies, much time was occupied in diagnostic consultations with the Medical Bureau Certifying Committee.

The research work was directed to the study of the pathology of silicosis, asbestosis and coalworkers' pneumoconiosis by the examination of human and animal material and by animal experiments with dust. The changes of the chemistry in the lungs of animals subjected to the action of dust were studied, and a paper on the observed increase of lipoids in the lungs of animals subjected to silica dust was submitted for publication. Animal experiments with fine chrysotile (asbestos) dust showed that it can produce diffuse fibrosis. Experimental work with other forms of asbestos are in progress. Experiments were initiated on the effect of pneumococcal and tuberculous infection on the production of silicosis. Experimental work on the effect of aluminium oxide in preventing fibrosis caused by silica was completed during the year. The material obtained is now being studied.

Statistical

In the first half of the year an analysis of the data in the Silicosis Bureau reports was made. This was followed by a study of the Bureau records, particularly those of miners who started work prior to 1916, and

voor 1916 begin werk het, en dit beteken die tabulering van gegewens uit oor die 800 lêers. Dit statistiese beoordeling sal heelwat tyd in beslag neem.

'n Loodsstudie van 170 rekords van nie-blanke werkers, wat as silikoselyers gesertifiseer is, is uitgevoer om vas te stel of 'n groter getal bestudeer moet word. Die Loodsstudie het aangetoon dat 'n ontleding van 'n groter aantal rekords moontlik baie lonend sal wees.

Studies oor negatief-binomiaal en verwante distribusies is gemaak vir 'n bepaling van hul bruikbaarheid in die probleem wat bestudeer word.

Stofnavorsing

Die Kamer van Mynwese het toegestem dat sy Laboratorium verskillende navorsingsprojekte onderneem. Dit sluit in ondersoeke na die kumulatiewe uitwerking van stof wat geproduseer word deur verskeie drilbore wat in een omgewing werk, en na metodes om sulke stof te beheer; die silika-inhoud van steenkoolstof, en sekere tegniese studies aangaande mikroskopiese ondersoek van stof.

Implemente vir die versamel en meet van stof is belangrike werktuie by stofnavorsing, en die Kamer van Mynwese se Laboratorium het 'n groot hoeveelheid werk uitgevoer vir die ontwikkeling en verbetering daarvan. Nuwe tegnieke is ontwikkel in die elektronmikroskopie van stof, en 'n foto-elektriese evaluator is gebou en word nou uitgetoets. Stoffilters—doek en elektrostasies—is ondersoek met die doel om hul doeltmatigheid te verbeter, en stofproduksie deur lugdruk-boormasjiene is ondersoek. Dit is bevind dat masjiene met lang en middelmatige suiers minder stof produseer as die masjiene met kort suiers. Die Laboratorium het waardevolle hulp verleen in die tegniek van stofproewe met diere wat deur die Patologiese Afdeling uitgevoer is, en ook met die verbetering van stofbepalings in mynwater. Die gebruik van die fase-kontras mikroskoop vir stofondersoek is nagegaan en daar is bevind dat dit nie die fyner stofdeeltjies aantoon wat onder die ligte mikroskoop sigbaar is nie.

Die ondersoekwerk deur die navorsingspan van die Central Mining and Investment Corporation sluit in die stofproduksie deur verskillende tipes lugdruk-drilbore onder gestandaardiseerde toestande. Ook is 'n studie gemaak van die uitwerking van lugdruk, waterdruk en kwaliteit van water, wat in die masjiene gebruik word, op die produksie van stof. Dit is bevind dat die hoeveelheid stof wat vrygestel word uit die water wat vanaf die uitlaatkrane verstuif word, groter was as die hoeveelheid stof by die rotsvergruising deur die drilboor. Werk op hierdie projek sal voortgesit word met die doel om enige moontlike vooroordeel uit te skakel.

Die hoofprojek van hierdie kontrak is om 'n bepaling te maak van stofbloomstelling ten opsigte van die hoeveelheid stof in die lug en die tyd van blootstelling van individue aan stof gedurende 'n werkskof in die verskillende

entailed tabulating the data of over 800 files. The statistical assessment will take considerable time.

A pilot study of 170 records of non-European workers certified as suffering from silicosis was made to establish whether a larger number should be studied. The pilot study showed that the analysis of a much larger number of records is likely to be rewarding.

Studies of negative binomial and related distribution were made with the object of determining their adaptability to the problem to be studied.

Dust Research

It was agreed by the Chamber of Mines that several research projects should be undertaken by the Chamber's Laboratory. These will comprise investigations into the cumulative effect of dust produced by several drills working in one area, and methods of controlling such dust; the silica content of coal dusts, and certain technical studies concerned with microscopic examination of dust.

Dust collecting and measuring instruments are very important tools in dust research and the Chamber of Mines Laboratory has done a great deal of work on developing and improving these. New techniques were developed in electron microscopy of dust and a photoelectric evaluator was built and is undergoing tests. Dust filters, cloth and electro-static, were investigated with the aim of improving their efficiency and the dust production of pneumatic drilling machines was investigated. It was found that long and medium piston machines produced less dust than the short piston machines. The Laboratory rendered valuable assistance in the technique of dust experiments on animals, carried out by the Pathology Division, and also in improvement of dust determination in mine water. The use of the phase contrast microscope for dust examination was investigated. It was found that it does not show up the finer dust particles visible under the light microscope.

The investigations by the Central Mining and Investment Corporation team comprised dust production by several types of pneumatic drills under standardized conditions. The effects on dust production of air pressure, water pressure and water quality used in the machines, were also studied. It was found that the proportion of dust released from the water atomized at the release ports was greater than the dust from the rock comminution by the drill. Work on this project will be continued to eliminate possible bias.

The principal project of this contract is the ascertaining of the dust exposure in regard to quantity of dust in the air and the time of exposure of individuals to dust

mynbedrywighede (vakmanswerk). 'n Ondersoek is begin na die natuurwette van groottedistribusie van stofdeeltjies. As dit afgehandel is, sal die bevindings waardevol wees vir die oplossing van sekere stofbestrydingsprobleme.

Liggaamstipering

Dit is besluit om ondersoek in te stel of liggaamsbou enige invloed het op vatbaarheid vir stofbenadeling. 'n Ondersoek na verskillende metodes van liggaamstipering is uitgevoer en die Eenheid is tans besig om besonderhede te beplan vir die instrumente en prosedure vir die metode wat die belowendste skyn te wees. Parallel met hierdie ondersoek en nou aan die gang is 'n statistiese ontleding van sulke gegewens wat beskikbaar is in die Pneumokoniose Mediese Buro.

Hulp aan Buite-navorsers

Hulp is verleen aan dr. M. Hurwitz, Radioloog van die Pneumokoniose Buro, met sekere radiologiese ondersoeke wat hy onderneem het, en aan dr. P. Smit van die New Consolidated Goldfields met 'n ondersoek na tuberkulose. Laasgenoemde duur nog voort in die Patologiese Afdeling.

TERINGNAVORSINGSEENHEID

Hoof van die Eenheid: DR. B. A. DORMER

King George V-hospitaal, Durban

Bloedbepalings van M. Tuberculosis

Een van die projekte was 'n ondersoek van nie-pulmonale tuberkulose materiaal wat vir bloedbepalings aangestuur is. Meeste van die materiaal was afkomstig van gevalle van tuberkulose meningitis, maar daar was ook 'n matige hoeveelheid materiaal van ander bronne, soos kliere, urines, buikwatersugstowwe, gewrigsvloestowwe en beenabsesse.

Alle positiewe kulture is ondersoek vir sensitiwiteit en kwaadaardigheid. Geen *M. tuberculosis*-groei wat van die nie-pulmonale materiaal geïsoleer is kon as 'n beesstam aangetoon word nie. Nogtans is beestingorganismes in die speeksel van een geval van longtering in 'n blanke man gevind. Dit is die enigste geval van beeslongtering wat nog ooit in Suid-Afrika in die mens aangetref is. Die bron van die besmetting was 'n tuberkulose kudde beeste wat melk verskaf het aan 'n taamlike groot omdedelike gemeenskap buitekant Durban, en die hele kudde is afgemaak.

Weerstand teen Isonikotiniëse Hidrasiede-suur (I.N.S.H.)

'n Aanmerklike hoeveelheid inligting oor hierdie projek is verkry wat sal help met die oplossing van die groot probleem oor wat gedoen moet word vir die kroniese pasiënte wie se speeksel positief bly vir tubercle bacilli na 'n behandeling van agt maande en langer.

Vir hierdie doel is die geïsoleerde tubercle bacilli

during a working shift in the several occupations (trades) of mining. An investigation was commenced on the laws of size distribution of dust. This, when completed, will be of value in dealing with certain dust problems.

Somatotyping

It was decided to investigate whether bodily constitution has any influence on susceptibility to damage by dust. An investigation into several methods of somatotyping was carried out and the Unit is at present engaged in planning the details of instrumentation and procedure for the method which appears to be the most promising. Parallel with this investigation, and now in progress, is a statistical analysis of such data as are available in the records of the Pneumoconiosis Medical Bureau.

Assistance to Outside Investigators

Assistance was given to Dr. M. Hurwitz, Radiologist of the Pneumoconiosis Bureau, in certain radiological investigations he initiated, and to Dr. P. Smit of the New Consolidated Goldfields in an investigation of tuberculosis. The latter is still continuing in the Pathology Division.

TUBERCULOSIS RESEARCH UNIT

Head of the Unit: DR. B. A. DORMER

King George V Hospital, Durban

Typing of M. Tuberculosis

One of the projects was the investigation of non-pulmonary tuberculous material submitted for typing. Most of the material came from cases of tuberculous meningitis, but there was a moderate amount of material from other sources, e.g. glands, urines, ascitic fluids, joint fluids and bone abscesses.

All positive cultures were investigated for sensitivity and virulence. No growth of *M. tuberculosis* isolated from non-pulmonary material has proved to be a bovine strain. However, bovine organisms were found in the sputum of one case of pulmonary tuberculosis in a European male. This is the only case of bovine pulmonary tuberculosis in man ever to have been found in South Africa. The source of the infection was a tuberculous herd of cattle, supplying milk to a moderately large peri-urban community outside Durban and the whole herd had to be destroyed.

I.N.A.H. Resistance

A considerable amount of information on this project has been obtained which will help to solve the great problem of what should be done for chronic patients whose sputum remains positive for tubercle bacilli after treatment for eight or more months.

For this the tubercle bacilli isolated were investigated

ondersoek vir weerstandontwikkeling, kultuur- en morfologiese veranderinge, kwaadaardigheid van bacilli van afwisselende grade van weerstand ten opsigte van „kleurabsorpsie”, en die produksie van „katalase” en die „biologiese uitwerking” wanneer dit in marmotjies, muise en konyne ingespuut is. Sommige van hierdie resultate is gekorreleer met die kliniese en radiologiese toestand van die pasiënte.

Ondersoeke oor ’n tydperk van 5 jaar in verband met die weerstandontwikkeling het aangetoon dat volkome weerstand teen isonikontiniese hidrasiede (I.N.S.H.) nie in een van die gevalle gevind is nie.

Weerstand teen lae konsentrasies van I.N.S.H. 5–10 μ gm. per ml. ontwikkel na omtrent drie maande se behandeling; dit neem omtrent 3 jaar om weerstand teen 200 μ gm. per ml. te ontwikkel, terwyl ’n paar gevalle wat vir ongeveer 5 jaar behandel is, organismes geproduseer het waarvan sommige bestand was teen 300 μ gm. per ml.

Die kultuur- en morfologiese veranderinge wat met die weerstandontwikkeling voorgekom het, maak identifikasie baie moeilik omdat daar geen tipiese brosgagtige opgehewe kolonies ontwikkel nie, die kolonies dikwels glad en glansend is, en tipiese pèrelstringbouvorm van die organismes dikwels nie in Z.N.-gekleurde smere gesien word nie.

Die kleurabsorpsie- en katalasetoetse vir kwaadaardigheid is op 105 stamme van *M. tuberculosis* uitgevoer en toon verskillende grade van weerstand. Daar was slegs 65.6 persent korrelasie tussen die kleur- en katalasetoetse en 55.3 persent korrelasie tussen kleur- en biologiese toetse, en 78.9 persent korrelasie tussen katalase en biologiese toetse. ’n Totaal van 489 biologiese toetse is uitgevoer, en die gevolgtrekking was dat die biologiese toetse behou moet word omdat dit die betroubaarste is.

Al die diere wat ingeënt is met die organisme wat bestand is teen 300 μ gm. per ml., het slegs ’n beperkte hoeveelheid letsels ontwikkel, of anders glad geen tekens van besmetting getoon nie. Die korrelasie van die kliniese en radiologiese toestand van hierdie pasiënte met die biologiese toetse gaan voort. Diere wat ingeënt is met organismes van verskillende grade van weerstand op tot 200 μ gm. I.N.S.H. per ml. het ’n besmettingsyfer getoon van 2+ tot 6+.

In sommige gevalle was dit moeilik om ’n mening te vorm of die besmetting sal voortgaan of agteruitgaan, en toe is besluit om ingeënte diere drie maande te hou voordat hulle afgemaak en ondersoek word. Die indruk wat verkry is van die paar diere wat op die wyse getoets is, is dat die letsels in diere wat ingeënt is met organismes bestand teen 300 μ gm. per ml., na verloop van 3 maande nie wou toeneem nie.

Bloed-rugmurgvloeistof (C.S.F.)-Broom-verhoudingstoetse

Hierdie ondersoek wat moet dien as hulpmiddel vir die oplossing van die moeilike diagnose-probleem in sommige

for development of resistance, cultural and morphological changes, virulence of bacilli of varying degrees of resistance with regard to “dye absorption”, and production of “catalase” and the “biological effects” when injected into guinea pigs, mice and rabbits. Some of these results were correlated with the clinical and radiological condition of the patients.

Investigations over a period of 5 years on the development of resistance have shown that complete resistance to isonicotinic hydrazide, (INAH), has not been found in any cases.

Resistance to low concentrations of INAH 5–10 μ gm. per ml. develops after about 3 months treatment; it takes about 3 years for resistance to 200 μ gm. per ml. to develop, while a few cases treated for about 5 years have produced organisms, some of which are resistant to 300 μ gm. per ml.

The cultural and morphological changes that occur with development of resistance, make identification very difficult because typical raised crumbly colonies do not develop, colonies are often smooth and shiny, and typical beading and conformation of organisms are often not seen in Z.N. stained smears.

The dye absorption and catalase tests for virulence were done on 105 strains of *M. tuberculosis*, showing varying degrees of resistance. There was only 65.6 per cent. correlation between dye and catalase tests and 55.3 per cent. correlation between dye and biological test, and 78.9 per cent correlation between catalase and biological tests. In all, 489 biological tests were carried out, and it has been concluded that the biological test must be retained as the most reliable.

All the animals inoculated with organisms resistant to 300 μ gm. per ml. developed limited lesions only, or showed no signs of infection at all. The correlation of the clinical and radiological condition of these patients with the biological tests is progressing. Animals inoculated with organisms showing varying degrees of resistance up to 200 μ gm. INAH per ml. showed infection rates varying from 2+ to 6+.

In some cases it was difficult to form an opinion as to whether the infection would progress or regress, and it was then decided to leave inoculated animals for 3 months before killing and examining them. The impression formed from the few animals so tested is that the lesions would not progress after 3 months in animals inoculated with organisms resistant to 300 μ gm. per ml.

Blood/C.S.F. Bromide Ratio Test

This investigation as an aid to the difficult problem of diagnosis in some cases of non-pyogenic meningitis

gevalle van nie-ettervormende meningitis, is bykans voltooï. 'n Totaal van 84 gevalle, wat 'n mate van rugmurgvloeistof-abnormaliteit toon, en 22 kontroles is ondersoek. Hierdie ondersoek is moontlik gemaak deur 'n toekenning deur die S.A. Rooikruis.

Die bevindings oor die broomverhouding word gekorreleer met die gebruiklike biochemiese (globulien, totale proteïen, suiker en chloried), sitologiese, bakteriologiese en kliniese bevindings.

I.N.S.H. as Voorbehoedmiddel by 'n Indiese

Behuisingskema

Op die Springfield-behuisingsbouterrein, 'n Durbanse Munisipale sub-ekonomiese behuisingskema met 'n bevolking van sowat 5,500 Indiërs wat in 650 huis woon, is 'n tuberkulien en massa X-straal opname onderneem teen die einde van 1955. Toe die eerste fase van die opname afgesluit is in Junie 1956, is almal behalwe 23 persone aan die tuberkulientoets en almal behalwe 21 persone aan die X-straaltoets onderwerp (uitgeslote 'n paar tuberkulien-negatiewe kinders onder 5 jaar oud). Die opname dek dus 99.6 persent van die bevolking. Die tweede fase van die opname het in Julie 1956 begin en toe dit aan die einde van November afgesluit is, het almal behalwe 31 persone die tuberkulien- en X-straaltoets ondergaan. Met die eerste opname was 5,512 persone ondersoek, en 5,432 met die tweede, terwyl 5,154 persone gemeen was in albei opnames.

Alle tuberkulose gevalle is tuis of by hul werk, waar moontlik, met I.N.S.H. 15 mgm./Kg./dag behandel. Alle familiekontakte van aktiewe gevalle het I.N.S.H. 5 mgm./Kg./dag ontvang vir solank die geval behandeling ontvang het. Alle positiewe reaktors tydens die eerste opname, sowel as alle persone wat oorgeswaai het van negatief na positiewe reaktors, en alle persone wat in die gebied ingetrek het en as positiewe reaktors bevind is, het I.N.S.H. 5 mgm./Kg./dag vir 6 maande lank ontvang waar pulmonale verkalking deur X-straal aangedui is, en vir 3 maande lank indien daar geen verkalking was nie.

Voordat die opname begin is, was 125 gevalle van pulmonale tuberkulose (2.3 persent) bekend, en hiervan was 52 as aktief beskou. Gedurende die eerste fase van die opname, is 84 nuwe gevalle van pulmonale tuberkulose ontdek (1.5 persent), sodat daar dus 136 gevalle van aktiewe pulmonale tuberkulose was—'n voorkoms dus van 2.5 persent.

Gedurende die tweede fase van die opname is 13 nuwe gevalle van pulmonale tuberkulose ontdek. Weens verhuising, sterftes, ontdekking van nuwe gevalle en die beoordeling van sekere gevalle as nie langer aktief nie, het die voorkoms van aktiewe tuberkulose in die gebied aan die einde van die tweede opname op 2.5 persent gebly.

Ses gevalle van nie-pulmonale tuberkulose was bekend voor die opname 'n aanvang geneem het, een geval is gevind gedurende die eerste fase en drie gedurende die tweede fase.

is almost complete. In all, 84 cases showing some C.S.F. (cerebro spinal fluid) abnormality, and 22 controls, have been investigated. This investigation was made possible by a donation from the S.A. Red Cross.

The bromide ratio findings are being correlated with the usual biochemical (globulin, total protein, sugar and chloride), cytological, bacteriological and clinical findings.

I.N.A.H. Prophylaxis in an Indian Housing Scheme

